Die sorgsame toesighoudingspraktyk van opvoeders in histories Afrikaanse sekondêre skole in die Potchefstroom- en Klerksdorpdistrikte

Abraham Wester Schouwstra

HOD (sek), VDO, HonsBEd

Verhandeling voorgelê vir die graad

Magister Educationis

in

Onderwysreg

aan die

Noordwes-Universiteit.

Studieleier: Professor IJ Oosthuizen

Potchefstroom

2008

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

Privaatsak X6001, Potchefstroom
Suid-Afrika, 2520

Tel: 018 299 4563
10448187@nwu.ac.za

VERKLARING

Hiermee verklaar ondergetekende dat die verhandeling:

Die sorgsame toesighoudingspraktyk van opvoeders in histories Afrikaanse sekondêre skole in die Potchefstroom- en Klerksdorpdistrikte

wat voorgelê word aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus) as vereiste van die MEd-graad, my eie werk is en nie voorgelê is aan enige ander universiteit nie.

Ek verstaan en aanvaar dat die kopieë wat voorgelê word vir eksaminering die eiendom van die Universiteit bly.

Handtekening van kandidaat : .....

Studentenommer : 10448187

Geteken te **Potchefstroom** op **22 Oktober 2008**

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

Privaatsak X6001 Potchefstroom 2520
Tel (018) 299 1111 Faks (018) 299 2799
http://www.puk.ac.za

Statistiese Konsultasiediens
Tel: (018) 299 2550

Faks: (018) 299 2557

15 Oktober 2008

Re: Verhandeling Mnr. A.W. Schouwstra, studentenommer: 10448187

Hiermee word bevestig dat die data-analise deur die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) gedoen is en dat hulp verleen is met die statistiese interpretasie van die resultate. Die betrokke hoofstuk se manuskrip is ook deur ons geredigeer.

Vriendelike groete

SM Ellis

Dr. S.M. Ellis (Pr. Sci. Nat)
Hoofvakkundige Statistiese Konsultasiediens

Hattinghstraat 4b
Baillie Park
Potchefstroom
2531

7 Oktober 2008

Wie dit mag aangaan

TAALVERSORGING VAN MEd – VERHANDELING

Hiermee getuig ek, mnr JCJP Engelbrecht, dat die taalversorging van die MEd-verhandeling van mnr AW Schouwstra (10448187) getitel, **Die sorgsame toesighoudingspraktyk van opvoeders in histories Afrikaanse sekondêre skole in die Potchefstroom- en Klerksdorpdistrikte**, deur my gekontroleer is.

Mnr JCJP Engelbrecht
Taalversorger en proefleser
BA, BEd, Honns (Afr), MA (Afr)

Tel: 082 5534 202

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

Privaatsak X6001, Potchefstroom
Suid-Afrika, 2520

Tel: (018) 299 1344

11993464@nwu.ac.za

7 Oktober 2008

Wie dit mag aangaan

KONTROLERING VAN BRONNELYS: MEd – VERHANDELING

Hiermee bevestig ondergetekende dat die korrektheid van die bronnelys van die MEd – verhandeling van Mnr AW Schouwstra (10448187) deur my gekontroleer is .

Ondergetekende

.....

Dr C de Meyer

DANKBETUIGINGS

Ek dank die Hemelse Vader vir die gesondheid en genade waarmee Hy my geseën het met die voltooiing van hierdie verhandeling. My bede is dat hierdie navorsing 'n positiewe bydrae kan maak in die sorgsame toesighoudingspraktyk van elke opvoeder.

My opregte dank aan

- my vrou Izette, vir haar liefde waarmee sy my ondersteun en bemoedig het;
- my dogters, Jonél en Marné, vir hul ondersteuning en begrip dat hulle soms afgeskeep is tydens die duur van hierdie studie;
- my ouers, Bram en Teunie Schouwstra, vir hul opregte belangstelling en ondersteuning;
- my skoonouers, Hannes en Esmé Lubbe, vir hul ondersteuning;
- prof IJ Oosthuizen, my studieleier, vir sy entoesiasme, ondersteuning, leiding en bemoediging vir die duur van hierdie studie;
- die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek vir die hulp met opsporing van bronne;
- mnr P Engelbrecht vir die noukeurige taalversorging;
- dr C de Meyer vir die kontrolering van die bronnelys;
- dr S Ellis en prof F Steyn van die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus) vir die bekwame hulp, raad en verwerking van die empiriese data en
- aan familie en vriende vir hul belangstelling en onderskraging tydens die studie.

OPSOMMING

Die sorgsame toesighoudingspraktyk van die opvoeder in histories Afrikaanse sekondêre skole in die Potchefstroom- en Klerksdorpdistrikte.

Sleutelwoorde: sorgsame toesig, opvoeder, nalatigheid, aanspreeklikheid, deliktuele aanspreeklikheid, deliktereg, *in loco parentis*, skole, opvoeders wetlike vereistes.

Wanneer 'n ouer sy kind skool toe stuur, word die leerder in die sorg van die opvoeders gelaat en tree die opvoeder op as 'n *in loco parentis*-persoon met betrekking tot die fisiese beskerming van die leerder. Ten einde hierdie veiligheid vir die leerders te verseker is dit nodig om 'n klimaat van geborgenheid vir die leerder te skep deur gebruik te maak van reëls en regulasies. Per implikasie beteken dit dat die opvoeder, in die daarstel van sy sorgsame toesighoudingspraktyk, die leerder moet beskerm teen fisiese nadele (skade).

Die verpligting wat op 'n opvoeder gelê word om die fisiese welsyn van die leerders wat in hul sorg toevertrou is te verseker spruit voort uit 'n gedelegeerde verpligting (die opvoeder se *in loco parentis*-posisie) en 'n oorspronklike verpligting. Dit is belangrik vir die opvoeder om sy posisie en die gepaardgaande standaard van sorgsame toesighoudingspraktyk wat wetlik vereis word, in die lig van relevante wetgewing, regspraak en gemeneregbeginsels grondig te kan evalueer, verstaan en toepas. Die literatuurstudie het getoon dat die verpligtinge en verantwoordelikhede van opvoeders se sorgsame toesighoudingspraktyk deur 'n kombinasie van determinante, waaronder statutêre wetgewing, Suid-Afrikaanse en Internasionale regspraak en gemeenregtelike elemente bepaal word. Daar bestaan nie 'n aparte veld van wette wat die onderwys uitsluitlik bepaal en beïnvloed nie, maar eerder 'n hibridiese veld van wetgewing wat bestaan uit norme en standaarde uit die totale veld van wetgewing soos van toepassing in 'n eietydse Suid-Afrika.

Met die hedendaagse klem op die professionele optrede van die opvoeder moet die opvoeder in gedagte hou dat hy net soos enige ander professionele persoon met 'n strenger maatstaf beoordeel gaan word. By die bepaling van nalatigheid van 'n

opvoeder word die vaardighede en sorg verwag van die opvoeder as professionele persoon, 'n deskundige op die onderriggebied met gespesialiseerde kennis, en word 'n opvoeder se optrede derhalwe gemeet aan die verhoogde standaard soos verwag van die redelike deskundige.

'n Empiriese ondersoek is geloods deur middel van 'n vraelys wat deur die Posvlak 1-opvoeders en Departementshoofde by histories Afrikaanse sekondêre skole in die Klerksdorp- en Potchefstroomdistrikte voltooi is. Die doel van die empiriese studie was om te bepaal

- wat die opvoeders se insig, persepsie en kennis is van wetlike sleutelvraagstukke met betrekking tot hul sorgsame toesighoudingspraktyk, en
- te bepaal in welke mate die opvoeders se sorgsame toesighoudingspraktyk voldoen aan die onderwysregtelike vereistes.

Die empiriese ondersoek het onder andere bevind dat

- dit voorkom of die respondente in die algemeen oor 'n redelike mate van onderwysregtelike kennis beskik met betrekking tot hul sorgsame toesighoudingspraktyk;
- dit blyk dat die meerderheid van die respondente nie oor die vermoë beskik om hul onderwysregtelike kennis in hul sorgsame toesighoudingspraktyk toe te pas nie;
- dit wil voorkom of die meerderheid respondente se sorgsame toesighoudingspraktyk nie voldoen aan die verhoogde standaard wat wetlik van 'n professionele opvoeder verwag word nie en dat
- gespesialiseerde onderwysregtelike opleiding die mees betekenisvolle effek op die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk uitoefen.

Na aanleiding van die bevindinge wat gemaak is, is spesifieke aanbevelings relevant vir onderwysrolspelers op makro- meso- en mikrovlak gemaak. Hierdie aanbevelings behoort 'n verhoogde standaard van sorgsame toesighoudingspraktyk by die praktiserende opvoeder te bevorder.

SUMMARY

The applied practice of duty of care of the educator in historically Afrikaans medium secondary schools in the districts of Potchefstroom and Klerksdorp

Key words: duty of care, educator, negligence, accountability, delictual accountability, tort law, *in loco parentis,* schools, educator legal requirements.

When a parent sends his child to school the learner is entrusted to the care of educators, and the educator acts as a person *in loco parentis* regarding the physical protection of the learner. In order to ensure this safety of learners, it is necessary to create a climate of safety and security for them by utilizing rules and regulations. This implies that the educator, in the application of the practice of duty of care, is obliged to protect the learner from physical damage.

The compulsion laid upon the educator to ensure the physical welfare of learners entrusted to his care, results from a delegated obligation (the *in loco parentis*-position of the educator) and an original obligation. It is important for the educator to evaluate, comprehend and apply his position and the accompanying standard of the practice of duty of care legally required in the light of relevant legislation, legal adage and common law principles. Literature study has shown that the obligations and responsibilities regarding the duty of care of educators are established by a combination of determinants, *inter alia* statutory legislation, South African and International legal adage and elements of common law. There is no separate field of laws to exclusively determine and influence education but rather an eclectic field of legislation comprising norms and standards from the entire field of legislation as applicable in contemporary South Africa.

With the accent currently on the professional conduct of the educator, they should keep in mind that they, like any other professional person, will be evaluated by stricter measures. In establishing negligence from an educator, the skills and care are expected from the educator as a professional person, an expert in the field of

teaching with specialised knowledge. Thus, the conduct of an educator is measured by the elevated standards as expected from the reasonable expert.

An empirical investigation was launched by means of a questionnaire completed by post level -1 educators and heads of department in historically Afrikaans secondary schools in the Potchefstroom and Klerksdorp districts. The aim of this research was to establish

- the insight, perceptions and knowledge of the educators regarding key legal questions with reference to their care of duty practice and
- the extent to which the duty of care practices of the educators meet with the requirements of educational law.

The empirical investigation established *inter alia* that

- respondents generally seem to possess reasonable knowledge of education laws regarding the practice of their duty of care;
- most of the respondents seem not to be able to apply their knowledge of educational laws to their duty of care;
- it seems that the practice of duty of care of the majority of the respondents does not meet with the elevated standards expected legally from a professional educator and that
- specialised training in education law has the most significant effect on the practice of duty of care of the educator.

With regard to the findings, specific recommendations were made, relevant to role players in education on macro, meso and micro level. These recommendations should promote a heightened standard in the practice of care of duty with practicing educators.

INHOUDSOPGAWE

Dankbetuigings ii
Opsomming iii
Summary v
Figuurlys xvi
Grafiese voorstellingslys xvii
Tabellelys xix

HOOFSTUK 1: ORIëNTERING EN PROBLEEMSTELLING.

1.1 INLEIDING 1
1.2 PROBLEEMSTELLING 1
1.3 PROBLEEMVRAE 4
1.4 NAVORSINGSDOELWITTE 4
1.5 NAVORSINGSONTWERP 4
1.5.1 LITERATUURSTUDIE 4
1.5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK 5
1.5.2.1 Kwantitatiewe ondersoek 5
1.5.2.1.1 Vraelys 5
1.5.2.1.2 Betroubaarheid en geldigheid van vraelys 5
1.5.2.1.3 Studiepopulasie 6
1.5.2.1.4 Dataverwerking 6
1.5.3 ETIESE ASPEKTE 6
1.6 STRUKTURERING VAN NAVORSINGSVERSLAG 7
1.7 SAMEVATTING 7

HOOFSTUK 2: STATUTÊRE DETERMINANTE AS GRONDSLAG VIR DIE SORGSAME TOESIGHOUDINGSPRAKTYK VAN DIE SUID-AFRIKAANSE OPVOEDER

2.1 INLEIDING 8
2.2 WAT WORD BEDOEL MET DIE *REG* EN WAT IS DIE FUNKSIE DAARVAN? 8

2.3 SUID-AFRIKAANSE REG 9
2.4 WAARUIT BESTAAN DIE SUID-AFRIKAANSE REG? 10
2.5 STATUTÊRE (WETGEWENDE) DETERMINANTE 11
2.5.1 DIE GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA 12
2.5.2 OORSPRONKLIKE WETGEWING 23
2.5.2.1 Parlementêre onderwyswetgewing 24
2.5.2.2 Algemene Parlementêre wetgewing 29
2.5.2.3 Provinsiale Onderwyswetgewing 36
2.5.3 ONDERGESKIKTE WETGEWING 37
2.5.3.1 Regulasies 37
2.5.3.2 Proklamasies 38
2.5.3.3 Skoolreëls 39
2.6 UITLEG VAN HANDVES VAN REGTE 40
2.7 SAMEVATTING 43

HOOFSTUK 3: REGSPRAAK AS DETERMINANT VIR DIE SORGSAME TOESIGHOUDINGSPRAKTYK VAN DIE SUID-AFRIKAANSE OPVOEDER

3.1 INLEIDING 44
3.2 DIE GRONDSLAG VIR REGSPRAAK AS DETERMINANT 44
3.3 REGSPRAAK IN PRAKTYK 45
3.4 SAMEVATTING 50

HOOFSTUK 4: GEMEENREGTELIKE ELEMENTE VIR DELIKTUELE AANSPREEKLIKHEID

4.1 INLEIDING 52
4.2 WAT IS DELIKTUELE AANSPREEKLIKHEID? 52
4.3 Elemente vir deliktuele aanspreeklikheid 53
4.3.1 HANDELING 53
4.3.2 ONREGMATIGHEID VAN DIE HANDELING 54
4.3.2.1 Verweer van outomatisme 54

4.3.3 SKULD 55
4.3.3.1 Opset (Dolus) 55
4.3.3.2 Nalatigheid (Culpa) 56
i. Die redelike persoon 58
ii. Die redelike persoon-toets 59
a. Redelike voorsienbaarheid 60
b. Redelike voorkombaarheid 62
(i) Openbaarmakingsvereiste as voorkomende maatreël 64
c. Redelike deskundige 65
4.3.3.3 Medewerkende skuld 66
4.3.4 KOUSALITEIT 68
4.3.5 NADEEL (SKADE) 71
4.3.5.1 Vermoënskade 73
4.3.5.2 Persoonlikheidsnadeel 77
4.4 SKULDLOSE AANSPREEKLIKHEID 80
4.4.1 MIDDELLIKE AANSPREEKLIKHEID 80
4.4.2 VRYWARING 83
4.4.2.1 Toestemming 85
4.4.3 AANSPREEKLIKHEIDSVERSEKERING VIR SKOLE 86
4.5 SAMEVATTING 86

HOOFSTUK 5 SORGSAME TOESIGHOUDINGPLIGTE VAN DIE OPVOEDER IN DIE PRAKTYK

5.1 INLEIDING 87
5.2 IN LOCO PARENTIS 88
5.3 SORGSAAMHEIDSPLIG 90
5.3.1 BASIS VAN DIE OPVOEDER SE SORGSAME TOESIGHOUDINGSPLIG 90
5.3.2 STANDAARD VAN SORGSAME TOESIGHOUDINGSPLIG 91
5.3.2.1 Die impulsiwiteit van kinders (leerders) 93
5.3.3 REGSPLIGTE MET BETREKKING TOT SORGSAME TOESIGHOUDINGSPRAKTYK 95

5.3.3.1 Toepaslike opvoederkundigheid 96
5.3.3.2 Voldoende toesig 99
5.3.3.3 Voldoende instruksie 103
5.3.3.4 Verskaffing en onderhoud van veilige toerusting en perseel 104
5.3.3.5 Opstel en toepas van voldoende (geskikte) reëls en riglyne 106
5.3.3.6 Regsplig ten opsigte van die leerder se opvoedkundige behoeftes 107
5.3.3.7 Die opvoeder se regsplig ten opsigte van VIGS 108
5.3.3.8 Die opvoeder se regsplig in inklusiewe onderwys 110
5.4 SAMEVATTING 112

HOOFSTUK 6. 'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE SORGSAME TOESIGHOUDINGSPRAKTYK VAN OPVOEDERS IN HISTORIES AFRIKAANSE SEKONDêRE SKOLE

6.1 INLEIDING 114
6.2 NAVORSINGSONTWERP 114
6.2.1 DIE KEUSE VAN 'N NAVORSINGSMETODE 115
6.2.2 DIE VRAELYS AS MEETINSTRUMENT 116
6.2.2.1 Keuse van die tipe vraelys vir hierdie studie 117
6.2.2.2 Die loodsvraelys 117
6.2.2.3 Die finale vraelys 117
6.2.3 DIE SAMESTELLING VAN DIE VRAELYS 118
6.2.3.1 Afdeling A: Biografiese gegewens 118
6.2.3.2 Afdeling B: Demografiese inligting van die skool 118
6.2.3.3 Afdeling C: Opleiding in Onderwysreg 118
6.2.3.4 Afdeling D Die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk 119
6.2.3.5 Afdeling E: Gevallestudie 120
6.2.4 ADMINISTRATIEWE PROSEDURE 120
6.2.5 STUDIEPOPULASIE 121
6.2.6 STASTISTIESE TEGNIEKE 121
6.2.7 GELDIGHEID 122
6.2.8 BETROUBAARHEID 122

6.3 ANALISE EN INTERPRETERING VAN DATA 123
6.3.1 AFDELING A: BIOGRAFIESE INLIGTING 123
6.3.1.1 Geslag (Vraag 1) 125
6.3.1.2 Ouderdom (Vraag 2) 126
6.3.1.3 Jaar van verwerwing van eerste onderwyskwalifikasie (Vraag 3) 126
6.3.1.4 Jaar van verwerwing van laaste onderwyskwalifikasie (Vraag 4) 127
6.3.1.5 Posvlak van die respondente (Vraag 5) 128
6.3.1.6 Jare opvoederondervinding (Vraag 6) 129
6.3.1.7 Hoogste kwalifikasie van respondente (Vraag 7) 130
6.3.2 AFDELING B: DEMOGRAFIESE INLIGTING VAN DIE SKOLE 131
6.3.2.1 Tipe skool (Vraag 8) 133
6.3.2.2 Skole spesifiek vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes (LSOB) (Vraag 9) 133
6.3.2.3 Aantal leerders in die skool (Vraag 10) 134
6.3.2.4 Geslagsamestelling van leerders in die skool (Vraag 11) 135
6.3.2.5 Toesighoudingsplig in hoë-risiko terreine (Vraag 13) 135
6.3.3 AFDELING C: OPLEIDING IN ONDERWYSREG 136
6.3.3.1 Vlak van Onderwysregopleiding (Vraag 14) 137
6.3.3.2 Jaar van laaste opleiding in Onderwysreg (Vraag 15) 138
6.3.3.3 Wetgewing relevant vir die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk (Vraag 16) 140
6.3.4 AFDELING D: DIE OPVOEDER SE SORGSAME TOESIGHOUDINGSPRAKTYK 143
(i) Kennisvrae: 144
6.3.4.1 Betrokkenheid by buitemuurse aktiwiteite (Vraag 17) 146
6.3.4.2 Toesig oor leerders (Vraag 18) 146
6.3.4.3 Redelike voorsienbaarheid (Vraag 19) 147
6.3.4.4 Deursoeking van leerder se eiendom (Vraag 20) 147
6.3.4.5 Opvoeders se aanspreeklikheid ten opsigte van Gr 8-"ontgroenings"- programme (Vraag 21) 147
6.3.4.6 Opvoederaanspreeklikheid (Vraag 22) 148

6.3.4.7 Noodsaaklikheid van kennis van onderwyswetgewing (Vraag 23) 148
6.3.4.8 Die opvoeder se *in loco parentis*-posisie (Vraag 28) 148
6.3.4.9 Leerderouderdom se invloed op mate van toesig (Vraag 29) ... 150
6.3.4.10 Die "redelike persoon-toets" (Vraag 30) 151
6.3.4.11 Die opvoeder as "redelike deskundige" (Vraag 31) 152
6.3.4.12 Vervoer van leerders (Vraag 32) 153
6.3.4.13 Vrywaringsvorm as versekering teen 'n moontlike skadevergoedingeis (Vraag 37) 154
6.3.4.14 Aanspreeklikheid ten opsigte van sportbeserings (Vraag 38) ... 155
6.3.4.15 Sinopsis 156
(ii) Meningsvrae: 157
6.3.4.16 Kennis van onderwyswetgewing rakende sorgsame toesighoudingsplig (Vraag 24 en 25)..... 157
6.3.4.17 Moontlikheid van regsaanspreeklikheid as remmende invloed op spontane interaksie met leerders (Vraag 26) 158
6.3.4.18 Verandering die afgelope 10 jaar (of minder) in die interaksie met leerders (Vraag 27) 159
(iii) Praktykgerigte vrae 160
6.3.4.19 Veiligheidstoerusting in hoë-risiko areas (Vraag 33) 162
6.3.4.20 Veiligheid- en noodplan (Vraag 34) 163
6.3.4.21 MIV/vigs-beleid (Vraag 35) 164
6.3.4.22 Leerders met spesiale onderwysbehoeftes (LSOB) (Vraag 36) 164
6.3.4.23 Kwalifikasie in sportafrigting (Vraag 39 en 40) 165
6.3.4.24 Betrokkenheid by aktiwiteite in opdrag van skoolhoof (Vraag 41) 167
6.3.4.25 Impulsiewe gedrag van leerders (Vraag 42) 168
6.3.4.26 Vervoer van leerder met privaat voertuig (Vraag 43) 168
6.3.4.27 Noodhulptoerusting tydens vervoer (Vraag 44) 169
6.3.4.28 Voldoende instruksie (Vraag 45) 170
6.3.4.29 Sinopsis 171
6.3.5 AFDELING E: GEVALLESTUDIE 172
6.3.5.1 Herhaling van veiligheidsmaatreëls (Vraag 46 en 48) 175

6.3.5.2 Medewerkende skuld (Vraag 47) 176
6.3.5.3 Verskaffing van veilige omgewing (Vraag 49) 176
6.3.5.4 Toesig oor leerders (Vraag 50) 178
6.3.5.5 Skuld in die toets vir aanspreeklikheid (Vraag 51) 178
6.3.5.6 Aanspreeklikheid in motorongeluk (Vraag 52) 179
6.3.5.7 Skadevergoeding ten opsigte van vermoënskade en persoonlikheidsnadeel (Vraag 53) 179
6.3.5.8 Regresreg-beginsel (Vraag 54) 181
6.3.5.9 Sinopsis 182

6.4 VERDERE STATISTIESE ONTLEDINGS 183
6.4.1 GEBRUIK VAN MEDIAAN EN PERSENTIELE 183
6.4.2 PERSENTIELRANG VAN ALLE VRAE IN GEVALLESTUDIERESPONS 184
6.4.3 EFFEKGROOTTES: DIE PRAKTIES BETEKENISVOLLE VERBAND TUSSEN RESPONDENTVERANDERLIKES EN PRAKTYKTOEPASSING 185
6.4.3.1 Effekgrootte van geslag van respondente op hul praktyktoepassing 186
6.4.3.2 Effekgrootte van ouderdom van respondente op hul praktyktoepassing 187
6.4.3.3 Effekgrootte van jaar van laaste verwerwing van onderwys-kwalifikasie op respondente se praktyktoepassing 188
6.4.3.4 Effekgrootte van posvlak van respondente op hul praktyktoepassing 188
6.4.3.5 Effekgrootte van jare ondervinding van respondente op hul praktyktoepassing 189
6.4.3.6 Effekgrootte van vlak van onderwyskwalifikasie op respondente se praktyktoepassing 189
6.4.3.7 Effekgrootte van opleiding in Onderwysreg op respondente se praktyktoepassing 190
6.4.3.7.1 Effekgrootte van 'n module as deel van die respondent se aanvanklike studie op hul praktyktoepassing 190

6.4.3.7.2 Effekgrootte van BEd (hons) in Onderwysreg op respondente se praktyktoepassing 191
6.4.3.7.3 Effekgrootte van Departementele indiensopleiding met betrekking tot onderwysregaspekte op respondente se praktyktoepassing 192
6.4.3.8 Effekgrootte van laaste jaar van onderwysregs-opleiding op respondente se praktyktoepassing 192
6.5 SINOPSIS 193
6.6 SAMEVATTING 195

HOOFSTUK 7. SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

7.1 INLEIDING 196
7.2 SAMEVATTING 196
7.3 BEVINDINGE 198
7.3.1 BEVINDINGE TEN OPSIGTE VAN NAVORSINGSDOELWITTE 1.4.1 EN 1.4.2 198
7.3.1.1 Bevindinge gegrond op Hoofstuk 2 (statutêre determinante) 198
7.3.1.2 Bevindinge gegrond op Hoofstuk 3 (regspraak as determinant). 201
7.3.1.3 Bevindinge gegrond op Hoofstuk 4 (gemenereg as determinant) 202
7.3.1.4 Bevindinge gegrond op Hoofstuk 5 (sorgsame toesighoudings-pligte) 204
7.3.1.5 Sintese gegrond op navorsingsdoelwitte 1.41. en 1.4.2 207
7.3.2 BEVINDINGE GEGROND OP HOOFSTUK 6 (EMPIRIESE ONDERSOEK) 208
7.3.2.1 Bevindinge ten opsigte van navorsingsdoelwit 1.4.3 210
7.3.2.2 Sintese gegrond op navorsingsdoelwit 1.4.3 212
7.3.2.3 Bevindinge ten opsigte van navorsingsdoelwit 1.4.4 213
7.3.2.4 Sintese gegrond op navorsingsdoelwit 1.4.4 215
7.3.2.5 Bevindinge gegrond op verdere statistiese ontledings 215
7.3.3 SINTESE VAN BEVINDINGE 219

7.4 AANBEVELINGS OP GROND VAN DIE LITERATUURSTUDIE EN EMPIRIESE ONDERSOEK 219
7.4.1 AANBEVELING 1: OPGRADERING VAN OPVOEDERS SE ONDERWYSREGOPLEIDING 219
7.4.2 AANBEVELING 2: DEPARTEMENTELE INDIENSOPLEIDING 220
7.4.3 AANBEVELING 3: OPVOEDERKUNDIGHEID 220
7.4.4 AANBEVELING 4: OPVOEDEROPLEIDING 220
7.4.5 AANBEVELING 5: TOEPASSING VAN BELEIDE IN SKOOLBESTUUR 220
7.4.6 AANBEVELING 6: NOODHULPOPLEIDING 221
7.4.7 AANBEVELING 7: VERMINDERING VAN AANSPREEKLIKHEID 221
7.5 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING 222
7.6 SLOT 222

BRONNELYS 224

HOFVERSLAE 237

BYLAAG A: VRAELYS 239

BYLAAG B: INSTEMMING TOT DEELNAME AAN NAVORSING 248

BYLAAG C: BRIEF AAN:
WAARNEMENDE UITVOERENDE STREEKSBESTUURDER
DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
NOORDWES-PROVINSIE 250

BYLAAG D: TOESTEMMINGSBRIEF VAN:
WAARNEMENDE UITVOERENDE STREEKSBESTUURDER
DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
NOORDWES-PROVINSIE 252

FIGUURLYS

Figuur 2.1 Bronne van die Suid-Afrikaanse reg 10
Figuur 2.2 Wetgewing as bron van Onderwysreg 12
Figuur 5.1 Die *in loco parentis*-posisie van die opvoeder 89

GRAFIESE VOORSTELLINGSLYS

6.1 Geslag van respondente 125
6.2 Ouderdomverspreiding van respondente 126
6.3 Jare waarin respondente eerste onderwyskwalifikasie verwerf het 127
6.4 Jare waarin respondente laaste onderwyskwalifikasie verwerf het 128
6.5 Posvlakke wat respondente beklee 129
6.6 Jare ondervinding van respondente as opvoeders 130
6.7 Hoogste onderwyskwalifikasie van respondente 131
6.8 Respondentverteenwoordiging in histories benadeelde en bevoordeelde skole.. 133
6.9 Respondente as opvoeders by LSOB-skole 134
6.10 Leerdertal in skole 134
6.11 Meerderheid leerdergeslag in skole 135
6.12 Respondente betrokke in hoë-risiko terreine 136
6.13 Vlak van respondente se Onderwysregsopleiding 138
6.14 Jaar van laaste opleiding in Onderwysreg 139
6.15 Respondente se mate van kennis van relevante wetgewing 142
6.16 Respondente se mening van hul *in loco parentis*-posisie 149
6.17 Mate van toesig met betrekking tot die ouderdom van leerders 150
6.18 Respondente se kennis van die "redelike persoon-toets" 151
6.19 Respondente se mening oor verhoogde sorgsame toesighoudingsplig 152
6.20 Respondente se mening oor hul aanspreeklikheid met die vervoer van leerders 154
6.21 Voorstelling van respondente se korrekte beantwoording van kennisvrae 156
6.22 Respondente se mening oor kennis van onderwyswetgewing 158
6.23 Moontlikheid van regsaanspreeklikheid as remmende invloed op spontane interaksie met leerders 159
6.24 Verskaffing van veiligheidstoerusting in hoë-risiko onderrigareas 162
6.25 Respondente se kennis van skool se veiligheids- en noodplan 163
6.26 Opleiding met betrekking tot LSOB-leerders 165
6.27 Kwalifikasie in sportafrigting 166
6.28 Betrokkenheid by aktiwiteite in opdrag van skoolhoof 168
6.29 Noodhulptoerusting beskikbaar tydens vervoer 169
6.30 Mate waarin respondente instruksies aan leerders oordra 170

6.31 Voorstelling van respondente se korrekte sorgsame toesighoudingspraktyk 171
6.32 Respondente se menings oor tipe nadeel vir skadevergoedingseis 180
6.33 Voorstelling van respondente se respons op die gevallestudievrae 182
6.34 Mediaan en persentiele van die gevallestudierespons 184

TABELLELYS

4.1 Klassifikasie van skade 72
6.1 Verskille tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing 115
6.2 Voordele van die oop en geslote vraelyste 116
6.3 Nadele van die oop en geslote vraelyste 117
6.4 Respons van respondente 121
6.5 Frekwensietabel van die biografiese gegewens van die respondente 124
6.6 Frekwensietabel van die demografiese inligting van die respondente se skole .. 132
6.7 Frekwensietabel van respondente se opleiding in Onderwysreg 137
6.8 Frekwensietabel van die respondente se mate van kennis van relevante wetgewing 140
6.9 Frekwensietabel van die respondente se insig en kennis van onderwysregaspekte 144
6.10 Frekwensietabel van die respondente se mening oor kennis van onderwysregaspekte 157
6.11 Frekwensietabel van die respondente se praktykbelewenis 160
6.12 Frekwensietabel van die respondente se respons op die gevallestudie 173
6.13 Verband tussen geslag en praktyktoepassing 186
6.14 Verband tussen ouderdom en praktyktoepassing 187
6.15 Verband tussen jaar van laaste onderwyskwalifikasie en praktyktoepassing 188
6.16 Verband tussen posvlak van respondente en praktyktoepassing 189
6.17 Verband tussen jare ondervinding en praktyktoepassing 189
6.18 Verband tussen vlak van onderwyskwalifikasie en praktyktoepassing 190
6.19 Verband tussen onderwysregmodule as deel van aanvanklike studie en praktyktoepassing 191
6.20 Verband tussen BEd (hons) in Onderwysreg en praktyktoepassing 191
6.21 Verband tussen Departementele indiensopleiding in onderwysregaspekte en praktyktoepassing 192
6.22 Verband tussen laaste jaar van onderwysregopleiding en praktyktoepassing 193
7.1 Statutêre bevindinge met betrekking tot die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk 199

7.2 Bevindinge met betrekking tot regspraak as determinant vir die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk 201
7.3 Bevindinge met betrekking tot gemenereg as determinant vir die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk 202
7.4 Bevindinge met betrekking tot die sorgsame toesighoudingspligte vir die opvoeder in praktyk 205
7.5 Bevindinge verkry uit die biografiese en demografiese gegewens van die respondente 208
7.6 Bevindinge met betrekking tot die respondente se onderwysregtelike kennis 210
7.7 Bevindinge met betrekking tot die respondente se sorgsame toesighoudings-praktyk 213
7.8 Bevindinge verkry uit verdere statistiese ontledings 215

HOOFSTUK 1

ORIëNTERING EN PROBLEEMSTELLING

1.1 INLEIDING

Volgens Beckmann en Prinsloo (1989:7) funksioneer die Suid-Afrikaanse onderwys nie binne 'n regsvrye gebied nie. Terwyl dit op skool uiteindelik om opvoedende onderwys gaan, is die juridiese aspekte onmisbaar op elke gebied van doeltrefende onderwys, ongeag bestuurs- of opvoedingshandelinge.

Die uitdagings en kompleksiteit van die opvoeder se handhawing van sy sorgsame toesighoudingspraktyk, tesame met die toename in druk ten opsigte van regsaanspreeklikheid, mag bydra tot die opvoeders se ontevredenheid met hul werk (Rimm-Kaufman & Sawyer, 2004:321).

Ten einde die opvoeder in staat te stel om 'n geborge omgewing te skep vir orde, reëlmaat en beskerming - om opvoedende onderwys harmonieus te laat verloop - is dit noodsaaklik dat die opvoeder kennis het van die gemeenregtelike beginsels wat op hul beroep van toepassing is (Roos & Oosthuizen, 2005:67).

1.2 PROBLEEMSTELLING

Volgens Botha en Oosthuizen (2005:86) het 'n opvoeder 'n verpligting om die veiligheid van leerders onder sy toesig en beheer te verseker. Daar kom hoofsaaklik twee standpunte na vore oor die grondslag van hierdie verpligting. In die eerste plek is daar die *gedelegeerde verpligting* wat beteken dat die ouer sy verpligting, as sorgsame ouer, aan die opvoeder delegeer. Die tweede standpunt is dat die opvoeder 'n *oorspronklike verpligting* ten opsigte van die veiligheid van leerders het (Botha & Oosthuizen, 2005:86). Volgens De Waal (1994:124) is die opvoeder, betreffende sy sorgsaamheidsplig, vir sowel die geestelike welsyn as die fisiese toesig en beheer van die leerders in sy sorg verantwoordelik.

Met die hedendaagse klem op die professionele optrede van die opvoeder, moet die opvoeder in gedagte hou dat hy net soos enige ander professionele persoon met 'n

strenger maatstaf beoordeel gaan word (Oosthuizen, 1994:90). Ten einde die professionaliteit, produktiwiteit en effektiwiteit binne die skool op 'n hoër vlak te plaas, is dit nodig dat die opvoeder kennis moet hê rakende die sorgsame toesighoudingspraktyk. Bennett en Meredith (2000:229) is van mening dat die reg 'n verpligting op opvoeders plaas om die nodige sorg en vaardighede uit te oefen in die voorsiening en uitvoering van hul pligte.

Volgens Evans (2003:53) is 'n baie belangrike faset van opvoeders se sorgsaamheidsplig die veiligheid van die leerders in hul sorg. Talle aangetekende Suid-Afrikaanse hofsake (byvoorbeeld, *Peter Wynkwart v Minister of Education and Another 2002. case 4168/199 (C), Rusere v The Jesuit Fathers 1970 (4) SA 537 (R), Rex v Muller 1948 (4) SA 848 (O)* en *Knouwds v Administrateur, KAAP 1981 (1) SA 544 (C)*) wat oor opvoedende onderwys handel, spreek die beginsel van die opvoeder se verpligting van sy sorgsame toesighoudingspraktyk aan.

In *Peter Wynkwart v Minister of Education and Another 2002. case 4168/199 (C)* was die basiese feite soos volg:
Met die verdaging van die skooldag vir die graad 3-leerders het hulle onder toesig van hul klasopvoeder (Mev. Nelson) beweeg tot op 'n spesifieke punt net voor hek 5. Hier is hulle onder toesig van 'n ander diensdoenende opvoeder geplaas, wat bygestaan is deur die skolierpatrollie. Hierdie skolierpatrollie het die leerders tot buite die skoolhek vergesel waar hulle onder die toesig van 'n volgende skolierpatrollie geplaas is wat die leerders oor die besige straat vergesel het vanwaar die leerders dan op hul eie gelaat is.

Op die betrokke dag het Randall die skoolterrein verlaat deur oor die geslote (ongebruikte) hek 4 te klim. Toe hy op die hek was, het sy broek vasgehaak, wat veroorsaak het dat hy gegly het en op sy kop geval het, waarna hy onmiddellik verlam was. Mev. Nelson, sy klasopvoeder, het later opgedaag en nog later die ambulans gekry waarmee Randall hospitaal toe geneem is. Randall het ook getuig dat niemand by die skool ooit vir die leerders gesê het dat hulle nie hek 4 mag gebruik nie. Die verweerder het getuig dat daar gedurende saalopeninge en tydens die leerders se oriëntering beklemtoon is dat hulle nie oor die heinings mag klim nie.

Regter Ngweyane het bevind dat daar ongetwyfeld 'n plig op mev. Nelson gerus het om die leerders na die skolierpatrollie te begelei, aangesien die leerders van so 'n jong ouderdom baie impulsief, onvoorspelbaar en onverantwoordelik is. Die regter het verder bevind dat dit nie genoeg is om die leerders slegs tydens saalopeninge en oriëntering te waarsku om nie oor die hek te klim nie. Opvoeders word opgelei om die gedrag van kinders te verstaan en moet toesien dat geen kind oor die hek mag klim nie. Regter Ngweyane wys daarop dat die opvoeders deeglik bewus was van die leerders se impulsiwiteit, onvoorspelbaarheid en onverantwoordelikheid en dat die skade wel voorsienbaar was. Regter Ngweyane bevind verder dat die verweerders onder bogenoemde omstandighede wél nalatig was en dus aanspreeklik gehou word vir die feit dat Randall permanent 'n kwadrupleeg sal wees.

In 2004 is bogenoemde uitspraak na 'n appèlsaak in die Hooggeregshof, ten gunste van die verweerders (die Minister van Onderwys en Highlands Primary School) gewysig. Een van die hoofredes was die feit dat daar deur die regter bevind is dat die respondent nie kon bewys dat daar versuim aan die kant van die appellante is ten opsigte van die neem van redelike stappe ter voorkoming dat leerders oor die hek kan klim nie. Alhoewel die uitspraak gewysig is, beklemtoon hierdie saak die erns waarmee die opvoeder se daarstel van sy sorgsame toesighoudingspraktyk beoordeel word.

In 'n voorlopige ondersoek wat deur Schouwstra (2003:14) by 'n skool in Potchefstroom gedoen is, het al 13 die respondente (elf Posvlak-1- en twee Posvlak-2-opvoeders), aangetoon dat hulle in die praktyk besorg is oor die moontlikheid van regsaanspreeklikheid. Ván die respondente is van mening dat hul interaksie met die leerders die afgelope jare verander het as gevolg van kommer oor regsaanspreeklikheid. Minder as 10% van die respondente is van mening dat hulle genoeg kennis het rakende hul regsplig as sorgsame toesighouer in die praktyk. Hierdie bevindinge sluit aan by Kruger (2003:177) se bevinding dat die meerderheid opvoeders nie behoorlik op hoogte van die vereiste van deliktuele aanspreeklikheid is nie. Kruger (2003:266) het verder bevind dat, alhoewel die grootste meerderheid opvoeders van mening is dat hul voldoende ingelig is rakende departementele stukke en toepaslike wetgewing rakende hul beroep, 'n groot getal nie eers bewus is van sekere van die amptelike stukke of die inhoud daarvan nie.

Lawson (1999:148) stel dit duidelik dat ten einde sosiaal verantwoordbare onderwys te verseker, dit noodsaaklik is dat opvoeders oor die kennis moet beskik oor hoe om teorieë en beleidsdokumente te interpreteer, te toets en die raakpunte tussen beleid en praktyk te verstaan.

1.3 PROBLEEMVRAE

Op grond van die bogenoemde probleemstelling verg die volgende probleemvrae aandag:

1.3.1 Wat behels die konsep "sorgsame toesighoudingspraktyk"? (Literatuurstudie)

1.3.2 Watter onderwysregtelike verpligtinge is daar ten opsigte van die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk? (Literatuurstudie)

1.3.3 Wat is die opvoeder se insig, persepsie en kennis van wetlike sleutelvraagstukke met betrekking tot sy sorgsame toesighoudingspraktyk? (Empiriese ondersoek)

1.3.4 In welke mate voldoen die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk aan die onderwysregtelike vereistes? (Empiriese ondersoek)

1.4 NAVORSINGSDOELWITTE

Die doel van hierdie navorsing is vervolgens om met 'n literatuurstudie

1.4.1 te bepaal wat die konsep "sorgsame toesighoudingspraktyk" behels en

1.4.2 die aard van die onderwysregtelike verpligtinge van die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk te bepaal.

Die doel is ook om met 'n empiriese ondersoek

1.4.3 te bepaal wat die opvoeders se insig, persepsie en kennis is van wetlike sleutelvraagstukke met betrekking tot hul sorgsame toesighoudingspraktyk en

1.4.4 te bepaal in welke mate die opvoeders se sorgsame toesighoudingspraktyk voldoen aan die onderwysregtelike vereistes.

1.5 NAVORSINGSONTWERP

1.5.1 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie van primêre en sekondêre onderwyskundige en regswetenskaplike bronne is gebruik met die doel om aan die navorsingsdoelstellings te voldoen.

Gepaste elektroniese soektogte deur onder andere gebruik te maak van Ebschohost en DIALOG is uitgevoer met die volgende trefwoorde: sorgsame toesig, opvoeder, liability, negligence, delictual liability, educator's responsibility, educator's legal duty of care, tort law, educator's conduct, educator's legal duty, discipline, misconduct, deliktereg/law of delict.

Vir praktiese doeleindes sluit die gebruik van die manlike geslag in die teks ook die vroulike geslag in.

1.5.2 Empiriese ondersoek

1.5.2.1 Kwantitatiewe ondersoek

Met die empiriese ondersoek is daar gebruik gemaak van 'n kwantitatiewe navorsingmetode (vgl. par. 6.2). Die doel met die kwantitatiewe ondersoek is om navorsingsdoelwit 1.4.3 en 1.4.4 te bereik, wat onderskeidelik die opvoeders se insig, persepsie en kennis van wetlike sleutelvraagstukke met betrekking tot hul sorgsame toesighoudingspraktyk moet bepaal en te bepaal in welke mate die opvoeders se sorgsame toesighoudingspraktyk voldoen aan die onderwysregtelike vereistes (vgl. par. 1.4).

1.5.2.1.1 Vraelys

Op grond van die literatuurstudie is 'n vraelys (vgl. Bylaag A) opgestel en aan die opvoeders in histories Afrikaanse sekondêre skole in die Potchefstroom- en Klerksdorpdistrikte voorgelê. Die doel van die vraelys was om te bepaal wat die aard van die sorgsame toesighoudingspraktyk van die betrokke opvoeders is, asook om te bepaal wat dié opvoeders se insig, persepsie en kennis van wetlike sleutelvraagstukke met betrekking tot die handhawing van hul sorgsame toesighoudingspraktyk is. Ten einde die verstaanbaarheid en tekortkominge van die vraelys te toets is 'n loodsvraelys (n≈5) vooraf aan proefpersone (wat nie deel vorm van die studiepopulasie nie) voorgelê (vgl. par. 6.2.2.2).

1.5.2.1.2 Betroubaarheid en geldigheid van vraelys

Die interne konsekwentheid (betroubaarheid) van die vraelys is bepaal met die Cronbach Alpha-betroubaarheidstoets (vgl. par. 6.2.8) ten einde die gesigs- en inhoudgeldigheid van die vraelys te bepaal (vgl. par. 6.2.7 en 6.2.8).

1.5.2.1.3 Studiepopulasie

Al die Posvlak 1-opvoeders en departementshoofde (N≈450) in die 18 openbare histories Afrikaanse sekondêre skole in die Potchefstroom- en Klerksdorpdistrikte is gebruik en dien as die studiepopulasie (vgl. par 6.2.5). Aangesien dit haalbaar was om al dié opvoeders te gebruik is daar nie van 'n ewekansige steekproef gebruik gemaak nie. Deelname aan die studie het deur vrywillige voltooiing van die vraelys geskied.

1.5.2.1.4 Dataverwerking

Die versamelde data van die vraelyste is met behulp van die *The SAS System for Windows Release 9.1*-rekenaarpakket (SAS Institute Inc., 2007), asook ander toepaslike statistiese tegnieke in oorleg met die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus) verwerk. Beskrywende statistiek sowel as eenrigting variansie-analise is gebruik in die ontleding om vas te stel of daar 'n moontlike verband bestaan tussen die respondente se kennis en hul biografiese- sowel as demografiese besonderhede.

Cohen se d-waarde is gebruik om effekgrootte te bepaal (vgl. par. 6.4.3).

1.5.3 Etiese aspekte

Volgens Leedy en Ormrod (2001:107), Strydom (2005:59) en White (2005:212) is dit noodsaaklik dat respondente skriftelike instemming tot deelname aan 'n navorsingsprojek verleen. Die respondente moet duidelik ingelig wees oor die doel van die navorsing en geleentheid moet aan die respondente gegee word om te onttrek aan die navorsingsprojek indien so verkies. 'n Skriftelike instemmingsvorm (Bylaag D) is derhalwe aan elke respondent verskaf om (vrywillig) te onderteken. Die navorser is van mening dat alhoewel die bedoeling van die skriftelike instemming vir etiese redes meriete het, dit in praktyk wel die nadeel tot gevolg gehad het dat daar respondente is wat juis vanweë die ondertekening van die instemmingsvorm hulself van die navorsingsprojek onttrek het. Die hoofrede waarom dié respondente nie die instemmingsvorm wou onderteken nie is dat, volgens die respondente, hul anonimiteit hierdeur verloor en die moontlikheid van viktimisasie kan bestaan. Hierdie tendens word ondersteun deur Strydom (2005:59) wat meen dat sommige respondente sal deelneem aan 'n navorsingsprojek uit vrees vir viktimisasie indien hul nié deelneem nie. Die afleiding kan gemaak word dat die teendeel dus ook waar

kan wees soos in geblyk het in praktyk. Die navorser is van mening dat hierdie rede 'n negatiewe invloed van tussen 15% - 20% op die aantal vraelyste wat terugontvang is (Vgl. Tabel 6.4) gehad het.

Volgens Leedy en Ormrod (2001:108) is dit noodsaaklik dat met 'n navorsingsprojek die navorser eerlik met sy professionele kollegas oor die navorsing moet wees. Weens die feit dat die studiepopulasie in hierdie studie professionele opvoeders (vgl. par. 6.2.5) en kollegas in die onderwys is, is sorg gedra dat eerlikheid oor die doel van die navorsing aan die respondente oorgedra is (vgl. par. 6.2.4). Leedy en Ormrod (2001:108) is van mening dat dit eties korrek is dat die respondente wat aan 'n navorsingprojek deelneem se reg op privaatheid verseker moet word. Derhalwe is hierdie etiese aspek aan die respondente verseker deur middel van die voorwoord op die vraelys (vgl. Bylaag A).

1.6. STRUKTURERING VAN NAVORSINGSVERSLAG

- Hoofstuk 1: Oriëntering en probleemstelling
- Hoofstuk 2: Statutêre determinante as grondslag vir die sorgsame toesighoudingspraktyk van die Suid-Afrikaanse opvoeder
- Hoofstuk 3: Regspraak as determinant vir die sorgsame toesighoudingspraktyk van die Suid-Afrikaanse opvoeder
- Hoofstuk 4: Gemeenregtelike elemente vir deliktuele aanspreeklikheid
- Hoofstuk 5: Sorgsame toesighoudingpligte van die opvoeder in die praktyk
- Hoofstuk 6: 'n Empiriese ondersoek na die sorgsame toesighoudingspraktyk van opvoeders in histories Afrikaanse sekondêre skole
- Hoofstuk 7: Samevatting, bevindinge en aanbevelings

1.7. SAMEVATTING

Dit is nie net genoeg om te sê dat onderwys die versorging van leerders behels nie, maar dit is nodig om meer spesifiek te wees betreffende die aard en omvang van die sorgsame toesighoudingspraktyk ter sprake (Varnham, 2003:193).

Vervolgens word in Hoofstuk 2 die mees relevante statutêre determinante wat as grondslag dien vir sorgsame toesighoudingspraktyk van die Suid-Afrikaanse opvoeder, bespreek.

HOOFSTUK 2

STATUTÊRE DETERMINANTE AS GRONDSLAG VIR DIE SORGSAME TOESIGHOUDINGSPRAKTYK VAN DIE SUID-AFRIKAANSE OPVOEDER

2.1 INLEIDING

Ten einde 'n ondersoek te kan doen na die sorgsame toesighoudingspraktyk van die opvoeder, is dit nodig om die statutêre grondslag te bepaal wat die sorgsame toesighoudingspraktyk van die opvoeder reël. In hierdie hoofstuk word daar derhalwe gefokus op die bronne binne die reg wat die sorgsame toesighoudingspraktyk van die Suid-Afrikaanse opvoeder reël en beïnvloed. Die bronne waarop gefokus sal word, is die wetgewende (statutêre) determinante sowel as die rol van Suid-Afrikaanse en buitelandse regspraak (Hoofstuk 3) as determinant vir die sorgsaamheidspligpraktyk van die Suid-Afrikaanse opvoeder.

Dit is belangrik vir die opvoeder om kennis te dra van hierdie determinante in die reg, aangesien die reg verwag dat die professioneel gekwalifiseerde opvoeder sy rol met die nodige vaardighede moet volvoer (Oosthuizen, 2004a:3).

2.2 WAT WORD BEDOEL MET DIE *REG* EN WAT IS DIE FUNKSIE DAARVAN?

Geen samelewing kan bestaan of voortbestaan sonder doeltreffende orde nie. Om hierdie orde te bewerkstellig is die *reg* as instrument ontwikkel waardeur die ordelike voortbestaan van die samelewing verseker kan word. Hierdie instrument (*reg*) omvat die wette, norme, reëls en beginsels waaraan die optrede van die lede van die samelewing moet voldoen (Beckman *et al.*, 1995:2). Volgens Hosten *et al.* (1995:2) word hierdie *gedragsreëls* voorgeskryf deur 'n bepaalde gesagstruktuur of owerheidsinstansie (gesagvraer) wat 'n betrokke samelewing reël. Die reg regeer (beheer) privaat (byvoorbeeld persoonlike) sowel as publieke regeringsaksies en interaksies. Die reg moet deur alle lede van die gemeenskap gehoorsaam word en

in die geval waar dit verontagsaam word, moet die wetlike balans deur die staat herstel word. Dit word gedoen deur amptelike staatsorgane sowel as deur die hof (Bray, 2000a:10). Volgens Beckman *et al.* (1995:2) stel lede van die samelewing wat hierdie gedragsreëls (die *reg*) verontagsaam hulself bloot aan geregtelike sanksies.
Uit bogenoemde is dit duidelik dat die funksie (essensie) van die reg *die skep van orde of ordening* in 'n bepaalde samelewing is. Dit word bevestig deur Beckman *et al.* (1995:2), Bray (2000a:10) en Van Zyl en Van der Vyver (1982:100). Die betekenis hiervan vir die onderwys word deur Van Wyk (1987:15) bevestig waar hy dit stel

> Die reg het die eienskap dat dit die leefwêreld orden... In die formele onderwys is orde en harmonie noodsaaklik ter wille van doeltreffende onderwys.

Volgens Oosthuizen en Van der Westhuizen (2005:8) is hierdie orde nodig om 'n klimaat van *geborgenheid* vir die gesagvraer en gemeenskap te skep deur gebruik te maak van reëls en regulasies. Die geborgenheid waarbinne hierdie orde moet plaasvind, is volgens Oosthuizen (2004a:2) juis noodsaaklik om te voorsien in die behoefte van 'n kind se veiligheid en sekerheid. Die skep van 'n veilige omgewing word dan ook volgens Oosthuizen (2004a:3) as 'n grondslag van geborgenheid beskou. Per implikasie beteken dit dat die opvoeder in die daarstel van sy sorgsame toesighoudingspraktyk die leerder moet beskerm teen fisiese nadele (skade). Oosthuizen is van mening dat slegs binne hierdie staat van geborgenheid daar sprake kan wees van opvoedende onderwys. Vir die doeleindes vir hierdie studie sal die fokus gerig wees op hierdie fisiese beskerming en sorg van die leerder binne die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk.

Staatsorgane en -amptenare (dus ook opvoeders) wat namens die staat optree, verkry hul outoriteit (om hul sorgsaamheidpraktyk te handhaaf) in die meeste gevalle deur wetgewing (Bray, 2000a:16).
Vervolgens word daar gefokus op die wetgewing in die Suid-Afrikaanse reg wat vir die opvoeder van belang is.

2.3 SUID-AFRIKAANSE REG

Alhoewel die Suid-Afrikaanse reg sy oorsprong in 'n verskeidenheid regsisteme vind, is dit hoofsaaklik gebaseer op die Romeinse sowel as die Hollandse reg, terwyl die

Engelse reg en regspraak ook invloede gehad het (Bray, 2000a:4; Roos & Oosthuizen, 2005:49). Die Suid-Afrikaanse reg het derhalwe bepaalde regsreëls en beginsels wat ooreenstem met die regstelsels van ander lande in Europa en Brittanje. Dit is egter nie net Europese en Britse reg wat 'n invloed op die Suid-Afrikaanse reg het nie, maar ook die verskeidenheid swart bevolkingsgroepe wat volgens hul eie gebruike en tradisies lewe. Hierdie gebruike en tradisies het 'n "inheemse reg" laat onstaan wat 'n bepaalde invloed op die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse reg het (Bray, 2000a:4; Beckman *et al.,* 1995:3; Roos & Oosthuizen, 2005:49; Van Zyl & Van der Vyver, 1982:166).

2.4 WAARUIT BESTAAN DIE SUID-AFRIKAANSE REG?

Volgens Hosten *et al.* (1995:379) onstaan die reg uit bepaalde *bronne*. Hierdie bronne is gesaghebbend en is bindend ten opsigte van die lede van 'n bepaalde samelewing. Juridiese argumente en hofuitsprake word gebaseer op die gesag wat hierdie bronne aan die reg verleen.
Die bronne van die Suid-Afrikaanse reg is:

Figuur 2.1 Bronne van die Suid-Afrikaanse reg

Wetgewing	Bindende regsreëls wat deur 'n staatsorgaan neergelê word
Regspraak	Regsprekende gesag vind sy neerslag in hofverslae
Gemenereg	Ongekodifiseerde regstradisies verkry uit die Romeins-Hollandse reg wat volgens die Romeine vanselfsprekende beginsels is.
Gewoontereg	Ongeskrewe reg (reëls) wat 'n bepaalde samelewing as reg beskou en daarvolgens lewe
Inheemse reg	Ongeskrewe gewoontereg waarvolgens swart bevolkingsgroepe lewe

Aangepas uit Bray (2000a:11), Hosten *et al.* (1995:379-494) en Van Zyl en Van der Vyver (1982:288-336)

Vir die doeleindes van hierdie studie word daar gefokus op die bronne in die reg wat volgens Oosthuizen en Roos (2005:20) 'n determinerende invloed op onderwys en die opvoeder se sorgsaamheidspraktyk het, naamlik;

- Statutêre determinante (wetgewing);

- Regspraak (Suid-Afrikaanse en Internasionale regspraak as determinant (Hoofstuk 3) en
- Gemeenregtelike elemente as determinant (Hoofstuk 4)

2.5 STATUTÊRE (WETGEWENDE) DETERMINANTE

Wetgewing kan beskou word as die daarstelling van skriftelike regsreëls wat deur 'n bevoegde staatsorgaan opgestel is. Daar word 'n duidelike onderskeid getref tussen twee verskyningsvorme van wetgewing, naamlik *oorspronklike* wetgewing en *ondergeskikte* wetgewing (Oosthuizen & Roos, 2005:21). Volgens Oosthuizen en Roos (2005:21) word wette wat deur die oorspronklike gesag van 'n wetgewende liggaam (soos die parlement of 'n provinsiale wetgewer) uitgevaardig word, as oorspronklike (nasionale) wetgewing (vgl. par. 2.5.2) beskou, terwyl ondergeskikte wetgewing (vgl. par. 2.5.3) op gesag van (en ondergeskik aan) die oorspronklike wetgewing uitgevaardig word. Hierdie omskrywings van die vlakke van wetgewing word duidelik in Artikel 239 van die *Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996* (hierna genoem die Grondwet (1996a)) gestipuleer, waar dit stel:

- **Woordomskrywings**

  Artikel 239

  In die Grondwet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

  nasionale wetgewing ook—

  (a) ondergeskikte wetgewing ingevolge 'n Parlementswet gemaak en

  (b) wetgewing wat van krag was toe die Grondwet in werking getree het en wat deur die nasionale regering geadministreer word;

  provinsiale wetgewing ook—

  (a) ondergeskikte wetgewing ingevolge 'n provinsiale wet gemaak en

  (b) wetgewing wat van krag was toe die Grondwet in werking getree het en wat deur 'n provinsiale regering geadministreer word.

Ten einde 'n ontleding van die vorme van wetgewing wat 'n bepalende invloed op onderwys in Suid Afrika het te doen, is dit noodsaaklik dat die raamwerk waarbinne die wetgewing val, geskets word (vgl. Figuur 2.2).

Figuur 2.2 Wetgewing as bron van Onderwysreg

- *Die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika*
- *Oorspronklike wetgewing*
  - Algemene parlementêre wetgewing
    - Onderwyswetgewing
    - Algemene wetgewing
  - Provinsiale wetgewing
- *Ondergeskikte wetgewing*
  - Regulasies
  - Proklamasies
  - Skoolreëls

(Oosthuizen & Roos, 2005:21)

Vir die doeleindes van hierdie studie word daar gefokus op die wetgewing wat 'n bepaalde direkte of indirekte invloed op die tesighoudingspraktyk van die opvoeder uitoefen. Dit is noodsaaklik dat opvoeders nie net bewus is van hierdie wetgewing nie, maar ook die praktiese implikasies daarvan op hul sorgsame toesighoudingspraktyk verstaan en kan toepas (Beckmann & Prinsloo, 1989:4; Beckmann *et al.,* 1995:i; Joubert & Prinsloo, 2001:xiii).

2.5.1 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika

'n Grondwet van 'n staat (land) bevat die belangrikste reëls en wette met betrekking op sy politieke sisteem. Dit bepaal ook die magte en funksies van die regering van die staat. Suid-Afrika het in die onlangse verlede verander in 'n grondwetlike demokrasie en is die *Grondwet van die Republiek van Suid Afrika 108 van 1996* op 8 Mei 1996 uitgevaardig en op 11 Oktober 1996 gewysig deur die Grondwetlike Vergadering. Op 4 Februarie 1997 het die Grondwet (1996a) amptelik in werking getree (Joubert & Prinsloo, 2001:17; Oosthuizen & Roos, 2005:21). Hierdie Grondwet sluit 'n Handves van Regte in wat die individuele regte en vryheid van die burgers van hierdie land verskans en beskerm.

Die oppergesag van die Grondwet (1996a) word baie duidelik in Artikel 2 van die Grondwet omskryf:

- **Oppergesag van SA Grondwet**

  Artikel 2

  > Hierdie Grondwet is die hoogste reg van die Republiek; enige regsvoorskrif of optrede daarmee onbestaanbaar, is ongeldig, en die verpligtinge daardeur opgelê, moet nagekom word.

Artikel 2 impliseer dat enige wette, regulasies en reëls wat op die onderwyspraktyk van toepassing is, ondergeskik is aan die Grondwet en nie in stryd met die bepalings van die Grondwet mag wees nie (Oosthuizen & Roos, 2005:21). Die bepaling van Artikel 2 plaas ook 'n direkte statutêre verpligting op die opvoeder met betrekking tot sy optrede in sy rol as sorgdraer en word bevestig deur Artikel 239 van die Grondwet:

- **Woordomskrywings**

  Artikel 239

  > **staatsorgaan —**
  >
  > (a) enige staatsdepartement of administrasie in die nasionale, provinsiale of plaaslike regeringsfeer of
  >
  > (b) enige ander funksionaris of instelling
  >
  > (i) wat ingevolge die Grondwet of 'n provinsiale grondwet 'n bevoegdheid uitoefen of 'n funksie verrig of
  >
  > (ii) ingevolge wetgewing 'n openbare bevoegdheid uitoefen of 'n openbare funksie verrig.

Die Grondwet bemagtig staatsorgane, beskryf en kwalifiseer hul magte en as sulks bepaal dit die verhouding tussen die inwoners van die land en sy staatsorgane (Joubert & Prinsloo, 2001:15). Die openbare skool word in terme van Artikel 239 beskou as 'n 'staatsorgaan", en is daardeur gebind tot die onderliggende demokratiese waardes en beginsels soos voorgeskryf vir die openbare (onderwys) administrasie in Artikel 195 (Davies, 1999:59). Dit impliseer dat die Grondwet 'n bepalende determinant is vir die opvoeder (as funksionaris) binne die onderwys (as staatsorgaan) met betrekking tot die verhouding tussen die opvoeder en leerder in sy sorg.

Die Grondwet (1996a) is 'n waardegedrewe dokument wat die fondasie vir 'n demokratiese stelsel (ook onderwysstelsel) en 'n gedetailleerde plan vir die bestuur van Suid-Afrika voorsien. In Hoofstuk 2 van die Grondwet, naamlik die *Handves op Regte,* word die fundamentele regte van die individu beskerm, wat 'n direkte invloed het op die onderwyspraktyk (Joubert *et al.,* 2004:79). Die Handves van Regte is 'n dokument wat die regte bepaal van die individu *vis-à-vis* die staat (en soms ook *vis-à-vis* ander individue en regspersone) en voorsiening maak vir die uitvoering van hierdie regte (Bray, 2000b:10).

Streng gesproke is dit nie korrek om bepaalde menseregte uit te sonder wat 'n invloed het op onderwys nie, aangesien die toepaslikheid van 'n reg in 'n sekere situasie sal afhang van die saak betrokke en die besondere verhouding waarin dit plaasvind (Bray, 2000b:41). Alhoewel die totale funksionering van die onderwys aan die Grondwet getoets moet word, word daar in hierdie studie gefokus op dié artikels in die Grondwet wat 'n meer beduidende invloed as ander op die sorgsame toesighoudingspraktyk van die opvoeder het.

- **Regte**

  Artikel 7

  (1) Hierdie Handves van Regte is 'n hoeksteen van die demokrasie in Suid-Afrika. Dit verskans die regte van alle mense in ons land en bevestig die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid.

  (2) Die Staat moet die regte in die Handves van Regte eerbiedig, beskerm, bevorder en verwesenlik.

  (3) Die regte in die Handves van Regte is onderworpe aan die beperkings in Artikel 36 of elders in die Handves vervat of genoem.

Artikel 7 verskaf die raamwerk waarbinne die regte soos verskans in die Handves op Regte funksioneer. Alhoewel Artikel 7 verwys na die *Staat* se plig in hierdie verband (wat 'n vertikale toepassing is tussen staat en landsburger) het die Handves van Regte ook 'n horisontale toepassing. Dit impliseer dat die voorsienings van Artikel 7 ook van toepassing is tussen landsburgers. Elke persoon het die reg op hierdie fundamentele regte, maar het ook die verpligting om die regte van ander te respekteer. Die opvoeder, as verteenwoordiger van die Onderwysowerhede vorm

deel van die staat se onderneming om hierdie menseregte in die onderwysdomein te beskerm (Bray, 1995:18). Alle rolspelers in die skool moet onderrig en bemagtig word met betrekking tot die beginsels en uitleef van demokratiese beginsels, aangesien dit nie aangeneem kan word dat dit vanself sal gebeur nie (WITS, 2003:2). Derhalwe impliseer dit dat die opvoeder as individu en in sy sorgsaamheidspraktyke die demokratiese waardes van menswaardigheid, die gelykheid en vryheid van elke leerder moet beskerm en bevorder (De Waal, 2000:35).

- **Toepassing**

  Artikel 8

  (1) Die Handves van Regte is van toepassing op die totale reg en bind die wetgewende, die uitvoerende en die regsprekende gesag en alle staatsorgane.

  (3) By die toepassing van 'n bepaling van die Handves van Regte op 'n natuurlike of regspersoon ingevolge subartikel (2)—

  (a) moet 'n hof, ten einde gevolg te gee aan 'n reg in die Handves, die gemenereg toepas, of indien nodig ontwikkel, in die mate waarin wetgewing nie aan daardie reg gevolg gee nie.

Volgens Artikel 8(1) is die Handves van Regte van toepassing op die *totale* reg en moet 'n hof, ingevolge Artikel 8(3)(a) gemenereg toepas. Aangesien die onderwys 'n staatsorgaan is en die opvoeder se rol as sorgdraer in die gemenereg gefundeerd is (vgl. Hoofstuk 4), het die toepassing van die Handves van Regte 'n besondere betekenis vir die opvoeder, aangesien die leerder as natuurlike persoon geregtig is op die regte soos vervat in Artikel 8.

- **Vryheid en sekerheid van die persoon**

  Artikel 12 (1) Elkeen het die reg op vryheid en sekerheid van die persoon, waarby inbegrepe is die reg om

  (c) vry te wees van alle vorme van geweld van hetsy openbare of private oorsprong;

  (d) op geen wyse gemartel te word nie en

  (e) nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf te word nie.

Volgens Artikel 12 het elke persoon (dus ook die leerder) die reg om vry te wees van alle vorme van geweld en vernederende behandeling. Dit impliseer onder andere dat geen lyfstraf in 'n skool (deur 'n opvoeder of ouer) toegedien mag word nie en die wyse waarop 'n opvoeder 'n leerder straf, nie die leerder se menswaardigheid mag aantas en/of vernederend van aard mag wees nie.

In 2001 is die Minister van Onderwys genader om 'n ondersoek te doen na inisiasie-(ontgroening) praktyke in sekondêre- en tersiêre instellings. Die Minister het die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (2006) genader om 'n ondersoek te loods om sodoende aanbevelings aan die regering en opvoedkundige instellings te kan maak ten einde inisiasie-praktyke wat die regte van leerders en studente benadeel hok te slaan. In die inleiding van die verslag word dit duidelik gestel dat

> South Africa is now a constitutional state, therefore, all aspects of our society must stand the test of constitutional scrutiny. Those practices in conflict with the values and principles embedded in our Constitution must be weeded out.

Daar sal kortliks na 'n paar van die sake wat deur die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (2001:4) ondersoek is, gekyk word. Die benadeling van die leerders se regte in hierdie sake hou direk verband met die standaard van die opvoeder(s) se sorgsame toesighoudingspraktyk onder wie se sorg die leerders toevertrou is.

In die eerste geval het dit gehandel oor 'n skoolrugbytoer waar die senior leerders die junior leerders tydens die busrit beveel het om na die agterkant van die bus te gaan waar die seniors gesit het. Hier is die juniors te lyf gegaan in 'n "ontgroeningsritueel". Deel van die ritueel was om die juniors met 'n koeldrankbottel te slaan. Dissiplinêre stappe is deur die skool teen die seniors ingestel en as straf is hulle beveel om skoonmaak- en hersteltake vir 'n termyn by die skool te verrig. Kriminele klagtes teen die senior leerders is teruggetrek. Die skoolhoof het aangevoer dat die straf gepas is aangesien dit nie inbreuk maak op hul matriekjaar se voorbereidings nie. Volgens getuies was daar nie toesigpersoneel op die bus nie en het die personeel die bus in 'n voertuig gevolg (Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie, 2001:4).

Uitgesonderd dat die regte van die junior leerders geskend is (volgens Artikel 10 en 12 van die Grondwet (1996a)), is die feit dat die leerders sonder toesig op die bus was, 'n growwe nalatigheid van die opvoeders waardeur hul hulself blootstel aan wetlike vervolging (vgl. par. 5.5.3.2).

In die tweede geval is daar by 'n sekondêre skool springhase op 'n rugbyveld losgelaat wat dan deur die leerders gejaag is. Dié praktyk was deel van 'n "geesbou-sessie" ter voorbereiding van die komende atletiekbyeenkoms en om hul dirigente te ontgroen. Drie springhase is op die veld losgelaat waarna 'n leerder een van die hase geskop het wat 'n gevoel van "free for all" geskep het. Dit het daartoe gelei dat een van die hase doodgeskop is. Die skoolhoof het aangevoer dat hierdie tipe aksies deur "almal" op een of ander stadium in hul lewe gedoen word en dat dit onmoontlik is vir die opvoeders om die leerders te stop nadat die hase losgelaat is. Sommige van die ouers van leerders wat hierdie praktyk moes aanskou, het aangevoer dat hul kinders nagmerries ontwikkel het as gevolg van die aanskoue hiervan. Die feit dat die skoolhoof beweer die opvoeders nie die leerders kan stop nie, spreek van swak toesighouding en die emosionele trauma van die leerders (Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie, 2001:5).

In die derde geval het die Minister 'n klagte van 'n ouer ontvang wat gehandel het oor die Graad 8-ontgroeningspraktyke by die hoërskool waar haar dogter ingeskryf is. Volgens die ouer het sy 'n brief van die skool ontvang waarin die ontgroeningpraktyke uitgestip is en waaraan haar dogter haarself sal moet onderwerp in Graad 8. Die ouer was van mening dat die ontgroeningpraktyke ontwerp is om leerders te verneder en dat dit nie die fisiese en emosionele hindernisse wat 'n nuwe leerder ervaar in berekening bring nie. Verder voer sy aan dat van die praktyke teen die geloofsbeginsels van sekere leerders mag wees. Ten spyte van die feit dat die Departement van Onderwys beveel het dat die ontgroeningspraktyke nie mag plaasvind nie, het die skoolhoof aangekondig dat die ontgroeningspraktyke sal voortgaan soos beplan. Die ouer voer verder aan dat ten spyte van die feit dat sy ingelig is dat geen leerder gedwing sal word om aan die ontgroeningspraktyke deel te neem nie, daar geen maatreëls in plek was om die nuwe leerders wat nie wil deelneem nie teen weerwraak van ander leerders te beskerm nie (Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie, 2001:5).

Op grond van bogenoemde gevalle kan die afleiding gemaak word dat in die skoolpraktyk daar verskeie situasies kan ontstaan wat op die oog af onskuldig lyk en/of as deel van die "tradisies" van die skool beskou word, maar wat in der waarheid die regte (vryheid en sekerheid) van die leerders benadeel. In al die bogenoemde gevalle word die leerders beskerm deur die Handves van Regte, word die belange waarmee ingemeng is beskerm en bind die Handves van Regte die persone (opvoeders) wat ingemeng het in die regte van die leerders. Volgens Bray (2000b:41) bestaan menseregte nie in isolasie nie en is daar dikwels meer as een reg in 'n bepaalde situasie ter sprake soos blyk uit die genoemde gevalle.
Die skool en opvoeders wat in beheer is van hierdie tipe praktyke waar die regte van die leerders benadeel word, stel hulself bloot aan vervolging, aangesien hulle nie hul sorgsaamheidsplig in praktyk uitvoer soos wetlik vereis word en soos daar van 'n redelike deskundige verwag word nie (vgl. par. 4.3.3.2 (ii)(c)).

- **Privaatheid**

  Artikel 14

  Elkeen het die reg op privaatheid, waarby inbegrepe is die reg dat

  (a) hul persoon of woning nie deursoek word nie;
  (b) hul eiendom nie deursoek word nie;
  (c) daar nie op hul besittings beslag gelê word nie of
  (d) daar nie op die privaatheid van hul kommunikasies inbreuk gemaak word nie.

Vir die opvoeder beteken Artikel 14 dat in die volvoering van sy toesighoudingsplig geen leerder se reg op privaatheid van persoon, eiendom en kommunikasie geskend mag word nie. Dit hou egter nie in dat 'n opvoeder byvoorbeeld nooit 'n leerder se tas mag deursoek nie. Indien 'n opvoeder byvoorbeeld 'n sterk vermoede het dat 'n leerder 'n vuurwapen in sy skooltas het, mag die skooltas deursoek word. In so 'n geval moet Artikel 14 saam met Artikel 36 (beperkingsklousule) van die Grondwet (1996a) gelees word (Oosthuizen & Roos, 2005:24). Weens die feit dat leerderwangedrag in Suid-Afrikaanse skole die afgelope jare toegeneem het, is verskeie onderwyswette die afgelope jare gewysig. 'n Voorbeeld van so 'n wysigingswet wat veiligheid in skole kan bevorder is die Onderwys Wysigingswet van 2007 (7/2007b). Klousule 5 van hierdie wysigingswet bepaal dat

- 'n skoolhoof of 'n gedelegeerde persoon na willekeur enige leerder of sy besittings mag deursoek vir gevaarlike voorwerpe of dwelms, mits sekere relevante vereistes in ag geneem word, waaronder
    - die beste belang van die leerder of enige ander leerder in die skool,
    - die veiligheid en gesondheid van die leerder of enige ander leerder in die skool en
    - daar 'n redelike vermoede bestaan van 'n onwettige aktiwiteit.

Vir die opvoeder se uitvoering van sy sorgsaamheidspraktyk, beteken die Onderwys Wysigingswet (7/2007b) dat die veiligheid van die leerder(s) in sy sorg van deurslaggewende belang sal wees in die bepaling of 'n leerder(s) se reg op privaatheid beperk kan word.

- **Beperking van regte**

  Artikel 36

  (1) Die regte in die Handves van Regte kan slegs kragtens 'n algemeen geldende regsvoorskrif beperk word in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, met inagneming van alle tersaaklike faktore, met inbegrip van
  (a) die aard van die reg;
  (b) die belangrikheid van die doel van die beperking;
  (c) die aard en omvang van die beperking;
  (d) die verband tussen die beperking en die doel daarvan en
  (e) 'n minder beperkende wyse om die doel te bereik.

  (2) Behalwe soos in sub-artikel (1) of in enige ander bepaling van die Grondwet bepaal, mag geen regsvoorskrif enige reg wat in die Handves van Regte verskans is, beperk nie.

Groot sorg moet egter aan die dag gelê word dat die korrekte prosedure gevolg word in dergelike situasies. In die voorbeeld hierbo genoem, beteken dit dat alvorens die leerder se skooltas deursoek word, daar sekere relevante vrae gevra moet word, soos:

- Word 'n oop en demokratiese samelewing (in hierdie geval die skool) se reg tot opvoedende onderwys deur die aanwesigheid van 'n vuurwapen in 'n leerder se tas bedreig?
- Weeg die noodsaaklikheid van die doel (om die leerder se tas te deursoek vir 'n vuurwapen) swaarder as die verdagte persoon (leerder) se reg tot privaatheid? (Bray, 2000b:33; Oosthuizen & Roos, 2005:24).

Bray (2000b:33) stel dit dat die belange van die leerder (individu se belange) opgeweeg moet word teen die belange van die ander leerders (openbare belang) om te bepaal of 'n beperking van die reg op privaatheid geregverdig is al dan nie. In die voorbeeld genoem, is die belangrikheid van die beperking duidelik, naamlik om te verhoed dat die leerder ander persone in gevaar stel met die vuurwapen en die aard van die beperking (om die skooltas te ondersoek) is in noue verband met die beperking van die leerder se regte.

In die proklamasie van die Nasionale Onderwysbeleid (SA, 2002) word dit in Artikel 22 gestel dat om blindweg 'n individu (dus ook 'n leerder) te deursoek verbied word. Leerders kan slegs deursoek word deur persone van dieselfde geslag as deel van 'n gestruktureerde ingryping in 'n ordelike en menslike wyse, indien daar 'n *redelike* vermoede bestaan dat die leerder in besit is van 'n onwettige middel. Indien die leerder se besittings deursoek word, moet hy teenwoordig wees met die ondersoek, 'n persoon van sy keuse aanwesig wees vir ondersteuning en 'n tweede volwassene van dieselfde geslag as getuie. Volgens Artikel 20 van dieselfde proklamasie mag 'n dwelmtoets slegs op 'n leerder uitgevoer word waar daar 'n *redelike* vermoede bestaan dat die leerder dwelms gebruik (SA, 2002).

Die Algemene Kennisgewing 776 (SA, 1998a) wat handel oor die riglyne wat beheerliggame mag oorweeg in die opstel van 'n leerdergedragskode, bepaal in Artikel 3(3.8) en 4(4.3) dat die skoolhoof of opvoeder, gegrond op redelike vermoede (voldoende inligting), oor die wettige outoriteit beskik om enige leerder of besittings in besit van die leerder te deursoek vir enige gevaarlike voorwerpe, dwelms, gesteelde goedere of pornografiese materiaal wat in die skoolterrein ingebring is.

Alhoewel elke leerder die reg het op privaatheid is dit duidelik uit die genoemde artikels en bepalinge van wetgewing dat die reg op privaatheid nie 'n absolute reg is nie, en dit beperk kan word indien daar 'n redelike vermoede bestaan dat die leerder homself, ander en/of die leeromgewing skade kan aandoen.

- **Omgewing**

  Artikel 24

  Elkeen het die reg

  (a) op 'n omgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid of welsyn is nie en

  (b) op die beskerming van die omgewing, ter wille van huidige en toekomstige geslagte, deur redelike wetgewende en ander maatreëls wat

  (i) besoedeling en ekologiese agteruitgang voorkom

  (ii) bewaring bevorder en

  (iii) die ekologies volhoubare ontwikkeling en aanwending van natuurlike hulpbronne verseker, terwyl dit regverdigbare ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling bevorder.

Volgens Mawdsley (1995:10) is die skep van 'n veilige omgewing vir leerders een van die belangrikste regspligte van 'n opvoeder. Ingevolge Artikel 24(a) moet die omgewing in so 'n mate veilig wees dat dit nie die leerder se gesondheid en/of welsyn benadeel nie. Squelch (2001:138) definieer 'n veilige skool as 'n omgewing wat vry is van gevare en moontlike beserings; 'n plek waar die opvoeders en leerders kan werk, onderrig en leer sonder die vrees van bespotting, intimidasie, molestering, vernedering en geweld. Squelch meen dat 'n veilige skool 'n *gesonde* skool is, deurdat dit fisies sowel as psigologies veilig is vir die opvoeders en leerders. Per implikasie beteken dit dat die opvoeder alle redelike maatreëls en voorsorg moet tref dat nie net die onderrigruimte, maar ook met buite-kurrikulêre aktiwiteite die leerder se fisiese en psigologiese regte beskerm word (vgl. par 5.3.3.4 en 4.3.5.2).

- **Kinders**

  Artikel 28

  (1) Elke kind het die reg
    (a) op 'n naam en nasionaliteit vanaf geboorte;
    (b) op gesinsorg of ouerlike sorg, of gepaste alternatiewe sorg wanneer die kind uit die gesinsomgewing weggeneem word;
    (c) op basiese voeding, skuiling, basiese gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste;
    (d) om teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of vernedering beskerm te word;
    (e) om teen uitbuitende arbeidspraktyke beskerm te word;
    (f) om nie verplig of toegelaat te word om werk te verrig of dienste te lewer wat
      (i) onvanpas is vir 'n persoon van daardie kind se ouderdom of
      (ii) 'n risiko vir die kind se welsyn, opvoeding, liggaamlike of geestelike gesondheid of geestelike, morele of sosiale ontwikkeling inhou.

  (2) 'n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak.

  (3) In hierdie artikel beteken "kind" iemand onder die ouderdom van 18 jaar.

Artikel 28(2) is seker een van die belangrikste artikels in die Grondwet (1996a), wat 'n invloed het op die onderwyspraktyk en vir die opvoeder in sy rol as sorgdraer, aangesien die kind (leerder) se beste belang van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind (leerder) raak, moet wees. As gevolg van die horisontale toepassing van die Handves van Regte word daar 'n grondwetlike verpligting op die ouer geplaas om in die kind se basiese behoeftes te voorsien en sorg te dra dat die kind nie verwaarloos, uitgebuit of toegelaat word om onvanpaste en/of ongesonde werk te verrig nie (Bray, 2000b:65).

Aangesien die opvoeder die rol van die ouer (*in loco parentis)* inneem tydens skoolaktiwiteite, geld hierdie grondwetlike verpligtinge ook vir die opvoeder met betrekking tot die versorging van die kind binne die onderrigdomein (vgl. par. 5.2). Alles wat in die onderwysstelsel en in die opvoeder se uitvoering van sy sorgsame

toesighoudingsplig gebeur, moet hieraan getoets word. Dit sluit uit bepaalde spesifieke beperkings op die fundamentele regte van die kind, soos byvoorbeeld die beperking op stemreg soos bepaal in Artikel 19(3) waar daar spesifiek na "volwasse burger" verwys word, het elke kind (onder die ouderdom van 18 jaar) dieselfde fundamentele regte as 'n volwasse "persoon" of "individu". Artikel 28 verskaf addisionele beskerming aan die kind (leerder) weens hul onvolwassenheid en jeugdigheid (Bray, 2000b:64; De Waal, 2000:38).

Soos reeds genoem, is alle vorme van wetgewing ondergeskik aan die Grondwet. Die Grondwet (1996a) verskaf die breë grondwetlike raamwerk waarbinne ook die onderwys funksioneer, maar dit kan nie 'n individuele probleem (soos byvoorbeeld die skorsing van 'n leerder uit 'n skool) direk bepaal nie. Dergelike sake word gereguleer deur spesifieke onderwyswetgewing (Bray, 2000a:52). Vervolgens word daar gefokus op *oorspronklike wetgewing*, waaronder spesifieke onderwyswette as determinant vir die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk ressorteer.

2.5.2 OORSPRONKLIKE WETGEWING

Soos reeds genoem, word wette wat deur die oorspronklike gesag van 'n wetgewende liggaam (soos die parlement of 'n provinsiale wetgewer) uitgevaardig word, as oorspronklike wetgewing (parlementêre wetgewing) beskou.

Volgens Artikel 43 van die Grondwet (1996a) berus die wetgewende gesag in die Republiek van Suid-Afrika

- van die nasionale regeringsfeer by die Parlement, soos in Artikel 44 uiteengesit;
- van die provinsiale regeringsfeer by die provinsiale wetgewers, soos in Artikel 104 uiteengesit.

Oosthuizen en Roos (2005:28) verdeel die parlementêre wetgewing in twee meer verstaanbare klasse, naamlik

- wetgewing wat spesifiek met die oog op die onderwys self uitgevaardig is (onderwyswetgewing) en
- algemene wetgewing wat nie spesifiek met die oog op onderwys uitgevaardig is nie, maar wel in 'n mindere of meerdere mate 'n invloed op die onderwys kan hê.

2.5.2.1 PARLEMENTÊRE ONDERWYSWETGEWING

Wetgewing wat spesifiek met die oog op die onderwys self uitgevaardig is, word vervolgens bespreek.

i. Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996

Die vernaamste doelwitte van die *Wet op Nasionale Onderwysbeleid* (27/1996c) (hierna genoem Nasionale Onderwysbeleid) van belang vir die sorgsame toesighoudingspraktyk van die opvoeder word in Artikel 2 van Nasionale Onderwysbeleid gestel:

> Artikel 2
>
> (a) Die bepaling van 'n nasionale onderwysbeleid deur die Minister aan die hand van sekere beginsels;
>
> (c) die openbaarmaking en implementering van die nasionale onderwysbeleid en
>
> (d) die monitering en evaluering van onderwys

Bogenoemde doelwitte bepaal dat die Nasionale Onderwysbeleid (27/1996c) 'n instrument is waardeur die Minister van Onderwys 'n beleid kan bepaal met betrekking tot aspekte soos onder andere die fasiliteite vir onderrig, ontwikkeling in onderwys, ratio tussen opvoeders en leerders, aantal werksure van opvoeders, asook die stel van kurrikulum- en onderrigstandaarde. Hierdie beleid het dus 'n direkte invloed op die onderwyspraktyk waarbinne die opvoeder sy sorgsame toesighoudingspraktyk moet handhaaf (Oosthuizen, 2004b:23). Soos reeds genoem, verskaf en beskerm Hoofstuk 2 van die Grondwet (1996a) die fundamentele regte van elke persoon (dus ook die opvoeder en leerder). Artikel 4(a) van die Nasionale Onderwysbeleid (27/1996c) bevorder en waarborg hierdie regte binne die konteks van die onderwys.

> Artikel 4 Die beleid word gerig word op
>
> (a) Die bevordering en beskerming van die fundamentele regte van elke persoon soos gewaarborg ingevolge Hoofstuk 2 van die Grondwet en ingevolge internasionale konvensies soos deur die parlement bekragtig

Vir die opvoeder impliseer Artikel 4(a) dat in die volvoering van sy sorgsame toesighoudingspraktyk die opvoeder moet toesien dat met alle onderwys- en onderrigaktiwiteite die regte van die leerder bevorder en beskerm word (Oosthuizen & Roos, 2005:28).

ii. Wet op Indiensneming van Opvoeders, Wet 76 van 1998

Uit hierdie wet se vernaamste doelstellings is dit duidelik dat hierdie wet bepalend is met betrekking tot sake rakende die opvoeder as werknemer, naamlik

- die bepaling van diensvoorwaardes van opvoeders in diens van die staat;
- regulering ten opsigte van aanstellings, bevordering en sekondering;
- aspekte soos diensbeëindiging;
- aspekte rakende onbekwaamheid en wangedrag;
- voorsiening te maak vir die statutêre fundering van die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (hierna genoem SARO) (Oosthuizen & Roos, 2005:29).

Hoofstuk 5 van die Wet op Indiensneming van Opvoeders (76/1998b) is 'n direkte determinant vir die standaard van optrede wat van die opvoeder verwag word in die uitvoering van sy plig. Artikel 16 bepaal dat, indien dit blyk dat die opvoeder nie die vermoë het om die pligte soos aan hom opgedra effektief te kan uitvoer nie, die werkgewer (onderwysdepartement) die vermoë van die opvoeder moet assesseer. Die werkgewer kan aksies teen die opvoeder instel in ooreenstemming met die bepaalde kode en prosedures met betrekking tot swak prestasie, soos verskaf in Skedule 1 van die Wet op Indiensneming van Opvoeders. Verder word daar in Hoofstuk 5 bepaal wat as wangedrag van 'n opvoeder beskou word. Artikel 17 bepaal (1)(a-d) wat as *ernstige wangedrag* beskou word en waarvoor 'n opvoeder ontslaan moet word, sou hy skuldig bevind word aan onder andere

- diefstal, omkopery, bedrog of enige vorm van korrupsie met betrekking tot eksamens;
- seksuele aanranding van 'n leerder of werknemer;
- ernstige aanranding van 'n leerder en
- aanknoop van 'n seksuele verhouding met 'n leerder.

Artikel 18(1) van die Wet op Indiensneming van Opvoeders (76/1998b) verwys na wangedrag wat as die verbreking van die werkgewer- werknemerverhouding beskou word. Wangedrag, onder Artikel 18(1), is onder andere

- wanbesteding van die staat se geld;
- met opset of deur nalatigheid skade aan staatseiendom veroorsaak;
- misbruik van die posisie in die skool;
- nalaat om wettige opdragte uit te voer;
- afwesig van die werk sonder verskoning;
- onbillike diskriminasie teen ander persone;
- tydens die uitvoering van pligte onder die invloed van enige bedwelmde stof (insluitende alkohol) te wees en
- om onbehoorlike gedrag te openbaar in die uitvoering van pligte.

Dit is dus duidelik dat die Wet op Indiensneming van Opvoeders 'n belangrike determinant is vir die opvoeder in die volvoering van sy sorgsame toesighoudingspraktyk, aangesien dit in duidelike terme bepaal wanneer 'n opvoeder se toesighoudingspraktyk nie aan die wetlike vereistes voldoen nie. Dit blyk duidelik uit onder andere Artikel 18(1)(e), wat bepaal dat 'n opvoeder hom aan wangedrag skuldig maak indien hy in die volvoering van sy plig, sy eie lewe en/of ander in gevaar stel deur die verontagsaming van veiligheidreëls en regulasies.
Volgens Roos en Oosthuizen (2005:62) is dit belangrik dat die opvoeder hierdie relevante wetgewing moet evalueer en verstaan.

iii. Suid-Afrikaanse Skolewet no. 84 van 1996

Die doelstellings van die SA Skolewet (84/1996d) is onder andere

- om 'n hoë kwaliteit onderwys met eenvormige standaarde en norme vir alle leerders in Suid Afrikaanse skole te voorsien en
- om 'n nasionale onderwysstelsel daar te stel wat demokratiese transformasie bevorder en op 'n nie-diskrimenerende grondslag plaasvind ten opsigte van ras, geslag en alle ander vorme van diskriminasie (Oosthuizen & Roos, 2005:28).

Volgens Joubert en Prinsloo (2001:19) is een van die sleutelaspekte van die SA Skolewet (84/1996d) dat al die rolspelers in die onderwys (dus ook die opvoeder) hul verantwoordelikhede met betrekking tot die organisasie en beheer van skole moet aanvaar volgens die eenvormige standaarde wat deur wetgewing gestel is. Artikel 3(1) van die SA Skolewet (84/1996d) bepaal dat elke ouer verplig is om sy kind skool toe te stuur. Dit impliseer dat die sorg van die kinders tydens die skoolaktiwiteite in die sorg van die opvoeder gelaat word. Op grond van sy *in loco parentis*-posisie (vgl. par. 5.2) is die opvoeder verantwoordelik vir die veiligheid en beskerming teen nadeel (skade) van die leerders in sy sorg (Joubert & Prinsloo, 2001:97).

Artikel 8(1) van die SA Skolewet (84/1996d) bepaal dat die beheerliggaam van 'n openbare skool 'n gedragskode moet bepaal en saamstel na oorleg met die leerders, ouers en *opvoeders* van die skool. Die gedragskode moet volgens Artikel 8(2) daarop gemik wees om 'n veilige, gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van die gehalte van die leerproses. Per implikasie beteken dit dat 'n staat van geborgenheid in die skool moet heers, waarbinne opvoedende onderwys kan plaasvind (Oosthuizen, 2004a:2).

Joubert en Prinsloo (2001:19) is van mening dat elke opvoeder die klaskamer moet binnegaan met 'n deeglike kennis van die SA Skolewet. Dit is egter ook noodsaaklik dat die opvoeder moet weet dat, volgens Artikel 61 van die SA Skolewet, die Minister van Onderwys regulasies (vgl. par. 2.5.3.1) onder hierdie wet kan uitvaardig wat as noodsaaklik beskou kan word om die doelwitte van die SA Skolewet te bereik. Hierdie regulasies kan 'n direkte invloed hê op die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk, soos blyk uit die *Regulations for safety measures at public schools* (SA, 2006), wat onder andere spesifieke bepalings het met betrekking tot

- skoolaktiwiteite (Artikel 8A),
- organisering van skoolaktiwiteite (Artikel 8B),
- toestemming van ouers (Artikel 8C),
- vervoer van leerders (Artikel 8D) en
- fisiese aktiwiteite (Artikel 8E)

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die SA Skolewet 'n verantwoordelikheid op die opvoeder plaas met betrekking tot die verwagte standaard waarop die opvoeder sy sorgsame toesighoudinspraktyk uitvoer.

iv. Die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, Wet 31 van 2000

Die doel van die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders Wet 31 van 2000 (hierna genoem SARO-Wet (31/2000)) is om te voorsien in die kontinue bestaan van die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (SARO). Verdere doelwitte van die SARO-Wet word in Artikel 2 gestel:

(a) om te voorsien vir die registrasie van opvoeders;
(b) die bevordering van die professionele ontwikkeling van opvoeders en
(c) die stel, onderhou en beskerming van etiese en professionele standaarde vir opvoeders deur middel van die funksionering van die raad.

Artikel 21 van SARO-Wet (31/2000) bepaal die verpligte registrasie van opvoeders. Volgens Artikel 21(1) moet 'n persoon wat kwalifiseer vir registrasie in terme van hierdie wet by SARO geregistreer wees voor aanstelling as opvoeder. Artikel 21(2) bepaal verder dat geen werkgewer 'n persoon mag aanstel as opvoeder tensy die persoon by SARO geregistreer is nie.

Volgens Artikel 5(b)(i) van hierdie wet (31/2000) moet SARO die professionele beeld van opvoeders bevorder, ontwikkel en onderhou. Artikel (5)(c)(i) bepaal dat SARO 'n professionele gedragskode vir geregistreerde opvoeders moet saamstel en implementeer. Voortspruitend uit hierdie bepaling is die SARO-Gedragskode (SARO, 2000) ontwikkel wat van toepassing is op elke opvoeder wat geregistreer is in terme van die SARO-Wet. Die SARO-Gedragskode bepaal onder andere dat elke opvoeder volgens Artikel 3

- die leerders se reg op menswaardigheid, privaatheid en konfidensialiteit respekteer (3.1);
- die spesiale behoeftes van elke leerder erken en die leerder lei om sy volle potensiaal te ontwikkel (3.2);
- redelike stappe sal neem om die veiligheid van leerders te beskerm (3.7) en
- nie nalatig of traag is in die uitvoering van sy professionele pligte nie (3.9).

Die SARO-Gedragskode het 'n direkte invloed op die opvoeders se volvoering van hul sorgsame toesighoudingspraktyk. In die eerste plek word daar verwag dat 'n opvoeder gekwalifiseerd moet wees wat beteken dat 'n hoër mate van sorg in die handhawing van sy sorgsame toesighoudingspraktyk verwag word as wat van die redelike persoon verwag sou word (vgl. par. 4.3.3.2 (ii)(c)). Tweedens is sekere bepalings in die SARO-Gedragskode direk van toepassing op die sorgsame toesighoudingspraktyk van die opvoeder, soos byvoorbeeld Artikel 3(3.7) en 3(3.9). Hierdie bepalings stipuleer dat 'n opvoeder die leerders se veiligheid sal beskerm en dat die opvoeder nie traag of laks mag wees in die uitvoering van sy professionele pligte nie.

Die praktyktoepassing van die SARO-Gedragskode kom duidelik na vore in die antwoord van die Minister van Onderwys tydens die Nasionale Vergadering (SA, 2007a) in Maart 2007. Die Minister is gevra om terugvoer te gee oor sake waar dissiplinêre stappe teen opvoeders ingestel is weens die verbreking van die professionele gedragskode. Volgens die Minister het SARO in die tydperk 2004 – 2006 ongeveer 25 gevalle hanteer waarvan 20 direk te make het met die sorgsame toesighoudingspraktyk van die opvoeders. Die gevalle het gewissel van verkragting tot onsedelike aanranding en molestering van leerders, sowel as kollegas. Van die skuldige opvoeders se name is van die SARO se register verwyder, soos bepaal word in Artikel 23 (1) van SARO-Wet (31/2000).

Dit is duidelik dat die opvoeder bewus moet wees wat die SARO-Wet (31/2000) vereis met betrekking tot die professionele gedrag wat verwag word in die uitvoering van sy sorgsame toesighoudingspraktyk.
Buiten die genoemde spesifieke parlementêre onderwyswette bestaan daar ook heelwat nie-onderwyswetgewing in Suid-Afrika wat 'n bepalende invloed het op die opvoeder se rol as sorgdraer.

2.5.2.2 ALGEMENE PARLEMENTÊRE WETGEWING

Algemene wetgewing wat in 'n mindere of meerder mate 'n invloed het op die onderwys in Suid-Afrika en waarvan die opvoeder (volgens Oosthuizen & Roos, 2005:29) moet kennis neem, is onder andere die volgende:

i. Wet op Kindersorg, Wet 38 van 2005

Opvoeders het volgens Artikel 9 en 12 van die Grondwet (1996a) (vgl. par. 2.5.1) 'n wetlike verpligting om 'n leerder te beskerm teen onmenslike behandeling en mishandeling (Joubert & Prinsloo, 2001:113). Die Wet op Kindersorg (38/2005), het onder andere ten doel die daarstel van beginsels vir die sorg en beskerming van kinders; om voorsiening te maak vir die vestiging van kinderhowe; die aanstelling van kommissarisse van kinderwelsyn vir die beskerming en welsyn van sekere kinders en vir die medewerking van sekere persone vir die sorg van sekere kinders. Artikel 4(1) van die Wet op Kindersorg (38/2005) bepaal dat hierdie wet van toepassing is en geïmplementeer moet word by staatsorgane op nasionale sowel as provinsiale vlak wat privaatskole sowel as openbare skole insluit. soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996d) (vgl. par. 2.5.2.1 (iii)).

Die Wet op Kindersorg (38/2005) word direk van toepassing gemaak op die opvoeder deur Artikel 8(2) wat bepaal dat alle staatsorgane (dus ook skole) en hul amptenare, werknemers en verteenwoordigers (dus ook opvoeders) die regte van die kind, soos bepaal in hierdie wet, moet beskerm en bevorder.

Deur 'n ontleding te doen van die definisies soos gestel in Artikel 1 van die Wet op Kindersorg (38/2005) blyk dit dat hierdie wet direk van toepassing gemaak kan word op die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk. In Artikel 1(1) van hierdie wet bepaal die definisie van "sorg" dat enige persoon (per implikasie dus ook die opvoeder) wat 'n sorgsaamheidsplig teenoor 'n kind het, se sorg van so 'n aard moet wees dat dit die kind beskerm en sy welstand bevorder (38/2005). Artikel 1(1)(b) bepaal dat die "sorggewer' ("care-giver" in Engels) enige persoon (per implikasie dus ook die opvoeder) is buiten die ouers of voog van 'n kind, wat sorg vir 'n kind deur geïmpliseerde of opgelegde toestemming van die ouers of voog. Volgens die *in loco parentis*-doktrine (vgl. par. 5.2) tree die opvoeder in die plek van die ouer op terwyl die kind in die sorg van die opvoeder is tydens skoolaktiwiteite. Die grondslag vir hierdie sorgsaamheidsplig spruit voort uit 'n gedelegeerde, sowel as oorspronklike verpligting (vgl. par. 5.3.1). Dit blyk dus dat die standaard van sorg vir 'n kind soos bepaal in die Wet op Kindersorg (38/2005) waar relevant, dit direk van toepassing is op die opvoeder as sorgdraer in die uitvoering van sy sorgsame toesighoudingspraktyk.

Artikel 6(2)(a) van die Wet op Kindersorg (38/2005) bepaal dat alle aksies en besluite wat 'n kind raak, die kind se regte moet beskerm soos bepaal in die Handves van Regte (vgl. par. 2.5.1). Dit impliseer dat die opvoeder sy sorgsame toesighoudingspraktyk op so 'n wyse moet volvoer dat dit voldoen aan hierdie bepaling.

Artikel 7(1) van die Wet op Kindersorg (38/2005) bepaal dat die beste belang van die kind toegepas moet word in onder andere

- die kind se fisiese en emosionele sekuriteit (Artikel 7(1)(h)) en
- enige gestremdheid wat die kind mag hê (Artikel 7(1)(i)).

Laasgenoemde is direk van belang vir die opvoeder met betrekking tot die benadering van inklusiewe onderwys (vgl. par. 5.3.3.8). Die verhoogde sorg wat van 'n opvoeder verwag word betreffende sy sorgsaamheidplig teenoor die leerder met 'n gestremdheid word dus nie net op grond van die opvoeder se *in loco parentis*-posisie bepaal nie, maar Artikel 7(1)(h) van die Wet op Kindersorg (38/2005) plaas ook 'n bepaalde verpligting op die opvoeder in die uitvoering van hierdie aspek van sy sorgsame toesighoudingspraktyk.

Vir die opvoeder is dit belangrik om te weet wat die reg van die leerder is indien die leerder in sy sorg beseer word en mediese behandeling nodig het. Volgens Joubert en Prinsloo (2001:112) moet 'n kind wat beseer is onmiddellike mediese aandag geniet, ongeag wie verantwoordelik is vir die mediese koste. Nalatigheid van die opvoeder in hierdie verband mag lei tot sy aanspreeklikheid indien die skade (besering) wat die leerder opgedoen vererger weens die vertraging van mediese behandeling (vgl. par. 4.3.5.1). In die geval waar 'n leerder (onder die sorg van 'n opvoeder) sodanig beseer word dat hy mediese noodbehandeling moet ontvang, bly die ouer of voog aanspreeklik vir die koste en sal die opvoeder slegs aanspreeklik gehou kan word vir die koste indien dit so deur 'n hof bepaal word (Joubert & Prinsloo, 2001:112)(vgl. par. 4.3.5.1).

Van belang vir die opvoeder is die wete dat daar 'n ouderdomsaanpassing gemaak is met betrekking tot die bevoegdheidsouderdom van 'n persoon tot toestemming vir mediese behandeling en/of operasie. In die Wet op Kindersorg (74/1983b), was dit

bepaal in Artikel 39(4)(a) dat iemand bo die ouderdom van 18 jaar bevoeg is om sonder bystand van sy ouers of voog toestemming te verleen tot die uitvoer van 'n operasie op homself, en Artikel 39(4)(b) stel dit dat iemand bo die ouderdom van 14 jaar bevoeg is om sonder die bystand van sy ouers of voog toestemming te verleen tot mediese behandeling van homself. Met die Wet op Kindersorg (38/2005), is hierdie ouderdomme in beide gevalle verlaag na 12 jaar.
Artkel 129 van die Wet op Kindersorg (38/2005) bepaal dat

- 'n persoon bo die ouderdom van 12 jaar bevoeg is om sonder bystand van sy ouers of voog toestemming te verleen tot mediese behandeling van homself (Artikel 129(2)(a)),
- bepaal dat iemand bo die ouderdom van 12 jaar bevoeg is om sonder die bystand van sy ouers of voog toestemming te verleen tot die uitvoer op 'n operasie op homself (Artikel 129(3)(b)) en
- in 'n noodgeval waar geen toestemming van die wettiglik bevoegde persoon verkry kan word nie, die dokter mediese behandeling en/of 'n operasie kan magtig (Artikel 129(7)(a)).

Volgens Joubert en Prinsloo (2001:97) behels die sorgsaamheidsplig (vgl. par. 3.5) van 'n opvoeder dat die opvoeder verantwoordelikheid moet aanvaar vir die veiligheid en welsyn van die leerders solank as wat hulle in die sorg van opvoeder is. Dieselfde skrywers is van mening dat die Wet op Kindersorg (38/2005) en die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, Wet 85 van 1993, duidelike riglyne vir die opvoeder verskaf met betrekking tot die veiligheid van leerders.

ii. Die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, Wet 85 van 1993

Soos reeds genoem, word dit van opvoeders verwag om redelike stappe te neem om die veiligheid van leerders in hul sorg te verseker. Dit word aanbeveel in die Suid-Afrikaanse raad van Opvoeders se hersiene handboek (SARO, 2002:139) dat dit 'n opvoeder se verantwoordelikheid is om bekend te wees met relevante wetgewing soos die Wet op Beroepsgesondheid en –veiligheid (85/1993).
Die doel van hierdie wet (85/1993) word in die wet se lang titel gevind:

> Om voorsiening te maak vir die gesondheid en veiligheid van persone by die werk en vir die gesondheid en veiligheid van persone in verband met die gebruik van bedryfstoerusting en masjinerie; die beskerming van ander persone as persone by die werk teen bedreigings vir gesondheid en veiligheid wat ontstaan uit of in verband met die bedrywighede van persone by die werk; 'n adviesraad vir beroepsgesondheid en veiligheid in te stel; en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Uit die doel van die Wet op Beroepsgesondheid en –veiligheid (85/1993) is dit duidelik dat hierdie wet voorsiening maak vir die gesondheid en veiligheid van persone by die werk. Volgens Kruger (2003:15) maak die wet nie spesifiek voorsiening vir opvoedkundige inrigtings (soos skole) nie. Kruger (2003:15) en Oosthuizen en Roos (2005:32) is egter van mening dat hierdie wet relevant is vir die werkswinkelopvoeder, aangesien menige skole toegerus is met werkswinkels. Volgens Kruger (2003:17) ontvang leerders opleiding in die skoolwerkswinkel en is daar 'n verpligting op die verantwoordelike instansie (skool) om 'n werkswinkel te voorsien wat veilig vir die leerders is om te gebruik (vgl. par. 5.3.3.4).

Kruger (2003:15) is van mening dat Artikel 8 van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid van belang is vir die skoolopset, aangesien dit die verantwoordelikhede van die werkgewer bepaal. Van hierdie verantwoordelikhede sluit in

> Artikel 8
>
> (e) dat die verantwoordelike instansie die nodige inligting, instruksies, opleiding en toesig moet verskaf om die persone in die werkswinkel te beskerm;
>
> (g dat die verantwoordelike instansie stappe moet neem om te verseker dat die persone in beheer van die werkswinkel die vereistes van die Wet op Beroepsgesondheid en –veiligheid nakom;
>
> (j) verseker dat alle werknemers ingelig is met betrekking tot die omvang van hul outoriteit.

Volgens Artikel 8 moet die werkgewer (dus die onderwysdepartement) 'n veilige werkomgewing voorsien sover dit redelik uitvoerbaar is. Kruger (2003:16) is van

mening dat die Wet op Beroepsgesondheid en –veiligheid (85/ 1993) nie net na die pligte van die werkgewer verwys nie, maar ook na die pligte van die werknemer (skoolwerkswinkelopvoeder). So bepaal Artikel 8 dat dit nie net verwag word dat die skoolwerkswinkelopvoeder oor die nodige opleiding moet beskik nie, maar dat die opvoeder die veiligheid van die leerders in die skoolwerkswinkel moet beskerm en bevorder deur die verskaffing van inligting, voldoende instruksies en toesig (vgl. par. 5.3.3.1- 5.3.3.5). Artikel 8(2)(i) impliseer dat 'n opvoeder in beheer van 'n werkswinkel oor toepaslike opleiding moet beskik en opgelei moet wees om moontlike gevare in 'n werkswinkel te kan antisipeer en die bevoegdheid moet hê om te verseker dat veiligheidsmaatreëls in plek is en toegepas word (Kruger, 2003:18).

iii. Die Strafproseswet, Wet 51 van 1977

Die doel van die Strafproseswet (51/1977) is om voorsiening te maak vir prosedures en verwante aangeleenthede in strafregtelike verrigtinge.

Die wetlike posisie van die opvoeder se *in loco* parentis-posisie kom duidelik na vore in Artikel 153 van die Strafproseswet (Oosthuizen & Roos, 2005:20). Artikel 153 (51/1977) handel oor omstandighede waarin strafregtelike verrigtinge nie in ope hof plaasvind nie. Volgens Artikel 153(4) mag geen persoon die verhoor van 'n beskuldigde onder die ouderdom van 18 jaar bywoon, uitgesonderd die beskuldigde se regsverteenwoordiger, ouers, voog of persone wat *in loco parentis*-posisie teenoor die beskuldigde staan nie. Dit impliseer dat die opvoeder wel so 'n verhoor mag bywoon.

iv. Die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid, Wet 6 van 1983

Volgens Kruger (2003:33) is die wet reeds in 1988 gepromulgeer, maar nog nie gewysig om by die beginsels van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid aan te pas nie. Die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid (6/1983a) is egter relevant vir die werkswinkelopvoeder, aangesien dit baie spesifiek is met betrekking tot die regulasies op die veilige werking van masjinerie. Die opvoeder wat in beheer is van 'n skoolwerkswinkel en/of dien as veiligheidsbeampte by sy skool, moet bewus wees dat daar 'n verpligting op die opvoeder berus om toe te sien dat die werkswinkels skoon en netjies is en dat die algemene veiligheid van so 'n aard moet wees dat die leerder nie aan onnodige gesondheids en veiligheidsrisiko's blootgestel word nie (vgl. par. 5.3.3.4).

v. Die Nasionale Padverkeerswet, No 93 van 1996

Dit is algemeen bekend dat menige opvoeder periodiek leerders vervoer, hetsy na sportbyeenkomste of ander skoolverwante aktiwiteite. Die Nasionale Padverkeerswet (93/1996b) bepaal in Artikel 12 dat;

> (1) Geen persoon mag 'n voertuig op 'n openbare pad bestuur
>
> (a) tensy onder die outoriteit en voorwaardes van 'n spesifieke amptelike lisensie wat uitgereik is.

Vir die opvoeder is Artikel 12(1)(a) van Die Nasionale Padverkeerswet (93/1996b) van belang, in dié sin dat die opvoeder bewus moet wees dat hy oor die korrekte tipe lisensie moet beskik alvorens leerders vervoer word. Per implikasie beteken dit dat dit onwettig vir 'n opvoeder met 'n standaard motorvoertuiglisensie (B-tipe) sou wees om die skool se 16-sitplekbussie te neem en 'n rugbyspan na 'n wedstryd te vervoer. Vir die vervoer van 10 persone of meer moet die opvoeder oor 'n C1-tipe-lisensie beskik asook 'n professionele bestuurspermit wat elke 2 jaar hernu moet word.

Artikel 63 van die Nasionale Padverkeerwet bepaal dat geen persoon 'n voertuig roekeloos of nalatig op 'n openbare weg mag bestuur nie, waar Artikel 64 bepaal dat geen persoon 'n voertuig op 'n openbare weg mag bestuur sonder redelike konsiderasie van ander padgebruikers nie. Artikel 63(1) en 64 konstateer die standaard van bestuur wat ook van 'n opvoeder wetlik vereis word. Uit die aard van die opvoeder se rol as sorgdraer is die veiligheid van leerders in sy sorg ten alle tye van kardinale belang. Volgens McCarthy *et al.* (1998:439) vorm die verpligting om na die veiligheid van leerders tydens vervoer om te sien deel van die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk (vgl. par. 5.3.3.2).

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat bepaalde parlementêre wetgewing in Suid-Afrika 'n direkte of indirekte invloed het op die sorgsaamheidspraktyk van die opvoeder. Soos reeds genoem, het Suid-Afrika 'n grondwetlike sisteem wat voorsiening maak vir die uitoefening van sekere magte op nasionale vlak en ander op provinsiale vlak (Davies, 1999:23).

2.5.2.3 PROVINSIALE ONDERWYSWETGEWING

Die wetgewende gesag van 'n provinsie word duidelik gestel in Artikel 43(b) van die Grondwet (1996a).

> **Wetgewende gesag van die Republiek**
>
> In die Republiek berus die wetgewende gesag
>
> (a) van die nasionale regeringsfeer by die Parlement, soos in Artikel 44 uiteengesit;
>
> (b) van die provinsiale regeringsfeer by die provinsiale wetgewers, soos in Artikel 104 uiteengesit;

Artikel 104(1)(b)(i) van die Grondwet (1996a) maak voorsiening dat 'n provinsie (deur die provinsiale wetgewer) wette kan uitvaardig rakende onderwysaangeleenthede wat binne die regeringsbevoegdheid van die provinsiale wetgewer val.

> **Wetgewende gesag van provinsies**
>
> (1) Die wetgewende gesag van 'n provinsie berus by sy provinsiale wetgewer, en verleen aan die provinsiale wetgewer die bevoegdheid
>
> (b) om vir sy provinsie wetgewing aan te neem met betrekking tot
>
> (i) enige aangeleentheid binne 'n funksionele gebied in Bylae 4 vermeld;

Bylaag 4 van die Grondwet (1996a) konstateer die *Funksionele gebiede van konkurrente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid* waar *Deel A* van Bylaag 4 elke provinsiale wetgewer bemagtig om wetgewing daar te stel vir onder andere *onderwys op alle vlakke, uitgesonderd tersiêre onderwys.*

Op grond van genoemde magtiging het die provinsiale wetgewer van die Noordwes-Provinsie byvoorbeeld die *Noordwes-Onderwyswet vir Skole, Wet 3 van 1998* uitgevaardig wat, in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Skolewet geskryf is en ondergeskik aan die parlementêre onderwyswetgewing en die Grondwet, spesifieke bepalings rakende onderwys in die Noordwes-provinsie bepaal.

2.5.3 ONDERGESKIKTE WETGEWING

Parlementêre wette kan die magtiging verleen vir die uitvaardiging van ondergeskikte wetgewing. Ondergeskikte wetgewing bly ondergeskik aan parlementêre, sowel as provinsiale wetgewing. Parlementêre wetgewing word gewoonlik as breë riglyne uitgevaardig, maar gedelegeerde bevoegdheid kan aan 'n senior uitvoerende beampte (soos 'n minister of 'n lid van uitvoerende raad (LUR)) oorgedra word om ondergeskikte wetgewing uit te vaardig (Oosthuizen & Roos, 2005:34).

Vir die doeleindes van hierdie studie gaan daar slegs gekyk word na die vernaamste vorme van ondergeskikte wetgewing wat 'n invloed op die sorgsaamheidsplig van die opvoeder kan uitoefen, naamlik:

2.5.3.1 Regulasies

Die bemagtiging van byvoorbeeld 'n minister om nasionale en provinsiale regulasies uit te vaardig word onderskeidelik vervat in spesifieke parlementêre of provinsiale wetgewing. Hierdie regulasies is reëls wat op 'n behoorlike wyse deur die Minister (of ander senior funksionaris) uitgevaardig word om administratiewe aangeleenthede binne sy gesagsveld te reguleer (Oosthuizen & Roos, 2005:34). So bemagtig Artikel 61 van die Suid-Afrikaanse Skolewet no. 84 van 1996, die Minister om regulasies uit te vaardig wat nodig is en dienstig is om voor te skryf ten einde die doelwitte van die SA Skolewet te bereik. As voorbeeld kan dien Regulasie No. R. 1128 wat op 10 November 2006 in die Staatskoerant gepubliseer is (vgl. par. 2.5.2.1 (iii)). Die regulasie (SA, 2006:3) wat as 'n amendement op die SA Skolewet dien, het betrekking op die veiligheidsmaatreëls by openbare skole en is onderteken deur die minister van onderwys. Volgens hierdie regulasie word die definisie van 'n "skoolaktiwiteit" omskryf as:

> enige opvoedkundige, kulturele, sport- of sosiale aktiwiteit van die skool binne of buite die skoolgrense.

Met betrekking tot die sorgsame toesighoudingspraktyk van die opvoeder stel hierdie regulasie dat die opvoeder se *in loco parentis*-posisie dus nie net beperk is tot aktiwiteite binne die skoolgrense nie, maar ook daar buite (vgl. par. 5.3.3.2).

Wat betref skoolaktiwiteite bepaal Artikel 7(d) van hierdie regulasie dat

- voor 'n skoolaktiwiteit die hoof 'n verslag oor die mediese toestand van 'n leerder aan die toesighoudende opvoeder moet oorhandig en
- Artikel 7(e) bepaal dat 'n ouer ingelig moet word as daar met die aktiwiteit deur 'n area met 'n hoë besmettingsrisiko beweeg gaan word (SA, 2006:6).

Artikel 8 van hierdie regulasie (SA, 2006:6-10) het betrekking op die spesifieke maatreëls en prosedures wat gevolg moet word met betrekking tot die organisasie van 'n skoolaktiwiteit, die vrywaring van ouers, vervoer en fisiese aktiwiteite (vgl. par. 5.3.3.2 – 5.3.3.4).

Om effek aan bepaalde regulasies en/of wetgewing te gee kan die Direkteur van Onderwys ook gebruik maak van amptelike omsendskrywe (*Circulars*) wat deur die wetgewende gesagsliggaam (op nasionale sowel as provinsiale vlak) uitgevaardig word (Joubert & Prinsloo, 2001:78). So byvoorbeeld het die Gautengse Onderwysdepartement *Omsendskrywe 30 van 2000* (Gauteng, 2000) en *Omsendskrywe 13 van 2002* (Gauteng, 2002) uitgevaardig om effek te gee aan die praktiese implikasies van Artikel 60 van die SA Skolewet met betrekking tot leerders wat die skoolterrein verlaat gedurende skoolure. Die genoemde omsendskrywes bepaal onder andere dat

- geen leerder die skoolterrein mag verlaat gedurende skoolure tensy spesifieke prosedures gevolg is nie;
- opvoeders moet toesig hou oor die leerders tydens pouses en
- die praktyk verbied word dat leerders die skoolterrein mag verlaat tydens pouses, soos by sommige skole die geval is.

Volgens Joubert en Prinsloo (2001:78) is dit noodsaaklik dat opvoeders kennis moet neem van wetgewing soos bepaal in regulasies en omsendskrywes en die bepalinge daarin vervat moet nakom, aangesien dit 'n invloed op die wetlike status (per implikasie die sorgsaamheidsplig) van die opvoeder kan uitoefen.

2.5.3.2 Proklamasies

Volgens Oosthuizen en Roos (2005:35) kan proklamasies omskryf word as 'n regeringshandeling deur 'n funksionaris van die regering (byvoorbeeld die

Staatspresident). Die proklamasies moet behoorlik gepubliseer word en dit bepaal gewoonlik hoe iets gedoen moet word, of dit verleen gesag vir uitvoering van 'n besondere handeling of verbied sodanige optrede. As voorbeeld is die proklamasie van die Nasionale Onderwysbeleid wat gepromulgeer is in die Algemene Kennisgewing 3427 soos verskyn in die Staatskoerant 24172. In die proklamasie wat handel oor die bestuur van dwelmmisbruik by leerders, word in paragraaf 2 van die inleiding gestel dat die Departement van Onderwys 'n veilige en gedissiplineerde leeromgewing beskou as een van die kritiese element vir die suksesvolle lewering van kwaliteit onderwys (SA, 2002).

Volgens Beckmann (1989:52) en Oosthuizen en Roos (2005:34-36) word ondergeskikte wetgewing nie net op nasionale en provinsiale vlak uitgevaardig nie, maar kan dit ook op plaaslike vlak soos byvoorbeeld deur die skoolbeheerliggaam by wyse van die skoolbeleid en skoolreëls uitgevaardig word.

2.5.3.3 Skoolreëls

Volgens Artikel 8(1-5) van die SA Skolewet (84/1996d) moet die beheerliggaam van 'n skool 'n gedragskode (waaronder die skoolreëls val) aanvaar na oorleg met die leerders, ouers en opvoeders van die skool. Volgens Oosthuizen en Roos (2005:35) en Joubert en Prinsloo (2001:130) moet skoolreëls (gedragskodes) daarop gemik wees om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te skep wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van die gehalte van die leerproses.

Skoolreëls moet bepalings van 'n behoorlike regsproses bevat om die belange van die leerder en enige party wat by dissiplinêre handelinge betrokke is te beskerm. In terme van Artikel 15 van die SA Skolewet is elke openbare skool 'n regspersoon met die wetlike bevoegdheid om sy werksaamhede ingevolge die SA Skolewet te verrig. Volgens Squelch (2001:139) beteken dit dat die skool kan dagvaar en gedagvaar kan word. Aangesien 'n skool as 'n staatsorgaan beskou word, beteken dit dat die skool onderhewig is aan die bepalings van die Grondwet (1996a). Skoolbeheerliggame en opvoeders het derhalwe 'n plig om menseregte in die skoolomgewing te bevorder en te beskerm en toe te sien dat dit reflekteer in die skoolbeleide. Die verantwoordelikheid berus by die skoolhoof en opvoeders om toe te sien dat hierdie skoolbeleide geïmplementeer en uitgeleef word in die daaglikse skoolomgewing

(Squelch, 2001:139-141). Squelch (2001:147) stel dit dat voortspruitend uit die *in loco parentis*-posisie van die opvoeder, daar 'n wetlike verpligting op die opvoeder rus om leerders teen gevare te beskerm, asook hul veiligheid. Die nalaat van die opvoeder om hierdie wetlike verpligting na te kom kan lei tot persoonlike aanspreeklikheid as persoon of van die werkgewer, indien al die vereistes vir deliktuele aanspreeklikheid teenwoordig is (vgl. par. 4.3).

Aangesien elke skool sy eie gedragskode moet opstel, het dit die gevolg dat individuele skole se skoolreëls op verskeie terreine van mekaar kan verskil as gevolg van die invloed van eksterne en interne faktore op 'n betrokke skool. Vir die opvoeder impliseer dit dat hy homself sal moet vergewis van die beleide en skoolreëls van die betrokke skool waar hy onderrig, om hom sodoende in staat te stel om sy sorgsaamheidsplig uit te voer soos wetlik vereis word.

2.6 UITLEG VAN HANDVES VAN REGTE

Artikel 39 van die Grondwet (1996a) bepaal dat 'n hof, tribunaal of forum die demokratiese waardes (soos deur die wet bepaal) moet bevorder, volkereg in ag *moet* neem en buitelandse reg in ag *kan* neem.

- **Uitleg van Handves van Regte**
  - (1) By die uitleg van die Handves van Regte
    - (a) moet 'n hof, tribunaal of forum die waardes bevorder wat 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid ten grondslag lê;
    - (b) moet 'n hof, tribunaal of forum die volkereg in ag neem en
    - (c) kan 'n hof, tribunaal of forum buitelandse reg in ag neem.
  - (2) By die uitleg van enige wetgewing, en by die ontwikkeling van die gemene reg of gewoontereg, moet elke hof, tribunaal of forum die gees, strekking en oogmerke van die Handves van Regte bevorder.
  - (3) Die Handves van Regte ontken nie die bestaan van ander regte of vryhede wat deur die gemenereg, gewoontereg of wetgewing erken of verleen word nie, in die mate waarin daardie regte of vryhede met die Handves bestaanbaar is.

In bogenoemde artikel word dus onderskei tussen die gebruik van *Volkereg* en *buitelandse reg.*

Volkereg is volgens Artikel 231(4) van die Grondwet (1996a) enige internasionale ooreenkoms wat regskrag in die Republiek van Suid-Afrika verkry wanneer dit by nasionale wetgewing as wet verorden word en dus as 'n direk uitvoerbare bepaling van 'n ooreenkoms deur die Parlement goedgekeur is. Volkereg *moet* volgens Artikel 39(10(b) (Grondwet, 1996a) in ag geneem word by die uitleg van die Handves op Regte. Volgens Olivier (2003:491) moet howe probeer om wetgewing in ooreenstemming met die volkereg uit te lê waar dit relevant is. Volkereg verkry slegs regskrag in die Republiek tensy die ooreenkoms met die Grondwet of 'n Parlementswet onbestaanbaar is soos bepaal in Artikel 232 (Grondwet, 1996a):

> Artikel 232 Volkeregtelike gewoontereg het regskrag in die Republiek tensy dit met die Grondwet of 'n Parlementswet onbestaanbaar is.

Artikel 231 (5) bepaal verder dat

> (5) die Republiek word gebind deur internasionale ooreenkomste wat die Republiek by die inwerkingtreding van hierdie Grondwet gebind het.

'n Praktykvoorbeeld is waar die Suid-Afrikaanse parlement op 10 Desember 1998 die *Universal Declaration of Human Rights* en die *International Covenant on Civil and Political Rights* bekragtig het wat beide die inherente reg van elke persoon op menswaardigheid (soos in Artikels 10 en 12 van die Grondwet (1996a) gekonstateer word) beskerm en is op 16 Junie 1995 die *United Nations Convention on the Rights of the Child* (UN, 1989) (hierna genoem Konvensie) deur die Suid-Afrikaanse parlement bekragtig (Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie, 2001:9).

Volgens Anderson en Spijker (2004:112) word internasionale ooreenkomste en/of wetgewing soms gebruik as internasionale meganismes om versterking (verdieping) aan Suid-Afrikaanse wetgewing (of aspekte van die wetgewing) te verleen. As voorbeeld verwys Anderson en Spijker (2004:112) na Artikel 28(2) van die Grondwet (1996a) wat stel dat:

(2) 'n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak.

Dit word versterk deur Artikel 3(1) van die Konvensie (UN, 1989) wat dit so stel:

3(1) In all actions concerning children, whether undertaken by public or private social welfare institutions, courts of law, administrative authorities or legislative bodies, the best interest of the child shall be a primary consideration.

Weens die feit dat 'n openbare skool in Suid-Afrika as orgaan van die staat as 'n statutêre instelling beskou word en deel van staatsadministrasie, stel dit die skool (en dus ook die opvoeder) onderhewig aan die bepalings van die Grondwet (Squelch, 2001:139). Dit impliseer dat volkereg soos byvoorbeeld Artikel 3(1) van die Konvensie, ook op die opvoeder in Suid-Afrika van toepassing is deurdat die beste belang van die kind volgens volkereg en die Grondwet (1996a) van deurslaggewende belang moet wees in die wyse waarop die opvoeder sy sorgsame toesighoudingspraktyk handhaaf. Die beskerming van die veiligheid van 'n leerder in die opvoeder se sorg word verder versterk deur die *Universal Declaration of Human Rights* (UN, 1948). Artikel 3 en 5 van hierdie deklarasie bepaal dat elkeen (dus ook die leerder) 'n reg het op veiligheid van persoon en nie blootgestel sal word aan enige vorm van mishandeling of vernederende straf nie.

Buitelandse reg verwys hoofsaaklik na hofuitsprake van buitelandse hofsake. Ingevolge Artikel 39(1)(c) van die Grondwet (1996a) *kan* howe hierdie regspraak in ag neem met die uitleg van Handves van Regte. Olivier (2003:511) is van mening dat Suid-Afrikaanse howe beduidend meer voorkeur gee aan buitelandse regspraak as aan volkereg. Dit impliseer dat die wyse waarop die opvoeder sy sorgsame toesighoudingspraktyk volvoer, ook gemeet kan word aan die uitspraak van 'n hof in 'n relevante buitelandse regsaak (vgl. par. 3.2).

Voortspruitend uit die bepalinge van Artikel 39 en 231 van die Grondwet (1996a) het volkereg sowel as buitelandse reg dus 'n direkte of indirekte invloed op die wyse waarop die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk juridies beskou word.

2.7 SAMEVATTING

Dit is duidelik dat statutêre wetgewing 'n bepalende determinant is vir die sorgsame toesighoudingspraktyk van die opvoeder. Wetgewing maak voorsiening dat deur delegering van magte wetgewing (in verskeie vorme) op makro-, meso- en mikrovlak kan verskil in die onderskeie provinsies en skole (Oosthuizen & Roos, 2005:48). Volgens die verslag van WITS (2003:3) is wetgewing en beleidsdokumente dikwels as gevolg van die komplekse styl en taal moeilik verstaanbaar. Dieselfde verslag noem dat dit kommerwekkend is dat met die verspreiding van onderwysbeleide en dokumente, minder as 20% die opvoeder bereik. Die onderwys is nou verweef met wetlike magte, pligte en verantwoordelikhede. Die onderwys kan slegs effektief funksioneer as die rolspelers (dus ook die opvoeder) hul verantwoordelikhede verstaan en dienooreenkomstig optree (Maile, 2002:327). Vervolgens sal daar aandag gegee word aan regspraak as determinant vir die sorgsame toesighoudingspraktyk van opvoeders.

HOOFSTUK 3

REGSPRAAK AS DETERMINANT VIR DIE SORGSAME TOESIGHOUDINGSPRAKTYK VAN DIE SUID-AFRIKAANSE OPVOEDER

3.1 INLEIDING

Volgens Maluleke (2004:63) is die rol van die howe nie om wetgewing te usurpeer nie, maar om dit noukeurig te ondersoek. Die funksie van die howe is eerstens om te sorg dat wetgewing nie die fundamentele regte benadeel nie; tweedens om wetgewing te interpreteer op so 'n wyse dat die waardes soos vervat in die Grondwet (1996a) bevorder word en derdens om te sorg dat gemenereg in so 'n mate ontwikkel en toegepas word dat dit harmoniseer met die Grondwet. Artikel 173 van die Grondwet (1996a) bepaal dat die Konstitusionele Hof, die Appélhof en die Hoë Howe die inherente bevoegdheid het om, met inagneming van die belang van geregtigheid, die gemenereg te ontwikkel. Op hierdie wyse word die gepaste balans tussen wetgewing en die regsbank gehandhaaf.

3.2 DIE GRONDSLAG VIR REGSPRAAK AS DETERMINANT

Regspraak verwys na hofbeslissings van vorige sake wat onder sekere omstandighede (deur die geregtelike presedenteleer) verplig is om vorige uitsprake van 'n hiërargiese hoër hof na te volg (Oosthuizen, 2004b:16). Volgens Bray *et al.* (1989:7) is regspraak belangrik as determinant vir onderwys deurdat dit die subjeksregte en verpligtinge, die administratiewe onderwyshandelinge, gemeneregskonsepte en statutêre determinante toelig. Die feite en uitsprake in relevante hofsake is verder noodsaaklik vir die onderwys (dus ook opvoeder) deurdat dit 'n aanduiding gee van die juridiese beskouing van die standaard van die opvoeder se sorgsaamheidsplig (Bray, 2000a:55; De Waal, 1994:78).

In praktyk beteken dit dat indien 'n opvoeder in 'n regsaak betrokke is, die opvoeder sou kon kyk of 'n hoër hof met 'n soortgelyke saak gehandel het en daardeur 'n

geregtelike presedent geskep het wat in die opvoeder se saak nagevolg moet word (Bray, 2000a:55).
Ingevolge Artikel 39(1)(c) van die Grondwet (1996a) kan howe ook buitelandse reg in ag neem met die uitleg van Handves van Regte.

> (1) By die uitleg van die Handves van Regte
> (c) kan 'n hof, tribunaal of forum buitelandse reg in ag neem.

Volgens Kruger (2003:109) bly hofuitsprake relevant, ongeag hoe oud die uitspraak is. Dit beteken egter dat die uitsprake wel moet voldoen aan die bepalinge van die Grondwet (1996a) soos bepaal in Artikel 39(3).

> 39 (3) Die Handves van Regte ontken nie die bestaan van ander regte of vryhede wat deur die gemenereg, gewoontereg of wetgewing erken of verleen word nie, in die mate waarin daardie regte of vryhede met die Handves bestaanbaar is.

Volgens Herselman (2006:66) bevat internasionale regspraak regsbeginsels wat ook op Suid-Afrikaanse skole van toepassing kan wees. Uit navorsing deur Herselman (2006:66-82), Kruger (2003:109-140), Oosthuizen en Rosso (1998:91-100) en Van der Walt (1993:559-565) blyk dit dat in Suid-Afrikaanse hofsake (met betrekking tot aspekte van die sorgsaamheidsplig van die opvoeder) daar hoofsaaklik na regspraak van Amerika, Australië, Brittanje en Kanada verwys word. Die rede is volgens dieselfde skrywers dat die benadering van die gemeneregbeginsels met betrekking tot die sorgsaamheidsplig van opvoeders in dié lande ooreenstem met die benadering van Suid-Afrikaanse howe. (In Hoofstuk 4 word daar breedvoerig oor die gemeneregbeginsels uitgebrei met verwysing na relevante hofsake.)

3.3 REGSPRAAK IN PRAKTYK

Die Suid-Afrikaanse appélsaak van *Natasha Kern v Minister van Veiligheid en Sekuriteit SA CCT52/04* is 'n duidelike voorbeeld om aan te dui op welke wyse daar van nasionale en internasionale wetgewing asook regspraak in 'n Suid-Afrikaanse hofsaak gebruik gemaak word. Alhoewel hierdie saak nie oor 'n onderwysaangeleentheid handel nie, maar oor middellike aanspreeklikheid en die

sorgsaamheidsplig van polisielede is dit relevant vir die opvoeder, aangesien volgens die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (2001:66) die opvoeder uit die aard van sy werk in 'n soortgelyke posisie as 'n polisieman geplaas word met betrekking tot positiewe wetlike verantwoordelikhede.

Die eis in die saak van *Natasha Kern v Minister van Veiligheid en Sekuriteit SA CCT52/04* spruit voort uit 'n insident wat in Westonaria op die oggend van 27 Maart 1999 plaasgevind het. Die eerste verweerder in die saak was die Minister van Veiligheid en Sekuriteit.
Die applikant ('n vrou van 20-jarige ouderdom) en haar vriend het 'n uitval gehad terwyl hul by 'n vermaaklikheidsplek gekuier het. Die applikant (eiser) het haar vriend gevra om haar huistoe te neem. Hy het geweier. Sy het gaan hulp soek by 'n nabygeleë polisiestasie. Drie polisiemanne in uniform wat op patrollie in 'n amptelike polisiemotor was het aangebied om haar huistoe te neem. In stede daarvan om haar huistoe te neem het hulle haar aangerand, verkrag en verlate agtergelaat. Die applikant het aangevoer dat die staat middellik aanspreeklik gehou moet word vir die dade van die polisiemanne en dat die polisiemanne aanspreeklik gehou moet word vir die verkragting. Al drie die polisiemanne is skuldig bevind en het tronkstraf ontvang, terwyl die Hooggeregshof bevind het dat die staat nie middellik aanspreeklik gehou kan word nie, aangesien die polisiemanne nie die eiser in die uitvoering van hul pligte en binne die omvang van hul bevoegdhede verkrag het nie.

Met die appélsaak is daar egter aangevoer dat die staat wel middellik aanspreeklik gehou moet word en daar eintlik twee delikte gepleeg is deur die polisiemanne. In die eerste plek het hulle die vrou verkrag en ten tweede het hulle nagelaat om die vrou te beskerm soos hulle verplig was om te doen onder die Grondwet (1996a) en die gemenereg. Die betoog het aangevoer dat hierdie nalatigheid die oorsaak van die eiser se verlies was en dat dit gebeur het binne die omvang van die polisiemanne se werkspligte. Die applikant het aangevoer dat

- daar 'n verpligting op die staat (as werkgewer) en die individuele polisiemanne rus om die eiser teen geweld (in besonder verkragting) te beskerm onder die Suid-Afrikaanse Grondwet en gemenereg en

- elke persoon die reg het op fisiese veiligheid en integriteit volgens Artikels 10, 11, 12 en 14 van die Suid-Afrikaanse Grondwet;
- die staat middellik aanspreeklik is vir die aanval op die eiser, aangesien Artikel 7(2) van die Suid-Afrikaanse Grondwet 'n plig op die staat plaas om die regte te respekteer, beskerm, bevorder en te verwerklik.

Volgens die hofverslag is daar indringend gefokus op die toets vir middellike aanspreeklikheid. Volgens die standaardtoets vir middellike aanspreeklikheid moet die werknemer eerstens 'n delik gepleeg het wat nadeel (skade) aan die eiser veroorsaak het en tweedens moet die werknemer die delik in die uitvoering van sy plig gepleeg het. Die applikant het aangevoer dat die polisie een van die agente is wat die staat gebruik om die publiek te beskerm teen geweld. Die eiser het die gemoedsrus gehad en aangeneem dat die polisiemanne haar sal beskerm soos deur die samelewing en wetgewing verwag word. Die polisiemanne het 'n plig gehad om die eiser te beskerm, wat impliseer dat dit deel is van hul werk (uitvoering van hul plig). Die polisemanne was besig met hul werk toe hulle die eiser verkrag het.
Die applikant stel dit verder dat daar van 'n meer uitgebreide toets gebruik gemaak moet word om die staat se verantwoordelikhede onder die Suid-Afrikaanse Grondwet te bepaal. Vir hierdie doeleindes is daar verwys na die benadering van howe van verskillende lande met betrekking tot die toets vir middellike aanspreeklikheid.

Engeland

Een van die Engelse sake waarna verwys word is die saak van *Lister v Hesley Hall 2001 2 All ER 769 (HL).* Die saak handel oor 'n privaat seunskool waar die koshuisvoog van die seuns seksueel gemolesteer het. Die skool is aanspreeklik gehou vir die dade van die koshuisvoog. Die hof het bevind dat die skool 'n plig gehad het om die seuns te beskerm *inter alia* teen seksuele molestering deur die koshuisvoog. Die skool is middellik aanspreeklik gehou, aangesien hulle die sorg van die seuns aan die koshuisvoog toevertrou het en die molestering van die seuns onlosmaaklik verweef is met uitvoering van die koshuisvoog se plig. Die koshuisvoog is in diens geneem om die skool se verantwoordelikhede teenoor die seuns tot uitvoer te bring en die koshuisvoog het sy spesiale posisie waarin die skool hom geplaas het misbruik.

Kanada

'n Kanadese saak waarna verwys is, is die saak van *Bazley v Curry [1999] 2 SCR 534 (SCC).* 'n Privaat stigting as eienaars van 'n kinderhuis was ook verantwoordelik vir die bestuur daarvan. Onbekend aan die eienaars, was een van die werknemers by die kinderhuis wat verantwoordelik was vir die versorging van die kinders, 'n pedofiel wat van die kinders seksueel gemolesteer het. Die stigting het die werknemer afgedank toe hulle bewus geword het van sy wanpraktyke. Een van die kinders het die stigting gedagvaar.

Die Hooggeregshof het die stigting aanspreeklik gehou vir die nadeel wat die koshuisvoog aan die kind veroorsaak het. In hul bevinding het die hof indringend gekyk na die middellike aanspreeklikheid van werknemers vir wanpraktyke van hul werknemers teenoor slagoffers oor wie die werknemer 'n beskermingsplig gehad het. Volgens regter McLachlin CJ berus die algemene benadering met middellike aanspreeklikheid in die idee dat waar die werknemer se optrede nou saamhang met 'n risiko wat uit die aard van die werkgewer se onderneming in die gemeenskap geplaas word, die werkgewer middellik aanspreeklik gehou kan word vir die wanpraktyke van die werknemer.

Die Hooggeregshof van Kanada het indringend die reg hersien wat die aanspreeklikheid van 'n werknemer tot 'n eiser oor wie hy plig van beskerming gehad het bepaal. Die Bazley-saak was een van die sake wat volgens die applikant 'n noemenswaardige impak gehad het op die Kanadese en Engelse reg.

Australië

Die applikant het ook verwys na die feit dat die reg in Australië dieselfde benadering het ten opsigte van middellike aanspreeklikheid waar die werkgewer 'n beskermingsplig teenoor die eiser het, maar waar die werknemer in stede daarvan om die eiser te beskerm hom leed aandoen. Die Australiese hof het hierdie benadering toegepas in 2003 in die saak van *New South Wales v Lepore [2003] HCA 4.* Die vraag was of die staat aanspreeklik was vir die seksuele mishandeling van leerders deur hul opvoeders by staatskole waar die skool op sigself nie nalatig was in die voorkoming van mishandeling nie. Die hof het heelwat aandag aan die vraag bestee of die staat aanspreeklik was op grond van die nalaat om 'n nie-delegeerbare pligsvervulling te vervul in die beskerming van leerders teen seksuele mishandeling. Die hof het ten laaste bevind dat die staat aanspreeklik is op grond van die

alternatiewe basis van middellike aanspreeklikheid vir die wanpraktyke van die opvoeders. Hierdie bevinding was in 'n groot mate beïnvloed deur die uitsprake van die Kanadese hooggeregshof in die saak van Bazley.

Amerika

Volgens die applikant het verskeie Amerikaanse howe die vraag ondersoek of die staat middellik aanspreeklik is vir die gedrag van polisielede wat lede van die publiek verkrag of seksueel mishandel. Alhoewel die staatswette waaronder dié sake beslis is nie altyd dieselfde is nie en die feite van die sake verskil, blyk dit dat die staat konsekwent aanspreeklik gehou is vir die wanpraktyke van polisielede. Die basis waarop die Amerikaanse howe die staat as werkgewer aanspreeklik hou vir die optrede van skuldige polisielede is gegrond op die feit dat polisielede 'n hoë mate van gemeenskapsvertroue en -outoriteit geniet en gevolglik aanspreeklik gehou moet word as die outoriteit deur polisielede misbruik word. Dit was so in die uitspraak in die Louisiana-appélhofsaak van *Applewhite v City of Baton Rouge 380 So. 2d 119 (1979).* Die hof het bevind dat, weens die feit dat aan polisielede, as staatsamptenare, 'n beduidende gemeenskapsvertroue en -outoriteit gegee word, die staat aanspreeklik gehou kan word vir wanpraktyke van polisielede, al mag daardie optrede effens verwyderd wees van hul gewone pligte. Dit is onbetwisbaar die geval weens die posisie van polisielede in die Amerikaanse samelewing.

Deur te verwys na die uitsprake van Suid-Afrikaanse howe en die van die verskeie internasionale regsgebiede (soos bespreek), stel die applikant dit dat die toets vir middellike aanspreeklikheid nooit staties is nie en oor tyd ontwikkel. Dit word verder gestel dat 'n belangrike waarde wat moet reflekteer in die toets vir middellike aanspreeklikheid van die staat vir polisielede wat hul grondwetlike pligte nalaat, is die grondwetlike waarde van aanspreeklikheid. Die Suid-Afrikaanse appélhof erken die noodsaaklikheid van hierdie waarde in die deliktereg, waar die staat aanspreeklik gehou word vir die nalaat om die gemeenskap te beskerm teen gewelddadige kriminaliteit. Die applikant stel dit dat in hierdie saak, die waarde soos bespreek erken moet word deurdat die regres van die aanval op die eiser nie beperk moet word tot een teen die individuele polisiemanne nie, maar dat die staat ook middellik aanspreeklik gehou moet word. Van die redes wat aangevoer is, is dat

- die staat gefaal het in sy grondwetlike plig om die eiser te beskerm teen aanvalle soos wat sy beleef het en
- die staat die polisiemanne aangestel en aan hulle die funksie toevertrou het om die gemeenskap te beskerm, wat hulle nie gedoen het nie.

Die appélhof het die beslissing van die Hooggeregshof tersyde gestel en beslis dat

- die eerste verweerder middellik aanspreeklik is vir die nadeel wat die eiser gely het;
- die eerste verweerder die koste van die eiser asook die koste van die twee regsadviseurs moet betaal.

Die feit dat in bogenoemde saak, wat oor middellike aanspreeklikheid van polisielede handel, soveel kruisverwysing gedoen word na middellike aanspreeklikheid van die staat in *onderwys*aangeleenthede, impliseer vir die praktiserende opvoeder dat enige relevante regspraak, met betrekking tot aspekte van sy sorgsame toesighoudingspraktyk, 'n bepalende invloed kan uitoefen op die standaard wat van sy sorgsame toesighoudingspraktyk verwag word.

3.4 SAMEVATTING

Die regte in die Handves op Regte word onvermydelik in breë terme gestel. Die interpretasie van daardie regte is die verantwoordelikheid van elke persoon. Die howe en regspraak bepaal uiteindelik die spesifieke betekenis van die in breë gestelde regte (Govender & Kollapen, 2000:3). Die howe stel die parameters en riglyne waarbinne die kind beskerming (dus ook deur die opvoeder se sorgsaamheidsplig) van sy regte kan geniet (Ramatlhodi, 2004:3). Onderwys vind nie in 'n vakuum plaas nie, maar binne die regstelsel van Suid Afrika. Daar bestaan nie 'n aparte veld van wette wat die onderwys uitsluitlik bepaal en beïnvloed nie, maar eerder 'n hibridiese veld van wetgewing wat bestaan uit norme en standaarde uit die totale veld van wetgewing, soos van toepassing in 'n eietydse Suid-Afrika. Dit is belangrik vir die opvoeder om sy posisie, en die gepaardgaande standaard van sorgsame toesighoudingspraktyk wat wetlik vereis word, in die lig van relevante wetgewing en regspraak grondig te kan evalueer, verstaan en toepas (Oosthuizen & Roos, 2005:48).

Ten einde 'n opvoeder in staat te stel om die vereiste standaard met betrekking tot sy sorgsame toesighoudingspraktyk korrek te kan evalueer, verstaan en toepas is dit noodsaaklik dat die gemeenregtelike elemente vir die bepaling van deliktuele aanspreeklikheid in ag geneem word.

HOOFSTUK 4

GEMEENREGTELIKE ELEMENTE VIR DELIKTUELE AANSPREEKLIKHEID.

4.1 INLEIDING

Waar 'n opvoeder nie sy sorgsaamheidsplig na wense uitvoer ten opsigte van die veiligheid van die leerder nie, bly die kwessie van aanspreeklikheid 'n bron van kommer vir 'n opvoeder indien 'n leerder nadeel (skade) ly deur 'n opvoeder se opsetlike of nalatige handeling (Varnham, 2003:184). Die verpligting en verantwoordelikheid van opvoeders ten opsigte van aanspreeklikheid word bepaal deur 'n kombinasie van wetgewing, regulasies, skoolbeleide en gemeneregbeginsels.

Volgens Bray (2000a:59) is gemenereg die ongeskrewe reg (regsbeginsels) van 'n land wat nie in wetgewing vervat is nie. Hierdie regsbeginsels, oorgeneem uit die Romeins-Hollandse en Engelse reg, is aangepas en ontwikkel in die eiesoortigheid van die Suid-Afrikaanse regsmilieu en kultuur (Roos & Oosthuizen, 2005:49). In die gemenereg is daar bepaalde beginsels wat van toepassing is op die opvoeder se sorgsaamheidsplig teenoor die leerders in sy sorg (Kruger, 2003:79). Vervolgens word daar gekyk na die gemeenregtelike elemente vir deliktuele aanspreeklikheid.

4.2 WAT IS DELIKTUELE AANSPREEKLIKHEID?

In die regsliteratuur word daar verwys na deliktereg (*law of delict* of *tortlaw).* Volgens Rossouw (2004:49) val *delikte*reg in Suid-Afrika binne die veld van die privaatreg, terwyl daar in lande soos die VSA en Australië na hierdie doktrine verwys word as *tortlaw.*

Die terme word soos volg omskryf:

Delik: 'n strafbare misdaad; 'n onregmatige daad (Odendal, 1994:135).

Tort: delik; onregmatige daad (Reader's Digest, 1994:1243)

'n Delik kan gedefinieer word as 'n *onregmatige handeling wat nadeel (skade) aan 'n ander persoon veroorsaak* (Rossouw, 2004:49). Volgens Kast (1998:5) is 'n *delik*

'n siviele onreg waarvoor skadevergoeding toegeken kan word, in teenstelling met 'n kriminele oortreding waar tronkstraf of 'n boete opgelê kan word. Reeds in 1971 noem McKerron (1971:1) dat, volgens die Romeins-Hollandse reg, die term "delik" algemeen gebruik word om siviele sowel as kriminele onreg in te sluit. In 'n enger vertolking, volgens die Engelse reg, word die term "tort" gebruik wat verwys na siviele onreg (*delictum privatum)* teenoor 'n kriminele onreg *(delictum publicum, crimen).* Vir die doeleindes van hierdie navorsing word die term "delik" gebruik as verwysing na siviele onreg.

Aanspreeklikheid: Verantwoordelikheid, byvoorbeeld: Ek hou jou aanspreeklik vir die skade (Odendal, 1994:9)

Volgens Neethling *et al. (*2006:3) kan *deliktuele aanspreeklikheid* omskryf word as die *aanspreeklikheid* van 'n persoon wat deur sy onregmatige handeling *(delik)* 'n nadeel (skade) aan 'n ander persoon veroorsaak. Hierdie handeling plaas 'n verpligting op die oortreder om skadevergoeding aan die eiser te betaal (Rossouw, 2004:49).

4.3 ELEMENTE VIR DELIKTUELE AANSPREEKLIKHEID

Joubert en Prinsloo (2001:98), Rossouw (2004:49), McCarthy en Cambron-McCabe (1992:435) en Botha en Oosthuizen (2005:88) verwys na vyf elemente wat bewys moet kan word alvorens 'n persoon deliktueel aanspreeklik gehou kan word. Die volgende vyf elemente is ter sprake:

- Handeling
- onregmatigheid van die handeling
- skuld
- kousaliteit
- nadeel (skade)

4.3.1 Handeling

Ten einde deliktueel aanspreeklik te wees moet daar 'n vrywillige handeling deur die persoon (opvoeder) uitgevoer word. Volgens Joubert en Prinsloo (2001: 98) sluit hierdie handeling iets in wat deur die persoon gedoen word, maar dit kan ook iets wees wat 'n persoon nagelaat het om te doen. Rossouw (2004:50) is van mening dat ten einde daar sprake van nalatigheid teenwoordig kan wees, die handeling wat die nadeel (skade) tot gevolg gehad het 'n vrywillige, menslike handeling moet wees en

dat geen persoon vir onvoorsiene "acts of God" (byvoorbeeld weerlig) aanspreeklik gehou kan word nie, of waar 'n persoon 'n handeling uitgevoer het buite sy wil.

4.3.2 Onregmatigheid van die handeling

Volgens Joubert en Prinsloo (2001:99) en Neethling *et al.*(2006:25) is 'n handeling onregmatig as dit nadeel (skade) aan 'n ander veroorsaak of as dit die regte van 'n ander persoon skend. Van der Walt (1993:559) beskryf 'n onregmatigheid as die aantasting van 'n persoon se subjektiewe regte (regserkende regte) of die nie-nakoming van 'n regsplig. Botha en Oosthuizen (2005:89) stel dit egter dat nie alle nadeel of skending van 'n persoon se regte noodwendig as onregmatig bestempel kan word nie. Botha en Oosthuizen (2005:89) sluit hierby aan deur te verwys na 'n geval waar 'n opvoeder byvoorbeeld 'n leerder tug. Die leerder word dus feitelik benadeel, maar nie noodwendig onregmatig nie.

'n Opvoeder se gedrag kan as regverdig beskou word as daar regverdigingsgronde vir sy gedrag is. In die geval waar die opvoeder 'n leerder tug het die opvoeder *regverdigingsgrond*, te wete sy outoriteit om dissipline toe te pas (Botha & Oosthuizen, 2005:89). Sou 'n opvoeder wat byvoorbeeld in beheer van 'n laboratorium is, versuim om behoorlike beheer oor die hantering van gevaarlike chemikalieë uit te oefen en 'n leerder as gevolg van sy versuim nadeel (skade) ly, sal die opvoeder se versuim as onregmatig beskou word as hy nie regverdigingsgronde vir die versuim van sy regsplig, (voorkoming dat leerders nadeel (skade) ly in die laboratorium, het nie. Die opvoeder kan deliktueel aanspreeklik gehou word (Botha & Oosthuizen, 2005:89).

Saamgevat stel Van der Walt (1993:558) dit dat die kwalifikasie van 'n handeling as onregmatig 'n onontkombare en fundamentele vereiste vir deliktuele aanspreeklikheid is.

4.3.2.1 Verweer van outomatisme

Soos reeds genoem, moet daar, alvorens deliktuele aanspreeklikheid kan ontstaan, bewys kan word dat die verweerder se handeling willekeurig was. In besondere omstandighede kan dit gebeur dat die verweerder kan aanvoer dat die handeling nie willekeurig was nie en hom dan beroep op die verweer van outomatisme. Daarmee word bedoel dat die handeling nie willekeurig uitgevoer is nie, maar bloot werktuiglik/outomaties uitgevoer is. Sekere toestande kan meebring dat 'n persoon

nie willekeurig handel nie omdat dit sy vermoë om sy liggaamsbewegings te beheer beïnvloed. Van die toestande is bewusteloosheid, beswyming, 'n epileptiese aanval, "black-out", refleksiewe optrede, sterk emosionele druk, geestesongesteldheid en 'n hartaanval. Die verweer op outomatisme sal nie suksesvol wees waar die verweerder van hierdie toestande dit doelbewus probeer skep, of waar die persoon sulke toestande kon voorsien nie (Neethling *et al.,* 2006:27).

Sou 'n opvoeder 'n praktiese les in die werkswinkel aanbied met betrekking tot die werking van 'n elektriese masjien en hy raak skielik in 'n (onvoorsiene) beswyming wat tot gevolg het dat 'n leerder deur die bewegende masjien beseer word, kan so 'n opvoeder hom op die verweer van outomatisme beroep.

4.3.3 Skuld

Volgens Neethling *et al.* (2006:117) is skuld die verwytbare optrede of gebrek aan optrede van 'n persoon wat onregmatig handel. Squelch (2001:145) verwys na skuld as die laakbare houding of gedrag van 'n persoon wat verkeerdelik optree. Joubert en Prinsloo (2001:99) en Botha en Oosthuizen (2005:92) meen dat, volgens die Suid-Afrikaanse reg, *skuld* 'n voorvereiste is vir deliktuele aanspreeklikheid.

Volgens Squelch (2001:145), Joubert en Prinsloo (2001:99) en Botha en Oosthuizen (2005:92) het skuld twee verskyningsvorme, naamlik opset of nalatigheid.

4.3.3.1 Opset (Dolus)

'n Persoon se optrede word as opsetlik beskou indien sy wil gerig is op 'n resultaat wat hy veroorsaak, terwyl hy ten volle bewus is van die onregmatigheid van sy gedrag (Squelch, 2001:145). Opset beteken dus dat die persoon bewus is dat nadeel (skade) die gevolg van sy gedrag sal wees.

Volgens Snyman (1999:207) is opsetlike onregmatighede waar X verwyt word omdat hy geweet of voorsien het dat sy optrede verbode en wederregtelik is. By nalatigheidsonregmatighede word X verwyt omdat hy iets nie geweet of voorsien het nie, terwyl hy volgens die maatstawwe van die reg dit wel moes geweet of voorsien het.

In die skoolpraktyk is die meerderheid deliktuele eise op grond van nalatigheid gebaseer en nie op grond van opset nie (Lugg, 2000:84; Squelch, 2001:145; Botha & Oosthuizen, 2005:92). Inaggenome dat die redelike opvoeder nie opsetlik 'n leerder

wil benadeel nie, val die fokus vir die doeleindes van hierdie studie op nalatigheid as skuldvorm.

4.3.3.2 Nalatigheid (Culpa)

In die geval van nalatigheid word 'n persoon geblameer vir nalatige, onbedagsame gedrag omdat die persoon onvoldoende aandag aan sy aksies gegee het en daardeur nie opgetree het volgens die standaard wat van hom verwag word nie (Squelch, 2001:145). Volgens Fischer *et al.* (1999:75) is die wetlike beginsel wat toegepas word in beweerde nalatigheid baie duidelik: opvoeders het 'n regsplig om redelike sorg uit te oefen sodat leerders in hul sorg nie beseer word nie en die opvoeder moet voorkom dat die leerders seerkry.

Waar 'n regsplig bestaan (soos in die geval van die opvoeder) is enige gedrag benede die geldende standaard van sorg nalatig. Volgens Chamblin (1999:100) het nalatigheid verskeie definisies en kan die volgende insluit:

- onbedagsame, agtelosige gedrag;
- versuim om die standaard van sorg toe te pas soos vereis deur die bepaalde omstandighede tydens 'n aksie;
- versuim om die standaard van 'n redelike persoon (met dieselfde opleiding) onder dieselfde omstandighede toe te pas in die voorkoming van nadeel (skade) aan 'n ander of om 'n ander te beskerm teen gevare;
- nalatige optrede ten spyte van herkenbare gevare of nadeel (skade) en
- optrede wat 'n onredelike hoë risiko van nadeel (skade) hom/haar op die hals kan haal.

In praktyk beteken dit dat 'n opvoeder se gedrag as nalatig beskou kan word indien hy byvoorbeeld

- toelaat dat 'n dwase, onversigtige daad plaasvind;
- nalatig is in die uitvoering van 'n demonstrasie (byvoorbeeld in 'n laboratorium);
- 'n reeds bekende gevaarsituasie verontagsaam of
- nalaat om leerders te waarsku teen enige gevare met betrekking tot 'n oefening, handeling of demonstrasie.

As daar na bogenoemde definisies gekyk word, is dit duidelik dat met die bepaling van nalatigheid daar op die optrede of gedrag van 'n persoon gefokus word, en nie op die geestestoestand of intensie van die persoon nie.

Volgens Neethling *et al.* (2006:141) is 'n bekende beginsel van die reg dat al die relevante omstandighede in 'n spesifieke geval oorweeg word alvorens daar bepaal kan word of 'n dader se optrede nalatig was. Van die faktore wat in aanmerking geneem moet word is onder andere dat

- dinge wat op *sigself gevaarlik is,* groter sorgvuldigheid verg as gewone omstandighede (in die skoolopset impliseer dit plekke soos werkswinkels, sportvelde, uitstappies, masjinerie, ensovoorts);
- waar daar *skielike gevaar ontstaan* en die dader dadelik 'n besluit moet neem, word daar nie verwag dat die dader dieselfde oordeel aan die dag moes lê as 'n persoon wat nie in die situasie was nie en
- waar 'n persoon met persone werk wat aan die een of ander *onbekwaamheid of gebrek ly* (soos, slegsiendes, doofstommes, (jong) kinders, ensovoorts), verg dit groter sorgvuldigheid.

Laasgenoemde punt word geïllustreer in die saak *Paris v. Stepney Borough Council. 1951 A.C. 367.* Die eiser in hierdie saak was werksaam as 'n monteur in die verweerder se motorhuis. Die verweerder was bewus van die feit dat die eiser die gebruik van slegs een oog het. Terwyl die eiser besig was om met 'n hamer 'n bout van 'n voertuig te verwyder het 'n metaalsplinter in die eiser se gesonde oog geskiet wat totale blindheid veroorsaak het. Die verweerder het nie die eiser voorsien van 'n veiligheidsbril nie. Alhoewel getuies aangevoer het dat dit nie die algemene praktyk was dat werknemers veiligheidsbrille aan monteurs wat in motorhuise werk verskaf nie, het die hof bevind dat onder die omstandighede (die wete dat die eiser slegs een gesonde oog het) die verweerder 'n spesiale (verhoogde) sorgplig teenoor die eiser gehad het. Die verweerder is aanspreeklik gehou vir die beserings van die eiser, aangesien hy versuim het om 'n veiligheidsbril aan die eiser te voorsien. Alhoewel die saak nie 'n onderwysregtelike saak is nie, is die teorie en faktore vir die toets van nalatigheid eweneens dieselfde.

Die teorie van nalatigheid is dus dat dit baie feitelik-spesifiek is, wat beteken dat die resultate van enige hofsaak beslis word op die spesifieke feite en kontekstuele faktore voor die hof. Hierdie feite word egter aan die hand van bepaalde elemente wat teenwoordig moet wees gemeet om te help met beslissing (Lugg, 2000:84).
Die elemente wat teenwoordig moet wees alvorens nalatigheid bewys kan word is dat

- die verweerder 'n plig het om die eiser teen onredelike risiko te beskerm;
- hierdie plig verbreek is deurdat die verweerder nie die standaard van sorg toegepas het soos verwag nie;
- daar 'n direkte verband bestaan tussen die nalatige optrede en die nadeel (skade) wat gely is en
- die eiser werklike nadeel (skade) gely het.

Vacca (2007:2) stel dit in die Commonwealth Educational Policy Institute Publication (CEPI) dat met die bepaling van nalatigheid daar toenemend deur die reg gekyk word na *doelbewuste agtelosigheid.* Toegepas op die skoolsituasie impliseer dit dat 'n opvoeder slegs aanspreeklik gehou sal word as (1) die opvoeder bewus was van 'n risiko, (2) hy doelbewus agtelosig opgetree het en (3) die nadeel (skade) die direkte oorsaak (kousale verband) van die *doelbewuste agtelosigheid* was. Volgens dieselfde skrywer word doelbewuste agtelosigheid gelyk gestel met growwe nalatigheid en dat aanspreeklikheid nie ter sprake is waar "skielike en onvoorsiene gebeure" die direkte oorsaak van nadeel (skade) aan 'n leerder onder die sorg van opvoeder is nie.

Met inagneming van bogenoemde elemente is die toets vir nalatigheid in die reg die objektiewe standaard van die redelike persoon (diligens paterfamilias) (Chamblin, 1999:99; Cotten, 1995;77; McCarthy *et al.,* 1998:445; Lugg, 2000:84).

i. Die redelike persoon

In die Suid-Afrikaanse saak *Lubbe v Jacobs 1225/2001* (vgl. par. 5.3.3.3 vir feite van saak) verwys regter Hartzenberg na die beskrywing van die redelike persoon soos gestel deur regter Van der Heever in die Suid-Afrikaanse saak van *Herschel v Mruper 1954(3) SA 464 (A)* at *490F*:

> The concept of the bonus pater familias is not that of a timorous faint-heart in trepidation lest he or others suffer some injury; on the contrary, he ventures out into the world, engages in affairs and take reasonable chances. He takes reasonable precautions to protect his person and property and expects others to do likewise.

Regter Hartenzenberg brei verder hierop uit deur te sê dat die redelike persoon nie gaan sit en 'n inventaris opstel van die kwaad wat hom kan oorkom nie. Vergesogte moontlikhede hoef nie uitgedink en oorweeg te word nie. Indien daar egter redelike risiko herken word, moet die nodige voorkomende aksies geneem word.

Volgens McCarthy *et al.* (1998:444) is die redelike persoon 'n hipotetiese individu wat

- dieselfde fisiese kenmerke het as die verweerder;
- oor normale intelligensie, probleem-oplossingsvaardighede en geaardheid beskik en
- oor dieselfde hoogstaande vaardighede en kennis beskik as wat die verweerder het of voorgee om te hê.

Eenvoudig gestel, word by die "redelike persoon" dieselfde gedrag en standaard van sorg verwag as wat 'n redelike persoon met dieselfde eienskappe en vaardighede onder dieselfde omstandighede sou toepas (Lugg, 2000:84).

Om te bepaal of 'n persoon se optrede wel nalatig was, word daar bepaal of die persoon soos 'n "redelike persoon" opgetree het. Deur dit te bepaal word die optrede van die persoon gemeet aan die hand van die "redelike persoon-toets" (Lugg, 2000:84, McCarthy *et al.*,1998:444).

ii. Die redelike persoon-toets

Volgens Van der Walt (1993:560) het die redelike persoon-toets sy oorsprong in Lord Atkins se klassieke formulering van die "neighbour principle" in die Engelse saak van *M'Alister v Stevenson 1932 AC 562 580.* Die "redelike persoon-toets" beteken dat in 'n hofsaak die gedrag van die dader getoets word aan die vraag: "Hoe sou die redelike persoon in dieselfde posisie en omstandighede as die dader opgetree het?" (Botha & Oosthuizen, 2005: 93). Voortspruitend uit hierdie vraag ontstaan daar twee verdere vrae:

- Redelike voorsienbaarheid:
    - Sou die redelike persoon kon **voorsien** dat nadeel (skade) die gevolg van sy optrede kon wees?
- Redelike voorkombaarheid:
    - Sou die redelike persoon redelike stappe ter **voorkoming** van hierdie nadeel (skade) geneem het? (Botha & Oosthuizen, 2005: 93; Mawdsley, 1995:15; Potgieter, 2004:153; Squelch, 2001:145).

Volgens Mawdsley (1995:15) is die standaard van die hipotetiese redelike persoon nie alleenlik 'n objektiewe poging om in retrospektief vas te stel of 'n persoon met dieselfde pligte, in beheer van dieselfde volgelinge, onder soortgelyke omstandighede op dieselfde wyse sou optree nie, maar ook in watter mate die redelike persoon die gevolg van sy dade kon voorsien en voorkom.
Die toets vir nalatigheid bestaan dus uit twee elemente:

- redelike voorsienbaarheid en
- redelike voorkombaarheid.

a. Redelike voorsienbaarheid

Om te bepaal of 'n persoon redelik opgetree het, sal 'n hof probeer bepaal of die persoon, volgens McCarthy *et al.* (1998:444), "discovered that which was readily apparent". In sulke gevalle word daar verwag dat die delikpleger 'n normale persepsie van die omgewing en/of situasie het en 'n akkurate herinneringsvermoë van wat voorheen in 'n soortgelyke omgewing en/of situasie gebeur het.

In die saak van *Wilkinson v. Hartford Accident & Indem. Co., 411 So. 2d 22* (vgl. par. 3.3.3.4. vir feite van die saak) het die hof bepaal dat die delikpleger kennis van die bepaalde situasie en/of omgewing gehad het en dat nadeel voorsien kon gewees het, aangesien daar voorheen in 'n soortgelyke situasie nadeel plaasgevind het. Dit beteken egter nie dat die delikpleger bewus sal wees van alle feite en dinge nie, en nog minder dat die delikpleger alle denkbare en ondenkbare risiko's moet kan voorsien (McCarthy *et al.*, 1998:444; Kast, 1998:5).

In die Amerikaanse saak *Tomlinson v. Board of education of Elmira 1992. 583 N.Y.S. 2d 664* was die ouers van 'n graad 6-leerder (X) wat beseer is toe 'n klasmaat (Y) die stoel onder hom uitgetrek het net toe hy (X) wou gaan sit, onsuksesvol in hul eis teen die skool. Die hof het beslis dat die betrokke klasopvoeder geen rede gehad het om te voorsien dat leerder (Y) die stoel sou wegtrek nie en dat die skool nie hierdie besering redelikerwys kon voorsien of voorkom het nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat, indien dit bekend was aan die klasopvoeder dat leerder (Y) in die verlede die stoel op verskeie geleenthede weggetrek het die skool aanspreeklik gehou kan word vir nalatigheid, aangesien die nadeel voorsien (en voorkombaar) was op grond van die opvoeder se kennis dat 'n soortgelyke situasie voorheen plaasgevind het.

Botha en Oosthuizen (2005:93), Mawdsley (1995:15), Varnham (2001:186) en Potgieter (2004:153) is van mening dat in die bepaling of 'n persoon nalatig in sy optrede was, daar bepaal moet word of die redelike persoon kon voorsien dat daar 'n moontlikheid was dat sy optrede nadeel (skade) tot gevolg kon hê, en of die nadeel (skade) voorkombaar was. In die Suid-Afrikaanse saak van *Knouwds v Administrateur, Kaap 1981 (1) SA 544 (C)* is die skoolhoof, opsigter en arbeider aan nalatigheid skuldig bevind op grond daarvan dat die botsing tussen die hardlopende kinders en die grassnyer nie net voorsienbaar was nie, maar ook redelik voorkombaar (vgl. par. 5.3.2. vir feite van die saak).
Nalatigheid hang dus af van die voorsienbaarheid wat die redelike persoon in 'n bepaalde gebeurtenis toegepas het en die stappe wat hy ter voorkoming van die voorsienbare nadeel (skade) geneem het.

Dit word bevestig in die Suid-Afrikaanse saak van *Peter Wynkwart v Minister of Education and Another 2002. case 4168/199 (C)* (580C – D) (vgl. par. 1.2 vir feite van die saak) waar die ware ondersoek nie soseer oor die voorsienbaarheid gehandel het nie, maar wat die redelike stappe wat die appellante in die omstandighede kon toepas, konstitueer en indien hierdie stappe, as hulle geneem is, die beserings kon verhoed. Met betrekking tot die voorsienbaarheid in hierdie saak verwys regter Ngwenya na die Suid-Afrikaanse saak van *S v Bernardus 1965(3) SA 287 (A)* waar regter Rumph aanvoer dat in deliktereg 'n persoon aanspreeklik gehou word vir skade indien hy kon voorsien dat skade uit die daad kon ontstaan. Regter

Rumph is verder van mening dat, weens die aard van die menslike samelewing, dit geag word dat, indien 'n persoon skade kan voorsien die persoon ook moet voorsien dat die skade van 'n onverwagte aard en ongewoon kan wees.

b. Redelike voorkombaarheid

Uit die regspraak is dit duidelik dat die kwessie van redelike voorsienbaarheid in die meeste gevalle 'n bepalende rol speel in die bepaling van nalatigheid. Die tweede been van die redelike persoon-toets, naamlik of die redelike persoon in die bepaalde omstandighede die intree van nadeel (skade) kon *voorkom* het, moet egter volgens Neethling *et al.* (2006:138) nie misken word nie.

Die Suid-Afrikaanse saak van *Eggeling v Law Union and Rock Insurance* (vgl. par. 5.3.2 vir feite van saak) is 'n voorbeeld waar die voorkoming van nadeel (skade) 'n bepalende rol in die regter se beslissing gespeel het. In hierdie saak is 'n sesjarige seun beseer toe hy uit 'n bewegende bus geval het. Die bus was nie voorsien van selfsluitende deure of enige ander veiligheidsmaatreëls om te voorkom dat die kinders uit die bewegende bus val of spring nie. Regter Broom stel dit dat daar redelike stappe geneem kon gewees het om te voorkom dat leerders beseer word terwyl die bus in beweging is. 'n Hek of deur wat deur die bestuurder beheer word, sou volgens regter Broom voldoende veiligheid voorsien het. Aangesien die voorsiening van so 'n hek of deur 'n eenvoudige saak is, bevind regter Broom dat die verweerder dié voorkomende stap moes geneem het.

Volgens Neethling *et al.* (2006:139-140) is daar veral vier oorwegings wat in ag geneem word by die vraag of die nadeel (skade) wat veroorsaak is redelik voorkombaar was:

- *Aard en omvang van die risiko*

  Indien die aard en omvang van die risiko baie klein is, of die voorsienbare benadeling baie gering is, word dit geag dat die redelike persoon, ten spyte van die feit dat die nadeel (skade) redelikerwys voorsien kon gewees het, nie stappe ter voorkoming van die nadeel (skade) sou geneem het nie. Leerders in 'n houtwerk-werkswinkel dra nie konstant 'n veiligheidsbril nie (tensy die spesifieke taak of gebruik van gereedskap en masjinerie dit vereis), aangesien onder

normale omstandighede die kans skraal is dat die leerders nadeel (skade) sal ly as gevolg van die stof in die lug.

- *Ernstigheidsgraad van die skade*

Indien die ernstigheidsgraad van die nadeel (skade) wat moontlik kan intree, gering of onbeduidend sou wees, sal die redelike persoon nie stappe ter voorkoming van die nadeel (skade) neem nie. Wanneer leerders in die houtwerksentrum die vaardigheid inoefen om met 'n rugsaag houtwerkvoeë uit te saag, bestaan die moontlikheid dat die leerder sy hand met die saag kan beseer. Aangesien so 'n besering normaalweg nie baie groot is nie sal die redelike persoon, behalwe om die normale veiligheidsmaatreëls te verduidelik, te demonstreer en toe te pas geen verdere stappe neem ter voorkoming van die besering nie (Kruger. 2003:97).

- *Relatiewe belangrikheid van die doel*

Dit gaan hier oor die bepaling of die handeling van die dader belangriker is as die risiko van die nadeel (skade) wat die handeling inhou. Gestel die werkswinkelopvoeder (soos bespreek in die vorige geval) het die veiligheidsmaatreëls aan die leerders verduidelik, die vaardighede gedemonstreer en voldoende toesig gehou. Ten spyte van die feit dat die moontlikheid bestaan dat 'n leerder 'n geringe besering met die saag kan opdoen, tree die opvoeder nog steeds redelik op, aangesien die inoefening van vaardighede met die rugsaag swaarder weeg as die moontlikheid dat die leerder 'n geringe besering met die saag kan opdoen.

Die teendeel van bogenoemde word bevestig in die Suid-Afrikaanse saak van *S v. Makwanazi 1967 2 SA 593 (N).* In hierdie saak het 'n busbestuurder oorbeweeg na die regterkant van die pad toe hy 'n voertuig wat in die pad gestaan het verbygesteek het, aangesien dit onmoontlik was om links verby te gaan. 'n Botsing het plaasgevind. Die bestuurder beweer dat dit 'n redelike risiko was wat hy geneem het. Die hof het egter bevind dat die belangrikheid van die doel (om die passasiers op tyd by hul bestemming te kry) nie sodanig

was dat dit opgeweeg het teen die risiko van 'n botsing nie. In die uitspraak is bevind dat die busbestuurder nalatig was.

Dit is algemeen bekend en praktyk dat opvoeders dikwels gevra word om leerders te vervoer en dat menige opvoeders daagliks die skoolbus bestuur wat leerders tussen die huis en skool vervoer. Die bevinding in bogenoemde hofsaak het die implikasie dat 'n opvoeder wat leerders vervoer, bedag daarop moet wees dat die belangrikheid om leerders betyds by hul bestemming te kry, nie swaarder opweeg as die moontlikheid van nadeel (skade) wat mag voortspruit uit roekelose bestuur nie.

- *Koste en moeite ter voorkoming van nadeel (skade)*

Indien die koste en moeite in die voorkoming van moontlike voorsienbare nadeel (skade) minimaal is, sal die redelike persoon die stappe ter voorkoming van so 'n nadeel (skade) neem. Sou die koste en moeite ter voorkoming van 'n moontlike voorsienbare nadeel (skade) groter wees as die erns wat so 'n nadeel (skade) inhou, word dit aangeneem dat die redelike persoon nie voorkomende maatreëls sou neem om die risiko te voorkom of uit te skakel nie. Soos reeds genoem, sal die leerders in 'n houtwerksentrum nie konstant 'n veiligheidsbril dra nie, aangesien die moontlikheid van nadeel (skade) gering is. Uitgesluit die feit dat onder normale omstandighede die risiko vir nadeel (skade) gering is, weeg die koste om elke leerder van 'n veiligheidsbril te voorsien nie op teen die risiko van nadeel (skade) nie. Die opvoeder sal hoogstens met spesifieke take en tydens die gebruik van spesifieke gereedskap en masjinerie (met ander woorde aksies waar die risiko tot nadeel (skade) hoër is) die leerder voorsien van 'n veiligheidsbril.

(i) Openbaarmakingvereiste as voorkomende maatreël

Met betrekking tot sportafrigting wys Rossouw (2004:62) op die *openbaarmaking-vereistes*, wat beteken dat afrigters nie net kan aanvaar dat deelnemers bewus is van die gevare van die sport nie, ten spyte daarvan dat die gevare ooglopend mag wees. Rossouw verwys na *La Valley v Stanford 79 N.E. 2d 437 (1947)* waar 'n afrigter nie die leerder tydens die liggaamlike opvoedingsklas gewaarsku het (as voorkomende maatreël) oor die gevare van die bokskompetisie nie. Die leerder het ook nie

genoegsame ondervinding en oefening in bokstegnieke gehad nie. Tydens die bokskompetisie is die leerder beseer en die opvoeder is aanspreeklik gehou. Volgens Rossouw (2004:62) is die openbaarmaking van die gevare aan die deelnemers veral belangrik as die afrigter met jong leerders werk, aangesien hul persepsie van die realiteit nog nie voldoende ontwikkel is nie. Ten einde aanspreeklikheid te verminder is dit dus noodsaaklik dat opvoeders nie net verbale waarskuwings ten opsigte van gevare gee nie, maar deeglike "afrigting" aan die leerders in hierdie verband is krities.

Die saak van *Rusere v The Jesuit Fathers 1970 (4) SA 537 (R)* (vgl. par. 5.3.2 vir feite van die saak) van die destydse Rhodesië is 'n goeie voorbeeld uit die praktyk waar die optrede van die opvoeder onderwerp is aan die redelike persoon-toets en die beginsels van *redelike waarskynlikheid* en *redelike voorkoming* wat deur die regter in sy bevinding toegepas is. Volgens Potgieter (2004:153) kan die redelike persoon-toets egter nie gebruik word in die geval waar die optrede en gedrag van die oortreder die gedrag van 'n kundige vereis nie.

c. Die redelike deskundige

In die saak van *G v. London Borough of Bromley [1999] ELR 356 CA* stel regter Gower dit dat by die bepaling van nalatigheid van 'n opvoeder die vaardighede en sorg verwag word van 'n *redelike opvoeder* op grond van wat aanvaarbaar en as redelik beskou word deur redelike lede van die onderwysprofessie. Dit is alreeds bepaal dat die opvoeder as professionele persoon 'n deskundige met gespesialiseerde kennis op die onderriggebied is. Volgens Neethling *et al.* (2006:132) word daar in die geval van deskundiges, die toets van nalatigheid nie gemeet aan die optrede van die redelike persoon nie, maar word dit gemeet aan die optrede wat verwag word van die *redelike deskundige.*

Volgens Beckmann (1989:61) kan daar aan die hand van regspraak en wetgewing bepaalde kenmerke van die redelike opvoeder (as deskundige) onderskei word, naamlik:

- Die redelike deskundige opvoeder is:
    - kundig en vaardig met toepaslike kwalifikasies,
    - ken die leerder en sy wese,
    - is kundig en vaardig ten opsigte van sy beroep,

- ken die gevare waaraan die leerder blootgestel word,
- is kundig oor die regsvoorskrifte van toepassing op sy beroep en
- is nie nalatig nie.

Op grond van die feit dat die opvoeder oor genoemde vaardighede en kundigheid moet beskik, kan aanvaar word dat in die toets vir nalatigheid die optrede van die opvoeder nie getoets sal word aan die hand van die redelike persoon nie, maar aan die verhoogde standaard soos verwag van die redelike deskundige, in hierdie geval die redelike opvoeder. Neethling *et al.* (2006:134) stel dit egter dat hierdie verhoogde standaard van die deskundige as die "redelike" standaard van kundigheid beskou word, aangesien daar met die algemene en gemiddelde standaard van deskundigheid gewerk word en nie met die hoogste mate van kundigheid in die professie nie.

4.3.3.3 Medewerkende skuld

In sommige gevalle waar 'n leerder nadeel (skade) ly, kan dit nie net voor die deur van die opvoeder (onderwysinstansie) gelê word nie. Daar is gevalle waar 'n ongeluk ontstaan as gevolg van die onregmatige en nalatige optrede van die opvoeder, sowel as die onregmatige optrede van die leerder. Hierdie regsbeginsel word as medewerkende of bydraende skuld beskou (Botha & Oosthuizen, 2005:97). *Skuld* (vgl. par. 4.3.3) verwys na die verweerder se optrede terwyl *medewerkende skuld* ook die eiser se optrede insluit (Neethling *et al.*, 2006:151).

In die geval van medewerkende skuld sal die hof bepaal in welke mate beide die verweerder en eiser se onderskeie optredes afgewyk het van die redelike persoon se optrede. In die geval waar die verweerder en eiser skuld dra, word die skadevergoeding verdeel ooreenkomstig die partye se skuld. Die verdeling word gedoen ingevolge die bepalings van die Wet op Verdeling van Skadevergoeding (34/ 1956). Artikel (1)(a) van genoemde wet bepaal dat waar 'n persoon skade ly deels as gevolg van sy eie skuld en deels die skuld van 'n ander persoon, die skadevergoeding deur die hof verminder word in so 'n mate as wat die hof as regverdig en billik beskou met betrekking tot die mate waarin die eiser medewerkende skuld het tot die skade. Die mate waarin die eiser bygedra het tot

byvoorbeeld die besering (skade) word dus in berekening gebring by die bepaling van die skadevergoedingsbedrag (Neethling *et al.*, 2006:153).

Alhoewel nie 'n onderwyssaak nie dien die Suid-Afrikaanse saak, *Butlers v. Cape Town Municipality 1993 SA 521 (C),* as praktykvoorbeeld van hoe die hof die beginsel van medewerkende skuld toegepas het. In dié saak eis Butler skadevergoeding van die Munisipaliteit van Kaapstad nadat hy in 'n oop kanaal by 'n openbare parkeerarea geval het en beseer is. Ten tye van die voorval was die parkeerarea nie omhein nie en die oop kanaal ook nie afgesper nie. Butler se regsverteenwoordiger was van mening dat die munisipaliteit van Kaapstad nalatig was deurdat hulle kon voorsien het dat 'n persoon in die oop kanaal kan beland en dat die voorval redelikerwys voorkom kon gewees het. Die regter bevind dat die munisipaliteit inderdaad nalatig was, aangesien hulle nie die parkeerarea en oop kanaal omhein het nie. Die regter bevind egter ook dat Butler nalatig was deurdat hy moes kon voorsien dat die area 'n gevaar vir homself kon inhou en dus medewerkend in die skuldlas is. Die hof bevind dat die munisipaliteit van Kaapstad 75% skuld dra en Butler 25%. Butler se skadevergoedingseis van R 80 000 is gevolglik met 25% verminder met die gevolg dat aan die eiser slegs R 60 000 (75% van R 80 000) toegestaan is.

By medewerkende skuld in skoolpraktyk moet die opvoeder kan bewys dat die leerder se eie onregmatige optrede 'n aansienlike bydrae tot die leerder se beserings (skade) bygedra het. Die reg verwag egter nie dieselfde standaard van optrede van 'n leerder as wat van die opvoeder verwag word nie. Hoe jonger die leerder, hoe moeiliker sal dit vir 'n opvoeder wees om aan te toon dat die leerder bydraende skuld het. Om aan te toon dat 'n leerder bydraende skuld het tot sy beserings (skade), moet die opvoeder kan toon dat die leerder volwasse genoeg, intelligent en genoegsame ervaring het om die gevolge van 'n bepaalde aksie (gedrag) te verstaan en ten spyte daarvan voortgaan met gevaarlike optrede (McCarthy *et al.*, 1998:450).

'n Saak waar die praktyktoepassing van die beginsel van medewerkende skuld na vore kom, is die Amerikaanse saak *Perry Education Association v. Perry local Education Association, 460 U.S. 37 1983.* Dit handel oor 'n 17-jarige leerder (Jodeen) wat besig was om aan haar seniorprojek in die werkswinkel te werk toe sy

probeer het om met haar hand 'n stuk hout uit 'n lopende masjien te haal. Die bewegende masjien het haar hand gegryp en sy het twee vingers verloor. Die opvoeder is aangekla van beweerde nalatigheid met betrekking tot sy toesig oor die leerders. Getuienis wat gelewer is, het egter aangedui dat die opvoeder die veiligheidsmaatreëls met die gebruik van elektriese kraggereedskap sorgvuldig verduidelik en gedemonstreer het. Die opvoeder het verder die veiligheidsmaatreëls op skrif vir die leerders gegee en hulle 'n veiligheidseksamen laat aflê. Die opvoeder het ook gesien dat Jodeen die masjien wel veilig kon gebruik. Alhoewel daar vrae was oor die opvoeder se direkte toesig oor Jodeen tydens die voorval, het die hof bevind dat Jodeen nalatig was deurdat sy nie die standaard van sorg aan die dag gelê het wat van 'n leerder van haar ouderdom en volwassenheid onder soortgelyke omstandighede verwag word nie. Die hof het die eis van die hand gewys en bevind dat haar eie optrede direk verantwoordelik vir die besering was.

Medewerkende skuld is relevant met betrekking tot die beperking van die opvoeder en/of onderwysinstansie se aanspreeklikheid en speel 'n belangrike rol in die regspraktyk (Neethling *et al.,* 2006:151). Vervolgens sal daar gekyk word na die verband tussen 'n handeling en skade met betrekking tot die bepaling van aanspreeklikheid.

4.3.4 Kousaliteit

Daar moet 'n *kousale* verband tussen die handeling en skade wees in die bepaling van aanspreeklikheid (Neethling *et al.,* 2006:165). *Kousaliteit* word omskryf as die direkte verband tussen oorsaak en gevolg (Odendal, 1994:579).

Aanspreeklikheid sal slegs aangetoon kan word as daar 'n kousale verband is tussen die optrede van die opvoeder en die besering wat 'n leerder opgedoen het. Dit beteken dat 'n opvoeder slegs aanspreeklik gehou kan word as sy nalatige optrede die direkte wettige oorsaak van die leerder se besering is. Nie alle oënskynlike nalatige optrede eindig in aanspreeklikheid nie, tensy die optrede die direkte oorsaak van die besering is (McCarthy *et al.,* 1998:445).

In die reg is daar twee hoofbenaderings wat gevolg word met betrekking tot die bepaling van kousaliteit. Volgens Neethling *et al.* (2006:165) word daar onderskei tussen

- feitelike kousaliteit en
- regskousaliteit.

Met **feitelike kousaliteit** word daar bepaal of dit vasstaan dat die handeling van die verweerder (op 'n oorwig van waarskynlikheid) die oorsaak van die skade is wat die benadeelde ondervind. In die meeste gevalle is dit geen probleem om op een of ander wyse te bepaal of die handeling van die verweerder die skade van die eiser veroorsaak het nie. Die belangrike vraag hier is *hoe* daar bepaal moet word of daar in 'n situasie waar 'n persoon nadeel (skade) ly, 'n kousale verband bestaan tussen die handeling van die verweerder en die skade van die eiser (Neethling *et al.*, 2006:166).

Vanuit regsweë is daar al dikwels gepoog om 'n kousaliteitstoets te formuleer en al meer skrywers, asook die appèlhof, blyk ten gunste van die *condito sine qua non*-teorie te wees. In praktyk beteken hierdie teorie dat, om vas te stel of X (handeling) die oorsaak van Y (gevolg) is, X geëlimineer (weggedink) moet word en dan kyk of Y wegval al dan nie. Indien Y wegval, was X die oorsaak van Y. Tree Y egter nog steeds in selfs nadat X weggedink is, was X nie die oorsaak van Y nie (Neethling *et al.*, 2006:167-168).

Indien die Amerikaanse saak *Perry Education Association v. Perry local Education Association, 460 U.S. 37 1983* (vgl. par. 4.3.3.3 vir feite van saak) aan die hand van hierdie teorie getoets word, is dit duidelik waarom die hof bepaal het dat Jodeen medewerkende skuld dra. Gestel die opvoeder is X en Jodeen Y. Indien daar 'n kousale verband bestaan tussen die opvoeder (X) se optrede en Jodeen (Y) se beserings, beteken dit dat Y moet wegval as X weggedink word. Die teendeel het egter geblyk. As X weggedink word, het Y nog steeds ingetree. Dit beteken dat X se optrede nie die oorsaak van Y se beserings was nie.

Vir die opvoeder is die toepassing van hierdie teorie belangrik in situasies waar 'n leerder in die opvoeder se sorg nadeel (skade) gely het en die kousale verband tussen die opvoeder se optrede en die leerder se skade bepaal moet word.

Regskousaliteit het ten doel om te bepaal vir welke van die skadelike gevolge wat feitelik deur 'n dader se onregmatige optrede veroorsaak is, hy aanspreeklik gehou moet word. Daar moet 'n grens vir aanspreeklikheid gestel word, aangesien in sekere situasies daar 'n eindelose reeks skadelike gebeurtenisse (gevolge) kan plaasvind wat deur die dader se onregmatige daad veroorsaak is. Geen regstelsel hou 'n dader onbeperk aanspreeklik vir hierdie eindelose skade nie (Neethling *et al.*, 2006:176-177).

In 'n Suid-Afrikaanse strafregsaak, *S v. Mokgethi 1990 1 SA 32 (A)* is die kassier tydens 'n bankroof tussen die skouerblaaie geskiet. Die kassier het nie aan sy wonde beswyk nie, maar het as gevolg van die beserings 'n parapleeg geword en gevolglik rolstoelgebonde. Sy toestand het egter sodanig verbeter dat hy sy pos by die bank kon hervat. Ten spyte van mediese advies wat hy gekry het om homself rond te skuif in die rolstoel ten einde druksere te voorkom het hy versuim om dit te doen, wat tot gevolg gehad het dat druksere wel ontwikkel het. Weens septisemie wat in die druksere ontstaan het, is die persoon weer in die hospitaal opgeneem en het hy ses maande na die skietvoorval aan die septisemie beswyk.
Die strafhof het die beskuldigdes aan moord skuldig bevind, aangesien daar 'n feitelike kousaliteit tussen die skietvoorval en die oorledene se dood was. Die beskuldigdes is die doodstraf opgelê. In die appèlsaak wat gevolg het, word namens die appellante aangevoer dat, alhoewel daar bevind is dat die skietvoorval 'n *feitelike* oorsaak van die dood van die oorledene was, die skietvoorval (in ag genome die beginsel van regskousaliteit) nie *regtens* die dood veroorsaak het nie. Die appèl slaag en die skuldigbevinding aan moord word ter syde gestel en verander tot skuldigbevinding aan poging tot moord. Gevolglik word die beskuldigdes se doodstraf vervang met tien jaar gevangenisstraf.

Uit die voorafgaande gedeelte is dit duidelik dat die nadeel (skade) wat 'n persoon weens onregmatige optrede aan 'n ander veroorsaak van wesenlike belang in die regsproses is. Derhalwe is dit noodsaaklik dat die opvoeder bewus moet wees wat met nadeel (skade) bedoel word.

4.3.5 Nadeel (skade)

Ingevolge die gemenereg kan 'n skadevergoedingsaksie vir nadeel (skade) ingestel word vir enige nadeel (skade) wat 'n persoon ly as gevolg van die nalatigheid van 'n ander (Govender & Kollapen, 2000:5). Wanneer 'n persoon skade ly as gevolg van die onregmatige handeling van 'n ander persoon word dit as 'n delik bestempel (Rossouw, 2004:49) en word daar volgens Kast (1998:5) skadevergoeding toegeken. Dit word bevestig deur die woorde van regter Rumpf in die Suid-Afrikaanse saak van *S v Bernadus 1965(3) SA 287 A* 302G-H.

> In ons deliktereg word 'n persoon aanspreeklik gehou vir skade indien hy kon voorsien dat skade uit die daad kon ontstaan. Dit is nie nodig dat hy inderdaad moet voorsien watter soort skade die daad kan veroorsaak of wat die omvang van die skade sal wees nie. Weens die aard van die menslike samelewing word dit geag dat indien jy skade kan voorsien, jy ook moet voorsien dat die skade van 'n onverwagte aard en ongewoon kan wees.

Nathan toon reeds in 1931 in sy boek *The law of damages in South Africa* aan dat nadeel (skade) een van die belangrikste aspekte in die reg is en dat 'n groot aantal hofsake op een of ander wyse verband hou daarmee. Nathan (1931:4) stel dit dat 'n eenvoudige definisie van skade die verlies is wat 'n persoon ly deur die verbreking van 'n plig aan hom verskuldig deur 'n ander persoon. Meer as 7 dekades later gee Neethling *et al.* (2006:204) 'n meer uitgebreide definisie van skade waar hy dit stel dat skade omskryf kan word as die nadelige inwerking op die *vermoëns- of persoonlikheidsbelang* van 'n persoon wat deur die reg as beskermingswaardig gereken word.

Dit is noodsaaklik om te verstaan dat skade slegs daardie afname in die nuttigheid van belange is wat deur *onsekere* gebeurtenisse veroorsaak word. Aspekte soos slytasie, dood, ouderdom, verbruik ensovoorts wat 'n afname in nuttigheid het, kan nie as skade beskou word nie (Neethling *et al.,* 2006:205).

McCarthy *et al.* (1998:446) stel dit dat nalatigheid nie bestaan alvorens daar skade direk tot die individu (byvoorbeeld 'n gebreekte arm) of tot die individu se eiendom (byvoorbeeld gebreekte venster) teenwoordig is nie. Sonder skade is daar geen gronde vir 'n eis vir skadevergoeding nie. In die meeste gevalle is die individu bewus

van die skade as dit gebeur, maar daar is gevalle waar die individu eers maande of selfs jare later bewus kan word van skade.

Volgens Chamblin (1999:17) kan 'n benadeelde persoon skade eis onder die deliktereg en dien dit as 'n siviele regsmiddel met die doel om die skade (byvoorbeeld fisiese beserings aan die persoon, beskadiging van besittings of aantasting van sy persoonlikheid) wat onregmatig veroorsaak is, reg te stel. Neethling *et al.* (2006:3, 203) bevestig dit waar hy dit stel dat die deliktereg 'n vergoedings- of goedmakingsfunksie het. Die delikpleger het 'n verpligting om die skade (nadeel (skade)) wat hy veroorsaak het, goed te maak en die benadeelde het die reg om die vergoeding te vorder (Neethling *et al.,* 2006:4).

Rossouw (2004:51) tref 'n duidelike onderskeid tussen vermoënskade wat verband hou met finansiële skade en persoonlikheidsnadeel wat verband hou met die benadeling van persoonlike regte, soos byvoorbeeld laster.
Die vernaamste verskille tussen vermoënskade en persoonlikheidsnadeel (nie-vermoënskade) is die volgende:

Tabel 4.1 Klassifikasie van skade

Vermoënskade	Persoonlikheidsnadeel
Direk of natuurlikerwys in geld meetbaar	Hoogstens indirek in geld meetbaar
Omvang van skade kan met groter presiesheid bereken word	Skadevergoeding kan slegs aan die hand van objektiewe kriteria bepaal word
Die skadevergoedingsbedrag is 'n ware ekwivalent van die betrokke skade	Geen werklike verband tussen die geld en die nadeel (skade) nie

Bron: Neethling *et al.* (2006:210, 231)

Botha en Oosthuizen (2005: 96) is van mening dat dit belangrik is dat die opvoeder moet kennis dra van die regsterme *vermoënskade* en *persoonlikheidsnadeel*, aangesien die grootte en wesensaard van die eis in verwysing van hierdie twee regsterme bereken word.

4.3.5.1 Vermoënskade

Om te verstaan wat met vermoënskade bedoel word, is dit volgens Neethling *et al.* (2006:211) belangrik om presies te verstaan wat met die *vermoë* van 'n persoon bedoel word. Dit behels, juridies gesproke, volgens Neethling *et al.* (2006:211-212)

- 'n persoon se vermoë uit sy *vermoënsregte* (subjektiewe regte met 'n geldwaarde ('n reg *op* iets teenoor *ander* mense, byvoorbeeld die eiendomsreg op sy motor) en
- sy *vermoënsverwagtinge* (verwagtinge om vermoënsregte te verkry, byvoorbeeld om in die toekoms geld te kan verdien) en alle regtens afdwingbare verwagtinge van verpligtinge met 'n geldwaarde.

Neethling *et al.* (2006:211-213) identifiseer sekere vermoëns- bestanddele. Die *vermoënsregte* van 'n persoon is 'n positiewe vermoënsbestanddeel, terwyl v*ermoënsverwagtinge* die regtens erkende verwagtinge is om in die toekoms vermoënsregte te verwerf. Neethling identifiseer ook negatiewe vermoënsbestanddele wat dui op *skulde* (nadeel (skade)) wat teen 'n persoon oploop wat tot gevolg het dat 'n persoon se vermoë afneem as gevolg van die skuld wat teen sy vermoë oploop.

Vermoënskade is volgens Neethling *et al.* (2006:210) die verlies of waardevermindering van die nuttigheid 'n vermoënsbestanddeel. Dit beteken dat 'n positiewe vermoënsbestanddeel se nuttigheid afneem of dat 'n negatiewe vermoënsbestanddeel (skuld) ontstaan of vergroot. Onder vermoënskade noem Botha en Oosthuizen (2005:96) verskeie tipes nadeel (skade) waarvoor kompensasie geëis kan word. Hierdie nadeel (skade) sluit in:

- *Mediese uitgawes*

Indien 'n leerder beserings opdoen deur die doelbewuste of nalatige gedrag van 'n opvoeder, mag daar gronde bestaan dat die delikpleger (die opvoeder, skool of selfs onderwysdepartement) gedagvaar kan word vir skade, soos mediese uitgawes en pyn en lyding. In die geval van ernstige beserings kan die eis teen die delikpleger ook toekomstige mediese uitgawes insluit (Neethling *et al.*, 2006:212). 'n Voorbeeld hiervan is die Suid-Afrikaanse saak *Peter Wynkwart v Minister of Education and*

Another 2002. case 4168/199 (C) (vgl. par. 1.2 vir feite van die saak) waar die regter die verweerders aanspreeklik gehou het vir die skade wat Randall (seun van respondent Peter Wynkwart) opgedoen het toe hy van die geslote skoolhek afgeval en verlam is.

- *Saakskade*

Volgens Neethling *et al.* (2006:212) is saakskade die aantasting van die objek van 'n saaklike reg. Praktiese voorbeelde in die skoolopset is volgens Botha en Oosthuizen (2005:96) en Joubert en Prinsloo (2001:104) skade aan leerders se skooluniform, skooltas, fiets en ander persoonlike eiendom. Indien 'n leerder se eiendom beskadig word, kan die leerder (bygestaan deur sy ouers of voog) 'n eis instel teen die delikpleger (opvoeder) verantwoordelik vir die skade aan die eiendom.

- *Verlies aan inkomste*

Volgens Botha en Oosthuizen (2005:97) kan leerders wat byvoorbeeld inkomste verdien as tienermodelle eis vir die verlies aan inkomste indien hulle sodanig beseer word dat hul nie hul rol as tienermodel kan voortsit nie. Dit is egter nie net die direkte inkomsteverlies wat as skade gereken word nie, maar ook *toekomstige vermoënskade*. Vorme van toekomstige vermoënskade wat volgens Neethling *et al.* (2006:231) deur die reg erken word, is onder andere:

- *Toekomstige uitgawes wat die benadeelde sal moet aangaan as gevolg van die skadestigtende gebeurtenis*

Indien 'n leerder byvoorbeeld liggaamlike beserings opgedoen het wat mediese koste vereis, moet die eiser op 'n oorwig van waarskynlikheid kan bewys dat daar uitgawes (soos vir byvoorbeeld mediese onkoste) aangegaan sal moet word in die toekoms, en wat die bedrag daarvan sal wees.

In die saak van *Close v. Minister for Education WA(1968)* is die opvoeder aanspreeklik gehou vir die brandwonde wat 'n leerder in die tegniese skool se werkswinkel opgedoen het. Die opvoeder was besig om 'n les aan te bied waar die leerders geleer is hoe om gesmelte metaal te giet. Die eiser was deel van 'n klas van sowat agt leerders wat gekyk het hoe die opvoeder en twee leerders die aluminium giet. Volgens die eiser het hy en die ander studente in 'n halfsirkel

ongeveer 1 meter (volgens die opvoeder 2 meter) van die gietvorms af gestaan. Die enigste beskermde klere wat hulle aangehad het was oorpakke. Aangesien die aluminium te warm was om dadelik te giet is die pot eers neergesit om af te koel terwyl die opvoeder die metaalgietblok waarin die aluminium gegiet moes word op die warm oond gesit het om alle oortollige vog te laat verdamp. Toe die aluminium genoegsaam afgekoel het, het die opvoeder die gietblok op die oond gaan haal. Ten spyte van die feit dat die opvoeder bewus was dat die gietblok warm was, het hy dit met sy hande gevat. Die warm gietblok het sy hande gebrand en hy het dit op die grond laat val waarna hy dit met sy voet regop geskop het. Die opvoeder het voortgegaan en volgens die regte prosedure die aluminium gegiet. Dit het behels dat daar net eers genoeg aluminium gegiet word om die boom van die gietblok te bedek wat dien as toets om te verseker dat die res van die aluminium gegiet kan word. Toe die gietblok ongeveer 90% gevul was met die gesmelte aluminium was daar 'n geweldige ontploffing in die gietblok. Dit het veroorsaak dat die eiser brandwonde aan sy gesig, hare en regterarm opgedoen het deur die gesmelte aluminium. As gevolg van die beserings moes die eiser gehospitaliseer word.

Deskundiges het getuig dat die opvoeder die regte prosedure en veiligheidsmaatreëls ten opsigte van die giet van die aluminium geneem het. Regter Wolff het egter bevind dat die opvoeder wel nalatig was in die voorsiening van die korrekte veiligheidsklere vir die leerders wat so naby die gietery gestaan het. Die opvoeder was bewus dat so 'n gietery 'n element van gevaar inhou en hy moes die nodige voorsorgmaatreëls getref het.

As gevolg van die eiser se beserings, het hy effens agter geraak met sy kursus. Van die beserings was baie pynlik en ook permanent van aard. Ten spyte van veloorplantings het die eiser 'n geringe mate van misvorming oorgehou. Regter Wolff het bepaal dat 'n noemenswaardige skadevergoedingsbedrag aan die eiser betaal word vir die algemene mediese uitgawes wat die eiser gely het, pyn en lyding, ongemak en misvorming. Die skadevergoedingsbedrag is ook bepaal op grond van moontlike toekomstige uitgawes vir plastiese snykunde (ten einde misvorming te herstel) en die verlies aan toekomstige inkomste weens die vertraging in die voltooiing van die eiser se kursus.

- *Verlies van toekomstige inkomste*

Waar 'n leerder byvoorbeeld sodanig beseer word dat hy arbeidsongeskik sou raak en die moontlikheid om geld in die toekoms te verdien verloor, word dit as toekomstige skade gesien (Neethling *et al.*, 2006:216).

Die saak van *State of New South Wales v. Moss (2000)* is 'n sprekende voorbeeld waar die eiser skadevergoeding ontvang het vir onder andere die feit dat die eiser nie haar beplande loopbaan kon volg as gevolg van die beserings wat sy opgedoen het. In hierdie saak het was die eiser, Moss, 'n 14-jarige dogter, wat ernstige brandwonde in die huishoudkundeklas opgedoen het. As deel van haar opleiding in huishoudkunde was Moss saam met ander leerders besig met 'n eksperiment om vette uit worsies te onttrek. Die prosedure het behels dat die worsies in 'n houer opgewarm word waarna brandspiritus in die houer gegooi word. Met die ingooi van die brandspiritus het daar 'n ontploffing plaasgevind wat ernstige brandwonde aan die gesig, nek en hande van Moss veroorsaak het.
Moss het die ideaal gehad om eendag haar eie haarsalon te besit, wat behels het dat haar skoolopleiding die spesialisering in haarkappery ingesluit het. As gevolg van die erns van haar beserings en ander gesondheidsprobleme wat voortgespruit het uit die ongeluk in die huishoudkundeklas het Moss nie weer teruggekeer skool toe nie. Ondanks die feit dat Moss wel mettertyd haar New South Wales-sertifikaat voltooi het, het die kosmetiese en fisieke beserings wat sy met die ongeluk opgedoen het haar verhoed om haar loopbaankeuse as haarkapster te kon volvoer.
Die skool het nalatigheid aan hul kant erken en die jurie het skadevergoeding (vir mediese uitgawes, pyn en lyding asook verlies aan toekomstige inkomste) aan die eiser toegestaan. Die skool het teen die skadevergoedingsbedrag geappelleer, wat deur die hof van die hand gewys is. Die hof het beslis dat Moss beseer is in die ongeluk weens die feit dat die opvoeders en die skool nalatig was in die volvoering van hul toesighoudingspraktyk.

Hierdie saak is nie net 'n sprekende voorbeeld vir die opvoeder om aan te dui wat van hom verwag word ten opsigte van sy sorgsaamheidsplig nie, maar ook om aan te dui hoe 'n besering aanleiding kan gee tot 'n skadevergoedingseis vir die verskillende vorme van vermoënskade asook persoonlikheidsnadeel.

4.3.5.2 Persoonlikheidsnadeel

Persoonlikheidsnadeel kan volgens Neethling *et al.* (2006:231) gedefinieer word as die nadelige verandering of feitelike versteuring van 'n persoon se regsbeskermde persoonlikheidsbelange, sonder dat die persoon se ekonomiese posisie noodwendig geraak word. Daar bestaan regsbeskermde persoonlikheidsbelange ten aansien van die fisies-psigiese integriteit, liggaamlike vryheid, asook 'n persoon se reg op 'n goeie naam, eer, privaatheid, identiteit en sy gevoelslewe.

Wanneer 'n persoon (gewoonlik 'n kind) skade of persoonlikheidsnadeel ly vanweë bepaalde optrede of versuim van die opvoeder, sal die aanspreeklikheid vir nadeel (skade) gemeet word aan die hand van die nalatigheid wat deur die opvoeder geopenbaar is (Bennett & Meredith, 2000:229). Dit is noodsaaklik dat opvoeders bewus is van die tipes nadeel (skade) wat 'n leerder in sy sorg kan ly, aangesien elkeen van hierdie tipes nadeel (skade) 'n invloed kan hê op die aanspreeklikheid van die opvoeder (Joubert & Prinsloo, 2001:105). Volgens Botha en Oosthuizen (2005:97) staan die howe normaalweg skadevergoeding (kompensasie) toe vir die volgende tipes persoonlikheidsnadeel wat 'n persoon gely het as gevolg van byvoorbeeld fisiese of psigiese beserings:

- *Pyn en lyding*

Volgens Neethling *et al.* (2006:234) kan kompensasie deur 'n persoon geëis word vir alle pyn, asook liggaamlike en geestelike lyding en ongerief as gevolg van die besering wat hy (liggaamlik en/of emosioneel) gely het en in die toekoms gaan ly.

In die Suid-Afrikaanse saak *Van der Westhuizen v Du Preez 1928 TPD 45 49* is die eiser ('n treindrywer van beroep) beseer toe hy deur 'n voertuig raakgery is terwyl hy op sy fiets gery het. Die hof het bevind dat die eiser gekompenseer moet word vir liggaamlike pyn en lyding. Die hof het verder bevind dat hy gekompenseer moet word vir die verlies van lewensgenietinge, aangesien hy daarna voortdurende pyn moes verduur en vinnig uitgeput geraak in sy taak as treindrywer.
Gestel byvoorbeeld dat 'n leerder sy vingers afsny met 'n elektriese rolsaag aangesien die lembeskermer nie in plek was nie. So 'n leerder kan kompensasie eis vir pyn en lyding, verlies van lewensgenietinge en vir misvorming indien dit bevind word dat die werkswinkelopvoeder, skool en/of onderwysdepartement nalatig was.

- *Misvorming*

Volgens Neethling *et al.* (2006:235) kan skadevergoeding geëis word vir enige ontsiering, skending of letsels van die eiser se liggaam asook die verlies van 'n ledemaat, mankheid en vertrekkings. Met bepaling van die omvang van die nadeel (skade) sal die hof kyk na aspekte soos die geslag en ouderdom van die eiser, die sigbaarheid van die misvorming, die invloed wat dit het op die eiser se lewe en die voorkoms van die eiser voor die besering. Die leerder, soos in die voorbeeld hierbo genoem, kan dus kompensasie eis vir misvorming, aangesien die verlies van vingers 'n baie sigbare misvorming is en dit waarskynlik 'n nadelige impak op die leerder se lewe sal hê.

- *Verlies van lewensgenietinge*

Dieselfde leerder hierbo genoem, kan waarskynlik vir kompensasie eis op grond van die feit dat as gevolg van die verlies van vingers, hy nie dieselfde lewensgenietinge kan beleef as voor die besering nie. Neethling *et al.* (2006:235) beskryf die verlies aan lewensgenietinge as die verlies van 'n persoon se vermoë om aan algemene en besondere lewensbedrywighede deel te neem soos wat dit voorheen vir die persoon moontlik was.

- *Verlies aan algemene gesondheid*

Volgens Botha en Oosthuizen (2005:97) kan 'n persoon kompensasie ontvang indien hy sy algemene gesondheid as gevolg van 'n delik verloor het. Die verlies aan gesondheid word in die regspraktyk meestal ingesluit by die verlies aan lewensgenietinge (Neethling *et al.*, 2006:235).

Dit is belangrik vir opvoeders om te besef dat hul moontlik aanspreeklik gehou kan word indien die leerders in hul sorg se gesondheid nadelig geraak word deur gevaarlike situasies en/of omstandighede tydens skoolaktiwiteite. Dit word bevestig in die Amerikaanse saak van *Drake v. Mitchell Community Schools 1994. 628 N.E.2d 1231* wat handel oor 'n leerder wat 'n ernstige graad van histoplasmose (siekte wat deur fungus veroorsaak word en wat die longe aantas wat pynlike asemhaling tot gevolg het) opgedoen het van duiwemis wat in 'n ou graansilo was. Die graansilo is die betrokke jaar deur die skool gebruik as spookhuis om hul jaarlikse *Halloween*

fondswerwingsgeleentheid in aan te bied. Daar is bevind dat die opvoeder as die adviseur van die skool se studenteraad, bewus was van die risiko wat die duiwemis vir die leerders se gesondheid kon inhou. Die versuim van die opvoeder om die leerders bewus te maak van hierdie gesondheidsrisiko en die nalaat om voorkomende maatreëls te neem was volgens die hof 'n verbreking van die sorgsaamheidsplig verskuldig aan die leerders. Die hof bevind verder dat voorkoming eenvoudig was deurdat die opvoeder met gepaste waarskuwings die studente kon verbied het om die silo binne te gaan alvorens dit skoongemaak was, of alternatiewelik kon die leerders stofmaskers dra tot die silo skoongemaak was.

- *Verkorte lewensverwagtinge*

Kompensasie kan aan 'n persoon toegestaan word indien die persoon se natuurlike lewensverwagting verkort word as gevolg van 'n delik (Botha & Oosthuizen, 2005:97; Neethling *et al.,* 2006:235). Sou 'n leerder dus as gevolg van die nalatigheid van 'n opvoeder sodanig beseer word dat hy na alle waarskynlikheid 'n verkorte natuurlike lewensverwagting het, kan dit as 'n nadeel beskou word waarvoor kompensasie geëis kan word.

- *Emosionele skok*

Volgens Neethling *et al.* (2006:234) word emosionele skok gewoonlik met pyn en lyding geassosieer, wat verder kan manifisteer in psigiese en/of fisiese siektetoestande soos slapeloosheid, 'n angsneurose, histerie en depressie. Indien 'n eiser kompensasie vir emosionele skok wil eis, is dit volgens die Suid-Afrikaanse reg nie nodig vir die eiser om *fisiese* nadeel (skade) te bewys nie. Indien die eiser kan bewys dat hy psigiese of geestelike nadeel (skade) ly as gevolg van emosionele skok veroorsaak deur die delikpleger, is hy geregtig om kompensasie te eis (McKerron, 1971:154).

In die Louisianasaak, *Spears v. Jefferson Parish School* Board 646 So.2d 1104, is 'n liggaamlike opvoedingsopvoeder aanspreeklik gehou vir die emosionele skok wat 'n kleuterskoolleerder opgedoen het. Die opvoeder het voorgegee dat hy twee van die leerder se vriende opgehang het. Die leerder het hierdie twee "gehangde" vriende aanskou. Ná hierdie voorval het die leerder verskeie emosionele probleme

ontwikkel, wat volgens mediese kenners die direkte gevolg is van die leerder se aanskoue van sy "oorlede" vriende. In hierdie geval het die leerder emosionele skade met langdurige gevolge opgedoen, wat tot gevolg gehad het dat die hof 'n noemenswaardige skadevergoedingsbedrag toegestaan het aan die eiser.

Kompensasie word gewoonlik nie toegestaan vir emosionele skok wat van korte duur is en wat geen invloed op die gesondheid van die betrokke persoon het nie (Neethling *et al.,* 2006:235).

4.4 SKULDLOSE AANSPREEKLIKHEID

Uit die voorafgaande gedeelte kan die vraag ontstaan: "Wie kan aanspreeklik gehou word indien 'n leerder nadeel (skade) ly deur die onregmatige optrede van 'n opvoeder?"

4.4.1 Middellike aanspreeklikheid

Volgens Neethling *et al.* (2006:359) word middellike aanspreeklikheid omskryf as die skuldlose aanspreeklikheid van een persoon vir die skade wat deur 'n ander persoon se onregmatige optrede veroorsaak is. Persoon A kan in sekere omstandighede dus indirek skuldloos aanspreeklik gehou word vir die onregmatige optrede van persoon B. Daar kan egter net sprake van middellike aanspreeklikheid wees as daar 'n besondere verhouding tussen die twee persone bestaan (Botha & Oosthuizen, 2005:99; Neethling *et al.,* 2006:359; Varnham, 2001:115). Vir die doeleindes van hierdie studie word daar slegs gefokus op die werkgewer-werknemer-verhouding.

Ten einde die intree van middellike aanspreeklikheid vas te stel moet bewys word dat die werknemer nie net in diens van die werkgewer gestaan het nie, maar dat hy ook opgetree het binne die omvang van sy bevoegdhede en pligte (Varnham, 2001:115). Volgens Botha en Oosthuizen (2005:99) kan 'n werknemer slegs onder die volgende omstandighede middellik aanspreeklik gehou word:

- daar moet 'n werknemer-werkgewer-verhouding bestaan;
- die werknemer moet 'n delik pleeg;
- die werknemer moes die delik in die uitvoering van sy pligte gepleeg het en
- die werknemer moet binne die omvang van sy bevoegdhede optree.

Volgens Artikel 1 van die Wet op Aanspreeklikheid No. 20 van 1957 (20/1957) kan die staat middellik aanspreeklik gehou word vir 'n delik gepleeg deur enige van sy werknemers binne die kapasiteit van die werknemer se aanstelling en outoriteit. Volgens Artikel 60 (1) en (2) van die Skolewet (84/1996d) is die Staat aanspreeklik vir enige skade en verlies as gevolg van enige daad of versuim in verband met enige opvoedkundige aktiwiteit wat deur 'n openbare skool bedryf word. In praktyk beteken dit dat die moontlikheid bestaan dat die werkgewer (skool of onderwysdepartement) van die opvoeder (werknemer) middellik aanspreeklik gehou kan word vir die nadeel (skade) wat 'n leerder ly weens die onregmatige optrede van 'n opvoeder in die uitvoering van sy sorgsaamheidsplig. Die ouers van die leerder kan volgens Botha en Oosthuizen (2005:99) die betrokke werkgewer direk dagvaar.

Volgens Artikel 20(4) van die SA Skolewet (84/1996d) kan die beheerliggaam van 'n openbare skool poste skep en addisionele opvoeders aanstel. Met hierdie aanstellings vertolk die beheerliggaam die rol as werkgewer en is die staat, volgens Artikel 20(10) van die SA Skolewet (84/1996d), nié aanspreeklik vir enige nalatige optrede of versuim deur die opvoeders met betrekking tot die kontraktuele verantwoordelikhede teenoor die werkgewer (beheerliggaam) nie. Beheerliggame is dus verantwoordelik en kan middellik aanspreeklik gehou word vir 'n delik gepleeg deur 'n opvoeder wat deur hulle aangestel is namens die skool.

Alhoewel nie 'n onderwyssaak nie is die Suid-Afrikaanse saak van *Costa Da Oura Restaurant (Pty) Ltd t/a Umdloti Bush tavern v Reddy HHA 2003 SA* 'n goeie praktykvoorbeeld waarin middellike aanspreeklikheid en die vereistes in die wergewer-werknemer-verhouding na vore kom. In hierdie saak het 'n kroegman een van die klante (eiser) aangerand. Die kroegman het die klant buite die taverne aangerand nadat hy van diens af gekom het. Die hof het bevind dat die aanranding 'n persoonlike daad van aggressie was, geensins in belang van die werkgewer was nie en buite die kroegman se pligte en geïmpliseerde bevoegdheid as kroegman geval het. Wraaksug van 'n werknemer wat tot aanvalle op klante lei, kan nie die werkgewer middellik aanspreeklik hou nie.
As hierdie saak aan die hand van die vereistes vir die werkgewer-werknemer-verhouding getoets word, is dit duidelik waarom die hof nie die werkgewer middellik aanspreeklik gehou het nie. Alhoewel hier 'n werkgewer-werknemer-verhouding was

en 'n delik gepleeg is, het die delik nie verband gehou met die uitvoering van normale werksnemerverpligtinge nie en het die werknemers buite hul werksbevoegdheid opgetree.

Waar daar wel 'n werkgewer-werknemer-verhouding bestaan en die delik binne die bestek van die werknemer se pligte plaasgevind het, kan die werkgewer wel middellike aanspreeklik gehou word soos bevind in appèlsaak van *Natasha Kern v Minister van Veiligheid en Sekuriteit SA CCT52/04* (vgl. par. 3.3 vir feite van die saak). Die kern van die saak is dat polisiemanne 'n vrou (wat die polisiemanne vir hulp genader het) verkrag het terwyl hul besig was met amptelike werkspligte.

In die Suid-Afrikaanse saak *Minister of Education and Culture (house of delegates) v Azel and another 1995 (1) SA 30 (A)* is die Minister of Education and Culture (house of delegates) middellik aanspreeklik gehou vir skadevergoeding aan 'n leerder nadat hy beserings tydens 'n skooluitstappie opgedoen het, ten spyte van 'n vrywaringsvorm wat die leerder se ouer onderteken het (vgl. par. 4.4.2) vir feite van saak).

In die Suid-Afrikaanse saak *Muntingh v. Gautengse Departement van Onderwys en die Hoërskool Vereeniging 1997* (vgl. par. 5.3.3.1 vir feite van saak) het die Pretoria Hoërhof beslis dat die LUR van onderwys in Gauteng (as werkgewer) asook die Hoërskool Vereeniging (werknemer/dienaar) middellik aanspreeklik is vir die skade wat Muntingh opgedoen het en dat hulle skadevergoeding aan Muntingh moet betaal. Hierdie beslissing is onder andere gegrond op die feit dat in hierdie gebeurtenis daar 'n werkgewer-werknemer-verhouding (opvoeder→ skool→ onderwysdepartement) was en die opvoeder 'n delik gepleeg het binne die bevoegdhede en in die uitvoering van haar amptelike pligte.

Sou 'n leerder, deur die onregmatige optrede van 'n opvoeder, 'n besering opdoen in die sweiswerkswinkel kan die onderwysowerheid middellik aanspreeklik gehou word vir die nadeel (skade) wat die leerder gely het. Sou dieselfde opvoeder egter die leerder versoek om hom Saterdag by sy huis te kom help met sweiswerk en die leerder doen 'n besering op as gevolg van die nalatigheid van die opvoeder, kan die onderwysowerheid en/of beheerliggaam nie middellike aanspreeklik gehou word nie,

aangesien die delik buite die uitvoering van die opvoeder se amptelike pligte gebeur het.

Volgens Varnham (2003:186) en Neethling *et al.* (2006:362) kan 'n werkgewer middellik aanspreeklik gehou word vir die nalatige handeling van 'n opvoeder slegs as die handeling só nou verband hou met die algemene aard van die opvoeder se sorgsaamheidsplig dat dit beskou kan word dat die opvoeder sy plig op 'n onvanpaste/verkeerde wyse nagekom het. Die werkgewer is egter nie middellik aanspreeklik vir totale onafhanklike onregmatige optrede van 'n opvoeder buite die opvoeder se amptelike pligte nie.

In die geval van 'n suksesvolle skadevergoedingseis wat teen die werkgewer ingestel is op grond van 'n delik deur die opvoeder gepleeg, kan die werkgewer in sekere gevalle, ingevolge die regresregbeginsel, by die geregshof aansoek doen om die geld van die opvoeder te verhaal (Kruger, 2003:107).

4.4.2 Vrywaring

Joubert en Prinsloo (2001:100) en Botha en Oosthuizen (2005:100) stel dit dat vrywaring beskou kan word as 'n aanspreeklikheiduitsluitingsgrond. Wanneer die ouers/voog van 'n leerder 'n vrywaringsvorm teken, beteken dit dat die ouer afstand doen (of beperk) van sy reg om sodoende die opvoeder (en staat en/of skool) te vrywaar teen enige skade wat hy mag ly. Opvoeders (of skool) kan egter net in bepaalde gevalle en op 'n beperkte wyse deur middel van 'n vrywaringsvorm hulself van aanspreeklikheid vrywaar.

Volgens Joubert en Prinsloo (2001:100) is dit belangrik om te besef dat die vrywaringsvorm wat die ouer teken slegs geldig is met betrekking tot die skade wat die ouer self ly. Die nadeel (skade) wat 'n (minderjarige) leerder ly, word nie deur 'n vrywaringsvorm gedek nie, aangesien die reg bepaal dat 'n ouer nie tot nadeel (skade) van die minderjarige mag optree nie. Indien 'n skool 'n bustoer reël vir die eerste rugbyspanleerders en hul ouers kan die ouers net namens hulself vrywaring gee. Sou daar 'n busongeluk plaasvind en die ouers en hul kind word beseer, is die ouers aanspreeklik vir die mediese koste, aangesien dit 'n skade is wat die ouer self ly. Sou die leerder egter sodanig beseer word dat hy sy arm verloor, ly hy

persoonlikheidsnadeel (vgl. par. 4.3.5.2) en kan die leerder 'n eis instel teen dié persoon (skool en/of staat) aan wie se nalatigheid of opset die beserings te wyte is (Joubert & Prinsloo, 2001:100). Volgens (Botha & Oosthuizen, 2005:100) kan 'n vrywaring dus 'n opvoeder (of skool) net in 'n beperkte mate en beperkte omstandighede vrywaar teen die moontlike persoonlike eis van 'n leerder vir nadeel (skade) gely of vir die benadeling van sy persoonlike regte. Sou 'n vrywaringsvorm die vrywaring (kwytskelding) van 'n leerder se persoonlike eis (na mondigwording) bevat, moet die leerder, bygestaan deur sy ouers, die kwytskelding onderteken.

Dit moet in gedagte gehou word dat 'n vrywaringsvorm nie die opvoeder, skool of staat kan vrywaar van aanspreeklikheid indien skade doelbewus of deur roekelose optrede veroorsaak is nie. Dit kom duidelik na vore in die appèlsaak van *Minister of Education and Culture (house of delegates) v Azel and another.* Die feite van die oorspronklike saak waarop die appèlsaak gebaseer is, was as volg: 'n Leerder (eiser) van 'n openbare skool is ernstig beseer in 'n motorongeluk tydens 'n skooltoer. Die toer is as 'n opvoedkundige aktiwiteit deur die Biologieopvoeder gereël. Mev Azel (as ouer van die eiser) het 'n vrywaringsvorm onderteken waarin sy die Minister of Education and Culture (house of delegates) (respondent) vrywaar van aanspreeklikheid sou die leerder iets oorkom. Die minibus wat die leerders moes vervoer, het nie genoeg plek vir al die leerders gehad nie. Die Biologieopvoeder het aangebied om leerders met haar privaatmotor te vervoer en die appellant was een van twee leerders wat saam met die opvoeder gery het. Onderweg na hul bestemming het die biologieopvoeder beheer oor haar motorvoertuig verloor, van die pad af gery en teen 'n boom gebots waartydens die leerder (eiser) beseer is. Dit is vasgestel dat die Biologieopvoeder nalatig bestuur het deur nie redelike voorsorgmaatreëls te tref om die ongeluk te vermy nie.
Die bevinding van die hof was dat, aangesien die Biologieopvoeder in diens van die Minister of Education and Culture (house of delegates) staan, en die ongeluk (as gevolg van haar nalatigheid) binne die omvang van haar indiensneming plaasgevind het, die *Minister of Education and Culture (house of delegates)* skadevergoeding van R 765 252.00 aan die eiser moet betaal.
Die Minister of Education and Culture (house of delegates) (applikant) het appèl aangeteken teen die bevinding. Hul appèl is gegrond op die vrywaringsvorm wat mev Azel (respondent) onderteken het. Volgens die applikant het die ondertekening van

die vrywaringsvorm hulle gevrywaar van enige aanspreeklikheid. Die bewoording van die vrywaringsvorm wat volgens die applikant die vrywaring verleen, lees as volg:

> I fully understands and accepts that all tours and excursions shall be undertaken at my child's own risk and I undertake, on behalf of myself, my executors and my child aforesaid to idemnify, hold harmless and absolve the Department, the principal and his staff against any from any or all claims whatsoever that may arise in connection with any loss of or damage to the property or injury to the person of my child aforesaid in the course of any tour or excursion, *in the knowledge that the principal and his staff will, nevertheless, take all reasonbale pracautions for the safety and welfare of my child.*

Die interpretasie van die woorde is hewig betwis in die saak. Volgens die applikant stel die woorde duidelik dat hulle nie aanspreeklik gehou kan word nie en dat die ouer ingestem het met hierdie vrywaring deur haar ondertekening van die vrywaringsvorm. Die hof bevind egter dat die tweede gedeelte van die bewoording (kursief gedruk) die verskil maak. Sou dié gedeelte nie in die bewoording verskyn het nie kon die applikant dalk 'n saak gehad het. Die regter bevind dat die woorde *"in the knowledge"* impliseer dat die ouer die Departement, hoof en sy personeel vrywaar van aanspreeklikheid met *dien verstande* dat alle redelike voorsorgmaatreëls vir die veiligheid van die leerders getref sal word. Die feit dat die motorongeluk as gevolg van die Biologieopvoeder se nalatigheid was en versuim om redelike voorsorg te tref is nie betwis nie. Derhalwe bevind die regter dat die appèl met koste van die hand gewys word.

Neethling *et al.* (2006:255) is van mening dat die bevinding van die hof in bogenoemde saak impliseer dat in 'n geding waar 'n skool se aanspreeklikheid teenoor ouers ten opsigte van saakbeskadiging of persoonlike beserings van leerders met betrekking tot skoolaktiwiteite nie nalatige optrede aan die kant van die opvoeders dek nie ten spyte van 'n vrywaringsvorm wat deur 'n ouer onderteken is.

4.4.2.1 Toestemming

Volgens Joubert en Prinsloo (2001:99) is dit noodsaaklik dat opvoeders toestemming vir deelname aan 'n bepaalde aktiwiteit, wat 'n risiko van gevaar inhou, by 'n leerder

se ouers moet verkry. Hierdie noodsaaklikheid word bepaal in die Wysigingswet (SA, 2006) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996d) wat volgens Artikel 8(c)(1) bepaal dat:

> **Toestemming:**
> 'n Openbare skool moet skriftelike toestemming verkry van die ouer van 'n leerder wat 'n skoolaktiwiteit sal onderneem.

Ouers gee hierdeur toestemming tot *redelike risiko van besering*. Ouers en leerders kan net toestemming gee tot die risiko van besering as die aktiwiteit binne die leerder se vaardighede val en hulle bewus gemaak is van die gevare voor die aktiwiteit 'n aanvang neem. Ten spyte van toestemming deur die ouers kan 'n opvoeder wat nalatig optree nog steeds aanspreeklik gehou word (Joubert & Prinsloo, 2001:99).

4.4.3 Aanspreeklikheidsversekering vir skole

Volgens Botha en Oosthuizen (2005:101) kan 'n skool of opvoeder aanspreeklikheidsversekering uitneem met die doel om die delikpleger (opvoeder en/of skool), teen regsaanspreeklikheid te vrywaar. Sou die ouers of leerder 'n eis teen die skool instel vir skade wat gely is as gevolg van die onregmatige optrede van die opvoeder en/of skool sal hierdie skade deur die versekeraar betaal word.

4.5 SAMEVATTING

Aanspreeklikheid vir nalatigheid is 'n groot bron van kommer vir alle professionele persone (McCarthy & Sorenson, 1993:166) en volgens Mgolego (2004: 68) raak opvoeders toenemend besorg oor die moontlikheid van regsaksies van ouers wat meen dat hul kind se regte deur die opvoeder benadeel is. Vacca (2007:2) is van mening dat in die komende jare die besorgdheid oor die veiligheid van leerders (en opvoeders) 'n hoë prioriteit in onderwysinrigtings sal geniet.

In Hoofstuk 5 word daar gefokus op onder andere die grondslag van die opvoeder se sorgsame toesighoudingsplig en regspligte met betrekking tot die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk.

HOOFSTUK 5

SORGSAME TOESIGHOUDINGSPLIGTE VAN DIE OPVOEDER IN DIE PRAKTYK.

5.1 INLEIDING

Die Suid-Afrikaanse reg plaas 'n hoë premie op die erkenning en beskerming van elke persoon se fisiese veiligheid en integriteit. Die onderwyssisteem, en skole spesifiek, is toevertrou om die veiligheid en fisiese welstand van die leerders te verseker (Naylor, 2002:1). Volgens De Wet en Oosthuizen (2001:163) is een van die basiese verpligtinge van die opvoeder, onder die gemenereg in terme van sy rol as sorgsame toesighouer, om om te sien na die fisiese en geestelike welstand van die leerder. Die opvoeder staan binne hierdie opvoeder-leerder-verhouding in 'n unieke situasie ten opsigte van mag en invloed waardeur die potensiaal van 'n onderwyser se onregmatige handelinge om skade aan die leerder te besorg, redelik hoog skyn te wees (Varnham, 2001:115).

Die grondslag vir effektiewe onderwys, wat die beste belang van die leerder in die skool waarborg, word nie net deur die werknemerkontrak gewaarborg nie, maar deur die insluiting van die regte en pligte van die opvoeder in die gemenereg (Rossouw, 2004:284). Volgens Botha *et al.* (1990:2) en Mgolego (2004:68) moet opvoeders, ten einde hul in staat te stel om hul sorgsame toesighoudingspraktyk doeltreffend te kan verrig en hulself professioneel te handhaaf, kennis dra van die verskillende regsbeginsels wat op hul beroep van toepassing is. Joubert en Prinsloo (2001:xiii) is van mening dat opvoeders dié kennis in praktyk moet kan toepas met betrekking tot aspekte van die reg wat van toepassing is op die skoolsituasie. Volgens Bray (2000a:59) is die gemeneregsbeginsel, wat besonder relevant vir die onderwysveld is, die beginsel van *in loco parentis.*

5.2 IN LOCO PARENTIS

Die Latynse term *in loco parentis* word letterlik vertaal as "in die plek van die ouer" (Lugg, 2000:83; Hiemstra & Gonin, 1986:210). Reeds in 1769 het Sir Williams Blackstone die essensie van die verantwoordelikheid van die opvoeder se sorgsaamheidsplig gekonfirmeer deur die *in loco parentis*-doktrine (DeMitchell, 2002:18).

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (2001:22) stel dit dat die opvoeder *in loco parentis* optree solank as die leerder besig is met skoolaktiwiteite. Die ouer bly egter die primêre opvoeder en outoriteit in die opvoeding van die kind, maar hierdie gesag word regtens aan die opvoeder gedelegeer. Potgieter (2004:155) benadruk dat sekere regte en pligte van die ouer met betrekking tot hul kinders, soos die voorsiening van basiese voedsel, mediese sorg, huisvesting en klere nie aan die opvoeder oorgedra kan word onder die *in loco parentis*-doktrine nie. Wanneer 'n ouer sy kind skool toe stuur, word die kind (leerder) in die sorg van die opvoeders gelaat en tree die opvoeder op *in loco parentis* met betrekking tot die opvoeding, onderrig en beskerming van die leerder teen fisiese nadeel (skade). Die beginsel van *in loco parentis* beteken dus nie dat die opvoeder al die verantwoordelikhede van die ouers oorneem of die ouer vervang nie (SARO, 2002:142).

Die opvoeder moet ook soos 'n *diligens paterfamilias* (Latyn vir "goeie vader van die huis of gesin") optree, wat beteken dat dieselfde mate van sorgsaamheid van hom verwag word in sy beskerming van die leerders as wat van 'n sorgsame vader verwag sou word (Beckmann, 1989:52).

Volgens Lugg (2000:83) word die *in loco parentis*-doktrine gebruik om die sorgsaamheidsplig asook die standaard van sorg, vir beide dissiplinêre en nie-dissiplinêre situasies wat die opvoeder teenoor die leerder verskuldig is, te bepaal. Oosthuizen en Van der Walt (1998:94) en Mgolego (2004:65) brei hierop uit waar hulle dit stel dat, weens die opvoeder se besondere belangstelling in effektiewe onderrig van die leerder, die *in loco parentis*-rol impliseer dat die opvoeder 'n verpligting het om die onderrig-leer-proses te bestuur, die reg het om skool-outoriteit oor die leerder toe te pas, die leerder moet dissiplineer in die konteks van die

onderrig-leer-proses en 'n sorgsaamheidsplig teenoor die leerder het met betrekking tot die fisiese en geestelike welsyn van die leerder (vgl. Figuur 1).

Figuur 5.1: Die *in loco parentis*-posisie van die opvoeder



Bron: Oosthuizen en Van der Walt (1998:95)

Volgens Oosthuizen en Van der Walt (1998:95) is een van die steunpilare van die Suid-Afrikaanse benadering ten opsigte van die *in loco parentis*-doktrine, die *sorgsaamheidsplig* van die opvoeder. Hierdie benadering word statutêr bepaal deur Artikel 28(2) van die Grondwet (1996a) wat bepaal dat die beste belang van die kind deurslaggewend moet wees in elke aangeleentheid wat die kind mag raak.

Uit Figuur 5.1 kan die afleiding gemaak word dat 'n opvoeder se *in loco parentis*-posisie op drie steunpilare staan, naamlik

- die bevoegdheid met betrekking tot gesagshandhawing;
- die verpligting om te onderrig en
- die verpligting tot sorgsame toesighouding.

Vir die doeleindes van hierdie studie word daar gefokus op die opvoeder se sorgsaamheidsplig as steunpilaar van die *in loco parentis*-doktrine.

5.3 SORGSAAMHEIDSPLIG

Volgens Odendal (1994:979,989) word die begrip *sorgsame toesig* omskryf as:

- Sorgsaam: oppassend, volsorg
- Toesig: bewaking, sorg, toesig hou oor 'n minderjarige.

Volgens Kruger (2003:87) word sorgsame toesig omskryf as die bewaking en versorging van die minderjarige. Wanneer ouers hul kinders skool toe stuur, aanvaar die skool, deur sy opvoeders, sommige van die ouers se sorgsaamheidspligte wat hy aan die kind verskuldig is (DeMittchell, 2002:18). Wanneer daar in terme van die onderwys gepraat word, is daar geen twyfel nie dat die groep individue wat die grootste kans het as verweerders – die skoolopvoeder – sorgsaamheidsplig verskuldig is aan die leerders in hul sorg (Lugg, 2000:84).

5.3.1 Basis van die opvoeder se sorgsame toesighoudingsplig

Potgieter (2004:155) is van mening dat uit 'n onderwysoogpunt beskou, dit onrealisties en onvanpas sou wees om te verwag dat opvoeders leerders sou onderrig soos die "redelike ouer". Die professionele opleiding van die opvoeder is juis nodig, aangesien min ouers oor die kennis en vaardighede beskik om hul kinders te onderrig in die soms gespesialiseerde en tegniese skoolvakke wat die leerder nodig het om effektief in die moderne sosiale samelewing te funksioneer. Els (in Kruger, 2003:89) beklemtoon dat ouers vanweë die kompleksiteit van die samelewing nie alle fasette van die kind se opvoeding kan behartig nie; daarom is dit nodig dat die ouer gespesialiseerde hulp benodig met die opvoeding van hul kind. Die opvoeder, as professionele opvoedkundige, is een van die persone aan wie hierdie taak opgedra word.

Die grondslag van die opvoeder se sorgsaamheidsplig, op grond van sy *in loco* parentis-posisie, is hoofsaaklik tweërlei van aard.

- In die eerste plek is daar die gedelegeerde verpligting wat beteken dat die ouer sy verpligting as sorgsame ouer aan die opvoeder delegeer (Lugg, 2000:84, Oosthuizen & Van der Walt, 1998:92, Botha & Oosthuizen, 2005:86, Wenham, 1999:365). Volgens Wenham (1999:365) voer die opvoeder gedelegeerde gesag (deur die ouers en skoolhoof aan die

opvoeder gegee) uit oor leerders op die skoolterrein en tydens normale skoolsessies.

- Die tweede standpunt is dat die opvoeder 'n oorspronklike verpligting ten opsigte van die veiligheid van leerders het. Volgens Mawdsley (1995:10) is die wetlike (oorspronklike) verpligting die plig wat regtens vereis word om te doen teenoor 'n bepaalde persoon of die publiek in die algemeen. Die wetlike verpligting vir 'n skool (dus ook opvoeder) is gebaseer op die skool-leerder-verhouding of wetgewing. Die oorspronklike outoriteit oor die leerders lê gefundeerd in die opvoeder se professionele verantwoordelikhede, terwyl die outoriteit oor die leerder se gedrag gedelegeer is deur die ouers (SARO, 2002:142). Dit beteken dat met betrekking tot aspekte rakende die leer- en onderrigpraktyk in die skoolopset die opvoeder die primêre besluitnemingsbevoegdheid het. Met betrekking tot aspekte soos geloof, kulturele en sosiale praktyke en beskouinge van die leerders bly die ouers die primêre besluitnemers (SARO, 2002:142).

Gegrond in die wetlike verpligting staan die opvoeder uit hoofde van gesagsposisie as sorgsame toesighouer in 'n regsverhouding met die leerder (De Waal, 1994:77). Skrywers is dit ook eens dat hierdie regsverhouding behels dat opvoeders 'n verpligting het om die leerders onder hul toesig teen gevare te beskerm (Berman *et al.*, 2001:51; Lugg, 2000:85; Varnham, 2001:110). McCarthy en Cambron-McCabe (1992:152) is van mening dat die opvoeder die beskerming van die kind nie net as 'n aspek van sy sorgsame toesighoudingspraktyk moet beskou nie, maar dat die opvoeder die verantwoordelikheid daarvoor moet neem op grond van sy sorgsaamheidsplig.

5.3.2 Standaard van sorgsame toesighoudingsplig

Om die standaard van sorg te bepaal is nie so maklik nie. Daar bestaan geen presiese definisie vir sorgsame toesighoudingsplig nie, wat tot gevolg het dat hierdie definisie dikwels in hofsake beredeneer moet word. 'n Aanvaarbare standaard van sorgsame toesighoudingsplig word bepaal deur die inherente risiko van 'n aktiwiteit op te weeg teen die pedagogiese waarde van daardie aktiwiteit en die waarskynlikheid van nadeel (skade) waarvoor die hof skadevergoeding sal toestaan aan die benadeelde party, veroorsaak deur die gedrag van die opvoeder

(Charnblin,1999:99). Volgens McCarthy *et al.* (1998:443) word die mate van sorg wat opvoeders verskuldig is aan leerders bepaal deur die ouderdom, ondervinding, volwassenheidsvlak van die leerder, die omgewing waarbinne die sorgsame toesighoudingspraktyk plaasvind en die tipe onderrig- of ontspanningsaktiwiteit. Volgens De Wet en Oosthuizen (2001:163) behels die basiese verpligtinge van die opvoeder onder die gemenereg, in terme van sy rol as sorgsame toesighouer, die verpligting om om te sien na die fisiese en geestelike welstand van die leerder in sy sorg.

Volgens Reinardy (2002:44) is dit belangrik dat opvoeders weet wat die sorgsaamheidsplig behels. Die opvoeder het 'n plig om professionele aanvaarbare vaardighede en sorg aan die dag te lê en homself op 'n verantwoordelike wyse te gedra. Opvoeders moet optree op 'n wyse wat ooreenstem met die wyse waarop 'n redelike, eenders geleerde (gekwalifiseerde) opvoeder sou optree in soortgelyke omstandighede. Indien die standaard van sorgsaamheidsplig nie duidelik deur wetgewing uitgestip word nie, is die standaard wat deur die hof gebruik word dié van *redelike sorg* (Chamblin, 1999:99). McCarthy en Sorenson (1993) stel dit verder dat, ongeag die aanklag - wanpraktyk of blote nalatigheid – en ongeag hoe kompleks, die sorgsaamheidsplig van die opvoeder nooit verder kan strek as die mate van sorg wat as redelik beskou word in die spesifieke omstandighede nie.

Hierdie stelling word bevestig in die saak van *Rusere v The Jesuit Fathers 1970 (4) SA 537 (R)*. Hierdie, destydse Rhodesië saak, handel oor 'n situasie waar 'n agtjarige kind met 'n "pyl" in die oog geskiet word tydens vryespel by die koshuis. Die eiser in die saak het aangevoer dat die besering te wyte was aan nalatigheid van die opvoeder deurdat daar onvoldoende toesig was oor die kinders. Die hoof van die skool asook die koshuisvader het aangevoer dat dit nie wenslik (en prakties moontlik) is om kinders van hierdie ouderdom elke oomblik van hulle lewe onder toesig te hê nie. Alle praktiese maatreëls is getref sodat daar altyd verantwoordelike, volwasse persone asook prefekte naby was om hulp te verleen indien nodig. Verder het hulle ook die leerders van die skool bewus gemaak van die gevare betreffende die rondgooi van voorwerpe, en die besit van potensiële gevaarlike voorwerpe soos messe en ketties is verbied. Die opvoeders het dus alle redelike maatreëls getref ter voorkoming van potensiële nadeel. Die regter het dan ook bevind dat

> In the absence of any particular circumstances giving rise to a measure of risk beyond that which is normal in the daily routine of life, it is not the law that a schoolmaster must keep his pupils under supervision for every moment of their school lives.

Met betrekking tot die standaard van sorgsame toesighoudingsplig sê regter Beck:

> The duty of care owed to children by school authorities has been said to be to take such care of them as a careful father would take of his children. This means no more than the school master, like parents must observe towards their charges the standard of care that a reasonably prudent man would observe in the particular circumstances.

Die regter het verder bevind dat die plig om leerders van hierdie ouderdom onder konstante toesig te hou afhang van die risiko waaraan hulle blootgestel word in hulle spesifieke omgewing. Die eis is met koste van die hand gewys.

5.3.2.1 Die impulsiwiteit van kinders (leerders)

Volgens Botha en Oosthuizen (2005:95) moet opvoeders in gedagte hou dat kinders impulsief optree en dikwels 'n handeling verrig sonder om te dink. Daar word van 'n redelike persoon verwag om bedag te wees op die wisselvalligheid van menslike gedrag en om moontlike alledaagse probleme/gebeure te antisipeer. McCarthy *et al.* (1998:443) stel dit duidelik dat laerskoolleerders beter toesig en meer gedetailleerde en verhalende instruksie verg as wat die geval met hoërskoolleerders sal wees, en 'n hoër vlak van toesig word in 'n houtwerksentrum verwag as in 'n Engelse klas.

'n Opvoeder moet ten alle tye bewus wees en voorsiening maak vir die feit dat die gedrag van 'n kind nie dieselfde mate van redelikheid in hul optrede openbaar as 'n volwasse persoon nie (Botha & Oosthuizen, 2005:95).
Dit word bevestig in die Suid-Afrikaanse saak van *Peter Wynkwart v Minister of Education and Another 2002. case 4168/199 (C)* (vgl. par. 1.2 vir feite van die saak) waar Regter Ngweyane die woorde van regter Jansen in die Suid-Afrikaanse saak *Weber v Santam Versekering Maatskappy Bpk 1983(1) 381 (A)* aanhaal.

> As die kind se doen en late gemeet word aan die maatstaf van die volwassene, dan moet daar gevra word of hy ryp genoeg is om ten opsigte van die betrokke situasie aan daardie maatstaf te voldoen. ... Die verweerder behoort te besef dat hy met onbesonne optrede van 'n kind rekening moet hou en sy nalatigheid onder andere daarin bestaan dat hy dit nie gedoen het nie, volg dit dat sy graad van nalatigheid hoër moet wees as die van die kind – anders sou die paradoksikaal wees dat die kind gepenaliseer moet word vir presies die optrede waarteen die verweerder moes gewaak het.

Die Suid-Afrikaanse saak, *Knouwds v Administrateur, Kaap 1981 (1) SA 544 (C)* was die gevolg van 'n agtjarige dogter wat haar vinger met die waaierband van 'n grassnyer verloor het. Die skoolopsigter was besig om gras te sny en die agtjarige dogter en haar vriendin het tussen die skoolgeboue rondgehardloop. Die skoolopsigter is na die skoolkantoor toe geroep en hy het die grassnyer luierend agtergelaat. Met die gehardloop het die dogter gestruikel en het haar vinger in die waaierband (wat onbedek was) van die grassnyer beland. Regter Friedman het in sy uitspraak aangevoer dat die impulsiewe en onvoorspelbare gedrag van kinders bekend moet wees aan die hoof van 'n primêre skool. Die moontlikheid van die botsing tussen die hardlopende kinders en die grassnyer moes deur die hoof voorsien gewees het. Die hof het beide die skoolhoof en opsigter aan nalatigheid skuldig bevind. In die Suid-Afrikaanse hofsaak van *Peter Wynkwart v Minister of Education and Another 2002. case 4168/199 (C)* (vgl. par. 1.2 vir feite van die saak) stel regter Ngweyane dit dat daar ongetwyfeld 'n plig op mev. Nelson (opvoeder) gerus het om die leerders na die skolierpatrollie te begelei, aangesien die leerders van so 'n jong ouderdom baie impulsief, onvoorspelbaar en onverantwoordelik is. Beide van hierdie hofsake beklemtoon die verhoogde standaard van sorg wat van opvoeders verwag word as hulle met kinders werk.

In sommige gevalle word dit verwag dat die redelike persoon bedag moet wees op buitengewone gebeure wat redelikheidshalwe voorsien kan word (Chamblin, 1999:103). Dit word bevestig deur regter J.P. Broome in die Suid-Afrikaanse hofsaak van *Eggeling v Law Union and Rock Insurance Co 1958 (3) SA 592 (D).* 'n Sesjarige seun het beserings opgedoen toe hy uit die bewegende bus geval het wat die leerders van die skool na hul huis vervoer het. Die bus was nie voorsien van

selfsluitende deure of enige ander veiligheidsmaatreëls om te voorkom dat die kinders uit die bewegende bus val of spring nie. Daar was ook geen ander persoon buiten die busbestuurder om toesig oor die kinders te hou nie. Volgens regter Broome het die verweerder 'n plig gehad om alle redelike maatreëls te tref vir die veiligheid van die passasiers. In besonder moes die verweerder nie net die kinders beskerm teen bekende en ooglopende gevare nie, maar ook teen *buitengewone* voorsienbare gevare. In die geval van 'n sesjarige kind is daar altyd die risiko dat die kind een of ander streek gaan uithaal tensy onder goeie toesig en kon dit redelik voorsienbaar gewees het dat 'n kind van hierdie ouderdom uit 'n bewegende bus sal klim voordat die bus volkome tot stilstand gekom het. Alhoewel die verweerder in hierdie saak nie 'n opvoeder was nie, kan die afleiding gemaak word dat die uitspraak van die hof ook van toepassing kan wees op opvoeders (Bray *et al.*, 1989:42).

Kruger (2003:90) en Botha en Oosthuizen (2005:95) is van mening dat, alhoewel die opvoeder dieselfde verpligting het met betrekking tot die sorgsaamheidsplig van die leerders in hul sorg het as die ouers, daar in die praktyk 'n hoër eis aan opvoeders gestel word. Die rede hiervoor is dat opvoeders oor gespesialiseerde kennis beskik en professioneel opgelei is in die opvoeding van leerders. Dit het tot gevolg dat die reg meer verwag van die opvoeder met betrekking tot die wyse waarmee hy sy sorgsaamheidsplig uitvoer as wat van die "gewone" redelike persoon verwag word (Herselman, 2006:33; Kruger, 2003:90; Botha & Oosthuizen, 2005:95). 'n Opvoeder (as dader) se gedrag word derhalwe beoordeel volgens die standaard van die "redelike opvoeder" (vgl. par. 4.3.3.2. (ii)(c)).

5.3.3 Regspligte met betrekking tot sorgsame toesighoudingspraktyk

Hoe ver strek die onderwyser se regsplig? Wanneer ouers hul kinders skool toe stuur, het die ouers 'n redelike verwagting dat daar met dieselfde sorg na hul kinders omgesien sal word as wanneer hul by hul ouers is. Die ouers het dus die redelike verwagting dat van die tyd dat hul die kinders by die skool afgelaai het (of die skoolbus die leerder op- en aflaai) totdat die kinders aan die einde van die skooldag weer huis toe gaan, hul kinders onder toesig sal wees en beskerm sal word teen enige moontlike nadeel (skade) (Lugg, 2000:85). Volgens Mawdsley (1995:10) kan

daar ten minste vyf regspligte met betrekking tot die opvoeder se sorgsaamheidsplig geïdentifiseer word.

5.3.3.1 Toepaslike Opvoederkundigheid

Die grens van kommer oor toesig van leerders behoort te lê by die bevoegdheid van diegene direk verantwoordelik vir die leerders. Hierdie bevoegheid kan formele opleiding wees of om iemand instruksies te gee op die skoolgronde. Die afwesigheid van 'n opvoedersertifikaat impliseer nie op sigself per sé aanspreeklikheid nie, aangesien 'n gekwalifiseerde opvoeder, wat in sekere sub-areas van 'n groter kwalifikasie instruksies gee, minder kennis kan hê van potensieel gevaarlike situasies as 'n nie-gekwalifiseerde opvoeder met uitgebreide praktiese ervaring in die sub-areas. In hoë-risiko areas kan praktiese ervaring as meer belangrik geag word vir suksesvolle verdediging in 'n hofsaak as 'n formele kwalifikasie (Mawdsley, 1995:56).

In die saak *Larson v. Independent Sch. Dist. No. 314,289 N.w.2d 112 (Minn. 1980)* het dit gehandel oor 'n beginneropvoeder in die liggaamlike opvoedingsklas. Die opvoeder het nie net voortgegaan met die gimnastiese deel van die les wat die vorige opvoeder begin het nie, maar ook die moeilikheidsgraad met betrekking tot gimnastiese vaardighede verhoog deur die leerders 'n kopspring oor 'n opgerolde mat te laat doen. Een van die leerders is sodanig beseer tydens hierdie oefening dat hy 'n kwadrupleeg is. Die feit dat die opvoeder nie op die mat gesit het terwyl die leerders die oefening gedoen het nie, het die hof as verswarend beskou, aangesien dit die mees elementêre beginsel by gimnastiekveiligheidsprosedures is. Die hof het die wyse waarop hierdie eenvoudige oefening, wat met gemak veilig uitgevoer kon word indien die leerders onder toesig van 'n behoorlik opgeleide opvoeder was, as uitermate gevaarlik beskou. Die opvoeder is aan nalatigheid skuldig bevind.

Volgens Joubert en Prinsloo (2001:110) kan opvoeders sonder die nodige kwalifikasie, wat leerders instruksies gee (in byvoorbeeld sport), hulself aan potensiële aanspreeklikheid blootstel indien 'n leerder 'n besering sou opdoen. Dit word bevestig in die ongerapporteerde Suid-Afrikaanse saak *Muntingh v. Gautengse Departement van Onderwys en die Hoërskool Vereeniging 1997.* In hierdie saak is Muntingh, 'n leerder van Hoërskool Vereeniging, met 'n swemmery tydens die

periode in Liggaamlike Opvoeding sodanig beseer dat hy 'n kwadrupleeg is. Gevolglik het hy 'n skadevergoedingseis teen die Gautengse Departement van Onderwys en die Hoërskool Vereeniging ingestel. Ten tye van die swemmery is daar toesig gehou deur 'n Afrikaansonderwyseres. Die leerders is toegelaat om met hul kortbroeke te swem en Muntingh het kop eerste by die vlakkant van die swembad ingeduik terwyl hy sy broek vasgehou het. Hy het sy kop teen die bodem gestamp met gevolglike kop- en nekbeserings (Kruger, 2003:134).
In die hofstukke beweer Muntingh dat die skool nalatig was, aangesien die Afrikaansonderwyseres nie opgelei was om leerders in noodsituasies te help nie. Volgens die hofstukke het die onderwyseres (as enigste toesighouer by die swembad) toegelaat dat Muntingh rondbeweeg word; sy het ook versuim om onmiddellik hulp te gaan soek en daar was geen noodhulpgeriewe teenwoordig nie. Die hofstukke beweer verder dat Muntingh minimale skade kon opgedoen het indien 'n *kundige* toesighouer verhoed het dat hy onnodig rondbeweeg is. Die Pretoriase hoërhof het gelas dat die LUR van onderwys in Gauteng asook die Hoërskool Vereeniging medeverantwoordelik is vir die skade wat Muntingh opgedoen het en dat hulle skadevergoeding aan Muntingh moet betaal. Hierdie saak is buite die hof geskik en die skikkingsbevel is deur die Pretoriase Hoërhof gemaak (Kruger, 2003:136). Kruger is van mening dat in hierdie hofsaak duidelik na vore kom dat 'n skool sorg moet dra dat daar behoorlik gekwalifiseerde toesig oor leerders en noodhulptoerusting beskikbaar moet wees.

Opvoeders is volgens Joubert en Prinsloo (2001:110) verplig om opleiding te ondergaan in 'n spesifieke sport indien die hoof van die skool verwag dat die opvoeder die afrigter moet wees. Volgens Rossouw (2004:65) is 'n voorkomende maatreël vir opvoeder-afrigters dat sportverenigings oor spesiale reëls en regulasies moet beskik wat as riglyne kan dien met betrekking tot die verhouding tussen die afrigterkwalifikasie en die vlak van deelname wat die opvoeder-afrigter geregtig is om af te rig.
Die appèlsaak van *Smoldon v Whitworth and Nolan (1997)* fokus op die bekwaamheid en bevoegdheid waaraan 'n skeidsregter moet voldoen. Hierdie Engelse hofsaak handel oor 'n besering wat 'n rugbyspeler (eiser) tydens 'n skrum in 'n 0/19-rugbywedstryd opgedoen het. Die eiser (17 jaar oud) het in die posisie van haker gespeel. Tydens die wedstryd was daar 20 skrums wat inmekaar gesak het (4

maal die gemiddelde). Met een van hierdie skrums moes daar drie keer gesak word, aangesien die skrum met die eerste poging inmekaar geval het en met die tweede opgebreek het. Met die derde poging het die voorrye so hard met mekaar gebots dat albei voorrye op die grond geval het waartydens die eiser sy nek gebreek het. Die aanspreeklikheid van die skeidsregter op grond van sy bekwaamheid en die sorgsaamheid wat hy aan die dag gelê het, was die fokus van die saak. Uit die getuies wat gevoer is, het dit duidelik geword dat die skeidsregter beheer oor die wedstryd verloor het, nie die beginsels vir 'n veilige skrum toegepas het nie en daardeur nie opgetree het soos wat dit van 'n redelike skeidsregter verwag word nie. Deur hierdie optrede het die skeidsregter sy sorgsaamheidsplig ten opsigte van die eiser nie nagekom nie. Regter Curtis het die skeidsregter aanspreeklik bevind vir die besering van die eiser.

Die skeidsregter het appèl teen die beslissing aangeteken. Met die appèlsaak het die skeidsregter toegegee dat hy 'n sorgsaamheidsplig teenoor die spelers het en redelike vaardighede en sorg met betrekking tot die spelers se veiligheid aan die dag moet lê, maar ten einde hom aanspreeklik te hou vir 'n speler se beserings, daar bewys moet word dat hy doelbewus die veiligheid en sorg van die spelers verontagsaam het. Hy het verder aangevoer dat die speler bewus was van die gevare en die risiko van beserings met rugby. Die hof was van mening dat rugbyreëls juis opgestel is om spelers te beskerm en die feit dat die skeidsregter nie die rugbyreëls (skrumreëls) toegepas het nie, 'n verbreking van sorgsaamheidsplig teenoor die speler is. Die regter het bevind dat die versuim van die skeidsregter om nie die spelreëls toe te pas nie en soos 'n redelike skeidsregter op te tree nie, 'n direkte oorsaak was van die besering wat die speler opgedoen het. Die hof het by die oorspronklike beslissing gehou en die appèl is van die hand gewys.

Aangesien tydens die meeste skolerugbywedstryde opvoeders as skeidsregters optree, beskou Prinsloo (1996:799) die Smoldon-saak belangrik vir skole deurdat dit beklemtoon dat, indien 'n opvoeder as skeidsregter optree en nie met die nodige bekwaamheid en sorg optree nie, hy aanspreeklik gehou kan word vir 'n besering wat 'n speler mag opdoen.

5.3.3.2 Voldoende toesig

Die plig van opvoeders om voldoende toesig oor leerders in hul sorg te hou is volgens Lugg (2000:86) die mees algemene oorsaak van 'n regsgeding teenoor 'n skool. Menige hof het bevind dat toesig oor die leerders gedurende die skooldag, terwyl die leerders op die skoolterrein is of by 'n skoolverwante aktiwiteit weg van die skoolterrein, hoë prioriteit moet geniet in die volvoering van die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk. Daar word egter nie van opvoeders verwag om leerders in 'n bekende omgewing, waar daar nie omstandighede is wat ooglopende voorsienbare gevare inhou nie, elke oomblik onder oë te hê nie. In *Rusere v The Jesuit Fathers 1970 (4) SA 537 (R)* (vgl. par. 5.3.2 vir feite van die saak), 'n voormalige Rhodesië saak, haal regter Beck die woorde aan van Lord Goddard (*Camkin v Bishop 1941 (2 A11E) 713 at 716)* met betrekking tot die toesig oor leerders:

> If every master is to take precautions to see that there is never ragging or horse among his pupils, his school would be indeed to awful a place to contemplate

Volgens Beckmann (1989:64) en McCarthy *et al.* (1998:437) is daar terreine waar 'n hoër mate as die normale graad van toesig van die opvoeder verwag word. Hierdie hoë-risiko terreine sluit in plekke soos laboratoriums, kookkuns- en naaldwerkklasse, tegniese werkswinkels en die liggaamlike opvoedingsklas. Die opvoeder wat in beheer is van hierdie terreine met gevaarlike voorwerpe soos chemikalieë, kraggereedskap en sekere atletiekapparaat, moet vanweë sy kennis van die voorwerp en sy kennis van die aard van 'n leerder se gedrag, nie net die skade wat 'n leerder mag opdoen voorsien nie, maar dit ook voorkom. 'n Hoër mate van toesig word verwag in situasies of omstandighede waar die risiko tot nadeel of skade wat 'n leerder kan opdoen hoog is. Dit word bevestig in die destydse Rhodesië-saak, *Rusere v The Jesuit Fathers 1970 (4) SA 537 (R)* (vgl. par. 5.3.2) vir feite van die saak) waar Friedman J dit stel dat

> dit onnodig is vir skoolpersoneel om kinders wat in hulle sorg is elke oomblik van die dag onder toesig te hou. Die mate van toesig wat van hulle verwag word hang natuurlik af van die risiko waaraan hulle blootgestel word.

In die saak van *Lawrence v. Grant Parish School Board 409 S0. 2d 1316 (La. Ct. App. 1982)* is die tegniese werkswinkelopvoeder aan nalatigheid aanspreeklik bevind vir die besering wat 'n leerder opgedoen tydens sy afwesigheid in die werkswinkel. Die opvoeder het gereeld die werkswinkel verlaat om afvalstaal te gaan haal vir die sweiswerk en terselfdertyd het die opvoeder ook gaan kyk of hy leerders kan vang wat rook. Met hierdie spesifieke saak het 'n leerder (terwyl die opvoeder die werkwinkel verlaat het) sy vinger met 'n elektriese saag wat in 'n sweis-veiligheidsruimte gestoor was, afgesaag. Die feit dat die opvoeder die leerders aan die begin van die lesing opdrag gegee het om nie die kraggereedskap te gebruik en dat hy die leerders 'n lys met 200 reëls met betrekking tot die gebruik van toerusting in die werkswinkel verskaf het, het nie as verskoning of versagting vir sy afwesigheid in die werkswinkel gedien nie. Die hof het bevind dat tegniese werkswinkels hoë-risiko areas is en dat die opvoeder se afwesigheid 'n aanduiding is van swak beplanning.

Fischer *et al.* (1999:77) en McCarthy *et al.* (1998:439) stel dit duidelik dat die regsplig van die opvoeder van toepassing is op die aktiwiteite gedurende skoolure, maar dat hierdie regsplig ook verleng kan word tot buite gewone skoolure en weg van die skoolgronde vir byvoorbeeld uitstappies, busritte, na-skoolaktiwiteite, ensovoorts. Volgens die Wysigingswet (SA, 2006:3) van die Suid-Afrikaanse Skolewet no. 84 van 1996 word 'n *skoolaktiwiteit* gedefinieer as "enige opvoedkundige, kulturele, sport of sosiale aktiwiteit van die skool binne of buite die perseel", terwyl *toesig* in dieselfde wet gedefinieer word as " die bestuur en beheer van leerders by die skool en gedurende skoolaktiwiteite."
Artikel 2 van die Wysigingswet (SA, 2006) bepaal dat 'n openbare skool maatreëls in plek moet hê om die veiligheid van leerders gedurende enige skoolaktiwiteit te verseker, wat insluit

(a) versekering teen ongelukke, beserings, algemene mediese uitgawes, hospitalisasie en diefstal wat mag voorkom, afhangend van die beskikbaarheid van fondse;
(b) verseker, waar redelik prakties, dat leerders ten alle tye onder die toesig van 'n begeleidende opvoeder is.

Beserings deur leerders opgedoen tydens skooluitstappies het al dikwels delikte aksies veroorsaak wat die voldoendheid van toesig betwis het (McCarthy *et al.*, 1998:438). In die saak van *Morris v. Douglas County Sch. Dist.No.9, 403 P.2d 775 (1965)* het die Hooggeregshof van Oregon 'n opvoeder aanspreeklik gehou vir die besering wat 'n leerder tydens 'n skooluitstappie opgedoen het. Die uitstappie was by die see en die leerder het beserings opgedoen deur die onnatuurlike golfaksie van die see. Die hof het bevind dat die gevaarlike golfaksie aan die Oregonkus 'n bekende gevaar is en dat die opvoeder nie redelike veiligheidsvoorsorgmaatreëls en toesig toegepas het nie.

Alhoewel 'n opvoeder nie gewoonlik aanspreeklik gehou kan word vir leerders se dade na skool nie, kan 'n opvoeder wel aanspreeklik gehou word as hy na-skoolse leerderaktiwiteite inisieer of bepaal. Joubert en Prinsloo (2001:11) stel dit wel dat die opvoeder verantwoordelik bly vir die leerders na afloop van 'n buitemuurse aktiwiteit of uitstappie tot die ouers of voog die leerders kom oplaai.

In die geval waar 'n leerder nadeel (skade) sou ly tydens 'n leerderaktiwiteit is die toets volgens McCarthy *et al.* (1998:439) dikwels of die hof 'n uitgesproke of geïmpliseerde toesighoudingsplig identifiseer.
In die saak *August v. Joseph A. Craig Elementary School., 459 So. 2d 665 (La. Ct. App. 1984)* is 'n junior leerder beseer tydens 'n atletiekoefening. Die appèlhof het bevind dat die skoolbeheerliggaam nalatig was, aangesien die besering wat die leerder opgedoen het die gevolg was van swak toesig tydens die atletiekoefening. In hierdie geval is aanspreeklikheid geskep deurdat die opvoeders briewe aan die ouers gestuur het waarmee die ouers verseker is dat daar *streng toesig* sou wees. Met hierdie brief het die opvoeders hulself dus onder 'n uitgesproke toesighoudingsplig geplaas.

Volgens Mawdsley (1995:24) het skooluitstappies areas wat potensiële wetlike implikasies vir die opvoeder kan inhou, naamlik

- toesig,
- vervoer en
- noodgevalle.

Mawdsley (1995:24) bevind dat skooluitstappies 'n verhoogde verpligting op die opvoeder kan plaas met betrekking tot toesig, aangesien normale skoolverantwoordelikhede verskerp moet word as gevolg van die aard van die plek wat besoek word en deur potensiële probleme met vervoer. Die wyse waarop skole hulself moet voorberei vir die hantering van noodgevalle is volgens Mawdsley (1995:29) 'n area wat selde aandag kry. Dit kan as nalatig beskou word as die opvoeders nie voorsiening maak vir noodhulptoerusting en opgeleide eerstehulp-personeel tydens aktiwiteite (wat dus die vervoer van leerders sal insluit) waar die moontlikheid van beserings bestaan nie.

Die vervoer van leerders en gepaardgaande toesigplig oor die leerders op skooluitstappies bly 'n nimmereindigende bekommernis vir opvoeders (Mawdsley, 1995:27). Joubert en Prinsloo (2001:111) bevestig hierdie siening en stel dit verder dat die opvoeder as toesighouer onder andere verantwoordelik is vir

- die gedrag van die leerders in die voertuig,
- die wyse waarop die bestuurder die voertuig hanteer,
- om homself te vergewis van die padwaardigheid van voertuig en om
- toe te sien dat die bestuurder oor die nodige lisensie en openbare bestuurspermit beskik om die voertuig te bestuur.

Algemene Kennisgewing 776 (SA, 2006) gee in Artikel 8A duidelike riglyne wat van 'n skool en betrokke opvoeder verwag word in geval waar leerders vervoer moet word. So bepaal Artikel 8A (2)(d)(i) en (ii) dat in die geval van laerskoolleerders daar een opvoeder, ouer of ander volwassene vir elke 20 leerders moet wees en met hoërskoolleerders dieselfde toesig vir elke 30 leerders teenwoordig moet wees. Met betrekking tot die toesig tydens vervoer stel Joubert en Prinsloo (2001:111) voor dat daar ten minste een toesighouer (opvoeder) per 30 leerders moet wees; indien die leerders per bus vervoer word daar 'n opvoeder voor en agter in die bus sit en dat onder geen omstandighede leerders sonder toesig vervoer moet word nie.
Volgens die National League of Teachers' Associations (hierna genoem NLTA) word 'n opvoeder nie vrygespreek van nalatigheid indien die skoolhoof die opvoeder versoek om die leerders te vervoer nie (NLTA, 2004:6). Die opvoeder kan aanspreeklik gehou word indien 'n leerder 'n besering opdoen as gevolg van die

nalatigheid van die opvoeder. Die opvoeder bly altyd aanspreeklik vir die veiligheid van die leerders in die uitvoering van sy sorgsame toesighoudingspraktyk, ongeag of die opdrag van die skoolhoof kom. Dit impliseer dat indien die opvoeder in opdrag van die skoolhoof 'n aktiwiteit (waarin die opvoeder nie gekwalifiseerd is en/of ondervinding het nie) moet aanpak met leerders, die opvoeder aan nalatigheid skuldig bevind kan word indien 'n leerder tydens so 'n aktiwiteit beseer sou word (vgl. par. 4.3.3.2 en 5.3.3.2).

Volgens die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (2001:66) en Mgolego (2004:65) neem die opvoeder die plek van die ouer in met betrekking tot die verantwoordelikheid van toesig oor leerders by die skool. Regtens plaas dit nie net die verantwoordelikheid van toesig op die opvoeders nie, maar plaas ook die opvoeder in 'n soortgelyke posisie as 'n polisieman (vgl. par. 3.3) met betrekking tot positiewe wetlike verantwoordelikhede, toe te skrywe aan die spesiale aard van hul werk. Die toesighoudingsplig van die opvoeder behels meer as om net aandag aan die leerders te gee. Die mate waarin die toesighoudingpraktyk uitgevoer word, moet aangepas word vir die spesifieke aktiwiteit en die behoeftes van die leerders wat betrokke is by die aktiwiteit.

5.3.3.3 Voldoende instruksie

Opvoeders het 'n plig om voldoende en relevante inligting en instruksies aan leerders te gee alvorens die leerders enige aktiwiteit wat 'n moontlikheid van nadeel (skade) kan inhou, aanpak (McCarthy *et al.,* 1998:440).

In die Amerikaanse saak van *Dibortolo v. Metropolitan Schh. Dist. Of Washington Township, 440 N.E.2d 506 (Ind. Ct.App.1982)* is 'n graad 6-leerder beseer tydens die liggaamlike opvoedingsperiode. Die leerder het 'n vertikale sprong uitgevoer en teen die muur geval. Bewyse het aangedui dat die opvoeder nié die oefening gedemonstreer het nie en ook geen verduideliking gegee het oor die metode van die oefening nie. Die Indiana Appélhof het beslis dat die opvoeder nalatig was weens die feit dat die opvoeder nagelaat het om voldoende instruksie aan die leerders te gee, en dat die leerders aan 'n onredelike hoë risiko met betrekking tot beserings blootgestel is.

In die saak *Lubbe v Jacobs 2002. (High Court of South Africa: Transvaal Provincial Division, case no. 1225/2001)* is Nadia ('n twaalfjarige dogter) beseer toe 'n hokkiebal haar teen die kop getref het tydens 'n hokkietoernooi. Ten tyde van die voorval was sy 'n toeskouer en het sy haar afrigter se baadjie in haar sak gaan bêre wat agter die doelkaste was. Meneer Lubbe (Nadia se vader) stel 'n skadevergoedingseis in en betoog dat me. Van Biljon, Nadia se hokkieafrigter, nalatig was deurdat sy nie genoegsame veiligheidsmaatreëls daargestel het nie. Van Biljon getuig dat sy haar span gevra het om in die skaduwee langs die veld vir haar te wag terwyl sy as skeidsregter in 'n ander wedstryd optree. Sonder haar medewete het van die dogters haar versoek verontagsaam en besluit om 'n wedstryd van agter die tydelike doelkaste te bekyk. Regter Hartzenberg het bevind dat Van Biljon nie nalatig was nie en voer onder aan, as een van die redes, dat die leerders onder Van Biljon se toesig nie babas is nie en dat Van Biljon die dogters *voldoende instruksies* gegee het wat om te doen en sy (Van Biljon) geregtig was om te aanvaar dat die dogters haar sou gehoorsaam. Die eis is met koste vir die applikant van die hand gewys.

Uit relevante hofsake is dit duidelik dat instruksies deur die opvoeder aan leerders voldoende en spesifiek moet wees sodat die leerders 'n aktiwiteit veilig kan voltooi.

5.3.3.4 Verskaffing en onderhoud van veilige toerusting en perseel

Ingevolge Artikel 24 van die Grondwet (1996a) het elke persoon die reg op 'n omgewing wat veilig en onskadelik is vir gesondheid en algemene welsyn (vgl. par. 2.5.1). Dit impliseer dat die opvoeder verantwoordelik gehou word vir 'n veilige onderrigomgewing. As voorbeeld verwys Chamblin (1999:99) na die wetenskapopvoeder wat basiese verantwoordelikhede het met betrekking tot die skep van 'n veilige omgewing. Dit sluit in

- beoefening van goeie oordeel in beplanning, uitvoering en instruksies aan leerders,
- instandhouding en beskikbaar stel van laboratorium- en veiligheidstoerusting benodig vir die veilige uitvoer van die instruksies en
- dokumentering dat die nodige veiligheidsinstruksies en –maatreëls toegepas is.

Volgens DeMitchell (2002:18) word dit van 'n skool verwag om 'n veilige hawe vir die leerders te skep gedurende skoolure en die leerders te beskerm binne 'n behoorlike onderrigomgewing. Verskeie skrywers is dit eens dat 'n skool nie slegs aanspreeklik gehou kan word vir 'n gebrek aan toesig nie, maar ook vir beserings wat 'n leerder mag opdoen veroorsaak deur gevaarlike of foutiewe skoolgeboue en speelgronde (DeMitchell, 2002; Fischer *et al.*,1999:84). Volgens McCarthy *et al.* (1998:441) het opvoeders onder die gemenereg 'n plig om te verseker dat geboue, speel- en sportgronde asook toerusting in 'n redelike veilige toestand is. McCarthy *et al.* (1998:441) stel dit verder dat defektiewe, onvoldoende of onvanpaste toerusting en terrein 'n bekommernis vir opvoeders moet wees, aangesien dit moeilik is om 'n regsgeding te verdedig op grond van so 'n klagte. Volgens Squelch (2001:143) kan versuim oor die beheer en onderhoud van die skoolgeboue, fasiliteite en gronde lei tot aanspreeklikheid.

In die saak *Wilkinson v. Hartford Accident & Indem. Co., 411 So. 2d 22 (La.1982)* het die hof bevind dat die skoolbeheerliggaam nalatig was nadat 'n leerder beseer is toe hy deur 'n glaspaneel in die gimnasium geval het. Alhoewel die beheerliggaam voldoende waarskuwings ontvang het dat die glaspaneel 'n gevaar inhou, het hulle nie die glaspaneel uit die voorportaal van die skoolgimnasium verwyder nie. Die gevaar wat die standaardglaspaneel ingehou het, was voorsienbaar, aangesien 'n paar jaar vantevore 'n persoon beseer is toe 'n identiese glaspaneel in die voorportaal gebreek is, waarna die gebreekte glaspaneel met veiligheidsglas vervang is.

Volgens Artikel 12(1) van die Grondwet (1996a) het elke persoon die reg op vryheid en sekuriteit, wat impliseer dat 'n skool aanspreeklik gehou kan word vir beserings wat leerders op die speelgrond opdoen as gevolg van swak toesig van die opvoeders. Volgens Fischer *et al.* (1999:84) het howe menige skool al aanspreeklik gehou vir leerders se beserings wat redelik voorsienbaar was. Skole het 'n plig om "redelike" sorg aan die dag te lê om te verseker dat die leerders nie beseer word by die skool nie.

Skole is egter nie aanspreeklik vir elke ongeluk by die skool gedurende skoolure nie. Alhoewel dit verwag word dat opvoeders alle redelike sorg aan die dag moet lê om leerders teen gevare te beskerm kan dit nie van opvoeders verwag word om leerders

teen elke denkbare en ondenkbare gevare te beskerm nie. Die reg erken dat dit nie moontlik is om alle gevare te voorsien nie. Dit is ook noodsaaklik om te onthou dat skoolonderrig onder andere ten doel het om leerders fisies en intellektueel te ontwikkel. Om dit te bereik is dit noodsaaklik dat leerders toegelaat moet word om eie inisiatief aan die dag te lê in sekere omstandighede (Fischer *et al.*, 1999:76-78). Volgens die Departement van Onderwys (SA, 1998a) word dit duidelik gestel dat die leerders die reg het op 'n veilige omgewing wat bevorderlik is vir onderrig. Die departementele kennisgewing stel dit verder dat skole 'n gedragskode en duidelike riglyne moet hê vir die leerders.

5.3.3.5 Opstel en toepas van voldoende (geskikte) reëls en riglyne

Volgens Oosthuizen en Van der Westhuizen (2005:8) is die taak van die gesagdraer (opvoeder) om deur middel van reëls en regulasies 'n klimaat van geborgenheid vir die gesagvraer (leerder) te skep.
De Wet (2003:86) is van mening dat elke skool 'n duidelike beleid moet hê waarin onder andere die volgende uitgespel moet word:

- die tipe gedrag wat as onaanvaarbaar beskou word,
- jurisdiksie van die skool (byvoorbeeld skooleiendom, -terrein, skoolaktiwiteite soos sportbyeenkomste en uitstappies) en
- gevolge van oortredinge deur die leerders.

Kopieë van hierdie reëls moet aan alle leerders, ouers en opvoeders beskikbaar gestel word. Vanuit 'n regsoogpunt kan geskrewe reëls, verduidelikings (met betrekking tot gevaarlike toerusting) en waarskuwings as bewyse dien dat die opvoeder sy sorgsaamheidsplig nagekom het indien 'n ongeluk in die klas voorkom (NLTA, 2004:100). Die SA Skolewet (84/1996d) stel dit baie duidelik in Artikel 20(d) dat die beheerliggaam van 'n skool 'n gedragskode vir alle leerders in die skool moet opstel. Volgens die Wet op beroepsgesondheid- en veiligheid (85/1993) word daar ook van elke skool verwag om 'n veiligheidsprogram op te stel.

Volgens Squelch (2001:141) kan die versuim van 'n skool om 'n gedragskode vir die leerders in plek te hê daartoe lei dat die skool aanspreeklik gehou word vir nalatigheid indien 'n leerder nadeel (skade) ly. Roos (2003:487) is van mening dat,

uit 'n regsoogpunt beskou, dit feitlik onmoontlik is om reëls op te stel wat voorsiening maak vir elke moontlike situasie. 'n Reël wat sodanig geformuleer is dat 'n leerder nie met redelike sekerheid kan bepaal of sy gedrag aanvaarbaar is al dan nie, sal wetlik as ongeldig beskou word. Dit is noodsaaklik dat leerders deurlopend herinner en ingelig moet word oor die korrekte interpretering van reëls. Instruksies en reëls moet duidelik aan die leerders oorgedra word en dit moet aangepas word na gelang van die ouderdom, volwassenheidsvlak en ervaring van die leerders (NLTA, 2004:106).

Die vraag wat gestel kan word, is of die opstel en verduideliking van reëls aan leerders genoegsaam is om die opvoeder te beskerm in 'n regsgeding indien 'n leerder benadeel sou word? Die uitspraak van regter Ngwenya J in die Suid-Afrikaanse saak van *Peter Wynkwart v Minister of Education and Another 2002. case 4168/199 (C)* (vgl. par. 1.2 vir feite van die saak) impliseer dat dit nie die geval sou wees nie. Die regter bevind dat dit nie nét voldoende is om die leerders tydens saalopeninge en oriëntering te waarsku om nie (in dié betrokke geval) oor die hek te klim nie. Opvoeders word opgelei om die gedrag van kinders te verstaan en moes *toesien* dat geen kind oor die hek kon klim nie. Hierdie bevinding van die regter impliseer dat opvoeders sorg moet dra dat leerders nie net *bewus* gemaak moet word van die skool se gedragskode, reëls en instruksies met betrekking tot skoolaktiwiteite nie, maar ook moet toesien dat leerders dit *verstaan* en *toepas*.

5.3.3.6 Regsplig ten opsigte van die leerder se opvoedkundige behoeftes

Dit word alom aanvaar dat die onderwyser 'n regsplig het ten opsigte van die fisiese welsyn van 'n leerder, maar is daar ook 'n regsplig ten opsigte van die advies en sorg met betrekking tot die opvoedkundige behoeftes van die leerder? Volgens Maile (2002:329) is opvoeders professioneel aanspreeklik vir die onderrig van die leerders, maar reken hy dat professionele aanspreeklikheid die swakste van alle vorme van aanspreeklikheid bly. Volgens Fischer *et al.* (1999:85) is die kans skraal dat 'n skool (of opvoeder) aanspreeklik gehou kan word vir opvoedkundige wanpraktyke, aangesien dit moeilik bewysbaar is.

In die Engelse hofsaak *X v Bedfordshire 1925 2AC 633* stel Lord Browne-Wilkonson dit dat, wanneer 'n skool 'n leerder toelaat, dit nie net aanspreeklikheid vir die fisiese

welsyn van die leerder aanvaar nie, maar ook vir die opvoedkundige behoeftes van die leerder. Volgens Lord Browne-Wilkonson het die skoolhoof, as verantwoordelike persoon vir die skool, 'n sorgsaamheidsplig om redelike vaardighede aan die dag te lê met betrekking tot die opvoedkundige behoeftes van die leerder. Sou dit onder die skoolhoof se aandag kom dat 'n leerder onderpresteer, is dit sy plig om die nodige stappe te neem wat 'n redelike opvoeder as geskik sal beskou om met so 'n onderpresteerder te handel (Berman *et al.,* 2001:51). Die uitsonderlike gevalle (met betrekking tot opvoedkundige wanpraktyke) waar die hof hom wel ten gunste van die benadeelde uitgespreek het, is gevalle waar dit om die verkeerde diagnosering en/of plasing van leerders met spesiale onderwysbehoeftes gegaan het (Fischer *et al.,*1999:85). Volgens Berman *et al.* (2001:66) is daar tot op hede nog weinig eise in hierdie verband toegestaan en is hierdie eise al hewig betwis deur die betrokke partye in 'n hofsaak.

5.3.3.7 Die opvoeder se regsplig ten opsigte van VIGS

Volgens die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (2006:22) is die impak wat die toenemende getal jong MIV/vigs-geaffekteerde kinders op onderwys het nog onduidelik, aangesien die studies hieroor so alomvattend van aard is. Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (2006) se verslag meld egter dat dit bevind word dat opvoeders oor die algemeen nie bewus is van die leerders wat deur MIV/vigs geraak word nie en dat daar nog stilswye heers as gevolg van die taboes en stigmas rondom MIV/vigs. Een van die aanbevelings wat in die verslag gemaak word, is dat opvoeders onderrig moet word en sensitief gemaak moet word in hul rol om te verseker dat die onderwysstelsel voldoende aangepas word teenoor leerders wat deur MIV/vigs geaffekteer word. Volgens Oosthuizen (1994:247) kan leerders en skole nie geïsoleer word van die ernstige nasionale MIV/vigs-probleem nie. Die vraag wat opduik,is of die opvoeder toegelaat kan word om die konfidensialiteit te mag verbreek deur aan die personeel van 'n skool bekend te maak indien 'n leerder VIGS-geïnfekteer is.

Ingevolge Artikel 3(4) van die Grondwet (1996a) publiseer die Minister van Onderwys in die Departement van Onderwys, Kennisgewing, no. 1926 van 1999 die *National policy on HIV/AIDS, for learners and educators in public schools, and students and educators in further education and training institutions* (SA, 1999a). Dié

beleidsdokument is dus direk van toepassing op leerders van openbare skole. Volgens paragraaf 2.3 van hierdie beleid is dit noodsaaklik dat skole 'n strategie in plek moet hê wat bepaal hoe die MIV/vigs-epidemie by die skool hanteer moet word. Die beleid stel verder in paragraaf 2.6.1 (SA, 1999a) dat weens die risiko van oordraging van die MIV-virus in die daaglikse skoolaktiwiteite, standaardprosedures en voorkomende maatreëls onder alle omstandighede in plek moet wees en toegepas word. Dit impliseer dat die opvoeder bewus sal moet wees van die skool se MIV/vigs-beleid en die gepaardgaande prosedures en maatreëls.

Volgens paragraaf 2.5 van hierdie beleid word die verpligte bekendmaking van 'n leerder of opvoeder se MIV/vigs-status nie aanbeveel nie. Volgens Joubert en Prinsloo (2001:14) kan die ongemagtigde bekendmaking van 'n leerder se MIV/vigs-status aanleiding gee tot aanspreeklikheid. Hollamby (2004:82) stel dit dat dit 'n MIV/vigs-toets dikwels nie in die beste belang van 'n leerder mag wees nie, aangesien daar teen so 'n leerder gediskrimineer kan word. Indien die positiewe MIV/vigs-toestand van 'n leerder wel bekend is, stel Beckmann en Prinsloo (1993:51) dit dat die regte en belange van die individuele MIV/vigs-lyer met omsigtigheid opgeweeg moet word teen die regte en belange van die skool as 'n gemeenskap. Die situasie raak egter meer problematies as die sorgsaamheidsplig van die opvoeder met betrekking tot die fisiese en geestelike welstand van elke leerder en die skool as 'n gemeenskap in ag geneem word. Volgens Oosthuizen (1994:252) het die opvoeder nie slegs 'n verantwoordelikheid teenoor die fisiese welstand van die MIV/vigs-geïnfekteerde leerder nie, maar ook teenoor die res van die leerders by die skool. Dit kan dalk impliseer dat 'n opvoeder aanspreeklik gehou kan word as 'n leerder geïnfekteer word in 'n geval waar die opvoeder bewus was dat 'n sekere leerder MIV/vigs het, die leerder toegelaat is om deel te neem aan kontaksport soos rugby en daardeur die veiligheid van die ander leerders in gevaar stel (Oosthuizen,1994:252). Volgens paragraaf 2.10.3 van die nasionale beleid op MIV/vigs (SA, 1999a) moet alle opvoeders MIV/vigs-opleiding ondergaan om sodoende leiding te kan gee. Opvoeders moet verder die grondwetlike regte van die leerders respekteer in die konteks van MIV/vigs.

5.3.3.8 Die opvoeder se regsplig in inklusiewe onderwys

In die hedendaagse Suid-Afrikaanse onderwysstelsel plaas Artikel 29 van die Grondwet (1996a) 'n uitdruklike verpligting op die staat dat die fundamentele reg tot gelyke en nie-diskriminerende basiese onderwys ontwikkel moet word. Hierdie bepaling in die Grondwet is belangrik, aangesien dit alle leerders beskerm, ingeslote die leerders met spesiale onderwysbehoeftes.

In 2001 is die beleidsdokument *White Paper 6 on Education: Special needs education – Building an inclusive education and training system* (hierna genoem Witskrif 6 (SA, 2001)) deur die destydse Minister van Nasionale Onderwys, professor Kader Asmal, bekend gemaak. Volgens Witskrif 6 (SA, 2001:17) bepaal die benadering van inklusiewe onderwys dat geen leerder, ongeag sy fisiese, intellektuele, sosiale, emosionele, taal- of enige ander hindernis weerhou mag word van deelname aan onderrig in 'n hoofstroomskool nie. Dit impliseer dat leerders met spesiale onderwysbehoeftes in hoofstroomskole geakkommodeer mag word waar spesiale sorg van die leerder verwag word (SA, 2001:15). Alhoewel die Witskrif 6 (SA, 2001:48) voorsiening daarvoor maak dat leerders met spesiale onderwysbehoeftes wat hoë intensiewe sorg vereis in spesiale skole geakkommodeer kan word, word hoofstroomskole algemene inklusiewe skole wat leerders met geringe spesiale onderwysbehoeftes akkommodeer. In praktyk beteken dit byvoorbeeld dat die ouers van 'n Downsindroom-kind nie verhinder mag word om hul kind in 'n hoofstroomskool in te skryf nie.

Soos reeds bespreek, tree die opvoeder *in loco parentis* (vgl. par. 5.2) op met betrekking tot al die leerders in sy sorg. Volgens NLTA (2004:7) verander hierdie plig nie volgens die tipe leerder in 'n opvoeder se sorg nie. Die wetlike verpligtinge met betrekking tot die sorg van die leerder met spesiale onderwysbehoeftes is dieselfde as vir die leerder daarsonder. Leerders met spesifieke sindrome (soos byvoorbeeld Down-sindroom) is volgens Louw (1989:273) in baie gevalle multi-gestrem, wat beteken dat benewens hul intellektuele gestremdheid hul motoriese en spraakontwikkeling aangetas kan wees en fisiese gebreke algemeen voorkom. Hierdie bykomende sindrome en/of gestremdhede manifesteer dikwels in gedragsafwykings en in die meeste gevalle onvoorspelbare optrede deur die leerder (Louw, 1989:274). Die opvoeder met hierdie tipe leerders in sy klas moet dus 'n hoër

mate van sorgsaamheid aan die dag lê om hierdie leerder in sy sorg te beskerm teen skade of leed as wat dit die geval is met normale leerders.

Die verskil met betrekking tot die sorg van die leerder met spesiale onderwysbehoeftes is die feitelike situasie waarmee die opvoeder te kampe kry. Die sorgsame ouer van 'n kind met spesiale behoeftes sal ander voorsorgmaatreëls in plek hê as wat die geval sou wees met 'n kind daarsonder. Dit impliseer dat die opvoeder met 'n leerder met spesiale onderwysbehoeftes in sy sorg bykomende (gepaste) voorsorgmaatreëls in plek moet hê om te voorsien in die besondere behoefte van die leerder (NLTA, 2004:7). Benewens die wetlike aanspreeklikheid wat op die opvoeder rus met betrekking tot die leerder met spesiale onderwysbehoeftes se deelname in die klasaktiwiteite, is daar die aanspreeklikheid wat mag voortspruit uit die spesiale sorg wat hierdie leerder mag verg. So byvoorbeeld, sal die sorgsame ouer ongetwyfeld weet wat om te doen in die geval wanneer die leerder 'n epileptiese toeval kry indien die leerder gediagnoseer is met epilepsie. Eweneens moet die opvoeder weet wat om te doen as hierdie leerder 'n epileptiese toeval kry. Dit impliseer egter nie dat dit van 'n opvoeder verwag word om oor die kennis en toediening van noodhulp te beskik soos dit van die redelike noodhulpwerker en/of mediese dokter verwag word nie. Tensy spesifiek daarvoor opgelei, word dit nie van 'n opvoeder verwag om buite die grense van die toediening van lewensreddende noodhulp op te tree nie (Mawdsley, 1995:30).

Volgens NLTA (2004:8) is die probleem in baie gevalle die kwantiteit en kwaliteit van inligting oor die besondere behoeftes van die leerder wat aan die opvoeder verskaf word. In die geval dat die leerder (in die sorg van 'n opvoeder) 'n besering sou opdoen weens die nalatige optrede van die opvoeder, kan die opvoeder nie ter verdediging aanvoer dat hy nie ingelig is oor die leerder se toestand nie. 'n Sorgsame ouer sal navraag doen by relevante professionele persone oor die sorg van sy kind se spesiale behoeftes. Weens die feit dat die opvoeder optree *in loco parentis* en as *'n diligens paterfamilias* word hier dieselfde mate van voorsorg van die opvoeder verwag (vgl. par. 5.2).

Volgens NLTA (2004:8) moet die opvoeder die volgende inligting oor die leerders met spesiale onderwysbehoeftes in sy sorg verkry:

- die spesifieke agterstand wat die leerder het met betrekking tot (a) leervermoë, (b) vlak van vermoënde deelname aan gewone klasaktiwiteite, en (c) vlak van vermoënde deelname in aktiwiteite soos sport, uitstappies en hoë-risiko areas soos werkwinkels;
- medikasie benodig en die verantwoordelikheid vir administrasie daarvan;
- potensiële mediese probleme in die klas;
- potensiële gedragsprobleme in die klas en
- ondersteuning wat die leerder nodig mag hê om doeltreffend in die klas te kan funksioneer.

Hierdie inligting sal die opvoeder in staat stel om die verhoogde sorg wat sekere leerders met spesiale onderwysbehoeftes verg soos 'n redelike deskundige ten uitvoer te kan bring. Hoe beter die kwantiteit en kwaliteit van inligting wat die opvoeder bekom, hoe beter sal die opvoeder sy sorgsaamheidsplig kan uitvoer. Die opvoeder wat hierdie inligting ignoreer, stel homself noodgedwonge aan 'n hoër risiko vir skuldigbevinding aan nalatigheid bloot indien die leerder nadeel (skade) sou ly onder sy sorg. Jacobs (2005:143) is van mening dat opvoeders kennis aangaande die leerder se gestremdhede moet verkry en die vaardigheid moet ontwikkel om saam met die leerders te werk, aangesien 'n positiewe ingesteldheid teenoor die leerders met spesiale onderwysbehoeftes nie oorbeklemtoon kan word nie.

5.4 SAMEVATTING

Uit die bogaande gedeelte is dit duidelik dat daar, met betrekking tot die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk, regtens verwag kan word dat die opvoeder ten alle tye moet optree soos dit van die "redelike deskundige" verwag word. Fischer *et al.* (1999:73) beklemtoon dat, indien 'n opvoeder se vlak van sorg benede hierdie standaard sou wees, hy aanspreeklik gehou kan word in die geval waar 'n leerder nadeel (skade) ly.

Samevattend kom die konsep "sorgsame toesighoudingspraktyk" (vgl. par. 1.4) daarop neer dat

- uit die aard van die opvoeder se instandhouding van sy toesighoudingspraktyk, gespesialiseerde kennis en kundigheid soos vereis van die redelike deskundige (opvoeder) noodsaaklik is;

- op grond van die opvoeder se *in loco parentis*-posisie 'n hoë mate van redelike sorg met betrekking tot die veiligheid van leerders in sy sorg verwag word;
- die opvoeder, skool of werkgewer (Departement van Onderwys) aanspreeklik gehou kan word vir die nalatige optrede van die opvoeder wat nadeel aan 'n leerder tot gevolg het.

Vervolgens word daar in Hoofstuk 6 'n ontleding gedoen van die data wat verkry is uit die vraelyste wat deur die respondente voltooi is.

HOOFSTUK 6

'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE SORGSAME TOESIGHOUDINGSPRAKTYK VAN OPVOEDERS IN HISTORIES AFRIKAANSE SEKONDÊRE SKOLE

6.1 INLEIDING

In Hoofstukke 2, 3 en 4 is daar 'n onderwysregtelike ondersoek gedoen na wetlike determinante wat die sorgsame toesighoudingspraktyk van opvoeders bepaal. Daar is aangetoon hoe statutêre determinante, nasionale sowel as internasionale regspraak en gemeenregtelike elemente 'n bepalende invloed op die sorgsame toesighoudingspraktyk van opvoeders het.

In hierdie hoofstuk word eerstens die navorsingsontwerp van hierdie studie bespreek. Tweedens word die data wat deur middel van die empiriese ondersoek verkry is, ontleed om te bepaal wat die opvoeders van die betrokke histories Afrikaanse sekondêre skole se insig, persepsie en kennis is van wetlike sleutelvraagstukke met betrekking tot hul sorgsame toesighoudingspraktyk en in welke mate die opvoeders se sorgsame toesighoudingspraktyk voldoen aan die onderwysregtelike vereistes.

6.2 NAVORSINGSONTWERP

Navorsing is die sistematiese proses om data te versamel en inligting te analiseer om sodoende beter begrip te verkry van 'n fenomeen of vraagstuk waarin die navorser belangstel (Fouché & De Vos, 2005:132–133; Leedy & Ormrod, 2001:4). Navorsing moet so beplan en ontwerp word dat die spesifieke navorsingsmetode wat gebruik word die verlangde data kan bekom om die navorsingsprobleem of navorsingsdoeltellings te kan aanspreek (Leedy & Ormrod, 2001:5). Dit is die navorser se taak om die mees geskikte navorsingsparadigma te vind waarbinne 'n gepaste navorsingsmetodologie gevind kan word ten einde aan die gestelde navorsingsvraagstuk te kan voldoen (Mouton & Marais, 1990:147). Volgens Howe en Eisenhart (1990:2) moet die metodologiese metode wat gebruik word, gemeet

word in terme van die sukses wat dit behaal in die ondersoek na hierdie navorsingsvraagstuk wat as belangrik beskou word.

Mouton (2002:38-39) is van mening dat onderwysnavorsing van die kwantitatiewe of kwalitatiewe navorsingsparadigmas of 'n kombinasie van beide, gebruik kan maak. Derhalwe word die mees belangrike verskille tussen hierdie twee navorsingparadigmas (vgl. Tabel 6.1) uitgelig om aan te toon waarom die spesifieke benadering wat in hierdie studie gebruik is as die mees geskikte beskou is.

Tabel 6.1 Verskille tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing

KWANTITATIEWE NAVORSING	KWALITATIEWE NAVORSING
Verduidelik en voorspel	Beskryf en verduidelik
Paradigma: positivisties	Paradigma: Fenemenologies
Metodologie: vraelys of eksperiment?	Metodologie: byvoorbeeld gevallestudie
Gefokuste benadering	Holistiese benadering
Verteenwoordigend; groot steekproef	Informatief, klein steekproef
Objektiewe seleksie	Subjektiewe seleksie
Bekende veranderlikes	Onbekende veranderlikes
Gestandaardiseerde meetinstrumente	Nie-standaard-meetinstrumente
Verskeie instrumente kan gebruik word	Hoofsaaklik observasies en onderhoude
Gekontroleerd	Uitgevoer in natuurlike element
Bevindinge gebaseer op interpretering van numeriese data	Komplekse en ryke ondervinding, vry van numeriese data
Gebaseer op feite	Gebaseer op begrip
Beskrywing feitelik gebaseer	Ryk, vertellende beskrywing
Navorser bly objektief	Interaksie tussen navorser en respondente

Aangepas uit (Leedy & Ormrod, 2001:102; Taylor, 2000:173)

6.2.1 Die keuse van 'n navorsingsmetode

Volgens (Leedy & Ormrod, 2001:100) is data en metodologie onlosmaaklik onderling afhanklik van mekaar. Die epistemologie van 'n navorsingsbenadering is volgens Mouton (2001:138) die strewe van navorsers vir die mees eerlike en geldige resultate. Epistemologie berus op die aard van die verhouding tussen die navorser en die soeke na die "ware kennis" (Mouton, 2001:138; Terre Blanche *et al.*, 2006:6). Die keuse van die navorsingsmetodologie en gepaardgaande filosofiese navorsingsteorie om 'n navorsingsprobleem te ondersoek word bepaal deur die aard

van die data wat verkry moet word vir die spesifieke navorsingsprobleem. Die positivistiese navorsingsteorie berus op die feit dat wetenskap uit bepaalde kontroleerbare en empiries verkrygde kennis bestaan (Mouton, 1993:6). Weens die aard van die data wat gebruik word in hierdie navorsing is daar gebruik gemaak van die positivistiese vertrekpunt met gepaardgaande kwantitatiewe navorsingsmetodes.

6.2.2 Die vraelys as meetinstrument

Volgens Delport (2005:159) maak die kwantitatiewe data-insamelingmetodes dikwels gebruik van meetinstrumente. Die meetinstrument verwys na die meettoestel wat navorsers gebruik om data te verkry (Goddard & Melville, 2001:41; Leedy & Ormrod, 2001:101). Volgens dieselfde navorsers is 'n vraelys wat bestaan uit 'n gedrukte stel vrae waarop die respondente moet antwoord 'n geskikte meetinstrument vir kwantitatiewe navorsing.

Daar kan hoofsaaklik tussen twee tipes vraelyste onderskei word, naamlik

- die ongestruktureerde (oop) vraelys, wat behels dat die respondent die vryheid het om sy eie siening oor die vraag te kan gee en
- die gestruktureerde (oop) vraelys wat beteken dat die respondent 'n keuse moet uitoefen uit alternatiewe antwoorde wat saam met die vraag gegee is (Borg & Gall, 1979:295; Goddard & Melville, 2001:47).

Vervolgens word enkele voordele (Tabel 6.2) en nadele (Tabel 6.3) van die genoemde tipe vraelyste gegee:

Tabel 6.2 Voordele van die oop en geslote vraelyste

OOP VRAELYS	GESLOTE VRAELYS
Geen beperking op die respondent se respons nie	Weens die gegewe alternatiewe antwoorde neem die vraelys nie baie tyd in beslag nie
Respons op sensitiewe sake kan verkry word	Vraelys kan maklik ontleed en gekwantifiseer word
Geskik waar 'n groot aantal antwoorde moontlik is	Kan op spesifieke besonderhede gefokus word
Geskik vir komplekse vrae wat nie deur beperkte antwoorde beantwoord kan word nie	Antwoorde is gestandaardiseerd en kan tussen respondente vergelyk word
Skep meer geleentheid vir respondent vir kreatiwiteit en selfuiting	Respondente het dikwels meer duidelikheid oor die betekenis van die vraag

Aangepas uit Erasmus (1994:53 - 55) en White (2005:130 -131)

Tabel 6.3 Nadele van die oop en geslote vraelyste

OOP VRAELYS	GESLOTE VRAELYS
Kan lei tot versameling van ontoepaslike data	Respondent wat nie antwoord weet, kan maklik die "onseker" of "weet nie" kategorie afmerk
Kan baie tydrowend vir respondente wees om oop vrae te beantwoord	Respondent kan gefrustreerd voel as die verlangde antwoord nie as 'n kategorie aangedui is nie
Ongestandaardiseerde antwoorde bemoeilik statistiese vergelykings en analise	'n Groter kans vir 'n foutiewe antwoord kan voorkom indien die respondent byvoorbeeld 'n 3 omkring in stede van 'n 2.

Aangepas uit Erasmus (1994:53 - 55) en White (2005:130 -131)

6.2.2.1 Keuse van die tipe vraelys vir hierdie studie

Weens die aard van die data wat verlang word, is daar in hierdie studie gebruik gemaak van die gestruktureerde (geslote) vraelys om data te bekom. Volgens Delport (2005:174) is die geslote vraelys gunstig waar 'n aansienlike hoeveelheid inligting oor 'n onderwerp bestaan en die respons-opsies relatief wel bekend is. Die vraelys, gefundeerd in die literatuuroorsig, is derhalwe so ontwerp dat die respondent by elke vraag 'n keuse kon uitoefen uit die gegewe alternatiewe antwoorde. Daar is wel by Vraag 55 aan die respondent 'n oop vraag gegee, waardeur daar aan die respondent die keuse gelaat is om 'n vrye opmerking te maak oor enige aspek rakende hul sorgsame toesighoudingspraktyk.

6.2.2.2 Die loodsvraelys

Dit is noodsaaklik dat 'n nuut-gekonstrueerde vraelys aan 'n aanvoortoets onderwerp word ten einde foute van welke aard ook al vroegtydig reggestel kan word alvorens die vraelys aan die volledige studiepopulasie uitgedeel word (Delport, 2005:171). 'n Loodsvraelys ($n \approx 5$) is vooraf aan proefpersone (wat nie deel vorm van die studiepopulasie nie) voorgelê. Hierdeur kon die verstaanbaarheid en tekortkominge van die vraelys getoets word.

6.2.2.3 Die finale vraelys

Die vraelys is ook aan die studieleier vir hulp, kommentaar en aanbevelings voorgelê en bespreek. Die vraelys is ten laaste in samewerking met die Statistiese

Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus) rekenaarverwerkbaar gemaak en gefinaliseer (Bylaag A).

6.2.3 Die samestelling van die vraelys

Die vraelys bestaan uit vyf afdelings (vgl. Bylaag A)

6.2.3.1 Afdeling A: Biografiese gegewens

Die respondente se biografiese inligting (vgl. Bylaag A, vrae 1 – 7) is ingesamel met die doel om te bepaal

- wat die geslag van die respondente is,
- watter jaar die respondente die eerste en laaste onderwyskwalifikasie verwerf het,
- watter pos die respondente beklee,
- die aantal jare ervaring wat die respondente as opvoeders het en
- wat die respondente se hoogste onderwyskwalifikasie is.

Die doel van bogenoemde inligting was om te bepaal of dit 'n invloed het op die respondente se sorgsame toesighoudingspligpraktyk, -kennis en -insig.

6.2.3.2 Afdeling B: Demografiese inligting van die skool

Die demografiese inligting (vgl. Bylaag A, vrae 8 – 13) van die skool is ingesamel om te bepaal of die

- tipe skool (histories bevoordeelde of benadeelde skool en/of LSOB-skool),
- leerder- en personeelsamestelling van die skool en
- die respondente se betrokkenheid in hoë-risiko areas

'n invloed het op die respondente se sorgsame toesighoudingspligpraktyk, -kennis, en -insig.

6.2.3.3 Afdeling C: Opleiding in Onderwysreg

Die inligting bekom deur vrae 14 – 16 (vgl. Bylaag A) is gebruik om te bepaal wat die invloed van die respondente se

- vlak van opleiding in Onderwysreg,
- jaar waarin laaste opleiding in Onderwysreg ontvang is en
- kennis van relevante wetgewing

op hul sorgsame toesighoudingspligpraktyk, -kennis en –insig is.

6.2.3.4 Afdeling D: Die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk

Hierdie afdeling (vgl. Bylaag A, vrae 17 – 45) handel oor verskillende aspekte rakende die sorgsame toesighoudingspraktyk van opvoeders. Die doel van hierdie afdeling was om te bepaal wat die respondente se insig en kennis van gemenereg en statutêre bepalings met betrekking tot hul sorgsame toesighoudingspraktyk is en hoe hierdie bepalings in hul sorgsame toesighoudingspraktyk geïmplementeer word.

Respondente se kennis en insig van gemeneregbepalings relevant vir die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk is ingesamel deur vrae 17 – 22, 28 – 32, 37 en 38 (vgl. Bylaag A).

Kennis en insig is getoets oor aspekte soos

- die toesighoudingsplig van opvoeders,
- die *in loco-parentis*-beginsel,
- die beginsel van voorsienbaarheid en voorkombaarheid,
- die redelike persoon-toets,
- die redelike deskundige.

Vrae 23 – 27 het ten doel gehad om te bepaal of

- die respondente van mening is dat hul oor voldoende kennis beskik van relevante onderwyswette en –regulasies, en die regsplig ten opsigte van die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk om sodoende hul sorgsame toesighoudingsplig doeltreffend te kan volvoer,
- die moontlikheid van regsaanspreeklikheid 'n remmende invloed het op die respondente se spontane interaksie met leerders in hul sorg en
- die respondente se mate van betrokkenheid die afgelope tien jaar verander het as gevolg van hul toenemende kennis van regsaanspreeklikheid.

Vrae 33 – 36 en 39 - 45 het ten doel gehad om te bepaal in watter mate die respondente voldoen aan die onderwysregtelike vereistes van hul sorgsame toesighoudingspraktyk.

Die volgende inligting is onder andere deur die vrae verkry:

- of die respondente bewus is of die hoë-risiko areas waar hul moontlik betrokke mag wees voldoen aan die wetlike vereistes ten opsigte van veiligheid;
- of die respondente kennis het van die skool se veiligheids- en noodplan;
- of die respondente bewus is of die skool oor 'n MIV/vigs-beleid beskik;
- of die respondente bewus is of die skool 'n stelsel of beleid het waarvolgens opleiding aan die respondent gegee word met betrekking tot inklusiewe onderwys;
- of die respondente voldoen aan die wetlike vereistes gestel met betrekking tot sportafrigting en die vervoer van leerders en
- of die respondente se wyse van sorg tydens aktiwiteite met leerders voldoen aan die vereistes soos verwag word van 'n redelike deskundige.

6.2.3.5 Afdeling E: Gevallestudie

In afdeling E (vgl. Bylaag A, vrae 46 – 54) word 'n fiktiewe skoolgebaseerde situasie geskets waarmee gepoog word om die respondente se vermoë om hul onderwysregtelike kennis in 'n praktiese toepassing te kan toepas te bepaal. Die gesimuleerde situasie is sodanig geskets dat dit ooreenstem met die ervaringswêreld van die meeste respondente. Die inligting wat op dié wyse ingesamel is, kon 'n verdere aanduiding gee van die respondente se vermoë om hul kennis met betrekking tot hul sorgsame toesighoudingspraktyk in 'n praktiese situasie te kan toepas.

6.2.4 Administratiewe prosedure

Skriftelike toestemming vir toegang tot die betrokke openbare skole is tot die Uitvoerende Distriksbestuurder (Suidelike streek) van die Noordwes-Onderwysdepartement gerig (Bylaag C). Toestemming is verleen deur die betrokke Uitvoerende Distriksbestuurder (Bylaag D). Die skoolhoofde van die skole wat die studiepopulasie vorm, is geskakel en 'n persoonlike afspraak met elkeen gemaak. Die doel van die navorsing asook die verlangde werkswyse met die vraelyste is tydens hierdie besoek verduidelik en in die vorm van 'n dekbrief gegee. Weens praktiese redes is die skoolhoofde versoek om die doel van die navorsing met die betrokke skool se personeel (respondente) te bespreek alvorens die vraelys ingevul

word. Geleentheid is aan die respondente gegee om die navorser persoonlik te kontak met enige vrae en of onduidelikhede met betrekking tot die navorsing.

Volgens Delport (2005:168) is die ideaal dat vraelyste binne 48 uur na aflewering weer afgehaal moet word. Weens praktiese en logistiese redes is die vraelyste tussen 2 en 6 dae na aflewering persoonlik by die betrokke skole afgehaal. Die vraelyste is by die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus) ingegee vir die statistiese verwerking.

6.2.5 Studiepopulasie

Die studiepopulasie in hierdie ondersoek was die praktiserende Posvlak 1-opvoeders en departementshoofde in die openbare histories Afrikaanse sekondêre skole in die Potchefstroom- en Klerksdorpdistrikte.

Die studiepopulasie is verteenwoordig in 18 histories Afrikaanse sekondêre skole met 'n gesamentlike totaal van 450 Posvlak 1-opvoeders en departementshoofde. Weens die ligging van die skole was dit haalbaar om al die opvoeders te bereik en is daar nie van 'n ewekansige steekproef gebruik gemaak nie.

Tabel 6.4 Respons van respondente

VRAELYSTE UITGESTUUR	VRAELYSTE TERUG ONTVANG	% RESPONS
450	**312**	**70.18**

Uit Tabel 6.4 is dit duidelik dat 70.18% van die vraelyste terug ontvang is. 'n Persentasie-respons van 70% is voldoende om betekenisvolle veralgemenings en geldige afleidings in die empiriese ondersoek ten opsigte van die studiepopulasie te kan doen (Landman, 1980:112).

6.2.6 Statistiese tegnieke

Die 312 voltooide vraelyste wat terug ontvang is, is deur die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus) met behulp van die *The* SAS *System for Windows Release 9.1* verwerk (SAS Institute Inc., 2007). Met behulp van die program is statistiese metodes gebruik om die data wat in die empiriese ondersoek verkry is te analiseer om daardeur

- frekwensies en persentasies van die vrae te bepaal en
- effekgroottes met Cohen se d-waardes te bepaal.

6.2.7 Geldigheid

Geldigheid verwys na die mate waarin die meetinstrument meet wat dit veronderstel is om te meet en of dit korrek is. Inhoudsgeldigheid beteken dat die meetinstrument (vraelys in hierdie geval) verteenwoordigend moet wees van die bestaande kennis oor die onderwerp (Delport, 2005:160). Die vraelys (vgl. Bylaag A) wat in hierdie studie gebruik is, is opgestel na aanleiding van inligting wat uit die literatuurstudie verkry is, wat impliseer dat hierdie vraelys as 'n inhoudsgeldige instrument beskou kan word.

6.2.8 Betroubaarheid

Die betroubaarheid van 'n meetinstrument (of stel vrae binne 'n meetinstrument) word getoets om te bepaal of die meetinstrument bestendig en konsekwent is. Dit beteken dat indien dieselfde ondersoek onder soortgelyke omstandighede herhaal word, dieselfde (of naastenby dieselfde) resultate verkry sal word (Delport, 2005:162; Leedy & Ormrod, 2001:31). Die Cronbach Alpha-koëffisiënt word gebruik om die interne betroubaarheid te bepaal en word uitgedruk as 'n betroubaarheidskoëffisiënt wat wissel tussen .0 en 1.00, met 1.00 wat perfekte betroubaarheid aandui en .0 wat geen betroubaarheid aandui (Ary *et al.,* 1990.:271). Die Cronbach Alpha-waarde van 0.40 vir kennisvrae impliseer dat die kennisvrae nie 'n betroubare meetinstrument is nie en eerder as individuele vrae ontleed moet word, terwyl die waarde van 0.56 vir sorgsame praktyktoepassing as aanvaarbaar beskou kan word om gemiddelde tellings te rapporteer. Die Cronbach Alpha-waarde vir al die vrae oor sorgsame toesighoudende praktyk in die gevallestudie was 0.79. Weens die feit dat die gevallestudievrae (vgl. par. 6.3.5 en Tabel 6.12) 'n aanduiding kan gee in welke mate die respondente oor die vermoë beskik om hul kennis met betrekking tot hul sorgsame toesighoudingsplig in praktyk te kan toepas is hierdie gevallestudievrae (ook beskou as praktyktoepassingsvrae) aan verdere statistitiese ontledings onderwerp. Die betroubaarheid van vrae 47, 49.1, 49.2, 49.3, 53.1-53.7 en 54 is deur die Cronbach Alpha-koëffisiënt bepaal. Die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus) het die

Cronbach Alpha-koëffisiënt bereken op 0.9 vir hierdie vrae uit die gevallestudie wat impliseer dat dit 'n betroubare meetinstrument is.

Die rede waarom hierdie vrae gebruik is, is daarin geleë dat

- hierdie vrae 'n aanduiding kan wees van die mate van die respondente se praktyktoepassing van hul sorgsame toesighoudingspligte;
- hierdie vrae direk verband hou met aspekte van deliktuele aanspreeklikheid;
- navorsing toon dat deliktuele aanspreeklikheid die grootste bron van kommer vir 'n opvoeder is en

die verpligting en verantwoordelikheid van opvoeders ten opsigte van aanspreeklikheid bepaal word deur 'n kombinasie van wetgewing, regulasies, skoolbeleide en gemeneregbeginsels (vgl. Hoofstuk 4).

6.3 ANALISE EN INTERPRETERING VAN DATA

Ten einde 'n algemene indruk van die data te verkry word die data deur middel van frekwensietabelle aangedui. Weens die feit dat die vraelys (vgl. Bylaag A) so opgestel is dat die respondente 'n keuse van respons by elkeen van die vrae gehad het, is die frekwensieverspreiding van die data bereken en word dit in die frekwensietabelle aangedui. 'n Frekwensieverspreiding is volgens Kruger *et al.* (2005:222) en Wisniewski (1997:51) 'n tabulêre verteenwoordiging van die aantal gevalle (met verwysing na die aantal respondente of hul tellings) wat in verskillende meetkategorieë voorkom.

Alle afleidings en veralgemenings wat in hierdie navorsing gemaak is, is slegs van toepassing op die histories Afrikaanse sekondêre skole in die Potchefstroom- en Klerksdorpdistrikte (Noordwes-Provinsie). Vervolgens word die data soos uit die vraelyste verkry, geïnterpreteer en bespreek.

6.3.1 AFDELING A: BIOGRAFIESE INLIGTING

Vrae 1 – 7 het ten doel gehad om 'n beeld te vorm van die respondente se biografiese inligting. Deur hierdie data te vergelyk met die data verkry uit die respondente se respons op die kennisvrae, kan bepaal word of daar 'n verband bestaan tussen die respondente se biografiese situasie en hul sorgsame toesighoudingspraktyk. Die data verkry uit Afdeling A, word in Tabel 6.5 uiteengesit.

Tabel 6.5 Frekwensietabel van die biografiese gegewens van die respondente

VRAAG	RESPONSE	f	%
1. Geslag	Manlik	75	24.1
	Vroulik	236	75.6
	Nulrespons	1	0.3
	TOTAAL	312	100
2. Ouderdom	20-30 jaar	55	17.6
	31-40 jaar	62	19.9
	41-50 jaar	117	37.5
	51-60 jaar	73	23.4
	65+ jaar	2	0.6
	Nulrespons	3	1
	TOTAAL	312	100
3. Jaar waarin u eerste onderwyskwalifikasie verwerf is	Voor 1996	227	72.8
	Na 1996	78	25
	Nulrespons	7	2.2
	TOTAAL	312	100
4. Jaar waarin u laaste onderwyskwalifikasie verwerf is	Voor 1996	196	62.8
	Na 1996	96	30.8
	Nulrespons	20	26.4
	TOTAAL	312	100
5. Watter pos beklee u?	Departementshoof	41	13.1
	Posvlak 1-opvoeder	264	84.7
	Nulrespons	7	2.2
	TOTAAL	312	100
6. Hoeveel jare is u al 'n praktiserende opvoeder?	0-5 jaar	60	19.2
	6-10 jaar	31	10.0
	11-15 jaar	49	15.7
	16-20 jaar	63	20.2
	20+ jaar	107	34.3
	Nulrespons	2	0.6
	TOTAAL	312	100
7. Wat is u hoogste **onderwys**kwalifikasie?	Matrieksertifikaat	1	0.3
	Matriek plus 1 jaar verdere studie	1	0.3

(Merk slegs hoogste kwalifikasie.) Vir die doeleindes van die vraelys impliseer "matriek" ook die huidige Graad 12.	Matriek plus 2 jaar verdere studie	2	0.6
	Matriek plus 3 jaar verdere studie	18	5.8
	Onderwysdiploma (3 of 4 jaar)	77	24.7
	Onderwysdiploma plus 1 of meer VDO's of GOS kwalifikasies	23	7.4
	Baccalaureusgraad plus 'n onderwysdiploma	114	36.5
	BEd honneurs	29	9.4
	MEd	2	0.6
	DEd of Phd (onderwys)	2	0.6
	Ander:	17	5.5
	Nulrespons	26	8.3
	TOTAAL	312	100

6.3.1.1 Geslag (Vraag 1)

Die doel van Vraag 1 was om vas te stel wat die geslagverspreiding van die respondente is. Deur hierdie inligting te vergelyk met die respons van die respondente op die vrae oor hul sorgsame toesighoudingspraktyk kan daar bepaal word of daar enige beduidende verband bestaan tussen die geslag van die respondente en hul sorgsame toesighoudingspraktyk (vgl. par. 6.4.2.1). Uit Grafiese voorstelling 6.1 blyk duidelik dat in die histories Afrikaanse Sekondêre skole in die Potchefstroom- en Klerksdorpdistrikte meer as twee derdes (75.7%) van die respondente vroulik en slegs 24% manlik is.

Grafiese voorstelling 6.1:

Geslag van respondente



6.3.1.2 Ouderdom (Vraag 2)

Die doel van Vraag 2 (vgl. Bylaag A) was om te bepaal wat die ouderdomverspreiding van die respondente is en om vas te stel of daar 'n verband bestaan tussen die ouderdom van die respondente en hul sorgsame toesighoudingspraktyk (vgl. par. 6.4.2.2).

Grafiese voorstelling 6.2:

Ouderdomverspreiding van respondente



Uit die Grafiese voorstelling 6.2 blyk die volgende:

- Die hoogste persentasie respondente (37.5%) val in die ouderdomsgroep 41 - 50 jaar.
- Slegs 0.6% van die respondente is ouer as 65 jaar.
- Die ouderdomsgroep 20 – 30 jaar waaronder pas afgestudeerde opvoeders sal val, verteenwoordig 17.6% van die respondente.
- 19.9% van die respondente val in die ouderdomsgroep 31 – 40 jaar en
- 23.4% van die respondente val in die ouderdomsgroep 50 – 60 jaar.

6.3.1.3 Jaar van verwerwing van eerste onderwyskwalifikasie (Vraag 3)

By Vraag 3 moes die respondente aandui of hul eerste onderwyskwalifikasie voor of na 1996 verwerf is. Die rede hiervoor was dat 'n beduidende aantal statutêre wetgewing relevant vir die onderwys in 1996 en daarna gepromulgeer en/of geammendeer is (vgl. par. 2.5). Die doel van Vraag 3 was om te bepaal hoeveel van die respondente vóór 1996 hul eerste onderwyskwalifikasie verwerf het en hoeveel respondente ná 1996 hul eerste onderwyskwalifikasie verwerf het .

Grafiese voorstelling 6.3:

Jare waarin respondente eerste onderwyskwalifikasie verwerf het



Dit blyk duidelik uit die Grafiese voorstelling 6.3 dat:

- 25% van die respondente na 1996 hul eerste onderwyskwalifikasie verwerf het en
- 72.8% van die respondente voor 1996 hul eerste onderwyskwalifikasie verwerf het.
-

Die aanduiding dat 72.8% van die respondente voor 1996 hul eerste onderwyskwalifikasie verwerf het, laat die vraag ontstaan of dié respondente na 1996 'n verdere onderwyskwalifikasie verwerf of het of een of ander verdere opleiding ontvang het met betrekking tot hul sorgsame toesighoudingspraktyk soos van toepassing onder relevante wetgewing wat na 1996 gepromulgeer is (vgl. par. 6.3.1.4, 6.3.3.1 en 6.3.3.2)

6.3.1.4 Jaar van verwerwing van laaste onderwyskwalifikasie (Vraag 4)

Die doel van Vraag 4 was om te bepaal of die respondente (indien enige) verdere onderwyskwalifikasies voor of na 1996 verwerf het. Deur hierdie data te vergelyk met Vraag 3 se data kan bepaal word welke persentasie van die respondente ná 1996 verdere onderwyskwalifikasies verwerf het. Verder kan daar bepaal word of daar 'n verband bestaan tussen dié respondente se sorgsame toesighoudingspraktyk en die persentasie respondente wat nié voor 1996 bykomende onderwyskwalifikasies verwerf het nie (vgl. par. 6.4.3.3).

Uit die Grafiese voorstelling 6.4 kan die volgende afleidings gemaak word:

- 30.8% van die respondente het na 1996 hul laaste onderwyskwalifikasie verwerf en
- 62.8% van die respondente het voor 1996 hul laaste onderwyskwalifikasie verwerf.

Grafiese voorstelling 6.4:

Jare waarin respondente laaste onderwyskwalifikasie verwerf het



Grafiese voorstelling 6.4 toon dat 62.8% van die respondente hul *laaste* onderwyskwalifikasie ná 1996 verwerf het, terwyl 72.8% van die respondente (vgl. Grafiese voorstelling 6.3) vóór 1996 hul *laaste* onderwyskwalifikasie verwerf het. Dit wil dus voorkom of minder as 10% van die respondente wat voor 1996 hul eerste onderwyskwalifikasie verwerf het ná 1996 'n verdere onderwyskwalifikasie behaal het.

6.3.1.5 Posvlak van die respondente (Vraag 5)

Die studiepopulasie van hierdie navorsing het gekonsentreer op die Posvlak 1-opvoeder en die departementshoofde by die betrokke skole. Volgens die Personnel Administarion Measures (SA, 1999b) word dit verwag dat 'n Posvlak 1-opvoeder en departementshoofde onderskeidelik 90% en 85% van 'n 7-uur skooldag kontaktyd met leerders moet hê.

Vraag 5 (vgl. Bylaag A) het ten doel gehad om die posvlakke van die respondente te bepaal. Hierdie inligting kan gebruik word om te bepaal of die praktykbelewenis van die respondent in 'n spesifieke posvlak enige uitwerking het op die respondent se sorgsame toesighoudingspraktyk (vgl. par. 6.4.3.4).

Grafiese voorstelling 6.5:

Posvlakke wat respondente beklee



Volgens Grafiese voorstelling 6.5 is 84.7% van die respondente Posvlak 1-opvoeders en 13.1% departmentshoofde. Inaggenome die persentasie kontaktyd met leerders wat van hierdie posvlakke verwag word volgens die Personnel Administration Measures (SA, 1999b), kan dit aangeneem word dat die respondente gemiddeld meer as 85% van 'n 7-uur skooldag hul toesighoudingsplig moet uitoefen. Daar kan dus met redelike sekerheid aangeneem word dat die respondente se respons met betrekking tot die vrae oor hul toesighoudingspraktyk, gebaseer is op deeglike praktykbelewenis.

6.3.1.6 Jare opvoederondervinding (Vraag 6)

Die doel van Vraag 6 (vgl. Bylaag A) was om te bepaal hoeveel jaar ondervinding die respondente as praktiserende opvoeders het. Deur hierdie data statisties te ontleed kan daar bepaal word of jare ondervinding enige uitwerking het op die respondente se sorgsame toesighouding (vgl. par. 6.4.3.5).

Grafiese voorstelling 6.6:

Jare ondervinding van respondente as opvoeders



Uit die Grafiese voorstelling 6.6 blyk die volgende:

- Slegs 29.2% van die respondente het minder as 10 jaar ondervinding.
- 15.7% van die respondente het tussen 11 en 15 jaar ondervinding.
- 54.5% van die respondente het meer as 16 jaar ondervinding.

Aangesien 70.2% van die respondente meer as 10 jaar ondervinding as opvoeders het, kan met sekerheid afgelei word dat die meerderheid respondente ervare opvoeders is.

6.3.1.7 Hoogste kwalifikasie van respondente (Vraag 7)

Die vraag na die hoogste onderwyskwalifikasie van die respondente (vgl. Bylaag A, Vraag7) het ten doel gehad om te kan bepaal of daar enige verband bestaan tussen die vlak van kwalifikasie van die respondente en hul sorgsame toesighoudingspraktyk (vgl. par. 6.4.3.6).

Uit Grafiese voorstelling 6.7 blyk die volgende:

- Slegs 1.2% van die respondente beskik nie oor 'n drie- of meerjarige onderwyskwalifikasie nie.
- 24.7% van die respondente het 'n 3- of 4-jarige onderwysdiploma.
- 36.5% van die respondente beskik oor 'n Baccalaureusgraad met onderwysdiploma.
- Gesamentlik beskik 10.5% van die respondente oor 'n nagraadse kwalifikasie soos 'n BEd honneurs, MEd of DEd (of Phd).

Volgens die Personnel Administration Measures (SA, 1999b) moet 'n opvoeder ten minste oor 'n 3-jaaronderwyskwalifikasie beskik. Meer as 98% van die respondente voldoen aan hierdie vereiste, waaruit die veronderstelling gemaak kan word dat die respondente oor die nodige kennis behoort te beskik met betrekking tot die vereistes wat gestel word rakende hul sorgsame toesighoudingsplig. Inaggenome die jare ondervinding van die respondente (vgl. par. 6.3.1.6) en die hoë vlak van toepaslike kwalifikasies kan met redelike sekerheid aanvaar word dat die response van die respondente op die vraelyste 'n getroue weergawe is van wat in die praktyk met die respondente gebeur. In Grafiese voorstelling 6.7 word die data wat in Vraag 7 verkry is, uiteengesit.

Grafiese voorstelling 6.7:

Hoogste onderwyskwalifikasie van respondente



6.3.2 AFDELING B: DEMOGRAFIESE INLIGTING VAN DIE SKOLE

Met vrae 8 – 13 (vgl. Bylaag A) is daar gepoog om 'n beeld te vorm van die demografie van die skole waar die respondente werksaam is. Die doel was om te bepaal of die demografie van 'n skool enige uitwerking het op die respondente se sorgsame toesighoudingspraktyk.

Tabel 6.6 Frekwensietabel van die demografiese inligting van die respondente se skole

VRAAG	RESPONSE	f	%
8. Is u skool:	'n Histories benadeelde skool	36	11.5
	'n Histories bevoordeelde skool	250	80.2
	Nulrespons	26	8.3
	TOTAAL	312	100
9. Is u skool spesifiek vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes? (LSOB)(LSEN)	Ja	53	17
	Nee	240	76.9
	Nulrespons	19	6.1
	TOTAAL	312	100
10. Aantal leerders in u skool	50 – 200 leerders	7	2.2
	201 – 400 leerders	19	6.1
	401 – 600 leerders	76	24.4
	601 – 800 leerders	84	26.9
	801 – 1200 leerders	120	38.5
	1201 – 1500 leerders	0	0
	Meer as1500 leerders	0	0
	Nulrespons	6	1.9
	TOTAAL	312	100
11. Welke geslag leerders is die meeste in u skool?	Seuns	85	27.2
	Dogters	67	67.0
	Nulrespons	18	5.8
	TOTAAL	312	100
12. Hoeveel van die volgende posvlakke is in u skool?		*	
13. In watter van die volgende hoë-risiko terreine is u uit die aard van u werk met leerders betrokke?	Tegniese werkswinkels	61	19.6
	Kookkunsklas	42	13.5
	Naaldwerkklas	21	6.7
	Laboratorium	69	22.1
	Liggaamlike opvoedingsklas	40	12.8
	Sportvelde	191	61.2
	Geen	47	15.1

* By Vraag 12 moes die repondente die aantal Posvlak 1- en departementshoofde in hul skool aandui. Aangesien daar geen relevante bevindinge en/of afleidings vir

die doeleindes van hierdie studie uit die vraag se data na vore kom nie, is die data nie verder gebruik of ontleed nie.

6.3.2.1 Tipe skool (Vraag 8)

Die doel van Vraag 8 was om te bepaal of die respondente opvoeders is in voorheen histories benadeelde of –bevoordeelde skole.

Sllegs 11.6% van die respondente is opvoeders in histories benadeelde skole. Weens die geringe persentasie respondente wat opvoeders by histories benadeelde skole is, word geen verdere statisiese ontleding van hierdie data gedoen nie (vgl. Grafiese voorstelling 6.8).

Grafiese voorstelling 6.8:

Respondentverteenwoordiging in histories benadeelde en bevoordeelde skole



6.3.2.2 Skole spesifiek vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes (LSOB) (Vraag 9)

Volgens die Departement van Onderwys (SA, 2001:3) vorm LSOB-skole deel van die inklusiewe onderwysstelsel van Suid-Afrika (vgl. par. 5.3.3.8) Die doel met Vraag 9 (vgl. Bylaag A) was om te bepaal welke persentasie van die skole in die studiepopulasie LSOB-skole is. Dit het verder ten doel gehad om hierdie data te gebruik om te bepaal of daar 'n verskil (indien enige) is van die sorgsame toesighoudingspraktyk van die respondente uit LSOB-skole teenoor dié uit die gewone hoofstroomskole (vgl. par. 6.3.4.22). Uit Grafiese voorstelling 6.9 blyk dit dat slegs 17% van die respondente opvoeders in LSOB-skole is.

Grafiese voorstelling 6.9:

Respondente as opvoeders by LSOB-skole



6.3.2.3 Aantal leerders in die skool (Vraag 10)

Vraag 10 het ten doel gehad om die leerdertal van die skole in die studiepopulasie vas te stel om sodoende 'n duideliker beeld te vorm van die samestelling van die studiepopulasie.

Grafiese voorstelling 6.10:

Leerdertal in skole



Slegs 8.3% van die skole het minder as 400 leerders, terwyl 51.3% van die skole 'n leerdertal van tussen 400 en 800 het. Van die skole het 38.5% tussen 800 en 1200 leerders. Geen van die skole het meer as 1200 leerders nie (vgl. Tabel 6.6).

6.3.2.4 Geslagsamestelling van leerders in die skool (Vraag 11)

Vraag 11 het ten doel gehad om te bepaal welke leerdergeslag die meerderheid is in die skole van die studiepopulasie om sodoende 'n duideliker beeld te vorm van die samestelling van die studiepopulasie.

Uit Grafiese voorstelling 6.11 blyk dit dat die meerderheid skole (67%) meer dogters as seuns het.

Grafiese voorstelling 6.11:

Meerderheid leerdergeslag in skole



6.3.2.5 Toesighoudingsplig in hoë-risiko terreine (Vraag 13)

Uit die literatuurstudie en relevante hofsake blyk dit dat daar 'n verhoogde mate van toesig en kundigheid van die opvoeder verwag word by hoë-risiko terreine weens die groter moontlikheid van beserings wat leerders in hierdie areas kan opdoen (vgl. par. 5.3.3.2). Die doel met Vraag 13 was om te bepaal watter persentasie van die respondente uit die aard van hul werk betrokke is by hoë-risiko terreine. Grafiese voorstelling 6.12 gee 'n aanduiding van die persentasie respondente betrokke by die onderskeie hoë-risiko terreine in hul skole.

Uit Grafiese voorstelling 6.12 blyk die volgende:

- Van die respondente is 61.2 % betrokke met leerders op die sportveld, terwyl 12.8% betrokke is by die liggaamlike opvoedingsklas.
- Van die respondente is 22.1% betrokke in laboratoriums en 19.6% in tegniese werkswinkels.
- Slegs 15.1% van die respondente het aangedui dat hul by geen van die genoemde hoë-risiko terreine betrokke nie.

Dit blyk dus dat die meerderheid van respondente betrokke is by een of meer hoë-risiko terreine. Op grond van die feit dat al die respondente gekwalifiseerde opvoeders is (vgl. par. 6.3.1.7) kan dit verwag word dat die verhoogde mate van toesig wat oor leerders in hoë-risiko terreine verwag word in die respondente se sorgsame toesighoudingspraktyk en –kennis weerspieël moet word (vgl. par. 6.3.4.15 en 6.3.4.29).

Grafiese voorstelling 6.12:

Respondente betrokke in hoë-risiko terreine



6.3.3 AFDELING C: OPLEIDING IN ONDERWYSREG

Ten einde opvoeders in staat te stel om hul sorgsame toesighoudingspraktyk doeltreffend te kan verrig en hulself professioneel te handhaaf is kennis van die verskillende regsbeginsels wat op hul beroep van toepassing is noodsaaklik (vgl. par. 5.1). Die doel van Afdeling C (vgl. Bylaag A) was om te bepaal

- welke (indien enige) opleiding die respondente in Onderwysreg ontvang het; en indien wel
- 'n benaderde aanduiding te kry van die jaar waarin opleiding in Onderwysreg ontvang is en
- om te bepaal oor welke van die gegewe wetgewing die respondente meen hul die meeste kennis beskik.

Tabel 6.7 Frekwensietabel van respondente se opleiding in Onderwysreg

VRAAG	RESPONSE	f	%
14. Het u enige onderwysregopleiding ontvang deur middel van:	Module(s) as deel van u aanvanklik studie	89	28.5
	BEd met Onderwysreg as module	37	11.9
	BEd (hons) in Onderwysreg	12	3.8
	Kortkursus in Onderwysreg	9	2.9
	Departementele indiensopleiding met betrekking tot onderwysregaspekte	45	14.4
	Geen	83	26.6
	Nulrespons	37	11.9
	TOTAAL	312	100
15. In welke jaar het u die laaste keer opleiding in onderwysregaspekte rakende u toesighoudingsplig ontvang	Meer as 20 jaar gelede	62	19.9
	Meer as 10 jaar gelede	58	18.6
	1997 – 2000	11	3.5
	2001 – 2003	21	6.7
	2004 – 2007	101	32.4
	Nulrespons	59	18.9
	TOTAAL	312	100

6.3.3.1 Vlak van onderwysregopleiding (Vraag 14)

Die doel van Vraag 14 (vgl. Bylaag A) was om die vlak van opleiding (indien enige) in Onderwysreg wat die respondente ondergaan het te bepaal. Deur hierdie inligting te vergelyk met die response van die respondente op die vrae oor hul sorgsame toesighoudingspraktyk kan daar bepaal word of die vlak van opleiding in onderwysreg enige invloed het op die respondente se sorgsame toesighoudingspraktyk (vgl. par. 6.3.4.7). Die inligting wat uit Vraag 14 verkry is, word in Grafiese voorstelling 6.13 uiteengesit.

Grafiese voorstelling 6.13:

Vlak van respondente se onderwysregopleiding



Uit Grafiese voorstelling 6.13 blyk die volgende:

- Van die respondente het 28.5% blootstelling aan Onderwysreg gehad in die vorm van 'n module as deel van hul aanvanklike studies.
- Slegs 3.8% van die respondente beskik oor 'n gespesialiseerde Onderwysregkwalifikasie.
- Van die respondente het 14.4% blootstelling aan onderwysregaspekte ontvang deur middel van Departementele indiensopleiding.
- Van die respondente het 26.6% geen opleiding in Onderwysreg ontvang nie.

6.3.3.2 Jaar van laaste opleiding in Onderwysreg (Vraag 15)

Met Vraag 15 (vgl. Bylaag A) is vasgestel in welke jaar die respondente die laaste keer opleiding in Onderwysreg ondergaan het. Die doel hiervan was om deur hierdie inligting te vergelyk met die response van die respondente op die vrae oor hul sorgsame toesighoudingspraktyk te bepaal of die jaar van opleiding in Onderwysreg enige invloed het op die respondente se sorgsame toesighoudingspraktyk (vgl. par. 6.3.4.8).

Grafiese voorstelling 6.14:

Jaar van laaste opleiding in Onderwysreg



Die volgende blyk uit Grafiese voorstelling 6.14:

- Van die respondente het 38.5% nie die afgelope 10 tot 20+ jaar opleiding in Onderwysreg ontvang.
- Tussen 1997 en 2003 het slegs 10.3% van die respondente opleiding in Onderwysreg ontvang.
- Van die respondente het 32.4% tussen 2004 en 2007 'n vorm van opleiding in Onderwysreg ontvang.
- Van die respondente het 19.9% meer as 20 jaar gelede 'n vorm van opleiding in Onderwysreg ontvang.

In Grafiese voorstelling 6.6 is dit aangedui dat 34.3% van die respondente meer as 20 jaar ondervinding het as opvoeders. Die 19.9% van die respondente wat aangedui het dat hulle meer as 20 jaar gelede opleiding in Onderwysreg ontvang het (vgl. Grafiese voorstelling 6.14) verteenwoordig 58% van die persentasie respondente met meer as 20 jaar ondervinding. Dit impliseer dat 42% van respondente met meer as 20 jaar ondervinding nie die afgelope 20 jaar een of ander vorm van opleiding in Onderwysreg ontvang het nie.

6.3.3.3 Wetgewing relevant vir die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk (Vraag 16)

Die doel van Vraag 16 was om te bepaal in welke mate die respondente hulself vergewis het van die inhoudelike van die wetgewing wat relevant is vir die opvoeder se sorgsame toesighoudingpraktyk.

Tabel 6.8 Frekwensietabel van die respondente se mate van kennis van relevante wetgewing

Vraag 16: Die opvoeder se toesighoudingspraktyk word gereël deur onder andere die onderstaande wetgewing. Hoedanig het u uself al vergewis van die inhoud van die volgende wetgewing?				
No	**WETGEWING**	**RESPONSE**	**f**	**%**
16.1	*Handves Van Regte* soos vervat in die Grondwet van Suid-Afrika	Deeglike kennis	32	10.3
		Redelike kennis	154	49.4
		Weinig kennis	90	28.8
		Geen kennis	29	9.3
		Nulrespons	7	2.2
		Totaal	312	100
16.2	Wet op Nasionale Onderwsybeleid	Deeglike kennis	10	3.2
		Redelike kennis	126	40.4
		Weinig kennis	131	42
		Geen kennis	37	11.9
		Nulrespons	8	2.5
		Totaal	312	100
16.3	Wet op Indiensneming van Opvoeders	Deeglike kennis	16	5.1
		Redelike kennis	102	32.7
		Weinig kennis	135	43.3
		Geen kennis	48	15.4
		Nulrespons	11	3.5
		Totaal	312	100
16.4	Suid-Afrikaanse Skolewet	Deeglike kennis	12	3.8
		Redelike kennis	128	41
		Weinig kennis	127	40.7
		Geen kennis	36	11.5
		Nulrespons	9	3.0
		Totaal	312	100

16.5	Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoederswet (SARO)	Deeglike kennis	12	3.9
		Redelike kennis	75	24
		Weinig kennis	156	50
		Geen kennis	59	18.9
		Nulrespons	10	3.2
		Totaal	312	100
16.6	Wet op Kindersorg	Deeglike kennis	10	3.2
		Redelike kennis	74	23.7
		Weinig kennis	153	49
		Geen kennis	64	20.5
		Nulrespons	11	3.5
		Totaal	312	100
16.7	Strafproseswet	Deeglike kennis	7	2.2
		Redelike kennis	49	15.7
		Weinig kennis	150	48.1
		Geen kennis	96	30.8
		Nulrespons	10	3.2
		Totaal	312	100
16.8	Wet op Beroepsgesondheid en –veiligheid	Deeglike kennis	8	2.6
		Redelike kennis	82	26.3
		Weinig kennis	138	44.2
		Geen kennis	73	23.4
		Nulrespons	11	3.5
		Totaal	312	100
16.9	Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid	Deeglike kennis	10	3.2
		Redelike kennis	55	17.6
		Weinig kennis	118	37.8
		Geen kennis	119	38.1
		Nulrespons	10	3.2
		Totaal	312	100
16.10	Nasionale Padverkeerwet	Deeglike kennis	45	14.4
		Redelike kennis	132	42.3
		Weinig kennis	85	27.3
		Geen kennis	40	12.8
		Nulrespons	10	3.2
		Totaal	312	100

Deur die gegewens van Tabel 6.8 grafies voor te stel kan duidelik gesien word van watter wetgewing die respondente 'n *redelike* tot *deeglike* kennis het en van water wetgewing hul *weinig* of geen *kennis* het nie.

Grafiese voorstelling 6.15:

Respondente se mate van kennis van relevante wetgewing



Uit Grafiese voorstelling 6.15 kan die volgende afleidings gemaak word:

- Die meeste respondente, naamlik 59.7%, het aangedui dat hul bekend is met die Handves van Regte soos vervat in die Suid-Afrikaanse Grondwet.

Aangesien die Grondwet (1996a) bepaal dat alle wette, regulasies en reëls wat op die onderwyspraktyk van toepassing is nie in stryd met die bepalings van die Grondwet mag wees nie (vgl. par. 2.5.1) kan die afleiding gemaak word dat die respondente oor 'n redelike mate van kennis beskik met betrekking tot die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid van elke leerder.

- Van die respondent het 56.7% aangedui dat hulle oor 'n redelike tot deeglike kennis beskik van die Nasionale Padverkeerwet.
- Weens die feit dat by geen statutêre wetgewing soos onder andere die
    - die Wet op Nasionale Onderwysbeleid,
    - Wet op Indiensneming van Opvoeders,
    - die Suid-Afrikaanse Skolewet,
    - Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoederswet en die
    - Wet op Beroepsgesondheid en –veiligheid

    die mate van kennis bo 50% lê nie, kan die afleiding gemaak word dat die respondente nie oor genoegsame kennis van die genoemde onderwyswetgewing beskik om hul posisie en gepaardgaande standaard van sorg wat wetlik vereis word, in die lig van dié relevante wetgewing te kan evalueer, verstaan en toepas nie (vgl. par. 2.7). Genoemde wetgewing is bepalende determinante vir die sorgsame toesighoudingspraktyk van die opvoeder (vgl. par. 2.5.2).

6.3.4 AFDELING D: DIE OPVOEDER SE SORGSAME TOESIGHOUDINGS-PRAKTYK

Die vrae in Afdeling D kan in drie groepe verdeel word:

(i) Kennisvrae (vrae 17 – 23, 28 – 32, 37 en 38 (vgl. Bylaag A)):

Die doel van hierdie vrae was om

die respondente se insig en kennis van gemenereg en statutêre bepalings met betrekking tot hul sorgsame toesighoudingspraktyk te toets.

(ii) Meningvrae (vrae 24 – 27):

Vraag 24 en 25 het ten doel gehad om te bepaal wat die respondente se mening is oor hul eie en mede-opvoeders se mate van kennis van relevante onderwyswette en -regulasies, terwyl Vraag 26 en 27 ten doel gehad het om te bepaal of kennis (of

gebrek aan kennis) van regsaanspreeklikheid 'n invloed uitoefen op die respondente se sorgsame toesighoudingspraktyk.

(iii) Praktykbelewenisvrae (vrae 33 – 36 en 39 – 45) (vgl. Bylaag A):

Die vrae het ten doel om:

te bepaal in welke mate die respondente se sorgsame toesighoudingspraktyk voldoen aan die wetlike vereistes.

(i) Kennisvrae:

In Tabel 6.9 word die inligting wat uit die kennisvrae (vrae 17 – 23, 28 – 32, 37 en 38) verkry is, uiteengesit (vgl. par. 6.3.4). Die **vetdruk** toon die korrekte antwoord aan.

Tabel 6.9 Frekwensietabel van die respondente se insig en kennis van onderwysregaspekte

No	STELLING	RESPONS					
			Ja	Nee	Onseker	Nul respons	Totaal
17	'n Opvoeder behoort slegs betrokke te raak by buitemuurse aktiwiteite waarin hy amptelik gekwalifiseerd en/of voldoende ervaring het.	F	**255**	44	10	3	312
		%	**81.7**	14.1	3.2	1	100
18	Toesig oor leerders beteken dat ek as opvoeder ten alle tye ál die leerders in my sorg onder oog moet hê.	F	217	**65**	28	2	312
		%	69.6	**20.8**	9	0.6	100
19	As opvoeder kan ek slegs aanspreeklik gehou word vir nadeel wat 'n leerder ly indien die skade redelik voorsienbaar was.	F	**197**	58	56	1	312
		%	**63.1**	18.6	17.9	0.3	100
20	Ek kan 'n leerder se sakke deursoek indien daar 'n redelike vermoede bestaan dat die leerder 'n onwettige item in sy besit het.	F	**147**	109	54	2	312
		%	**47.1**	34.9	17.3	0.6	100
21	Opvoeders wat in beheer is van die "ontgroenings"-program vir nuwe Gr. 8-leerders stel hulself bloot aan moontlike vervolging indien die regte van die leerders benadeel word.	F	**275**	13	23	1	312
		%	**88.1**	4.2	7.4	0.3	100

22	'n Opvoeder wat terreindiens tydens pouse verrig, kan as persoon aanspreeklik gehou word indien 'n leerder tydens pouse beseer word.	F	**139**	144	28	1	312
		%	**44.6**	46.2	9	0.3	100
23	Dit is nodig dat opvoeders oor 'n redelike algemene kennis van relevante onderwyswette en –regulasies moet beskik om hul sorgsaamheidsplig doeltreffend te kan volvoer.	F	**281**	12	17	2	312
		%	**90.1**	3.8	5.4	0.6	100
28	Wanneer, volgens u, is u *in loco parentis* posisie van toepassing?						
	28.1 Tydens amptelike skooltye op die skoolterrein	f	**305**	5	1	1	312
		%	**97.8**	1.6	0.3	0.3	100
	28.2 Tydens amptelike skooltye weg van die skoolterrein	f	**236**	60	9	7	312
		%	**75.7**	19.2	2.9	2.2	100
	28.3 Tydens buitemuurse aktiwiteite (buite skooltye) op die skoolterrein	f	**286**	16	6	4	312
		%	**91.7**	5.1	1.9	1.3	100
	28.3 Tydens buitemuurse aktiwiteite (buite skooltye) weg van die skoolterrein	f	**260**	36	11	5	312
		%	**83.3**	11.6	3.5	1.6	100
29	Die mate van toesig wat ek oor leerders moet uitoefen hang daarvan af of ek met Gr 8- of Gr 12-leerders te make het.	F	**80**	213	17	2	312
		%	**25.7**	68.3	5.4	0.6	100
30	Ek verstaan wat met die "redelike persoon-toets" bedoel word.	F	**120**	96	92	4	312
		%	**38.5**	30.8	29.4	1.3	100
31	Die feit dat ek 'n gekwalifiseerde opvoeder is, beteken dat die reg 'n hoër mate van sorgsaamheid teenoor leerders van my verwag	f	**249**	27	33	3	312
		%	**79.8**	8.7	10.5	1	100
32	Indien die skoolhoof daarop aandring dat ek leerders moet vervoer, kan ek nie aanspreeklik gehou word as iets met 'n leerder gebeur nie.	F	116	**137**	56	3	312
		%	37.2	**43.9**	17.9	1	100

37	Indien die ouers van 'n leerder 'n vrywaringsvorm onderteken met betrekking tot busvervoer, kan die ouers waarskynlik nie suksesvol wees in 'n skadevergoedingseis teen die opvoeder (as busbestuurder) indien die leerder in 'n busongeluk (veroorsaak deur die nalatigheid van die bestuurder) beseer sou word nie.	F	114	**120**	76	2	312
		%	36.5	**38.5**	24.4	0.6	100
38	**Stelling:** *Gestel u is die afrigter van die 0/16-rugbyspan wat u span vergesel na 'n wedstryd by die buurskool. Die skeidsregter (gekwalifiseerd met ruim ondervinding in die sport) is 'n opvoeder van die buurskool. Die skeidsregter verloor egter effens beheer oor die wedstryd en tydens een van die menige vuisslaan-insidente word een van u spelers ernstig beseer.* **Vraag:** Wie kan na u mening aanspreeklik gehou word vir die besering wat die leerder opgedoen het?							
38.1 Ek as afrigter, aangesien ek die span se afrigter is		f	53	**216**	37	6	312
		%	17	**69.2**	11.9	1.9	100
38.2 My skoolhoof, aangesien die wedstryd deel van die skool se amptelike sportprogram is		f	41	**224**	40	7	312
		%	13.2	**71.8**	12.8	2.2	100
38.3 Die skeidsregter van die buurskool		f	**168**	95	38	11	312
		%	**53.9**	30.4	12.2	3.5	100

6.3.4.1 Betrokkenheid by buitemuurse aktiwiteite (Vraag 17)

Die meerderheid respondente (81.7%) is van mening dat 'n opvoeder gekwalifiseerd en/of voldoende ervaring moet hê in 'n spesifieke buitemuurse aktiwiteit. 'n Geringe aantal respondente (14.1%) stel hulself onnodig bloot aan moontlike aanspreeklikheid indien 'n leerder byvoorbeeld beseer sou word tydens 'n buitemuurse aktiwiteit, aangesien dié respondente van mening is dat dit nie nodig is dat hulle oor kwalifikasie en/of ondervinding moet beskik nie, terwyl 3.2% van die respondente onseker is of 'n opvoeder gekwalifiseerd en/of voldoende ervaring moet hê in 'n spesifieke buitemuurse aktiwiteit (vgl. par. 5.3.3.1).

6.3.4.2 Toesig oor leerders (Vraag 18)

Die oorgrote meerderheid respondente (69.6%) is verkeerdelik van mening dat 'n opvoeder ten alle tye al die leerders in sy sorg onder oë moet hou. Inaggenome die

gemeneregsbeginsel van *redelike voorsienbaarheid* (vgl. par. 4.3.3.2) word dit nie van opvoeders verwag om leerders in 'n bekende omgewing elke oomblik onder oë te hê nie (vgl. par. 5.3.3.2). Die minderheid respondente (21%) is van hierdie gemeneregsbeginsel bewus, terwyl 9% onseker is of 'n opvoeder ten alle tye al die leerders in sy sorg onder oë moet hou .

6.3.4.3 Redelike voorsienbaarheid (Vraag 19)

Ten einde 'n opvoeder aanspreeklik te hou vir nadeel (skade) wat 'n leerder ly, word die opvoeder se optrede aan nalatigheid getoets deur te bepaal of die opvoeder kon voorsien dat daar 'n moontlikheid was dat sy optrede nadeel (skade) tot gevolg kon hê, en of die nadeel (skade) wat die leerder ly voorkombaar was (vgl. par. 4.3.3.2). Die meerderheid respondente (63.1%) is bewus van dié gemeneregbeginsel. 'n Onsekerheid oor hierdie gemeneregbeginsel kom by 17.% van die respondente voor.

6.3.4.4 Deursoeking van leerder se eiendom (Vraag 20)

Minder as die helfte van die respondente naamlik 47.1%, stem saam dat 'n leerder se sakke deursoek mag word indien daar 'n redelike vermoede bestaan dat die leerder 'n onwettige item in sy besit het. Van die respondente is 34.9% van mening dat dit nie toelaatbaar is om 'n leerder se sakke te deursoek nie, terwyl 17.3% onseker is. Die afleiding kan gemaak word dat 52.2% van die respondente nie voldoende kennis het van die bepalinge van Klousule 5 van die Onderwys Wysigingswet (7/2007b) wat bepaal dat 'n leerder of sy besittings deursoek mag word onder sekere omstandighede. (vgl. par. 2.5.1 (Artikel 14)).

6.3.4.5 Opvoeders se aanspreeklikheid ten opsigte van Gr 8-"ontgroenings"-programme (Vraag 21)

Dit is 'n bekende gegewe dat by die meerderheid sekondêre skole die praktyk bestaan om die nuwe Gr 8-leerders aan 'n "ontgroenings"- of "bekendstellings"-program bloot te stel. (vgl. par. 2.51. (Artikel 12)). Die meerderheid respondente (88.1%) is bewus daarvan dat opvoeders in beheer van 'n skool se ontgroeningsprogram aanspreeklik gehou kan word indien die program die regte van die betrokke leerder benadeel.

6.3.4.6 Opvoederaanspreeklikheid (Vraag 22)

Die gevalle waar 'n leerder onder die toesig van 'n opvoeder nadeel (skade) ly, is volgens Lugg (2000:86) die mees algemene oorsaak van 'n regsgeding teenoor 'n skool. (vgl. par. 5.3.3.2). Indien 'n leerder tydens pouse beseer word, kan die werkgewer (Departement van Onderwys) middellik aanspreeklik gehou word vir die nalatige handeling van die betrokke opvoeder op terreindiens. Sou die Onderwysdepartement 'n skadevergoedingseis aan die leerder moet betaal kan, volgens die regresreg-beginsel, 'n opvoeder as persoon aanspreeklik gehou word vir die skadevergoeding indien dit bevind sou word dat die opvoeder nalatig was in die uitvoering van sy toesig oor die leerders (vgl. par. 4.4.1). Die respondente is byna gelykop verdeeld in hul mening of die opvoeder as persoon aanspreeklik gehou kan word. Van hulle stem 44.6% saam dat 'n opvoeder persoonlik aanspreeklik gehou kan word terwyl 46.2% van mening is dat dit nie die geval is nie. Van die respondente is 9% onseker (vgl. Tabel 6.9).

6.3.4.7 Noodsaaklikheid van kennis van onderwyswetgewing (Vraag 23)

Ten einde te verseker dat 'n opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk voldoen aan die wetlike vereistes en verantwoordelikhede daaraan gestel, is dit noodsaaklik dat die opvoeder kennis het van relevante onderwyswetgewing en dienooreenkomstig optree (vgl. par. 1.2 en 2.7).

In Vraag 23 word die volgende stelling gemaak:

> Dit is nodig dat opvoeders oor 'n redelike algemene kennis van relevante onderwyswette en –regulasies moet beskik om hul sorgsaamheidsplig doeltreffend te kan volvoer.

Die meerderheid respondente (90.1%) stem korrek saam met bogenoemde stelling. 'n Skamele 3.8% van die repspondente is van mening dat dit nie nodig is dat 'n opvoeder oor 'n redelike algemene kennis van relevante onderwyswette en –regulasies moet beskik nie, terwyl 5.4% onseker hieroor is.

6.3.4.8 Die opvoeder se *in loco parentis*-posisie (Vraag 28)

'n Opvoeder tree op in die *in loco parentis* posisie teenoor die leerders in hul sorg solank as die leerder besig is met skoolaktiwiteite (vgl. par. 5.2). Dit impliseer verder dat die opvoeder verantwoordelik bly vir die leerders tydens en na afloop van 'n buitemuurse aktiwiteit of uitstappie tot die ouers of voog die leerders kom oplaai. (vgl.

par. 5.3.3.2). Die doel van Vraag 28 was om te bepaal of die respondente bewus is in hoe verre hul *in loco parentis*-posisie van toepassing is met betrekking tot die leerders in hul sorg. Die data wat verkry is, word in Grafiese voorstelling 6.16 uiteengesit.

Grafiese voorstelling 6.16:
Respondente se mening van hul *in loco parentis*-posisie



Uit die data van Grafiese voorstelling 6.16 kan die volgende afleidings gemaak word:

- Byna al die respondente (97.8%) is korrek van mening dat die *in loco parentis*-posisie tydens amptelike skoolure op die skoolterrein van toepassing is.
- Tydens buitemuurse aktiwiteite op die skoolterrein maar buite skoolure is 91.7% van die respondente van mening dat hul *in loco parentis*-posisie van toepassing is.
- Van die respondente is 75.7% van mening dat hul *in loco parentis*-posisie ook van toepassing is tydens amptelike skoolure maar weg van die skoolterrein.
- Tydens buitemuurse aktiwiteite weg van die skoolterrein en buite skoolure is 83.3% van die respondente van mening dat hul *in loco parentis*-posisie van toepassing is.

- Dit blyk dat die meerderheid respondente (91.7% - 97.8%) van mening is dat hul *in loco parentis*-posisie meer van toepassing is **op** die skoolterrein as wat die geval sou wees **weg** van die skoolterrein (75.7% - 83.3%).

Die afleiding uit bogenoemde kan gemaak word dat die 16.7% en 24.3% van die respondente wat van mening is dat hul *in loco parentis*-posisie nie van toepassing is weg van die skoolterrein nie of onseker was daaroor, hulself onbewus en onnodig kan blootstel aan moontlike vervolging indien 'n leerder in hul sorg (weg van die skoolterrein) nadeel (skade) sou ly (vgl. par. 5.3.3.2).

6.3.4.9 Leerderouderdom se invloed op mate van toesig (Vraag 29)

Die mate waarmee 'n opvoeder sy sorgsame toesighoudingsplig oor leerders in sy sorg moet uitvoer, word onder andere bepaal deur die ouderdom van die leerders. 'n Gr 8-leerder sal byvoorbeeld meer impulsief optree en nie dieselfde mate van redelikheid in hul optrede openbaar as 'n Gr 12-leerder nie (vgl. par. 5.3.2.1). Dit impliseer dat 'n hoër mate van toesig oor die Gr 8-leerders verwag word as met die Gr 12-leerders die geval sou wees (vgl. par. 5.3.2). Die doel van Vraag 29 was om te bepaal of die respondente bewus is dat die ouderdom van leerders in hul sorg die mate van verwagte toesig beïnvloed. Uit Grafiese voorstelling 6.17 blyk dit dat die meerderheid van die respondente nie die ouderdom van die leerders in ag neem in die uitvoering van hul sorgsame toesighoudingspraktyk nie.

Grafiese voorstelling 6.17:

Mate van toesig met betrekking tot die ouderdom van leerders



Dit blyk uit Grafiese voorstelling 6.17 dat 68.3% van die respondente verkeerdelik van mening is dat die mate van toesig oor leerders wat van 'n opvoeder verwag word, dieselfde is ongeag of dit Gr-8 of Gr 12-leerders is. Inaggenome dat 69.6% van die respondente van mening is dat 'n opvoeder ten álle tye ál die leerders in sy sorg onder oë moet hou (vgl. par. 6.3.4.2) kan die aanname gemaak word dat die meerderheid van die respondente onbewustelik 'n selfopgelegde las op hul kan plaas ten opsigte van die wyse en mate waarmee hul sorgsame toesighoudingspraktyk uitgevoer word.

6.3.4.10 Die "redelike persoon-toets" (Vraag 30)

Die doel van Vraag 30 was om te bepaal of die respondente verstaan wat met die "redelike persoon-toets" bedoel word.

In die geval waar 'n leerder (onder die toesig van 'n opvoeder) nadeel (skade) ly, sal die opvoeder se optrede aan die toets van nalatigheid gemeet word. Dit behels dat die opvoeder se optrede gemeet word aan die hand van die "redelike persoon-toets" Daar word bepaal of die opvoeder soos 'n "redelike persoon" in dieselfde omstandighede sou opgetree het (vgl. par. 4.3.3.2 (i)).

Grafiese voorstelling 6.18:

Respondente se kennis van die "redelike persoon-toets"



Die volgende afleidings kan uit Grafiese voorstelling 6.18 gemaak word:

- Van die respondente verstaan 38.5% wat met die "redelike persoon-toets" bedoel word.

- Van die respondente verstaan 30.8% nie wat met die"redelike persoon-toets" bedoel word nie, terwyl 29.4% onseker is.

Alhoewel die meerderheid respondente nie verstaan wat met "redelike persoon-toets" bedoel word nie, het 63.6% (vgl. par. 6.3.4.3) respondente wel aangedui dat hulle bewus is, dat indien die nadeel (skade) wat 'n leerder ly redelik *voorsienbaar* was, die opvoeder aanspreeklik gehou kan word. Die afleiding kan gemaak word dat dié respondente wel van die beginsels van die redelike persoon-toets toepas in hul sorgsame toesighoudingspraktyk, maar nie ten volle op hoogte is met alle aspekte van die toets vir nalatigheid nie. Hierdie respondente kan in die uitvoering van hul sorgsame toesighoudingspraktyk hulself hierdeur onnodig blootstel aan moontlike aanspreeklikheid indien 'n leerder in hul sorg nadeel (skade) sou ly.

6.3.4.11 Die opvoeder as "redelike deskundige" (Vraag 31)

Op grond van die feit dat die opvoeder oor gespesialiseerde vaardighede en kundigheid beskik, word die optrede van die opvoeder, in die toets vir nalatigheid, nie getoets aan die hand van die redelike persoon nie, maar aan die verhoogde standaard soos verwag van die *redelike deskundige*, in hierdie geval die redelike opvoeder (vgl. par. 4.3.3.2 (i) (c)). Die doel van Vraag 31 was om te bepaal of die respondente bewus is dat die reg 'n hoër mate (gemeet teenoor die redelike persoon) van sorgsame toesighoudingsplig van die opvoeder verwag weens die feit dat die opvoeder as "deskundige" op die opvoedkundige gebied beskou word.

Grafiese voorstelling 6.19 weerspieël die respondente se menings.

Grafiese voorstelling 6.19:

Respondente se mening oor verhoogde sorgsame toesighoudingsplig



Uit voorafgaande respons is dit duidelik dat die meerderheid respondente (79.8%) bewus is dat die reg 'n hoër mate van sorgsame toesighoudingsplig teenoor leerders verwag op grond van hul gespesialiseerde kennis en kundigheid. Slegs 8.7% van die respondente is van mening dat dit nie die geval is nie. Die afleiding kan gemaak word dat die meerderheid respondente 'n hoër mate van sorgsame toesighoudingsplig aan die dag lê as wat die geval met die redelike persoon-toets sou wees.

6.3.4.12 Vervoer van leerders (Vraag 32)

'n Opvoeder word nie vrygespreek van nalatigheid indien die skoolhoof die opvoeder versoek om leerders te vervoer en 'n leerder 'n besering opdoen as gevolg van die nalatigheid van die opvoeder nie (vgl. par. 5.3.3.2). Dit is bekende praktyk dat opvoeders leerders vervoer na en van skoolaktiwiteite. Skoolpraktyk en ondervinding het geleer dat in menige gevalle die vervoer van leerders deur die skoolhoof as taak opgelê word en die opvoeders dit as hul gehoorsaamheidsplig beskou. Van die respondente het 61.9% aangedui dat hulle opdragte van die skoolhoof gehoorsaam ten spyte van die feit dat hulle nie ondervinding daarin het nie (vgl. par. 6.3.4.24). Die aanname kan gemaak word dat dit die geval met die vervoer van leerders ook sal insluit, ten spyte daarvan dat opvoeders wat leerders vervoer aan bepaalde wetlike vereistes moet voldoen (vgl. par. 2.5.5.2 (v)). Met Vraag 32 is bepaal of die respondente van mening is dat indien die skoolhoof aandring dat hul leerders vervoer hul vrygespreek kan word van aanspreeklikheid (in geval waar nalatigheid bepaal is) indien 'n leerder nadeel (skade) sou ly tydens die vervoer.

Grafiese voorstelling 6.20:

Respondente se mening oor hul aanspreeklikheid met die vervoer van leerders



Dit blyk uit Grafiese voorstelling 6.20 dat 37.2% van die respondente van mening is dat indien die skoolhoof verwag dat hulle leerders moet vervoer, hulle vrygespreek kan word van nalatigheid indien 'n leerder nadeel (skade) ly tydens die vervoer. Van die respondente is 43.9% korrek van mening dat hulle aanspreeklik gehou kan word vir die nadeel (skade) van die leerder indien dit bevind sou word dat die opvoeder se optrede nalatig was ten spyte dat die vervoer op aandrang van die skoolhoof is. Van die respondente is 17.9% onseker oor hierdie saak.

6.3.4.13 Vrywaringsvorm as versekering teen 'n moontlike skadevergoedingeis (Vraag 37)

Deur die ondertekening van 'n vrywaringsvorm doen die ouer slegs beperkte afstand van sy reg om die opvoeder (en staat en/of skool) te vrywaar teen enige skade (byvoorbeeld mediese onkoste) wat hy (as ouer) mag ly. Dit beteken egter nie dat die opvoeder (skool) in alle gevalle aanspreeklik gehou kan word vir die nadeel (skade) wat die leerder ly nie (vgl. par. 4.4.2). Indien die vrywaringsvorm nie die kwytskelding van 'n moontlike toekomstige persoonlike eis deur die leerder stipuleer nie, kan die leerder wanneer hy mondig word, 'n persoonlik eis teen die opvoeder (of skool) instel (vgl. par. 4.4.2). Indien dit bevind word dat die nadeel (skade) wat die leerder ly doelbewus of deur roekelose optrede veroorsaak is, kan 'n vrywaringsvorm nie die opvoeder, skool of staat vrywaar van aanspreeklikheid nie. Dit word bevestig in die Suid-Afrikaanse saak *Minister of Education and Culture (house of delegates) v Azel and another 1995 (1) SA 30 (A)* waar die Minister of Education and Culture

(house of delegates) (vgl. par. 4.4.2) middellik aanspreeklik gehou is vir skadevergoeding aan 'n leerder ten spyte van 'n vrywaringsvorm wat die leerder se ouer onderteken het.

Vraag 37 het ten doel gehad om te bepaal of die respondente genoegsame kennis het van die funksie en toepassing van 'n vrywaringsvorm (vgl. Tabel 6.9 en Bylaag A. Die respons op Vraag 37 het beperkte waarde deurdat die scenario (soos geskets in Vraag 37) nie duidelik stel *waarvoor* die ouers die skadevergoedingseis instel nie. Van die repondente is 38.7% van mening dat, ten spyte van die ondertekening van 'n vrywaringsvorm, die ouers wel suksesvol kan wees in 'n skadevergoedingseis teen 'n opvoeder (vgl. Bylaag A). Die afleiding kan gemaak word dat die meerderheid van die respondente nie sekerheid het oor hierdie saak nie, weens die feit dat 60.9% van die respondente die vraag of verkeerd beantwoord het of aangedui het dat hul onseker is.

6.3.4.14 Aanspreeklikheid ten opsigte van sportbeserings (Vraag 38)

Dit is belangrik dat opvoeders bewus moet wees dat hul aanspreeklik gehou kan word vir 'n besering wat 'n speler mag opdoen tydens 'n wedstryd waar hy as skeidsregter optree (vgl. par. 5.3.3.1). In Vraag 38 is daar 'n scenario geskets (vgl. Bylaag A) van 'n realistiese sportsituasie wat in praktyk by skole kan voorkom.

Op grond van die feit dat 61.9% van die respondente aandui dat hul betrokke raak met buitemuurse aktiwiteite indien die skoolhoof dit van hul verlang (selfs al is hul nie gekwalifiseerd in die aktiwiteit nie) (vgl. par. 6.3.4.24), kan die aanname gemaak word dat die respondente in baie gevalle ook die rol as afrigter of skeidsregter in 'n sport sal vervul sonder die nodige kwalifikasie en/of ondervinding. Van die respondente is 53.9% bewus daarvan dat die skeidsregter aanspreeklik gehou kan word vir die besering wat 'n leerder opdoen indien dit bevind word dat die skeidsregter nie soos 'n redelike skeidsregter opgetree het nie. Die afleiding kan gemaak word dat hierdie 53.9% van die respondente bewus behoort te wees van die verhoogde standaard van sorgsame toesighoudingsplig wat van 'n skeidsregter verwag word (vgl. par. 5.3.3.1).

6.3.4.15 Sinopsis

Deur die korrekte respons op die kennisvrae grafies voor te stel kan 'n duidelike beeld gevorm word van die respondente se vlak van kennis met betrekking tot hul sorgsame toesighoudingspraktyk. Inaggenome die feit dat al die respondente professioneel opgeleide opvoeders is, kan dit aanvaar word dat die respondente oor 'n hoë mate van kennis met betrekking tot hul sorgsame toesighoudingspraktyk moet beskik. Omdat die meetinstrument nie as betroubaar beskou kan word nie, word die individuele vrae in Grafiese voorstelling 6.21 beskou.

Grafiese voorstelling 6.21:

Voorstelling van respondente se korrekte beantwoording van kennisvrae



Die ontleding van Grafiese voorstelling 6.21 toon die volgende:

- Meer as die helfte van die vrae toon 'n korrekte respons van meer as 50%, wat 'n aanduiding kan wees dat die respondente in die meeste gevalle oor 'n redelike mate van kennis van die wetlike vereistes met betrekking tot hul sorgsame toesighoudings beskik.
- Dit wil voorkom of die respondente met die vrae wat betrekking het op *opvoederaanspreeklikheid* (vgl. par. 6.3.4.6), die opvoeder se *in loco parentis*-posisie (vgl. par. 6.3.4.8) en die *noodsaaklikheid van kwalifikasies* (vgl. par. 6.3.4.1) die mees korrekte respons toon.
- Die kennisvrae waarin die persentasie korrekte respons die laagste resultaat toon, het betrekking op die *toesig oor leerders* (vgl. par. 6.3.4.2 en 6.3.4.9) en kennis oor die redelike persoon-toets (vgl. par. 6.3.4.10).

Vervolgens word die respondente se respons op meningvrae ontleed

ii. Meningvrae

In Tabel 6.10 word die inligting wat uit die meningsvrae (24 – 27) verkry is, uiteengesit (vgl. par. 6.3.4 (ii)).

Tabel 6.10 Frekwensietabel van die respondente se mening oor kennis van onderwysregaspekte

No	STELLING	RESPONS					
			Ja	Nee	Onseker	Nul - respons	Totaal
24	Opvoeders beskik in die algemeen oor voldoende kennis rakende die regsplig ten opsigte van **hul** sorgsaamheidsplig.	F	79	173	58	2	312
		%	25.3	55.4	18.6	0.6	100
25	**Ek** beskik oor voldoende kennis van relevante onderwyswette en –regulasies om my sorgsaamheidsplig doeltreffend te kan volvoer.	F	86	163	60	3	312
		%	27.6	52.2	19.2	1	100
26	Die moontlikheid van regsaanspreeklikheid het 'n remmende invloed op my spontane interaksie met die leerders in my sorg.	F	177	102	30	3	312
		%	56.7	32.7	9.6	1	100
27	**My** *wyse/mate* van betrokkenheid en interaksie met die leerders het in die afgelope tien (of minder) jaar verander as gevolg van toenemende kennis van regsaanspreeklikheid.	F	184	87	36	5	312
		%	59	27.9	11.5	1.6	100

6.3.4.16 Kennis van onderwyswetgewing rakende sorgsame toesighoudingsplig (Vraag 24 en 25)

Die doel met Vraag 24 was om te bepaal of die respondente van mening is dat opvoeders in die algemeen oor voldoende kennis beskik rakende die regsplig ten opsigte van hul sorgsame toesighoudingsplig. Alhoewel 90.1% van die respondente van mening is dat opvoeders oor die kennis móét beskik (vgl. par. 6.3.4.7), is slegs 25.3% van die respondente (vgl. Tabel 6.10, Vraag 24) van mening dat dit wél die geval is. 'n Kommerwekkende 27.6% van die respondente se mening is dat hulle oor

voldoende kennis beskik van relevante onderwyswetgewing (vgl. Tabel 6.10, Vraag 25). Deur die respondente se menings van Vraag 23, 24 en 25 grafiese voor te stel kan 'n duidelik beeld verkry word van die verskil in die respondente se mening dat opvoeders oor kennis van Onderwyswetgewing moet beskik, maar dat dit in praktyk nie die geval is nie.

Grafiese voorstelling 6.22:

Respondente se mening oor kennis van onderwyswetgewing



6.3.4.17 Moontlikheid van regsaanspreeklikheid as remmende invloed op spontane interaksie met leerders (Vraag 26)

Uit relevante navorsing blyk dit dat opvoeders in die algemeen besorg is oor die moontlikheid van regsaanspreeklikheid (vgl. par. 1.2). Die doel van Vraag 26 was om te bepaal of hierdie besorgdheid by die respondente bestaan en in welke mate dit hul spontane interaksie met die leerders beïnvloed. Die respondente se belewenis word in Grafiese voorstelling 6.23 voorgestel.

Grafiese voorstelling 6.23:

Moontlikheid van regsaanspreeklikheid as remmende invloed op spontane interaksie met leerders



Uit Grafiese voorstelling 6.23 blyk dit dat die moontlikheid van regsaanspreeklikheid by 56.7% van die respondent 'n remmende invloed het op hul spontane interaksie met die leerders. Laasgenoemde persentasie sluit nou aan by die 52.8% van respondente wat van mening is dat hul nie oor voldoende kennis beskik van relevante onderwyswetgewing en –regulasies nie (vgl. par. 6.3.4.16). Die aanname kan gemaak word dat die gebrek aan genoemde kennis een van die redes kan wees wat 'n direkte negatiewe invloed uitoefen op die respondente se spontane interaksie met die leerders.

6.3.4.18 Verandering die afgelope 10 jaar (of minder) in die interaksie met leerders (Vraag 27)

Die doel van Vraag 27 was om te bepaal of die respondente se sorgsame toesighoudingspraktyk die afgelope 10 jaar verander het as gevolg van toenemende kennis van regsaanspreeklikheid. Die tydperk van 10 jaar by Vraag 27 (vgl. Bylaag A) is gebruik weens die feit dat die Grondwet (1996a) en die meeste relevante onderwyswette en –regulasies betreffende die huidige onderwysbedeling, vanaf 1996 geïmplementeer is (vgl. par. 2.5). Van die respondente het 59% aangedui dat hul betrokkenheid en interaksie wel die afgelope 10 jaar (of minder) verander het as gevolg toenemende kennis (bewuswording?) van regsaanspreeklikheid.

In Vraag 15 (vgl. Tabel 6.7) het 42.6% van die respondente aangedui dat hul die afgelope 10 jaar een of ander vorm van opleiding met betrekking tot hul sorgsame toesighoudingsplig ontvang het, met 38.5% wat 10 - 20 jaar gelede genoemde opleiding ontvang het. Uit hierdie gegewens wil dit voorkom of die kennis wat die respondente die afgelope 10 jaar opgedoen het met betrekking tot hul sorgsame toesighoudingsplig 'n invloed het op hul sorgsame toesighoudingspraktyk. Ongelukkig kan daar nie met hierdie gegewens bepaal word of die invloed van toenemende kennis oor aanspreeklikheid (toesighoudingsplig) 'n positiewe of negatiewe invloed op die sorgsame toesighoudingspraktyk uitoefen nie, aangesien Vraag 27 dit nie bepaal nie. Dit moet as 'n leemte in hierdie vraag beskou word.

Vervolgens word die vrae ontleed wat 'n aanduiding kan gee van die respondente se sorsame toesighoudingspraktyk.

iii. Praktykgerigte vrae:

Vrae 33 – 36 en 39 – 45 (vgl. Bylaag A) het ten doel om te bepaal in welke mate die respondente se sorgsame toesighoudingspraktyk voldoen aan die wetlike vereistes. In Tabel 6.11 word die inligting wat uit die vrae verkry is, uiteengesit. Waar van toepassing toon die **vetdruk** die korrekte antwoord aan.

Tabel 6.11 Frekwensietabel van die respondente se praktykbelewenis

No	STELLING	RESPONS					
			Ja	Nee	Onseker	Nulrespons	Totaal
33	Die hoë-risiko areas (soos byvoorbeeld werkswinkels, sportvelde) waar ek by leerders betrokke is, beskik oor die nodige veiligheidstoerusting.	F	**145**	110	53	4	312
		%	**46.5**	35.2	17	1.3	100
34	My skool se veiligheids- en noodplan is aan my bekend.	F	**205**	71	33	3	312
		%	**65.7**	22.7	10.6	1	100

35	My skool het 'n MIV/vigs-beleid wat bepaal hoe 'n leerder hanteer en behandel moet word in geval van 'n besering.	F	**163**	83	64	2	312
		%	**52.3**	26.6	20.5	0.6	100
36	**Stelling:** *'n Leerder met spesiale onderwysbehoeftes (byvoorbeeld 'n leerder met 'n visuele hindernis) word in u klas geplaas. Die kans is groter dat so 'n leerder makliker as 'n normaalsiende leerder tydens onderrig in hoë risiko areas (byvoorbeeld 'n werkswinkel), 'n besering kan opdoen.* **Vraag:** Het u skool 'n stelsel of beleid waarvolgens u die nodige opleiding ontvang in die wyse hoe om so 'n leerder te hanteer en 'n veilige onderrigruimte vir so 'n leerder te skep?	F	**58**	168	84	2	312
		%	**18.6**	53.9	26.9	0.6	100
39	Ek rig enige sport af waarin ek belangstel al is ek nie gekwalifiseerd in die spesifieke sport nie.	F	136	**147**	26	3	312
		%	43.6	**47.1**	8.3	1	100
40	By my skool word dit verwag dat die opvoeder homself amptelik moet kwalifiseer in die sportsoort wat hy afrig.	F	**146**	120	42	4	312
		%	**46.8**	38.5	13.4	1.3	100
41	Indien die skoolhoof dit van my verlang, sal ek betrokke raak met enige tipe buitemuurse leerderaktiwiteit, ongeag of ek ondervinding in die aktiwiteit het.	F	192	**91**	27	2	312
		%	61.5	**29.2**	8.7	0.6	100
42	Om myself te vergewis van die redelike voorsienbare gevare van 'n aktiwiteit hou ek die impulsiewe gedrag wat leerders soms kan openbaar in gedagte.	F	**268**	17	23	4	312
		%	**85.9**	5.4	7.4	1.3	100
43	Indien amptelike skoolvervoer 'n probleem is, vervoer ek leerders met my persoonlike voertuig.	F	106	**190**	14	2	312
		%	34	**60.9**	4.5	0.6	100
44	Leerders by my skool word slegs vervoer indien die voertuig met die nodige noodhulptoerusting toegerus is.	F	**105**	137	66	4	312
		%	**33.7**	43.9	21.1	1.3	100

45	Wanneer ek 'n aktiwiteit met die leerders aanpak						
45.1 verduidelik en gee ek die relevante inligting en instruksies aan leerders		f	**295**	8	4	5	312
		%	**94.5**	2.6	1.3	1.6	100
45.2 demonstreer ek die relevante inligting en instruksies aan leerders met praktiese voorbeelde waar moontlik.		F	**266**	35	8	3	312
		%	**85.2**	11.2	2.6	1	100
45.3 maak ek seker dat die leerders die relevante inligting en instruksies verstaan en toepas.		F	**285**	14	9	4	312
		%	**91.3**	4.5	2.9	1.3	100

6.3.4.19 Veiligheidstoerusting in hoë-risiko areas (Vraag 33)

Die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk behels onder andere dat hy verantwoordelik gehou word vir 'n veilige onderrigomgewing (vgl. par. 5.3.3.4). By hoë-risiko terreine (vgl. par. 5.3.3.2) word 'n hoër mate van toesig verwag, aangesien die risiko tot nadeel of skade wat 'n leerder kan opdoen hoog is wat impliseer dat die nodige veiligheidsinstruksies en –maatreëls toegepas moet word in hierdie onderrigruimtes (vgl. par. 5.3.3.4). Met Vraag 33 is bepaal of hierdie verhoogde sorg met betrekking tot die verskaffing van die nodige veiligheidstoerusting wel in die praktyk plaasvind.

Grafiese voorstelling 6.24:

Verskaffing van veiligheidstoerusting in hoë-risiko onderrigareas



Uit Grafiese voorstelling 6.24 blyk die volgende:

- Van die respondente bevestig 46.5% dat die hoë-risiko areas waar hulle betrokke is oor die nodige veiligheidstoerusting beskik.
- Vir alle praktiese doeleindes kan die afleiers NEE, ONSEKER en die NUL-RESPONS as 'n NEE beskou word (Kruger, 2003: 174). Deur hierdie afleiers saam te voeg impliseer dit dat 53.5% van die respondente nie hul sorgsame toesighoudingspraktyk korrek uitvoer deur te sorg dat die nodige veiligheidstoerusting beskikbaar is nie. Die impak hiervan word nog groter as daar in ag geneem word dat die meerderheid respondente betrokke is in hoë-risiko terreine (vgl. par. 6.3.2.5).

6.3.4.20 Veiligheids- en noodplan (Vraag 34)

Leerders het die reg op 'n veilige omgewing wat bevordelik is vir onderrig. Dit impliseer dat 'n veiligheids- en noodplan nie net beskikbaar moet wees nie, maar ook bekend aan die opvoeders sowel as leerders (vgl. par. 5.3.3.5). Die doel van Vraag 34 was om te bepaal of die respondente bekend is met hul skool se veiligheids- en noodplan.

Grafiese voorstelling 6.25:

Respondente se kennis van skool se veiligheids- en noodplan



Uit Grafiese voorstelling 6.25 blyk dit dat

- van die respondente 65.7% bekend is met hul skool se veiligheids- en noodplan.

- van die respondente is 22.7% nie bekend met hul skool se veiligheids- en noodplan nie en
- 10.6% is onseker oor hul kennis van die skool se veiligheids- en noodplan.

6.3.4.21 MIV/vigs-beleid (Vraag 35)

'n Opvoeder is nie slegs verantwoordelik vir die fisiese welstand van die MIV/vigs-geïnfekteerde leerder nie, maar ook vir die res van die leerders by die skool. Dit impliseer dat daar verskeie scenario's kan ontstaan waar 'n opvoeder aanspreeklik gehou kan word met betrekking tot nadeel wat die MIV/vigs-leerder sowel as medeleerders ly (vgl. par. 5.3.3.7). 'n Wyse om hierdie aanspreeklikheid te voorkom is deur die daarstelling van 'n MIV/vigs-beleid in die skool. Vraag 35 het ten doel gehad om te bepaal of die respondente bewus is daarvan of hul skole wel so 'n MIV/vigs-beleid het. Net meer as die helfte van die respondente, naamlik 52.3%, het aangedui dat hul skole wel so 'n beleid het. Dit impliseer dat die oorblywende 47.7% respondente hulself in hul sorgsame toesighoudingspraktyk onnodig aan 'n hoër risiko vir skuldigbevinding aan nalatigheid kan blootstel deurdat daar nie 'n MIV/vigs-beleid by hul skool in plek is nie.

6.3.4.22 Leerders met spesiale onderwysbehoeftes (LSOB) (Vraag 36)

Volgens die benadering van inklusiewe onderwys kan 'n leerder met spesiale onderwysbehoeftes (LSOB) in 'n hoofstroomskool ingeskryf word. Dit plaas in menige gevalle 'n verhoogde sorgsame toesighoudingsplig op die opvoeder ten opsigte van die fisiese welsyn van dié leerder (vgl. par. 5.3.3.8). Dit impliseer dat daar 'n beleid of stelsel in plek moet wees waarvolgens die opvoeder (met 'n LSOB-leerder in sy klas) die nodige opleiding ontvang met betrekking tot die vereiste sorg wat die LSOB vereis. Die respondente moes by Vraag 36 aandui of hul skool so 'n beleid of stelsel het.

Grafiese voorstelling 6.26:

Opleiding met betrekking tot LSOB-leerders



Uit Grafiese voorstelling 6.26 is dit duidelik dat slegs 18.6% van die respondente opleiding vir LSOB-leerders ontvang. Inaggenome dat 17% van die respondente by uitsluitlik LSOB-skole werksaam is (vgl. par. 6.3.2.2), wil dit voorkom dat slegs die respondente werksaam by LSOB-skole die nodige opleiding ten opsigte van die verhoogde standaard van sorgsame toesighoudingsplig met betrekking tot die LSOB ontvang (vgl. par. 5.3.3.8). Dit wil voorkom of die sorgsame toesighoudingspraktyk van die respondente in hoofstroomskole ten opsigte van LSOB-leerders nie voldoen aan die verwagte standaard nie.

6.3.4.23 Kwalifikasie in sportafrigting (Vraag 39 en 40)

Praktiese ervaring sowel as formele kwalifikasie in 'n spesifieke sportsoort kan as suksesvolle verdediging in 'n hofsaak gebruik word, sou 'n opvoeder (as afrigter) van nalatigheid aangekla word in die geval waar 'n leerder 'n besering sou opdoen. Verskeie navorsers is van mening dat opvoeders verplig is om opleiding te ondergaan in 'n spesifieke sport indien die hoof van die skool verwag dat die opvoeder die afrigter moet wees (vgl. par. 5.3.3.1). **Vraag 39** het bepaal of die respondente 'n sportsoort sal afrig ongeag of hy gekwalifiseerd is in die sportsoort al dan nie, terwyl **Vraag 40** ten doel gehad het om te bepaal wat die skool se verwagting is met betrekking tot kwalifikasie in sportafrigting.

Van die respondente het 43.6% by **Vraag 39** aangedui dat hulle 'n sport sal afrig al is hul nie daarin gekwalifiseerd nie. Van die respondente het 47.1% aangedui dat hulle in praktyk nie 'n sportsoort afrig waarin hul nie gekwalifiseerd is nie terwyl 8.3% onseker is (vgl. Tabel 6.11).

Van die respondente het 46.8% by **Vraag 40** aangedui dat dit by hul skole verwag word dat 'n opvoeder gekwalifiseerd moet wees in die sport wat hy afrig. Van hulle het 38.5% aangedui dat 'n formele kwalifikasie in 'n sport nie 'n vereiste is by hul skool nie (vgl. Tabel 6.11), terwyl 13.4% onseker is of dit 'n vereiste by hul skool is.

In Grafiese voorstelling 6.27 kan die korrelasie tussen hierdie twee vrae se data duidelik gesien word. Vir praktiese doeleindes is die afleiers ONSEKER en NUL-RESPONS as 'n NEE beskou (Kruger, 2003: 174).

Grafiese voorstelling 6.27:

Kwalifikasie in sportafrigting



Uit Grafiese voorstelling 6.27 blyk die volgende:

- Van die respondente het 46.8% aangedui dat by hul skole dit vereis word dat 'n opvoeder gekwalifiseerd moet wees in 'n sport wat hy moet afrig terwyl, 43.6% aandui dat hul slegs 'n sport afrig waarin hy gekwalifiseerd is.
- Die feit dat bogenoemde persentasies onderskeidelik so na aan mekaar lê, kan 'n aanduiding wees dat in die skole waarin sportkwalifikasie as vereiste gestel word die opvoeders dienooreenkomstig optree.

- Van die respondente het 56.4% aangedui dat hul skole nie vereis dat hul gekwalifiseerd in 'n sport hoef te wees alvorens hul mag afrig nie, terwyl 53.2% aandui dat hul 'n sport afrig of hul gekwalifiseerd is of nie.
- Die afleiding kan gemaak word dat minder as die helfte van die respondente in hul sorgsame toesighoudingspraktyk nie voldoende aandag gee aan die vereistes van verhoogde sorgsame toesighoudingsplig wat gepaardgaan met sport as 'n hoë-risiko area nie. Dit kan deels te wyte wees aan die feit dat sportkwalifikasie nie as vereiste by hul skole gestel word nie.

6.3.4.24 Betrokkenheid by aktiwiteite in opdrag van skoolhoof (Vraag 41)

In Artikel 6.2 van SARO-Wet (31/2000) word dit gestel dat 'n opvoeder nie die status en gesag van sy meerdere mag ondermyn nie. Dit is egter ook so dat 'n opvoeder nie vrygespreek kan word van nalatigheid indien die skoolhoof die opvoeder versoek om verantwoordelikheid vir 'n aktiwiteit te aanvaar en 'n leerder 'n besering opdoen as gevolg van die nalatigheid van die opvoeder nie (vgl. par. 5.3.3.2). Die respondente moes by Vraag 41 aandui of hul betrokke sal raak by enige aktiwiteit (ongeag of hul gekwalifiseerd daarin is) indien die hoof dit so verlang.

Uit die ontleding van Grafiese voorstelling 6.27 asook Grafiese voorstelling 6.28 kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Van die respondente sal 61.5% 'n opdrag van die skoolhoof gehoorsaam en betrokke raak by 'n aktiwiteit al is hy nie daarin gekwalifiseerd nie.
- Bogenoemde persentasie is beduidend meer as die 43.6% van respondente wat in Vraag 39 (vgl. par. 6.3.4.23) aangedui het dat hul slegs betrokke sal raak met aktiwiteite waarin hul gekwalifiseerd is en 46.8% respondente wat aangedui het dat kwalifikasie 'n vereiste by hul skool is (vgl. par. 6.3.4.23).
- Dit wil voorkom dat, hoewel ongeveer die helfte van die respondente se skole sportkwalifikasie as vereiste stel, dit in praktyk gebeur dat die respondente (indien die skoolhoof dit verlang) wel betrokke raak by aktiwiteite waarin hul nie gekwalifiseerd is nie.
- Die redelike afleiding kan gemaak word dat die respondente se sorgsame toesighoudingspligbesef met betrekking tot buitemuurse aktiwiteite in praktyk deur die skoolhoof se opdrag tersyde gestel kan word.

Grafiese voorstelling 6.28:

Betrokkenheid by aktiwiteite in opdrag van skoolhoof



6.3.4.25 Impulsiewe gedrag van leerders (Vraag 42)

Volgens die gemenereg word dit van 'n opvoeder as "redelike deskundige" verwag om bedag te wees op die wisselvalligheid van leerders se gedrag en om moontlike alledaagse probleme/gebeure te antisipeer (vgl. par. 4.3.3.2 (ii)(a) en 5.3.2). Vraag 42 het ten doel gehad om te bepaal of die respondente hierdie gemenereg-beginsel in die praktyk toepas. Van die respondente het 85.9% aangedui dat hul in praktyk die impulsiewe gedrag van leerders in gedagte hou met die bepaling van redelike voorsienbare gevare van 'n aktiwiteit (vgl. Tabel 6.11).

6.3.4.26 Vervoer van leerder met privaat voertuig (Vraag 43)

Wetlik word dit bepaal dat 'n openbare skool maatreëls in plek moet hê om die veiligheid van leerders gedurende enige skoolaktiwiteit te verseker. Dit sluit ook in die vervoer van leerders, insluitend die versekering teen ongelukke, beserings en algemene mediese uitgawes (vgl. par. 5.3.3.2). Opvoeders wat leerders met hul privaat voertuig vervoer, stel hulself bloot aan moontlike persoonlike aanspreeklikheid indien 'n leerder tydens so 'n rit beseer sou word. Vraag 43 wou bepaal watter persentasie respondente wel leerders met hul privaat voertuig vervoer. Van die respondente het 34% aangedui dat hul wel leerders met hul privaat voertuig vervoer, terwyl 60.9% aangedui het dat hulle dit nie doen nie. Dit blyk dat die meerderheid respondente in praktyk bewus is van die risiko om leerders met hul privaatvoertuig te vervoer.

6.3.4.27 Noodhulptoerusting tydens vervoer (Vraag 44)

'n Opvoeder kan aan nalatigheid skuldig bevind word indien 'n leerder tydens vervoer 'n besering sou opdoen en die nodige noodhulptoerusting nie beskikbaar is nie (vgl. par. 5.3.3.2). Om te bepaal of die respondente se praktyk voldoen aan hierdie regsplig moes hul in Vraag 44 aandui of leerders by hul skole slegs vervoer word indien die nodige noodhulptoerusting beskikbaar is (vgl. Tabel 6.11). Die data verkry word in Grafiese voorstelling 6.29 uiteengesit.

Grafiese voorstelling 6.29:

Noodhulptoerusting beskikbaar tydens vervoer



Dit blyk dat:

- slegs ongeveer 'n derde van die respondente (33.7%) se skole leerders vervoer met die nodige noodhulptoerusting beskikbaar;
- 43.9% van die respondente se skole leerders vervoer sonder die nodige noodhulptoerusting;
- 21.1% van die respondente onseker is of noodhulptoerusting wel beskikbaar is tydens vervoer. In geval waar die opvoeder as voertuigbestuurder sou optree, word daar volgens die maatstawwe van die reg bepaal dat die opvoeder dit wel moet weet en kan die opvoeder aan nalatigheidsonregmatigheid skuldig bevind word indien 'n leerder tydens die vervoer nadeel sou ly, aangesien die noodhulptoerusting nie beskikbaar is nie (vgl. par. 5.3.3.2).

6.3.4.28 Voldoende instruksie (Vraag 45)

In die uitvoering van die opvoeder se sorgsame toesighoudingsplig is dit noodsaaklik dat, alvorens die leerders enige aktiwiteit wat 'n moontlikheid van nadeel (skade) kan inhou aanpak, die opvoeders relevante inligting en instruksies aan leerders gee, waar moontlik die instruksies moet demonstreer en ook moet toesien dat die leerders dit verstaan en toepas (vgl. par. 5.3.3.3 en 5.3.3.5). Vraag 45 het ten doel gehad om te bepaal in welke mate die respondente instruksies aan die leerders gee alvorens 'n aktiwiteit aangepak word.

Grafiese voorstelling 6.30:

Mate waarin respondente instruksies aan leerders oordra



Uit die ontleding van Grafiese voorstelling 6.30 kan die volgende afleidings gemaak word:

- 94.5% van die respondente verduidelik instruksies aan leerders alvorens 'n aktiwiteit aangepak word;
- 85.2% van die rerspondente demonstreer die instruksie aan die leerders;
- 91.3% van die respondente maak seker dat die leerders die instruksies verstaan en toepas.
- Die meerderheid van die respondente se praktyk ten opsigte van die gee van instruksies voor 'n aktiwiteit blyk te voldoen aan die standaard soos verwag van 'n redelike opvoeder.
- 'n Geringe aantal respondente se sorgsaamheidspligpraktyk met betrekking tot die gee van instruksies voldoen nie aan die verwagte standaard nie. Hierdie groep respondente stel hulself onnodig bloot aan moontlike

skuldigbevinding aan nalatigheid indien 'n leerder tydens 'n aktiwiteit beseer sou word (vgl. par. 5.3.3.3).

6.3.4.29 Sinopsis

In Grafiese voorstelling 6.31 word die gemiddelde resultaat van die korrekte response wat die respondente vir die praktykgerigte vrae behaal het, aangedui as 54.7%. Inaggenome die feit dat al die respondente professioneel opgeleide opvoeders is, kan dit aanvaar word dat die respondente 'n hoë mate van sorgsame toesighoudingspraktyk moet kan toon. Die gemiddelde korrekte respons van 54.7% kan in die lig van 'n professionele opvoeder as kundige nie as 'n hoë mate van sorgsame toesighoudingspraktyk beskou word nie.

Grafiese voorstelling 6.31:

Voorstelling van respondente se korrekte sorgsame toesighoudingspraktyk



Die ontleding van Grafiese voorstelling 6.31 toon die volgende:

- Dit wil voorkom of die vrae wat betrekking het op die sorgsame toesighoudingspraktykaspekte van *voorsienbaarheid* (vgl. par. 6.3.4.25) en die *gee van instruksies* (vgl. par. 6.3.4.28) die meeste aantal korrekte response toon.
- Die aspekte van die sorgsame toesighoudingspraktyk waarin die persentasie korrekte response die laagste resultaat toon het te make met *inklusiewe toesighoudingspraktyk* (vgl. par. 6.3.4.22) en *toesighoudings- praktyk sonder ondervinding of opleiding* (vgl. par. 6.3.4.24)

Vervolgens word die respondente se respons in 'n gevallestudie ontleed.

6.3.5 AFDELING E: GEVALLESTUDIE

Die doel met die gevallestudie was om die respondente se mate van praktyktoepassing met betrekking tot hul sorgsame toesighoudingspligte, te bepaal. Die volgende scenario is vir die respondente geskets waaroor hulle gegewe vrae moes beantwoord (vgl. Tabel 6.12):

"Mnr. A, (die wetenskapopvoeder) van Hoërskool Lekker, is besig met die Gr 12-leerders in die wetenskaplaboratorium. Die leerders is besig om eksperimente met chemikalieë te doen. Hierdie is nie die eerste keer dat die leerders die eksperimente doen nie en mnr. A beweeg net tussen die leerders om raad en hulp te gee waar nodig. Mnr. A voel dit is nie nodig om weer klem te lê op die veiligheidsaspekte nie, aangesien hy dit voorheen aan die klas verduidelik het en hy van mening is dat die Gr 12-leerders weet wat van hulle verwag word.

Jannie, die waaghals in die klas, besluit dit is die ideale geleentheid om 'n selfgemaakte stinkbom te probeer maak. Terwyl mnr. A besig is by 'n groepie leerders meng Jannie verskillende chemikalieë. Meteens is daar 'n geweldige ontploffing en die chemikalieë spat in Jannie se gesig en brand sy oë. Jannie se hande doen ook ernstige brandwonde op in die proses. Mnr. A kalmeer die klas en aangesien hy nie veel van noodhulp weet nie, laat roep hy me. B wat vertroud is met noodhulp.

Toe me. B opdaag, vra sy vir mnr. A om die laboratorium se noodhulpkissie vir haar te gaan haal sodat sy Jannie se hande kan verbind. Mnr. A gaan haal die noodhulpkissie, maar me. B kom tot die ontdekking dat niks van die inhoudelike van die noodhulpkissie geskik is vir die versorging van brandwonde nie. Mnr. A besluit dat daar nie tyd verlore kan gaan nie en dat Jannie spoedig by die dokter moet uitkom. Aangesien dit 'n lang proses is om 'n skoolvoertuig te kry, neem mnr. A vir Jannie in sy privaat voertuig na die hospitaal. Weens die feit dat Jannie se hande nie direk na die besering verbind is nie, tree daar infeksie in wat die herstelproses pynlik en uitgerek maak. 'n Paar maande later blyk dit uit 'n mediese verslag dat Jannie nie weer die volle gebruik van sy hande sal terugkry nie. "

Die respons op die gevallestudievrae word in Tabel 6.12 getoon. Die **vetdruk** toon die korrekte antwoord aan.

Tabel 6.12 Frekwensietabel van die respondente se respons op die gevallestudie

No	STELLING	RESPONS					
			Ja	Nee	Onseker	Nul respons	Totaal
46	Mnr. A kan aanspreeklik gehou word vir Jannie se beserings, aangesien hy nie weer die veiligheidsmaatreëls verduidelik het nie.	F	168	**90**	49	5	312
		%	53.9	**28.8**	15.7	1.6	100
47	Jannie se onregmatige optrede beteken dat hy medewerkende skuld in hierdie voorval het.	F	**267**	18	24	3	312
		%	**85.6**	5.7	7.7	1	100
48	Mnr. A was korrek in sy aanname dat die Gr 12-leerders behoort te weet wat die veiligheidsvereistes in die laboratorium is.	F	**104**	169	36	3	312
		%	**33.3**	54.2	11.5	1	100
49	**Stelling:** *Die noodhulpkissie was nie toegerus om Jannie se brandwonde te verbind nie.* **Vraag:** Wie kan volgens u aanspreeklik gehou word hiervoor?						
49.1	Die skoolbeheerliggaam	f	**91**	107	47	67	312
		%	**29.2**	34.3	15.1	21.5	100
49.2	Die skoolhoof	f	**136**	75	45	56	312
		%	**43.6**	24	14.4	18	100
49.3	Mnr. A	f	**235**	25	35	17	312
		%	**75.3**	8	11.2	5.5	100
50	Mnr. A kan van nalatigheid aangekla word, aangesien hy nie al die leerders die hele tyd onder oë gehad het nie.	F	106	**155**	47	4	312
		%	34	**49.7**	15	1.3	100
51	Mnr. A dra geen skuld aan die besering wat Jannie in die laboratorium opgedoen het nie.	F	**55**	181	71	5	312
		%	**17.6**	58	22.8	1.6	100

52	**Stelling:** *Gestel vir 'n oomblik dat mnr. A in 'n motorongeluk betrokke is terwyl hy met Jannie na die hospitaal jaag. Jannie breek sy been in die ongeluk. Dit word bevind dat mnr. A nie die skuldige party in die ongeluk is nie.* **Vraag:** Kan mnr. A aanspreeklik gehou word vir die besering wat Jannie in die ongeluk opgedoen het, aangesien hy Jannie met sy privaat voertuig vervoer het?	**F**	149	**105**	51	7	312
		%	47.8	**33.7**	16.3	2.2	100
53	**Stelling:** *Gestel vir 'n oomblik dat mnr. A aanspreeklik gehou word vir die brandwonde wat Jannie in die klas opgedoen het.* **Vraag:** Kan Jannie (of sy ouers) suksesvol wees in 'n skadevergoedingseis teen mnr. A vir:						
53.1	mediese uitgawes	**f**	**155**	73	75	9	312
		%	**49.7**	23.4	24	2.9	100
53.2	pyn en lyding	**f**	**138**	73	90	11	312
		%	**44.2**	23.4	28.9	3.5	100
53.3	verlies aan toekomstige inkomste	**f**	**104**	101	92	15	312
		%	**33.3**	32.4	29.5	4.8	100
53.4	misvorming	**f**	**113**	90	94	15	312
		%	**36.2**	28.9	30.1	4.8	100
53.5	verlies van lewensgenietinge	**f**	**107**	95	98	12	312
		%	**34.3**	30.5	31.4	3.8	100
53.6	verlies aan algemene gesondheid	**f**	**108**	97	95	12	312
		%	**34.6**	31.1	30.5	3.8	100
53.7	emosionele skok	**f**	**123**	84	93	12	312
		%	**39.4**	26.9	29.8	3.9	100
54	**Stelling:** *Gestel die ouers stel 'n suksesvolle skadevergoedingseis teen die onderwysdepartement in en dit slaag wel.* **Vraag:** Kan die onderwysdepartement die geld van mnr. A as persoon verhaal indien dit bewys word dat hy nalatig was?	**F**	116	**98**	94	4	312
		%	37.2	**31.4**	30.1	1.3	100

Vrae 46 – 54 is spesifiek gerig op die gevallestudie en die respons van die respondente moet dan ook in die konteks vertolk word.

6.3.5.1 Herhaling van veiligheidsmaatreëls (Vraag 46 en 48)

Vraag 46 het ten doel gehad om te bepaal of die respondente van mening is dat mnr A aanspreeklik gehou kan word vir Jannie se beserings, aangesien hy nie weer die veiligheidsmaatreëls verduidelik het nie.

Die doel van **Vraag 48** was om te bepaal of die respondente meen mnr A was korrek in sy aanname dat Gr 12-leerders behoort te weet wat die veiligheidsmaatreëls in die laboratorium is.

Die Amerikaanse saak *Perry Education Association v. Perry local Education Association, 460 U.S. 37 1983.* (vgl. par. 5.3.3.3) bevestig dat, indien 'n opvoeder in 'n bepaalde situasie nie weer veiligheidsmaatreëls herhaal nie en 'n leerder beseer sou word, die ouderdom en ervaring van die leerder 'n bepalende faktor kan wees in die bepaling van nalatigheid van die opvoeder.

Dit word gestel in die gevallestudie dat:

- Mnr. A reeds die veiligheidsmaatreëls voorheen aan die leerders verduidelik het;
- Mnr. A besig is met 'n Gr 12-klas;
- Dit nie die eerste keer is dat die eksperimente gedoen word nie.

As die gevallestudie gemeet word aan die feite in genoemde saak kan die afleiding gemaak word dat mnr. A nie sonder meer van nalatigheid beskuldig kan word nie. Uit die respons op **Vraag 46** blyk dit dat slegs 28.2% van die respondente hiermee saamstem (vgl. Tabel 6.12). Dié persentasie van 28.2% is heelwat laer as die 94.5% van die respondente wat in Vraag 45.1 (vgl. par. 6.3.4.28) aangedui het dat instruksies altyd gegee en verduidelik moet word. Dit wil voorkom of die meerderheid respondente nie voldoende kennis (insig?) het van die rol wat leerderouderdom, -kennis en –ervaring speel in die bepaling van nalatigheid in die geval waar 'n leerder nadeel ly in 'n skoolsituasie nie. Dit word bevestig deur die respondente se respons in **Vraag 48** (vgl. Tabel 6.12) waar slegs 33.3% van die respondente van mening is dat mnr. A korrek in sy aanname was. Die feit dat al die respondente opvoeders by sekondêre skole is en die meerderheid in praktyk nie differensieer in hul sorgsame toesighoudingspraktyk met betrekking tot die leerders

in hul sorg nie (vgl. par. 6.3.4.9), kan moontlik 'n rede wees waarom 56.7% van die respondente aangedui het dat die moontlikheid van regsaanspreeklikheid 'n remmende invloed op hul spontane interaksie met die leerders het (vgl. par. 6.3.4.17).

6.3.5.2 Medewerkende skuld (Vraag 47)

Ten einde te kan bewys dat Jannie medewerkende skuld dra, soos geskets in hierdie gevallestudie, moet dit bewys kan word dat hy volwasse genoeg, intelligent en genoegsame ervaring het om die gevolge van sy aksie (gedrag) te verstaan en ten spyte daarvan voortgegaan het met die maak van die stinkbom. Die Amerikaanse saak *Perry Education Association v. Perry local Education Association, 460 U.S. 37 1983.* bevestig dat 'n leerder van Jannie se leeftyd met genoegsame ervaring en kennis medewerkende skuld kan dra vir nadeel wat gely is (vgl. par. 4.3.3.3). Vraag 47 (vgl. Tabel 6.12) het ten doel gehad om te bepaal of die respondente die beginsel van medewerkende skuld verstaan. Op grond van die hoë persentasie van 85.2% van die respondente wat Vraag 47 korrek beantwoord het, kan die afleiding gemaak word dat die respondente genoegsame kennis het van die beginsel van medewerkende skuld.

6.3.5.3 Verskaffing van veilige omgewing (Vraag 49)

Artikel 24 van die Grondwet (1996a) impliseer dat elke leerder die reg het op op 'n omgewing wat veilig en onskadelik is vir gesondheid en algemene welsyn (vgl. par. 2.5.1). Dit word dus van 'n skool (beheerliggaam, skoolhoof en opvoeders) verwag om verantwoordelikheid te aanvaar met betrekking tot die skep van 'n veilige omgewing (vgl. par. 2.5.2.1.(iv)). Vraag 49 het ten doel gehad om te bepaal of die respondente bewus is van die verantwoordelikheid soos geskets.

Volgens artikel 20 (e) en (g) van die SA Skolewet (84/1996d) is die beheerliggaam verantwoordelik om die skoolhoof en opvoeders te ondersteun in die uitvoering van hul professionele verpligtinge en om die skoolgeboue te bestuur en te beheer. Volgens Squelch (2001: 143, 149) kan 'n skoolbeheerliggaam aanspreeklik gehou word vir nadeel wat 'n leerder ly indien dit bepaal kan word dat die beheerliggaam nie sy verpligtinge nagekom het nie. In sekere gevalle (soos byvoorbeeld geskets in die gevallestudie) kan 'n beheerliggaam, skoolhoof of die klasopvoeder wel aanspreeklik gehou word indien nalatigheid aan hul kant bevind word met betrekking tot die

verskaffing van 'n veilige omgewing en toerusting. By Vraag 49 moes die respondente aandui wie volgens hulle mening aanspreeklik gehou kan word vir die feit dat die noodhulpkissie (vgl. par. 6.3.5) nie voldoende toegerus was nie. Uit die respons op Vraag 49 (vgl. Tabel 6.12) blyk dit dat

- slegs 29.2% van die respondente korrek van mening is dat die beheerliggaam aanspreeklik gehou kan word soos van toepassing op die gevallestudie;
- 43.6% van die respondente korrek van mening is dat die skoolhoof ook aanspreeklik gehou kan word. In die posbeskrywing van 'n skoolhoof word in paragraaf 4.2 (d)(i) van die Algemene Kennisgewing 404 soos verskyn in die Staatskoerant 19767 (SA,1999b) dit gestel dat die skoolhoof verantwoordelik is om toe te sien dat 'n skool voldoen aan alle relevante wetgewing en wetlike regulasies;
- die meerderheid van die respondente, naamlik 75.3%, meen dit is egter mnr. A (opvoeder) wat aanspreeklik gehou kan word.

Opvoeders het onder die gemenereg 'n plig om te verseker dat geboue, speel- en sportgronde, asook toerusting in 'n redelike veilige toestand is (vgl. par. 5.3.3.4). Volgens Algemene Kennisgewing 404 soos verskyn in die Staatskoerant 19767 (SA, 1999b) word dit volgens paragraaf 4.5(e)(iii) verwag dat opvoeders beheer moet uitoefen oor toerusting wat gebruik word en noodsaaklik is in die onderrigruimte.
Opsommenderwys kan daar oor die respons van die respondente op Vraag 49 afgelei word dat die respondente die opvoeder as die mees aanspreeklike persoon beskou in die situasie soos geskets in die gevallestudie. Dit kan ook weereens 'n aanduiding wees waarom die meerderheid respondente aangedui het dat die moontlikheid van regsaanspreeklikheid 'n direkte invloed op hul sorgsame toesighoudingpraktyk het (vgl. par. 6.3.4.17 en 6.3.4.18).
Volgens wetgewing kan die onderwysdepartement (as werkgewer) middellik aanspreeklik (vgl. par. 4.4.1) gehou word vir die nadeel (skade) wat 'n leerder ly weens die onregmatige optrede van die opvoeder (werknemer) in die uitvoering van sy sorgsaamheidsplig (Squelch (2001:149). By Vraag 49 is die *onderwysdepartement* nie as moontlike aanspreeklike aangedui nie, wat 'n moontlike verskil op die respondente se mening kon maak.

6.3.5.4 Toesig oor leerders (Vraag 50)

In die Amerikaanse saak *Perry Education Association v. Perry local Education Association, 460 U.S. 37 1983.* is bevind dat dit nie moontlik is dat 'n opvoeder te alle tye alle leerders onder oë kan hê nie (vgl. par. 4.3.3.3). In die gevallestudie word dit gestel dat mnr. A tussen die leerders deurbeweeg het en hulp verleen het waar nodig. Inaggenome die ouderdom en ervaring van die leerders (vgl. par. 6.3.5.1 en 6.3.5.2) kan mnr. A dus nie aan nalatigheid skuldig bevind word op grond van swak toesig nie.

By Vraag 50 moes die respondente aandui of hul van mening is dat mnr. A nalatig was, aangesien hy nie al die leerders die hele tyd onder oë gehad het nie. Minder as die helfte van die respondente, naamlik 49.7%, het die vraag korrek beantwoord (vgl Tabel 6.12). Hierdie resultaat korreleer met die respons op Vraag 18 (vgl. par. 6.3.4.2) waar 69.6% van die respondente aangedui het dat hul van mening is dat 'n opvoeder ten alle tye al die leerders in sy sorg onder oë moet hou. Die afleiding kan gemaak word dat die meerderheid respondente 'n oordrewe beskouing het van *toesig oor leerders* as 'n moontlikheid vir regsaanspreeklikheid.

6.3.5.5 Skuld in die toets vir aanspreeklikheid (Vraag 51)

Die doel van Vraag 51 was om te bepaal of die respondente die bepaling van *skuld* in 'n praktiese situasie verstaan (vgl. Tabel 6.12).

Skuld het twee verskyningsvorme, naamlik opset of nalatigheid (vgl. par. 4.3.3) wat beteken dat ten einde te kan bepaal of mnr. A skuld het aan die besering wat Jannie in die laboratorium opgedoen het, daar bepaal moet word of hy opsetlik of nalatig in sy optrede was. Uit die gevallestudie is dit duidelik dat die besering nie die gevolg is van opsetlike wanoptrede van mnr. A nie. Die toets sal dus wees of mnr. A nalatig opgetree het en daardeur versuim het om die standaard van sorg toe te pas soos vereis (vgl. par. 4.3.3.2). Daar sal onder andere bepaal moet word of daar 'n direkte (kousale) verband bestaan tussen die optrede van mnr. A en die beserings wat Jannie as gevolg van sy waagtoertjie opgedoen het (vgl. par. 4.3.4).

Volgens die feite in die gevallestudie wil dit voorkom of daar nie 'n direkte verband bestaan tussen die optrede van mnr. A en die nadeel wat Jannie ly as gevolg van sy waagtoertjie *in die laboratorium* nie. Van die respondente is 58% egter van mening dat mnr. A wel skuld het. Dit wil voorkom of dié respondente nie die beginsel van kousaliteit verstaan in die bepaling van aanspreeklikheid nie.

6.3.5.6 Aanspreeklikheid in motorongeluk (Vraag 52)

Uit die gevallestudie blyk dit dat mnr. A uit nood vir Jannie met sy privaatvoertuig na die hospitaal geneem het. Dit kan aanvaar word dat mnr. A sy optrede om Jannie so spoedig moontlik by die hospitaal te kry belangriker beskou het as die risiko van nadeel (skade) wat sy optrede moontlik kan inhou. Die *relatiewe belangrikheid van die doel* (om Jannie so spoedig moontlik by die hospitaal te kry) weeg in hierdie situasie dus swaarder as die moontlike risiko dat Jannie beseer kan word in 'n ongeluk wat op sigself nie redelik voorsienbaar was nie (vgl. par. 4.3.3.2.(ii)(b)). Dit wil voorkom of mnr. A in hierdie situasie soos 'n redelike persoon opgetree het.

Van die respondente is 47.8% van mening dat mnr. A aanspreeklik gehou kan word vir die besering wat Jannie in die motorongeluk opgedoen het, ten spyte van die feit dat mnr. A nie die skuldige party in die ongeluk is nie. Die afleiding kan gemaak word dat die respondente nie die totale situasie in ag neem nie, maar mnr. A slegs as aanspreeklik bestempel, aangesien hy Jannie met sy privaat voertuig vervoer het. Die feit dat slegs 38.5% van die respondente kennis het van die "redelike persoon-toets" (vgl. par. 6.3.4.10) kan ook as 'n rede beskou word waarom so 'n beduidende groep van die respondente mnr. A aanspreeklik hou in die gegewe situasie.

6.3.5.7 Skadevergoeding ten opsigte van vermoënskade en persoonlikheidsnadeel (Vraag 53)

Volgens Botha en Oosthuizen (2005:96) is dit belangrik dat opvoeders moet kennis dra van die regsterme, *vermoënskade* en *persoonlikheidsnadeel*. Dit is belangrik, aangesien ingevolge die gemenereg 'n skadevergoedingsaksie vir nadeel (skade) ingestel kan word vir enige nadeel (skade) wat 'n persoon (dus ook leerder of sy ouers) ly as gevolg van die nalatigheid van 'n ander (dus ook opvoeder) (vgl. par. 4.3.5).

Vermoënskade verwys na die verlies of waardevermindering van die nuttigheid van 'n vermoënsbestanddeel. Hierdie vermoënsbestanddeel kan insluit saakskade, mediese uitgawes, verlies aan inkomste en toekomstige uitgawes en/of inkomste. Vermoënskade hou dus verband met die finansiële skade wat 'n persoon ly (vgl. par. 4.3.5.1).

Persoonlikheidsnadeel aan die ander kant hou verband met die benadeling van persoonlik regte en kan onder andere insluit pyn en lyding, misvorming, verlies aan

lewensgenietinge, verlies aan lewensgesondheid, verkorte lewensverwagting en emosionele skok (vgl. par. 4.3.5.2).

In die saak *Close v. Minister for Education WA(1968)* (vgl. par. 4.3.5.1) is die eiser nie net skadevergoeding toegestaan vir die verlies aan algemene mediese uitgawes (vermoënskade) nie, maar ook vir pyn en lyding, ongemak en misvorming, moontlike toekomstige uitgawes vir plastiese snykunde en die verlies aan toekomstige inkomste (persoonlikheidsnadeel).

Die respondente moes by Vraag 53 aandui vir welke van die gegewe tipes nadeel (vgl. Tabel 6.12) Jannie (of sy ouers) 'n skadevergoedingseis kan instel. Die respons word in Grafiese voorstelling 6.32 voorgestel. Vir alle praktiese doeleindes kan die afleiers ONSEKER en NUL-RESPONS as 'n NEE beskou word (Kruger, 2003: 174).

Grafiese voorstelling 6.32:

Respondente se menings oor tipe nadeel vir skadevergoedingseis



(**Vetdruk** dui die korrekte antwoord aan)

Uit Grafiese voorstelling 6.32 wil dit voorkom dat

- van die respondente 49.7% *mediese uitgawes* as die nadeel beskou waarvoor 'n skadevergoedingseis die hoogste kans op sukses kan hê en
- geen van die tipes nadeel deur 'n meerderheid respondente beskou word as gronde vir moontlike skadevergoeding nie.

Uit 'n ontleding van die gevallestudie (vgl. par. 6.3.5) wil dit voorkom dat

- daar direkte mediese uitgawes ter sprake is,
- Jannie baie pyn en lyding verduur het en sy algemene gesondheid benadeel word deur die uitgerekte en pynlike herstelproses,
- Jannie die volle gebruik van sy hande verloor het, wat impliseer dat verlies aan toekomstige inkomste asook verlies aan lewensgenietinge, ter sprake is en
- dit onredelik sou wees om aan te neem dat bogenoemde nadeel nie 'n emosionele skok (vir Jannie en sy ouers) moes wees nie.

Weens die feit dat mnr. A aanspreeklik gehou word vir die nadeel wat Jannie gely het kan aanvaar word dat Jannie of sy ouers suksesvol kan wees in 'n skadevergoedingseis vir die nadeel, soos gestel in hierdie vraag.

Inaggenome die menings van die responente soos voorgestel in Grafiese voorstelling 6.32 wil dit voorkom of die respondente nie oor genoegsame kennis beskik met betrekking tot die tipes nadeel wat as gronde vir 'n moontlike skadevergoedingseis kan dien nie. Die swak korrekte respons op Vraag 53 korreleer met die skamele 27.6% van die respondente wat van mening is dat hul oor voldoende kennis rakende hul sorgsame toesighoudingspraktyk beskik (vgl. par. 6.3.4.16).

6.3.5.8 Regresreg-beginsel (Vraag 54)

Die regresreg-beginsel hou in dat 'n werkgewer wat skadevergoeding moet betaal op grond van 'n delik deur 'n werknemer gepleeg, die werkgewer in sekere gevalle by die geregshof kan aansoek doen om die geld van die werknemer te verhaal (vgl. par. 4.4.1). So 'n aansoek kan egter net suksesvol wees indien dit bewys kan word dat die werknemer buite die omvang van sy bevoegdhede en buite die uitvoering van sy pligte nalatig opgetree het.

Vraag 54 het ten doel gehad om te bepaal of die respondente kennis het van die regresreg-beginsel. Vraag 54 (vgl. Tabel 6.12) stel dat mnr. A aan nalatigheid skuldig bevind is in die gegewe voorval. Gemeet aan die regresreg-beginsel is dit egter duidelik dat hierdie voorval binne die uitvoering van mnr. A se pligte en binne die omvang van sy bevoegdhede plaasgevind het. Die onderwysdepartement sal dus waarskynlik nie suksesvol wees in hul eis teen mnr. A nie.

Slegs 31.4% van die respondente is positief dat die onderwysdepartement waarskynlik nie suksesvol in hul eis teen mnr. A sal wees nie. Van die respondente is 37.2% van mening dat die onderwysdepartement wel suksesvol in hul eis teen mnr. A kan wees, terwyl 30.1% van die respondente onseker is oor hierdie saak. Op grond van hierdie swak korrekte respons kan die afleiding gemaak word dat die meerderheid respondente nie voldoende kennis oor die regresreg-beginsel het nie.

6.3.5.9 Sinopsis

Deur die korrekte respons wat die respondente op die gevallestudievrae behaal het grafies voor te stel kan 'n beeld gevorm word van die mate van praktyktoepassing van die respondente se kennis met betrekking tot hul sorgsame toesighoudingspligte. In Grafiese voorstelling 6.33 word die gemiddelde resultaat van die korrekte response wat die respondente vir al die vrae in die gevallestudievrae behaal het, aangedui as 41.7%.

Grafiese voorstelling 6.33:

Voorstelling van respondente se respons op die gevallestudievrae



Inaggenome die feit dat al die respondente professioneel gekwalifiseerde opvoeders is, kan dit verwag word dat die respondente 'n hoë mate van kundigheid aan die dag moet kan lê met betrekking tot die praktyktoepassing van hul sorgsame toesighoudingspligte (vgl. par. 5.3.3). Soos reeds bespreek, hou die opvoeder se sorgsame toesighoudingsplig onder andere direk verband met die fisiese welstand van die leerder in sy sorg (vgl. par. 5.3). 'n Gemiddelde korrekte respons van 41.7%

kan nie as 'n hoë mate van kundigheid beskou word vir 'n professionele opvoeder nie.

Alhoewel respondente tot 'n groot mate die korrekte respons in die kennisvrae gegee het (vgl. Grafiese voorstelling 6.21 oor aparte kennisvrae), wil dit voorkom asof dié kennis nie in dieselfde mate in hul sorgsame toesighoudingspraktyk reflekteer nie. Die toepassing van onderwysregtelike kennis in 'n praktyksituasie (gevallestudie) toon ook 'n laer gemiddelde persentasie korrekte respons as toesighoudendspraktyk-vrae. Die afleiding kan gemaak word dat die meerderheid respondente nie oor voldoende kennis beskik om teorie en praktyk bymekaar uit te bring nie. Hierdie afleiding word ondersteun deurdat 90% van die respondente aangedui het dat opvoeders oor onderwysregtelike kennis móét beskik, maar slegs 25.3% van mening is dat dit wél die geval in praktyk is (vgl. par. 6.3.4.7).

6.4 VERDERE STATISTIESE ONTLEDINGS

Vervolgens word van die data soos bespreek aan verdere statistiese verwerkings onderwerp om te bepaal of dieperliggende afleidings uit die data verkry kan word.

6.4.1 Gebruik van mediaan en persentiele

Soos reeds bespreek in par. 6.2.8 is die betroubaarheid van al die gevallestudievrae (vgl. par. 6.2.8, 6.3.5 en Tabel 6.12) getoets deur die Cronbach Alpha-koëffisiënt te bepaal en het die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus) die Cronbach Alpha-koëffisiënt bereken op 0.79 wat impliseer dat die waarde groot genoeg is om die toets as betroubaar te beskou.

'n Verdere ontleding van die statistiek wat met ordinale data gebruik word, is om die *mediaan* te bepaal. Die mediaan verteenwoordig die numeriese sentrale punt in die verspreiding van data (georden in rangorde van die laagste waarde tot die hoogste waarde), eerder as die ekstreme (Kruger *et al.*, 2005:232; Leedy & Ormrod, 2001:29, 264; Wisniewski, 1997:93). Die mediaan kan beskryf word in terme van sy persentasieposisie in 'n gegewe stel data. Hierdie persentasieposisie van die mediaan word uitgedruk as die 50^{e} persentiel. Deur die persentiele van 'n gegewe stel data te bereken kan die relatiewe posisie van enige item in die stel data geïdentifiseer word (Leedy & Ormrod, 2001:29; Wisniewski, 1997:101). Uitgesluit

die 50% persentiel (mediaan) word die laer (25%) en hoër (75%) persentiele ook gebruik. Dit impliseer dat 'n verspreiding netjies gekategoriseer kan word, deurdat 'n kwart van die items in 'n stel data oor 'n numeriese waarde tot met die laer persentiel beskik, terwyl 'n kwart oor 'n waarde gelykstaande of hoër as die hoër persentiel beskik (Wisniewski, 1997:101) .

6.4.2 Persentielrang van alle vrae in gevallestudierespons

In paragraaf 6.3.5.9 is die afleiding gemaak dat daar 'n beduidende verskil is tussen die respondente se korrekte respons op die gevallestudievrae (praktyktoepassingsvrae). Grafiese voorstelling 6.34 dui egter net die gemiddelde persentasie korrekte respons aan wat die respondente in die onderskeie praktyktoepassingsvrae behaal het. Deur slegs die gemiddeld van 'n gegewe stel data te bereken hou die nadeel in dat dit nie noodwendig 'n verteenwoordigende aanduiding van die data is nie (Wisniewski, 1997:101). Deur die verspreiding van items van 'n stel data grafies voor te stel (deur gebruik te maak van die mediaan en persentiele) is dit moontlik om dieperliggende afleidings te maak aangesien 'n enkele persentasie nie noodwendig 'n verteenwoordigende aanduiding is van die gemiddeldes in 'n stel data nie (Wisniewski, 1997:93). Derhalwe is die mediaan en persentiele bepaal van die korrekte respons wat die respondente behaal het in die praktyktoepassingsvrae (vgl. par. 6.2.8) en word dit in Grafiese voorstelling 6.34 geïllustreer.

Grafiese voorstelling 6.34:

Mediaan en persentiele van die gevallestudierespons



Indien die erns van leerderveiligheid in aanmerking geneem word, sowel as die vele hofsake wat in die verlede uit die nalatigheid ten opsigte van die sorgsame toesighoudingsplig voortgespruit het, kan dit aanvaar word dat die respondente as professionele opvoeders 'n hoë mate van kundigheid aan die dag moet kan lê in aspekte wat hul sorgsame toesighoudingspligpraktyk raak.

Een van die wesenstrekke van 'n professionele persoon is kundigheid op sy vakgebied (Oosthuizen, 2005:107). Derhalwe kan 'n mediaanwaarde van 41.02% nie as 'n aanvaarbare vlak van kundigheid gereken word nie, veral waar dit die fisiese veiligheid van die leerder raak.

Uit Grafiese voorstelling 6.34 blyk die volgende

- Die mediaanwaarde van 41.02% korreleer met die gemiddelde persentasie korrekte respons van 41.2% wat die respondente met die gevallestudievrae behaal het (vgl. par. 6.3.5.9).
- Die mediaanwaarde van 41.02% (as numeriese sentrale punt in die verspreiding van die data) ondersteun dus die bevinding wat reeds gemaak is (vgl. par. 6.3.4.29 en 6.3.5.9) dat die vlak van die respondente se praktyktoepassing van hul sorgsame toesighoudingspligte nie as voldoende gereken kan word vir 'n professionele opvoeder nie.
- Die praktyktoepassingsvrae kan as 'n aanduiding beskou word van die vermoë van die respondente om hul onderwysregtelike kennis in praktyk toe te pas (vgl. par. 6.3.5). Die lae mediaanwaarde van 41.02% kan moontlik te wyte wees aan die feit dat slegs 27.6% van die respondente van mening is dat hulle oor voldoende onderwysregtelike kennis beskik (vgl. par. 6.3.4.16).

6.4.3 Effekgroottes: Die prakties betekenisvolle verband tussen respondentveranderlikes en praktyktoepassing

'n Effekgrootte word gebruik om te bepaal of die verhouding tussen twee veranderlikes 'n prakties beduidende invloed in praktyk uitoefen. Die Cronbach alpha-waarde van 0.9 vir die spesifieke praktyktoepassingvrae, soos bespreek in paragraaf 6.2.8, kan as betroubaar beskou word, sodat gemiddelde waardes vergelyk kan word. Ten einde die effekgroottes te bepaal word Cohen se d-waarde van die veranderlikes bereken (Ellis & Steyn, 2003:51-53). Die data is deur die

Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus) met behulp van die *The SAS System for Windows Release 9.1* verwerk (SAS Institute Inc., 2007). Die data is verwerk om sodoende 'n rekenkundige gemiddeld (*mean*) te verkry van die kombinasies data. Die rekenkundige gemiddeld is 'n wyse waarop die neiging of tendens bepaal kan word (Kruger *et al.*, 2005:233) en Wisniewsk (1997:106). Cohen se d-waardes word deur middel van die volgende formule bereken:

$$d = \frac{|\bar{x}_1 - \bar{x}_2|}{S_{max}}$$

Waar:

$\bar{x}_1$ = maksimum gemiddelde persentasie van een groep respondente,

$\bar{x}_2$ = maksimum gemiddelde persentasie van ander groep respondente en

S_{max} = maksimum standaardafwyking van die twee groepe is.

Volgens Ellis en Steyn (2003:51-53) is die riglyne vir die interpretasie van Cohen se d-waardes die volgende:

$d \approx 0.2$ = klein effek

$d \approx 0.5$ = medium effek

$d \approx 0.8$ = groot effek

Vervolgens word die d-waardes van sekere respondentveranderlikes bereken om sodoende te bepaal of dit enige prakties beduidende effek het op die respondente se praktyktoepassing.

6.4.3.1 Effekgrootte van geslag van respondente op hul praktyktoepassing

Meer as twee derdes (75.7%) van die respondente in hierdie studie is vroulik, terwyl slegs 24% manlik is (vgl. par. 6.3.1.1).

Tabel 6.13: Verband tussen geslag en praktyktoepassing

Groepe respondente	Gemiddelde persentasie	Standaard-afwyking	d – waarde	Effekgrootte van verband tussen groepe
Manlik	50.11	29.43	0.17	Geen
Vroulik	45.09	28.52		

Uit Tabel 6.13 wil dit voorkom of die manlike respondente se praktyktoepassing (50.11%) op 'n effens hoër vlak as hul vroulike kollegas (45.09%) uitgevoer word. Alhoewel die d-waarde van 0.17 neig na 'n klein effek (vgl. par. 6.4.3.1) dui 'n d-waarde van 0.17 dat die geslag van die respondente geen prakties betekenisvolle effek op die respondente se sorgsame toesighoudingspraktyk het nie. Hierdie aanduiding is positief vir die histories Afrikaanse sekondêre skole in die Potchefstroom – en Klerksdorpdistrikte in die sin dat meer as 75% van die respondente vroulik is (vgl. par. 6.3.1.1).

6.4.3.2 Effekgrootte van ouderdom van respondente op hul praktyktoepassing

Vir praktiese doeleindes is die ouderdomme van die respondente verdeel in twee ouderdomsgroepe, naamlik onder 40 jaar en bo 40 jaar. Die respondente onder 40 verteenwoordig 37.5% van die totale studiepopulasie, terwyl 60.9% diegene ouer as 40 jaar verteenwoordig (vgl. par. 6.3.1.2).

Tabel 6.14 Verband tussen ouderdom en praktyktoepassing

Groepe respondente	Gemiddelde persentasie	Standaard-afwyking	d – waarde	Effekgrootte van verband tussen groepe
Jonger as 40 jaar	46.80	28.13	0.018	Geen
Ouer as 40 jaar	46.26	29.42		

Die d-waarde 0.018 beteken dat die ouderdom van die respondente geen prakties beduidende effek het op die praktyktoepassing van die respondente in hierdie studie nie. Hoewel die algemene verwagting waarskynlik sal wees dat opvoeders met meerdere jare van lewensrypheid en ervaring se sorgsame toesighoudingspraktyk op 'n hoër vlak volvoer sal word as die jonger opvoeder, kan dit as positief vir onderwys beskou word dat die jonger opvoeders in hierdie studie dieselfde mate van sorgsame toesighoudingspraktyk as hul ouer (ervare) kollegas toon.

6.4.3.3 Effekgrootte van jaar van laaste onderwyskwalifikasie op respondente se praktyktoepassing

In par. 6.3.1.4 is bepaal dat:

- 30.8% van die respondente ná 1996 hul laaste onderwyskwalifikasie verwerf het en
- 62.8% van die respondente vóór 1996 hul laaste onderwyskwalifikasie verwerf het.

Tabel 6.15 Verband tussen jaar van laaste onderwyskwalifikasie en praktyktoepassing

Groepe respondente	Gemiddelde persentasie	Standaard-afwyking	d – waarde	Effekgrootte van verband tussen groepe
Voor 1996	45.32	29.05	0.10	Geen
Na 1996	48.52	28.79		

Volgens Tabel 6.4 toon die respondente wat na 1996 hul laaste onderwyskwalifikasie toon 'n effens hoër gemiddelde persentasie (48.52%) in hul praktyktoepassing as die respondente wat voor 1996 hul laaste onderwyskwalifikasie verwerf het (45.32%). Die berekende d-waarde van 0.10 dui egter daarop dat die jaar waarin die respondente hul laaste onderwyskwalifikasie verwerf het geen prakties betekenisvolle effek op die sorgsame toesighoudingspraktyk van die onderskeie groepe respondente uitoefen nie.

6.4.3.4 Effekgrootte van posvlak van respondente op praktyktoepassing

Van die respondente is 84.7% Posvlak 1-opvoeders, terwyl 13.1% departmentshoofde is (vgl. par. 6.3.1.5). Volgens Herselman (2006:124) word dit algemeen aanvaar dat hoofde, adjunkhoofde en departementshoofde oor meer onderwysregtelike kennis as Posvlak 1-opvoeders beskik. In hierdie studie impliseer die d-waarde van 0.0017 (vgl. Tabel 6.15) dat die posvlak wat die respondente beklee geen praktiese betekenisvolle effek op die respondente se sorgsame toesighoudingspraktyk het nie.

Tabel 6.16 Verband tussen posvlak van respondente en praktyktoepassing

Groepe respondente	Gemiddelde persentasie	Standaard - afwyking	d – waarde	Effekgrootte van verband tussen groepe
Departementshoof	46.13	29.05	0.0017	Geen
Posvlak 1-opvoeder	46.08	28.77		

6.4.3.5 Effekgrootte van jare ondervinding van respondente op hul praktyktoepassing

Vir die bepaling van die effekgrootte van jare ondervinding as opvoeder is die jare ondervinding (vgl. Tabel 6.5) verdeel in 2 kategorieë, naamlik die respondente met minder as 10 jaar ondervinding en die met meer as 10 jaar ondervinding.

Die d-waarde van 0.07 dui daarop dat die jare ondervinding van die respondente in hierdie studie geen prakties beduidende effek op hul praktyktoepassing het nie.

Tabel 6.17 Verband tussen jare ondervinding en praktyktoepassing

Groepe respondente	Gemiddelde persentasie	Standaard-afwyking	d – waarde	Effekgrootte van verband tussen groepe
Minder as 10 jaar	48.02	27.09	0.07	Geen
Meer as 10 jaar	45.81	29.65		

6.4.3.6 Effekgrootte van vlak van onderwyskwalifikasie op die respondente se praktyktoepassing

Vir die bepaling van die effekgrootte van onderwyskwalifikasie is die respons op Vraag 7 (vgl. Tabel 6.5) verdeel in voor- en nagraadse kwalifikasies. Dit blyk dat slegs 10.5% van die respondente oor nagraadse onderwyskwalifikasies beskik, met 75.6% van die respondente wat oor voorgraadse onderwyskwalifikasies beskik (vgl. par. 6.3.1.7).

Tabel 6.18 Verband tussen vlak van onderwyskwalifikasie en praktyktoepassing

Groepe respondente	Gemiddelde persentasie	Standaard-afwyking	d – waarde	Effekgrootte van verband tussen groepe
Voorgraads	45.37	28.72	0.07	Geen
Nagraads	47.69	29.12		

Uit bostaande tabel blyk dit dat die respondent met nagraadse onderwyskwalifikasies effens beter vaar (47.69%) in hul praktyktoepassing as die respondente wat slegs oor 'n voorgraadse onderwyskwalifikasie beskik (45.37%). Die afleiding kan gemaak word dat gevorderde onderwyskennis 'n positiewe invloed kan uitoefen op die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk. Die d-waarde van 0.07 dui egter daarop dat in hierdie studie die vlak van onderwyskwalifikasie geen praktiese beduidende verskil in die respondente se sorgsame toesighoudingspraktyk uitoefen nie.

6.4.3.7 Effekgrootte van opleiding in Onderwysreg op die respondente se praktyktoepassing

Soos reeds bepaal, is kennis van relevante regsbeginsels met betrekking tot die opvoeder se sorgsame toesighoudingsplig noodsaaklik vir die opvoeder ten einde sy sorgsame toesighoudingspraktyk volgens die verwagte standaard te kan uitoefen (vgl. par. 5.1).

Dit word dus as sinvol beskou om die tipe opleiding wat die respondente in Onderwysreg ontvang het te ontleed om sodoende te kan bepaal welke tipe (indien enige) opleiding 'n praktiese beduidende invloed op hul praktyktoepassing uitoefen. Die effekgrootte van sekere tipes opleiding soos gestel in Vraag 14 van die vraelys (vgl. Bylaag A) word vervolgens bespreek.

6.4.3.7.1 Effekgrootte van 'n onderwysregmodule as deel van die respondent se aanvanklik studie op hul praktyktoepassing

Volgens Tabel 6.7 het 28.5% van die respondente 'n module in Onderwysreg as deel van hul aanvanklike studie ontvang.

Tabel 6.19 Verband tussen onderwysregmodule as deel van aanvanklike studie en praktyktoepassing

Groepe respondente	Gemiddelde persentasie	Standaard-afwyking	d – waarde	Effekgrootte van verband tussen groepe
Ja	44.47	29.00	0.22	Klein
Nee	51.31	30.35		

Die d-waarde van 0.22 dui daarop dat die kennis wat die respondente deur middel van 'n module in Onderwysreg in hul aanvanklike studie ontvang het, wel 'n klein betekinsvolle effek op hul praktyktoepassing uitoefen.

6.4.3.7.2 Effekgrootte van BEd (hons) in Onderwysreg op die respondente se praktyktoepassing

Volgens Tabel 6.7 het slegs 11.9% van die respondente 'n BEd (hons) in Onderwysreg as module in opleiding ontvang (vgl. par. 6.3.3.1).

Uit Tabel 6.20 blyk dit dat die respondente wat oor 'n BEd (hons) in Onderwysreg beskik 'n medium prakties beduidende hoër gemiddelde persentasie toon in die praktyktoepassinguitvoering van hul sorgsame toesighoudingspligte in vergelyking met die respondente sonder die kwalifikasie.

Tabel 6.20 Verband tussen BEd (hons) in Onderwysreg en praktyktoepassing

Groepe respondente	Gemiddelde persentasie	Standaard-afwyking	d – waarde	Effekgrootte van verband tussen groepe
Ja	62.50	30.25	0.50	Medium
Nee	47.43	29.75		

Die d-waarde van 0.5 impliseer dat dit aangeneem kan word dat die gespesialiseerde onderwysregtelike kennis wat die respondente deur middel van hierdie kwalifikasie verwerf het 'n medium prakties betekenisvolle effek op hul praktyktoepassing uitoefen.

6.4.3.7.3 Effekgrootte van Departementele indiensopleiding in onderwysregaspekte op die respondente se praktyktoepassing

Byna 25% van die respondente wat een of ander vorm van opleiding in Onderwysreg ondergaan het, het dit ontvang deur middel van Departemente indiensopleiding (vgl. Tabel 6.7).

Tabel 6.21 Verband tussen Departementele indiensopleiding in onderwysregaspekte en praktyktoepassing

Groepe respondente	Gemiddelde persentasie	Standaard-afwyking	d – waarde	Effekgrootte van verband tussen groepe
Ja	46.48	30.38	0.01	Geen
Nee	46.83	29.50		

Die d-waarde van 0.01 dui daarop dat die Departementele indiensopleiding wat die respondente ontvang het geen beduidende invloed op hul praktyktoepassing het nie. Dit wil dus voorkom of die onderwysregtelike indiensopleiding wat deur die Departement van Onderwys aan opvoeders verskaf word, geen praktiese verskil maak in die wyse waarop die opvoeders hul sorgsame toesighoudingspraktyk uitoefen nie. Hierdie afleiding verg op sigself verdere navorsing om die rede vir die nie-beduidende invloed te bepaal, aangesien dit algemeen aanvaar kan word dat hierdie indiensopleiding met rede aangebied word, koste intensief en tydrowend is.

6.4.3.8 Effekgrootte van laaste jaar van onderwysregopleiding op die respondente se praktyktoepassing

Vir statistiese doeleindes is die kategorieë jare soos aangedui in Vraag 15 (vgl. Tabel 6.7) verdeel in twee groepe, naamlik opleiding in Onderwysreg ondergaan meer as 10 jaar gelede en opleiding in Onderwysreg ondergaan minder as 10 jaar gelede. Dit blyk dat 38.5% van die respondente meer as 10 jaar gelede die opleiding ontvang het, terwyl 42.6% minder as 10 jaar gelede opleiding in onderwysreg Ondergaan het. (18.9% respondente het 'n nul-respons aangedui) (vgl. par. 6.3.3.2).

Tabel 6.22: Verband tussen laaste jaar van onderwysregopleiding en praktyktoepassing

Groepe respondente	Gemiddelde persentasie	Standaard - afwyking	d – waarde	Effekgrootte van verband tussen groepe
Meer as 10 jaar gelede	44.83	30.25	0.13	Geen
Minder as 10 jaar gelede	48.68	26.90		

Uit Tabel 6.22 blyk dit dat die respondente wat die afgelope 10 jaar 'n vorm van opleiding in Onderwysreg ondergaan het tog 'n effens hoër mate (48.68%) van praktyktoepassing toon as die respondente wat meer as 10 jaar gelede opleiding in Onderwysreg ontvang het (44.83%). Die afleiding kan gemaak word dat die opleiding wat die afgelope 10 jaar ontvang is, meer relevant is vir die respondente, aangesien dit gebaseer behoort te wees op die mees resente wetgewing. Die d-waarde van 0.13 dui egter daarop dat die jaar van opleiding in Onderwysreg nie 'n betekenisvolle verskil maak op die sorgsame toesighoudingspraktyk van die respondente nie. Die feit dat die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk onder andere begrond is in die gemeneregbeginsels (vgl. par. 4.1) kan 'n moontlike rede wees waarom die jaar van opleiding in Onderwysreg geen prakties beduidende effek het nie.

6.5 SINOPSIS

Met die praktykvrae was die gemiddelde resultaat van die korrekte respons van die respondente 54.7% (vgl. par. 6.3.4.29) wat as 'n redelike mate van kundigheid beskou kan word. Die gemiddelde korrekte respons van die respondente met betrekking tot die vrae wat hul vermoë toets om onderwysregtelike kennis in 'n praktyksituasuie toe te pas is 'n skamele 41.2% (vgl. par. 6.3.5.9) met 'n mediaanwaarde van 41.02% (vgl. par. 6.4.2). Gemeet aan die standaard wat van 'n redelike professionele deskundige opvoeder verwag kan word met betrekking tot die vlak van kundigheid, blyk dit uit die onderskeie behaalde persentasies dat die meerderheid respondente in hierdie studie se sorgsame toesighoudingspraktyk nie voldoen aan die verwagte standaard van 'n professionele opvoeder nie (vgl. Hoofstuk 5).

Die feit dat die gemiddelde korrekte respons op die praktykvrae 'n hoër waarde toon as die gevallestudievrae kan te wyte wees aan die feit dat die meerderheid van die praktykvrae (vgl. par. 6.11) te make het met beleid, regulasies wat op skoolvlak ingestel is en 'n gegewe vir die respondente is. Die gevallestudievrae is 'n aanduiding van die respondent se persoonlike mening hoe sy sorgsame toesighoudingsplig in praktyk uitgevoer moet word.

Op grond van die data blyk dit in hierdie studie dat die respondente wie se sorgsame toesighoudingspraktyk die hoogste gemiddelde korrekte respons toon (vgl. par. 6.4.3) se profiel die volgende behels;

- manlik (vgl. par. 6.4.3.1),
- jonger as 40 jaar oud (vgl. par. 6.4.3.2),
- na 1996 sy laaste onderwyskwalifikasie behaal het (vgl. par. 6.4.3.3),
- departementshoofpos beklee (vgl. par. 6.4.3.4),
- minder as 10 jaar ondervinding het (vgl. par. 6.4.3.5),
- beskik oor 'n nagraadse kwalifikasie (vgl. par. 6.4.3.6), en
- beskik oor 'n spesifieke onderwysregkwalifikasie, soos byvoorbeeld 'n BEd (hons) in Onderwysreg (vgl. par. 6.4.3.7.2).

Dit blyk egter duidelik uit die verwerking van die data dat die respondentveranderlike (vgl. par. 6.4.3) wat in hierdie studie die mees betekenisvolle effek op die sorgsame toesighoudingspraktyk van die respondente toon, die kwalifisering in 'n onderwysregtelike na-graadse kwalifikasie is (vgl. par. 6.4.3.7.2).

In die lig van die voorafgaande blyk dit dat faktore soos byvoorbeeld geslag, ouderdom en ondervinding geen prakties beduidende effek het op die sorgsame toesighoudingspraktyk van die respondente nie. Verdere gespesialiseerde nagraadse opleiding in Onderwysreg blyk wel 'n praktiese betekenisvolle effek op die respondente se sorgsame toesighoudingspraktyk uit te oefen (vgl. par. 6.4.3.7.2). Laasgenoemde kan as positief vir die onderwys beskou word, aangesien die verwerwing van 'n kwalifikasie in Onderwysreg op die korttermyn aangespreek kan word.

Van die respondente het 26.6% aangedui dat hul geen vorm van opleiding in Onderwysreg ondergaan het nie (vgl. par. 6.3.3.1). Dit impliseer dat die meerderheid van die respondente wel 'n vorm van opleiding in Onderwysreg ondergaan het, maar

in die lig van die voorafgaande blyk dit dat die opleiding in Onderwysreg op die oomblik waarskynlik nie die student genoegsaam toerus ten opsigte van die onderwysregtelike vereistes nie. Die aanduiding dat 'n gespesialiseerde onderwysregtelike kwalifikasie 'n effek kan hê op die sorgsame toesighoudingspraktyk van 'n opvoeder word ondersteun op grond van die feit dat 90% van die respondente aangedui het dat opvoeders oor onderwysregtelike kennis móét beskik, maar slegs 25.3% van mening is dat dit wél die geval in praktyk is (vgl. par. 6.3.5.9).

6.6 SAMEVATTING

In Hoofstuk 6 is die navorsingsontwerp bespreek soos wat dit gebruik is in hierdie studie. Die navorsingsmetode en vraelys as meetinstrument is bespreek. Deur middel van die vraelys is data versamel wat bespreek en ontleed is volgens erkende statistiese metodes (vgl. par. 6.2). Die inligting is geïnterpreteer en geanaliseer om te bepaal wat die respondente se insig, persepsie en kennis is van wetlike sleutelvraagstukke met betrekking tot hul sorgsame toesighoudingspraktyk en in welke mate die opvoeders se sorgsame toesighoudingspraktyk voldoen aan die onderwysregtelike vereistes.

In Hoofstuk 7 sal bevindinge en aanbevelings wat voortspruit uit die interpretering, analisering en afleidings wat in Hoofstuk 6 gemaak is, uitgelig word.

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

7.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die data verkry uit die empiriese ondersoek en ontleed met verwysing na die relevante bespreking in die literatuurstudie. In hierdie hoofstuk word daar aandag gegee aan:

- die samevatting van die navorsing,
- die bevindinge wat gemaak kan word met betrekking tot die navorsingsdoelstellings (vgl. par. 1.4),
- aanbevelings voortspruitend uit die navorsing en
- voorstelle vir verdere navorsing.

7.2 SAMEVATTING

In hoofstuk 1 is bepaal dat die opvoeder 'n sorgsame toesighoudingplig teenoor die leerders in sy sorg het en dat dit belangrik is dat opvoeders kennis het van die gemeenregtelike beginsels wat op hul beroep van toepassing is.
Voortspruitend hieruit is die volgende navorsingsdoelwitte geformuleer:

- Om met 'n literatuurstudie te bepaal wat die konsep "sorgsame toesighoudingspraktyk" behels;
- om die aard van die onderwysregtelike verpligtinge van die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk te bepaal;
- om deur middel van 'n empiriese ondersoek te bepaal wat die opvoeders se insig, persepsie en kennis is van wetlike sleutelvraagstukke met betrekking tot hul sorgsame toesighoudingspraktyk en
- om te bepaal in welke mate die opvoeders voldoen aan die onderwysregtelike vereistes van hul sorgsame toesighoudingspraktyk.

In Hoofstuk 2 is die statutêre determinante bepaal wat as grondslag dien vir die sorgsame toesighoudingspraktyk van die Suid-Afrikaanse opvoeder. Daar is gefokus

op die bronne binne die reg wat die sorgsame toesighoudingspraktyk van die Suid-Afrikaanse opvoeder reël en beïnvloed.

Hoofstuk 3 het gefokus op regspraak as determinant vir die sorgsame toesighoudingspraktyk van die opvoeder. Met verwysing na relevante hofsake is aangetoon dat regspraak as determinant vir onderwys belangrik is, deurdat dit die subjeksregte en verpligtinge, die administratiewe onderwyshandelinge, gemeneregskonsepte en statutêre determinante toelig soos van toepassing op die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk.

In Hoofstuk 4 is daar 'n ondersoek gedoen na die gemeneregbeginsels wat van toepassing is op die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk met besondere verwysing na deliktuele aanspreeklikheid. Daar is vervolgens gefokus op die elemente wat bewys moet kan word alvorens 'n opvoeder deliktueel aanspreeklik gehou kan word indien 'n leerder nadeel (skade) ly deur die opvoeder se nalatige optrede in sy sorgsame toesighoudingspraktyk.

In Hoofstuk 5 is daar gefokus op die basiese verpligtinge van die opvoeder onder die gemenereg in terme van sy rol as sorgsame toesighouer in die uitvoering van sy sorgsame toesighoudingspraktyk. Besondere aandag is gegee aan die *In loco parentis*-posisie van die opvoeder en die gepaardgaande regspligte soos van toepassing op die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk. Verwysing na relevante regspraak is gebruik om aan te dui hoe die regspligte in die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk van toepassing is.

In Hoofstuk 6 is die empiriese ondersoek van hierdie navorsing bespreek. In die eerste plek is die navorsingsontwerp bespreek, waaronder die studiepopulasie en die geslote vraelys as keuse vir hierdie studie. Aandag is gegee aan die konstruksie van die vraelys asook die administratiewe prosedures wat gevolg is met betrekking tot die samestelling en gebruik van die vraelys. In die tweede plek is die terugvoerrespons en 'n interpretasie van die data bespreek. Waar van toepassing is die data grafies voorgestel met verwysing na die verbandhoudende literatuur soos bespreek in die voorafgaande hoofstukke. Verdere statistiese ontleding is gedoen deur die berekening van Cohen se effekgrootte van bepaalde gegewens uit die data. Op

grond van hierdie ontleding is belangrike bevindinge en afleidings gemaak met betrekking tot die mate van die betekenisvolle invloed van respondentveranderlikes op hulle sorgsame toesighoudingspraktyk.

7.3 BEVINDINGE

Teen die agtergrond van bogenoemde word vervolgens die belangrikste bevindinge ten opsigte van die verskillende navorsingsdoelwitte (vgl. par. 1.4) bespreek.

7.3.1 Bevindinge ten opsigte van navorsingsdoelwitte 1.4.1 en 1.4.2

Navorsingsdoelwit 1.4.1 het ten doel om uit bestaande vakliteratuur te bepaal wat die konsep "sorgsame toesighoudingspraktyk" behels, terwyl navorsingsdoelwit 1.4.2 ten doel het om die aard van die onderwysregtelike verpligtinge van die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk te bepaal (vgl. par. 1.4).

In 'n poging om 'n antwoord op hierdie navorsingsoelwitte te verskaf is 'n literatuurstudie onderneem om die determinante, wat as grondslag dien vir die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk, te bepaal. Derhalwe is die statutêre determinante (vgl. Hoofstuk 2), regspraak as determinant (vgl. Hoofstuk 3) en gemeenregtelike determinante (vgl. Hoofstuk 4) ontleed. Weens die vervlegtheid van navorsingsdoelwit 1.4.1 en 1.4.2 (soos blyk uit die literatuurstudie), word die bevindinge van beide die navorsingsdoelwitte in Tabelle 7.1 – 7.4 gegee. Vervolgens word die bevindinge gegee met verwysing na die betrokke paragraaf in die navorsingsverslag.

7.3.1.1 Bevindinge gegrond op Hoofstuk 2 (statutêre determinante)

In Tabel 7.1 word die mees relevante bevindinge gegee wat verkry is uit die literatuurstudie van statutêre bronne relevant vir die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk (vgl. Figuur 2.2).

Tabel 7.1 Statutêre bevindinge met betrekking tot die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk

BEVINDINGE	VERWYSING
Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996	
Opvoeders (wat namens die staat optree) verkry hul outoriteit om hul sorgsaamheidpraktyk te handhaaf in die meeste gevalle deur wetgewing.	par. 2.2
Suid-Afrikaanse wetgewing (oorspronklike- en ondergeskikte wetgewing) word as 'n regsbron beskou vir die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk.	par. 2.4 en 2.5
Artikel 2 van die Grondwet (1996a) bepaal dat die Grondwet die oppergesag van Suid-Afrika is.	par. 2.5.1
Die Grondwet (1996a) plaas 'n direkte statutêre verpligting op die opvoeder met betrekking tot sy optrede in sy rol as sorgdraer.	par. 2.5.1
Alle wette, regulasies en reëls wat op die onderwyspraktyk van toepassing is, is ondergeskik aan die Grondwet (1996a) en mag nie in stryd met die bepalings van die Grondwet wees nie.	par. 2.5.1
Die opvoeder moet in sy sorgsaamheidspraktyke die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid van elke leerder beskerm en bevorder.	par. 2.5.1
Die veiligheid van die leerder(s) is van deurslaggewende belang in die uitvoering van die opvoeder se sorgsame toesighoudings-praktyk.	par. 2.5.1
Die opvoeder moet alle redelike maatreëls en voorsorg tref om die leerder se fisiese en psigologiese regte te beskerm in die onderrigruimte, maar ook met buite-kurrikulêre aktiwiteite.	par. 2.5.1, 5.3.3.4 en 4.3.5.2
Artikel 28(2) is seker een van die belangrikste artikels in die Grondwet (1996a) wat 'n invloed het op die onderwyspraktyk vir die opvoeder in sy rol as sorgdraer, aangesien die kind (leerder) se belang van deurslaggewende belang moet wees in elke aangeleentheid wat hom/haar raak.	par. 2.5.1

OORSPRONKLIKE WETGEWING: Parlementêre onderwyswetgewing	
Artikel 4(a) van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (27/1996c) bepaal dat die opvoeder met alle onderwys- en onderrigaktiwiteite die regte van die leerder moet bevorder en beskerm.	par. 2.5.2.1 (i)
Die Wet op Indiensneming van Opvoeders (76/1998b) bepaal in duidelike terme wanneer 'n opvoeder se professionele sorgsame toesighoudingspraktyk nie aan die wetlike vereistes voldoen nie.	par. 2.5.2.1 (ii)
Die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996d) bepaal dat elke ouer verplig is om sy kind skool toe te stuur. Op gronde van sy *in loco parentis*-posisie is die opvoeder tydens die skoolaktiwiteite verantwoordelik vir die veiligheid en beskerming van die leerders in sy sorg.	par. 2.5.2.1 (iii), 5.2
Volgens die SARO-Wet (31/2000) word dit verwag dat 'n opvoeder gekwalifiseerd moet wees, wat beteken dat 'n hoër mate van sorg in die handhawing van sy sorgsame toesighoudingspraktyk verwag word as wat van die redelike persoon verwag sou word.	par. 2.5.2.1 (iv), 4.3.3.2 (ii)(c)
Algemene parlementêre wetgewing	
Volgens die Wet op Kindersorg (38/2005) is dit belangrik vir die opvoeder om te weet wat die reg van die leerder is indien die leerder in sy sorg beseer word en mediese behandeling nodig het. Artikel 1(1) van hierdie wet bepaal per definisie dat die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk van so 'n aard moet wees dat dit die kind beskerm en sy welstand bevorder.	par. 2.5.2.2 (i)
Die Wet op Beroepsgesondheid en –veiligheid (85/1993) bepaal dat 'n opvoeder in beheer van 'n werkswinkel (per implikasie alle hoë-risiko terreine) oor die toepaslike opleiding moet beskik en opgelei moet wees om moontlike gevare in 'n werkswinkel te kan antisipeer en die bevoegdheid moet hê om te verseker dat veiligheidsmaatreëls in plek is en toegepas word.	par. 2.5.2.2 (ii)

In die Strafproseswet (51/1977) kom die wetlike posisie van die opvoeder se *in loco* parentis-posisie duidelik na vore.	par. 2.5.2.2 (iii)
Die Nasionale Padverkeerwet (93/1996b) is bepalend vir die opvoeder met betrekking tot die standaard van sorg wat verwag word wanneer leerders vervoer word.	par. 2.5.2.2 (iv)
Provinsiale onderwyswetgewing	
Artikel 104(1)(b)(i) van die Grondwet (1996a) maak voorsiening dat 'n provinsie wette kan uitvaardig rakende onderwysaangeleenthede wat binne die regeringsbevoegdheid van die provinsiale wetgewer val.	par. 2.5.2.3
ONDERGESKIKTE WETGEWING:	
Dit is noodsaaklik dat opvoeders kennis moet neem van wetgewing soos bepaal in proklamasies, regulasies en omsendskrywes, aangesien die bepalinge daarin vervat 'n invloed op die wetlike status (per implikasie die sorgsaamheidsplig) van die opvoeder kan uitoefen.	par. 2.5.3, 2.5.3.1, 2.5.3.2,

7.3.1.2 Bevindinge gegrond op Hoofstuk 3 (regspraak as determinant)

In Tabel 7.2 word die mees relevante bevindinge gegee wat verkry is uit die literatuurstudie van regspraak as bron relevant vir die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk (vgl. Figuur 2.2).

Tabel 7.2 Bevindinge met betrekking tot regspraak as determinant vir die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk

BEVINDINGE	VERWYSING
Die feite en uitsprake in relevante hofsake is belangrik vir die onderwys (dus ook opvoeder) deurdat dit 'n aanduiding gee van die juridiese beskouing van die standaard van die opvoeder se sorgsaamheidsplig.	par. 3.2
Internasionale regspraak bevat regsbeginsels wat ook op Suid-Afrikaanse skole van toepassing kan wees.	par. 3.2

Die howe stel die parameters en riglyne waarbinne die kind beskerming (dus ook deur die opvoeder se sorgsaamheidsplig) van sy regte kan geniet.	par. 3.4
Dit is belangrik vir die opvoeder om sy posisie en die gepaardgaande standaard van sorgsame toesighoudingspraktyk wat wetlik vereis word, in die lig van relevante wetgewing en regspraak, grondig te kan evalueer, verstaan en toepas	par. 3.4

7.3.1.3 Bevindinge gegrond op Hoofstuk 4 (gemenereg as determinant)

In Tabel 7.3 word die mees relevante bevindinge gegee wat verkry is uit die literatuurstudie van gemenereg as bron relevant vir die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk (vgl. Figuur 2.2).

Tabel 7.3 Bevindinge met betrekking tot gemenereg as determinant vir die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk

BEVINDINGE	VERWYSING
(Ter wille van die logiese verloop van die navorsingsverslag word die in loco parentis-posisie van die opvoeder in Tabel 7.4 bespreek.)	
In die gemenereg is daar bepaalde beginsels wat direk van toepassing is op die opvoeder se sorgsaamheidsplig teenoor die leerders in sy sorg.	par. 4.1
Die vyf elemente wat bewys moet kan word alvorens 'n persoon deliktueel aanspreeklik gehou kan word, is handeling, onregmatigheid van die handeling, skuld, kousaliteit en nadeel (skade).	par. 4.3
In skoolpraktyk is die meerderheid deliktuele eise op grond van nalatigheid gebaseer en nie op grond van opset nie.	par. 4.3.3.1

Waar 'n regsplig bestaan (soos in die geval van die opvoeder), kan enige gedrag benede die geldende standaard van sorg as nalatig beskou word.	par. 4.3.3.2
Die toets vir nalatigheid bestaan uit twee elemente, naamlik i. redelike voorsienbaarheid en ii. redelike voorkombaarheid.	par. 4.3.3.2 (ii)
Die nalatigheid van 'n opvoeder se gedrag hang af van die voorsienbaarheid wat die opvoeder in 'n bepaalde gebeurtenis toegepas het en die stappe wat hy ter voorkoming van die voorsienbare nadeel (skade) geneem het.	par. 4.3.3.2 (ii)(a)
Op grond van die feit dat die opvoeder as 'n deskundige met gespesialiseerde kennis op die onderriggebied beskou word, word die optrede van die opvoeder getoets aan die verhoogde standaard soos verwag van die redelike deskundige, in hierdie geval die redelike opvoeder.	par. 4.3.3.2 (ii)(c)
Medewerkende skuld is relevant met betrekking tot die beperking van die opvoeder en/of onderwysinstansie se aanspreeklikheid. By medewerkende skuld in skoolpraktyk moet die opvoeder kan bewys dat die leerder se eie onregmatige optrede 'n aansienlike bydrae tot die leerder se beserings (skade) bygedra het.	par. 4.3.3.3
Aanspreeklikheid sal slegs aangetoon kan word as daar 'n kousale verband bestaan tussen die optrede van die opvoeder en die besering wat 'n leerder opgedoen het.	par. 4.3.4
By medewerkende skuld in skoolpraktyk moet die opvoeder kan bewys dat die leerder se eie onregmatige optrede 'n aansienlike bydrae tot die leerder se beserings (skade) bygedra het.	par. 4.3.3.3
Ingevolge die gemenereg kan 'n skadevergoedingsaksie vir nadeel (skade) ingestel word vir enige nadeel (skade) wat 'n persoon (leerder) ly as gevolg van die nalatigheid van 'n ander (opvoeder)	par. 4.3.5
Nalatigheid bestaan nie, alvorens daar skade, direk tot die individu (byvoorbeeld 'n gebreekte arm) of tot die individu se eiendom (byvoorbeeld gebreekte venster) teenwoordig is nie.	par. 4.3.5

'n Skadevergoedingseis kan op grond van vermoënsskade en persoonlikheidsnadeel ingestel word.	par. 4.3.5, 4.3.5.1 en 4.3.5.2
Die werkgewer (skool of onderwysdepartement) van die opvoeder (werknemer) kan middellik aanspreeklik gehou word vir die nadeel (skade) wat 'n leerder ly weens die onregmatige optrede van 'n opvoeder in die uitvoering van sy sorgsaamheidsplig.	par. 4.4.1
In die geval van 'n suksesvolle skadevergoedingseis wat teen die werkgewer (skool of onderwysdepartement) ingestel is op grond van 'n delik deur die opvoeder gepleeg, kan die werkgewer in sekere gevalle, ingevolge die regresreg-beginsel, by die geregshof aansoek doen om die geld van die opvoeder te verhaal	par. 4.4.1
Opvoeders (of skool) kan net in bepaalde gevalle en op 'n beperkte wyse deur middel van 'n vrywaringsvorm hulself van aanspreeklikheid vrywaar.	par. 4.4.2
Ingevolge die Wysigingswet (SA, 2006) van die Suid-Afrikaanse Skolewet no. 84 van 1996 moet openbare skole skriftelike toestemming verkry van die ouer van 'n leerder met betrekking tot die leerders se deelname aan 'n skoolaktiwiteit.	par. 4.4.2.1
Vrywaringsvorms en aanspreeklikheidsversekering is voorsorgmaatreëls wat die skool (per implikasie die opvoeder) kan gebruik met die doel om die delikpleger (opvoeder en/of skool), teen regsaanspreeklikheid te vrywaar.	par. 4.4.2, 4.4.3

7.3.1.4 Bevindinge gegrond op Hoofstuk 5 (sorgsame toesighoudingspligte)

In Tabel 7.4 word die mees relevante bevindinge gegee wat verkry is uit die literatuurstudie van sorgsame toesighoudingspligte soos van toepassing op die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk (vgl. Figuur 2.2).

Tabel 7.4 Bevindinge met betrekking tot die sorgsame toesighoudingspligte vir die opvoeder in praktyk

BEVINDINGE	VERWYSING
Die opvoeder tree *in loco parentis* op solank as wat die leerder besig is met skoolaktiwiteite.	par. 5.2
Die opvoeder tree *in loco parentis* op met betrekking tot die opvoeding, onderrig en beskerming van die leerder teen fisiese nadeel (skade) in sy sorg.	par. 5.2
Die beginsel van *in loco parentis* beteken nie dat die opvoeder al die verantwoordelikhede van die ouers oorneem of die ouer vervang nie.	par. 5.2
Die grondslag van die opvoeder se *in loco parentis*-posisie is tweërlei van aard, naamlik i. gedelegeerde verpligting deur die ouer aan die opvoeder oorgedra en ii. die wetlike (oorspronklike) verpligting wat regtens van die opvoeder vereis word	par. 5..3.1
'n Opvoeder se *in loco parentis*-posisie berus op drie steunpilare: i. die bevoegdheid met betrekking tot gesagshandhawing, ii. die verpligting om te onderrig en iii. die verpligting tot sorgsame toesighouding.	par. 5.2, Figuur 5.1,
Opvoeders moet in gedagte hou dat kinders impulsief optree en dikwels 'n handeling verrig sonder om te dink.	par. 5.3.2.1
Weens die impulsiwiteit van kinders word 'n verhoogde standaard van toesig en instruksie met junior leerders vereis as wat die geval met senior leerders sal wees.	par. 5.3.2.1
Opvoeders (sonder die nodige kwalifikasies) wat leerders instruksies gee (in byvoorbeeld sport), kan hulself aan potensiële aanspreeklikheid blootstel indien 'n leerder 'n besering sou opdoen.	par. 5.3.3.1

Die plig van opvoeders om voldoende toesig oor leerders in hul sorg te hou is die mees algemene oorsaak van 'n regsgeding teenoor 'n skool.	par. 5.3.3.2
Dit word nie van opvoeders verwag om leerders in 'n bekende omgewing, waar daar nie omstandighede is wat ooglopende voorsienbare gevare inhou nie, elke oomblik onder oë te hê nie.	par. 5.3.3.2
Die regsplig van die opvoeder met betrekking tot toesig oor leerders in sy sorg tydens 'n aktiwiteit bly altyd van toepassing ongeag waar en wanneer die aktiwiteit plaasvind.	par. 5.3.3.2
Dit kan as nalatig beskou word as opvoeders nie voorsiening maak vir noodhulptoerusting (en personeel met eerstehulpkennis) tydens aktiwiteite waar die moontlikheid van beserings bestaan nie.	par. 5.3.3.2
'n Opvoeder word nie vrygespreek van nalatigheid indien die skoolhoof die opvoeder versoek om leerders te vervoer nie en die leerder nadeel ly as gevolg van die nalatige optrede van die opvoeder.	par. 5.3.3.2
Indien 'n opvoeder, in opdrag van die skoolhoof, 'n aktiwiteit (waarin die opvoeder nie gekwalifiseerd en of ondervinding het nie) aanpak met leerders, kan die opvoeder aan nalatigheid skuldig bevind word indien 'n leerder tydens so 'n aktiwiteit beseer sou word	par. 5.3.3.2
Opvoeders het 'n plig om voldoende en relevante inligting en instruksies aan leerders te gee alvorens die leerders enige aktiwiteit wat 'n moontlikheid van nadeel (skade) kan inhou, aanpak.	par. 5.3.3.3
'n Skool (per implikasie ook die opvoeder) het onder die gemenereg 'n plig om te verseker dat geboue, speel- en sportgronde asook toerusting in 'n redelike veilige toestand is.	par. 5.3.3.4
Die opvoeder as gesagdraer is verplig om deur middel van reëls en regulasies 'n klimaat van geborgenheid vir die gesagvraer (leerder) te skep.	par. 5.3.3.5

Opvoeders moet nie net sorg dra dat leerders *bewus* gemaak word van die skool se gedragskode, reëls en instruksies nie, maar moet ook toesien dat leerders dit *verstaan* en *toepas*.	par. 5.3.3.5
Opvoeders moet MIV/vigs-opleiding ondergaan om sodoende leiding te kan gee en die grondwetlike regte van die leerders te respekteer in die konteks van MIV/vigs.	par. 5.3.3.7
Volgens die benadering van Inklusiewe Onderwys mag geen leerder, ongeag sy fisiese, intellektuele, sosiale, emosionele, taal of enige ander hindernis, weerhou word van deelname aan onderrig in 'n hoofstroomskool nie.	par. 5.3.3.8
Opvoeders met 'n leerder met spesiale onderwysbehoeftes in sy sorg moet bykomende (gepaste) voorsorgmaatreëls in plek hê om te voorsien in die besondere behoefte van die leerder.	par. 5.3.3.8

7.3.1.5 *Sintese gegrond op navorsingsdoelwitte 1.41. en 1.4.2*

Navorsingsdoelwit 1.4.1 het ten doel gehad om met 'n literatuurstudie te bepaal wat die konsep "sorgsame toesighoudingspraktyk" behels.

Uit die bevindinge kan *sorgsame toesighoudingspraktyk* vir die doeleindes van hierdie studie as volg gedefinieer word;

> Sorgsame toesighoudingspraktyk is die wetlik gefundeerde professionele optrede wat van 'n opvoeder vereis word as redelike deskundige, ten einde 'n geborgenheidsruimte te skep waarbinne die leerder opgevoed en beskerm word.

Navorsingsdoelwit 1.4.2 het ten doel gehad om met 'n literatuurstudie die aard van die onderwysregtelike verpligtinge van die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk te bepaal.

Uit die bevindinge is dit duidelik dat die aard van die opvoeder se onderwysregtelike verpligtinge, ten opsigte van sy sorgsame toesighoudingspraktyk, gefundeerd is en bepaal word deur

- relevante statutêre determinante,
- regspraak en
- gemeenregtelike bepalings.

Die *in loco parentis*-posisie van die opvoeder en die feit dat die opvoeder as 'n professionele deskundige beskou word, plaas 'n wetlike vereiste op die opvoeder om 'n hoër mate van deskundigheid aan die dag te kan lê, ten opsigte van sy sorgsame toesighoudingspraktyk, as wat die geval sou wees met 'n redelike persoon.
Vervolgens word die bevindinge met betrekking tot die biografiese en demografiese gegewens van die respondente gegee.

7.3.2 Bevindinge gegrond op Hoofstuk 6 (empiriese ondersoek)

In Tabel 7.5 word die mees relevante bevindinge gegee met betrekking tot die biografiese en demografiese gegewens van die respondente wat verkry is uit die data soos wat ingesamel is deur die vraelys (vgl. Bylaag A).

Tabel 7.5 Bevindinge verkry uit die biografiese en demografiese gegewens van die respondente

BEVINDINGE	VERWYSING
BIOGRAFIESE BEVINDINGE: Geslag, ouderdom en jare opvoederondervinding	
Meer as tweederdes (75.7%) van die respondente is vroulik, terwyl 24% manlik is. Die moontlike afleiding kan gemaak word dat al minder mans toetree tot die onderwys.	par. 6.3.1.1
Die grootste persentasie (37.5%) van die respondente val in die ouderdomsgroep 41 - 50 jaar.	par. 6.3.1.2
Die ouderdomsgroep 20 – 30 jaar, waaronder pas afgestudeerde opvoeders sal val, verteenwoordig 17.6% van die respondente. Die afleiding kan gemaak word dat die getal jong mense wat afstudeer en toetree tot die onderwys verminder.	par. 6.3.1.2
Die meerderheid (70.2%) van die respondente is ervare opvoeders, aangesien hulle oor meer as 10 jaar opvoederondervinding beskik.	par. 6.3.1.6
Onderwys- en onderwysregkwalifikasies	
72.8% van die respondente het voor 1996 en 25% ná 1996 hul eerste onderwyskwalifikasie verwerf. Dit impliseer dat 72.8% van die respondente se eerste	par. 6.3.1.3

kwalifikasie (en moontlike onderwysregblootstelling) gebaseer is op wetgewing wat verouderd kan wees.	
Dit wil voorkom of minder as 10% van die respondente wat voor 1996 hul eerste onderwyskwalifikasie verwerf het na 1996 'n verdere onderwyskwalifikasie verwerf het.	par. 6.3.1.4
1.2% van die respondente het nie 'n 3-jarige (of meer) onderwyskwalifikasie nie.	par. 6.3.1.7
36.5% van die respondente het 'n 4-jarige kwalifikasie (byvoorbeeld 'n Baccalaureusgraad met onderwysdiploma).	par. 6.3.1.7
10.5% van die respondente beskik oor 'n nagraadse kwalifikasie.	par. 6.3.1.7
Meer as 98% van die respondente beskik dus oor die nodige kwalifikasie om onderwys te gee.	par. 6.3.1.7
61.5% van die respondente het een of ander vorm van opleiding in Onderwysreg ondergaan waarvan • 3.8% van die respondente oor 'n BEd (hons) beskik, • 14.4% van die respondente het opleiding in Onderwysreg ontvang deur middel van Departementele indiensopleiding en • 26.6% van die respondente geen vorm van opleiding in Onderwysreg ondergaan nie.	par. 6.3.3.1
19.9% van die respondente het meer as 20 jaar gelede 'n vorm van opleiding in Onderwysreg ontvang, wat kan impliseer dat hierdie opvoeders waarskynlik nie oor die mees resente onderwysregtelike kennis beskik nie en 42.7% van die respondente het die afgelope 10 jaar een of ander vorm van opleiding in Onderwysreg ondergaan.	par. 6.3.3.2
DEMOGRAFIESE BEVINDINGE:	
84.7% van die respondente is Posvlak 1-opvoeders en 13.1% departmentshoofde	par. 6.3.1.5
Byna 90% van die respondente is opvoeders by histories bevoordeelde skole.	par. 6.3.2.1

17% van die respondente is opvoeders by skole vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes.	par. 6.3.2.2
51.3% van die skole het 'n leerdertal van tussen 400 en 800, terwyl 38.5% van die skole tussen 800 en 1200 leerders het	par. 6.3.2.3

Vervolgens word die bevindinge met betrekking tot navorsingsdoelwitte 1.4.3 (vgl. par. 7.23.2.1) en 1.4.4 (vgl. par. 7.3.2.3) soos blyk uit die empiriese studie gegee.

7.3.2.1 Bevindinge ten opsigte van navorsingsdoelwit 1.4.3

Navorsingsdoelwit 1.4.3 het ten doel om met 'n empiriese ondersoek te bepaal wat die opvoeders se insig, persepsie en kennis is van wetlike sleutelvraagstukke met betrekking tot hul sorgsame toesighoudingspraktyk (vgl. par. 1.4)

Vervolgens word in Tabel 7.6 die belangrikste bevindinge met betrekking tot die respondente se onderwysregtelike kennis gegee, soos verkry uit die empiriese ondersoek.

Tabel 7.6 Bevindinge met betrekking tot die respondente se onderwysregtelike kennis

ONDERWYSREGTELIKE KENNIS:	
Minder as die helfte van die respondente beskik oor genoegsame kennis van relevante onderwyswetgewing.	par. 6.3.3.3
81.7% van die respondente is van mening dat 'n opvoeder gekwalifiseerd en/of voldoende ervaring moet hê in 'n spesifieke buitemuurse aktiwiteit.	par. 6.3.4.1
Die meerderheid (69.6%) respondente is verkeerdelik van mening dat 'n opvoeder ten alle tye al die leerders in sy sorg onder oë moet hou.	par. 6.3.4.2
Meer as die helfte (52.2%) van die respondente het nie voldoende kennis van die wetlike bepalinge met betrekking tot die deursoek van 'n leerder se eiendom nie.	par. 6.3.4.4
44.6% van die respondente is van mening dat 'n opvoeder wat toesigdiens tydens pouse verrig, as persoon aanspreeklik gehou	par. 6.3.4.6

kan word indien 'n leerder tydens pouse beseer word, terwyl 46.2% meen dit is nie die geval nie.	
90.1% van die respondente is van mening dat opvoeders oor 'n redelike algemene kennis van relevante onderwyswette en –regulasies moet beskik om hul sorgsaamheidsplig doeltreffend te kan volvoer.	par. 6.3.4.7
Meer as 80% van die respondente is bewus onder welke omstandighede hul *in loco parentis*-posisie van toepassing is.	par. 6.3.4.8
15.3% van die respondente weet nie presies onder welke omstandighede hul *in loco parentis*-posisie van toepassing is nie	par. 6.3.4.8
68.3% van die respondente is verkeerdelik van mening dat die dieselfde mate van toesig oor leerders van 'n opvoeder verwag word, *ongeag of dit 'n junior of senior leerder is*	par. 6.3.4.9
60.2% van die respondente is onseker of verstaan nie wat met die "redelike persoon-toets" verstaan word nie.	par. 6.3.4.10
Die meerderheid respondente (79.8%) is bewus van die feit dat die reg 'n hoër mate van sorgsame toesighoudingsplig van 'n opvoeder verwag op grond van hul gespesialiseerde kennis en kundigheid.	par. 6.3.4.11
37.2% van die respondente is verkeerdelik van mening dat indien die skoolhoof verwag dat hulle leerders moet vervoer, hulle vrygespreek kan word van nalatigheid indien 'n leerder nadeel (skade) ly tydens die vervoer.	par. 6.3.4.12
Die meerderheid (60.9%) van die respondente het nie genoegsame kennis van die funksie en toepassing van 'n vrywaringsvorm nie.	par. 6.3.4.13
Die respondente is ongeveer gelykop (53.9%) verdeel in hul mening dat 'n skeidsregter aanspreeklik gehou kan word vir die besering wat 'n leerder opdoen, indien dit bevind word dat die skeidsregter nie soos 'n redelike skeidsregter opgetree het nie.	par. 6.3.4.14
Slegs 27.6% van die respondente is van mening dat hulle oor voldoende kennis beskik van relevante onderwyswetgewing	par. 6.3.4.16

Dit wil voorkom of die respondente in die meeste gevalle oor 'n redelike mate van kennis van die wetlike vereistes met betrekking tot hul sorgsame toesighoudings beskik.	par. 6.3.4.15
Die meerderheid (58%) respondente verstaan nie die beginsel van kousaliteit in die bepaling van aanspreeklikheid nie.	par. 6.3.5.5
Dit wil voorkom of die respondente nie oor genoegsame kennis beskik met betrekking tot die tipes nadeel wat as gronde vir 'n moontlike skadevergoedingseis kan dien in 'n situasie waar 'n leerder nadeel ly deur die opvoeder se nalatigheid nie.	par. 6.3.5.7
Slegs 31.4% van die respondente beskik oor voldoende kennis met betrekking tot die regresreg-beginsel, terwyl 37.2% se kennis onvoldoende blyk te wees en 30.1% van die respondente onseker is oor die toepassing van die regresreg-beginsel..	par. 6.3.5.8
Sinopsis Gegrond op die bogenoemde afleidings en bevindinge wil dit voorkom of die respondent in die algemeen oor 'n redelike mate van onderwysregtelike kennis beskik met betrekking tot hul sorgsame toesighoudingspraktyk.	

7.3.2.2 Sintese gegrond op navorsingsdoelwit 1.4.3

Navorsingsdoelwit 1.4.3 het ten doel gehad om te bepaal wat die opvoeders se insig, persepsie en kennis is van wetlike sleutelvraagstukke met betrekking tot hul sorgsame toesighoudingspraktyk.

Uit die voorafgaande bevindinge kan die afleiding gemaak word dat die meerderheid respondente in hierdie studie nie oor 'n redelike mate van onderwysregtelike kennis beskik met betrekking tot die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk nie. Hierdie bevinding word ondersteun deur die feit dat die respondente 'n gemiddelde korrekte respons van 62.3% op die kennisvrae vrae behaal het (vgl. par. 6.3.4.15). Dit blyk dat van die respondente wat wel oor voldoende onderwysregtelike kennis beskik in sekere gevalle 'n leemte openbaar ten opsigte van hul insig (vermoë) om hierdie kennis in 'n praktyksituasie toe te pas.

7.3.2.3 Bevindinge ten opsigte van navorsingsdoelwit 1.4.4

Navorsingsdoelwit 1.4.4 het ten doel om deur die empiriese ondersoek te bepaal in welke mate die respondente se sorgsame toesighoudingspraktyk voldoen aan die onderwysregtelike vereistes (vgl. par. 1.4).

Vervolgens word in Tabel 7.7 die belangrikste bevindinge met betrekking tot die mate waaraan die respondente voldoen aan die onderwysregtelike vereistes van hul sorgsame toesighoudingspraktyk gegee.

Tabel 7.7 Bevindinge met betrekking tot die respondente se sorgsame toesighoudingspraktyk

PRAKTYKVRAE:	
Die moontlikheid van regsaanspreeklikheid het by 56.7% van die respondente 'n remmende invloed het op hul spontane interaksie met die leerders.	par. 6.3.4.17
59% van die respondente het aangedui dat hul betrokkenheid en interaksie die afgelope 10 jaar (of minder) verander het as gevolg van toenemende kennis van regsaanspreeklikheid	par. 6.3.4.18
Minder as die helfte (46.5%) van die respondente bevestig dat die hoë-risiko areas waar hulle betrokke is oor die nodige veiligheidstoerusting beskik.	par. 6.3.4.19
Die meerderheid (65.7%) van die respondente is bekend met hul skool se veiligheids- en noodplan.	par. 6.3.4.20
Net meer as die helfte van die respondente, naamlik 52.3%, het aangedui dat hul skole 'n MIV/vigs-beleid het.	par. 6.3.4.21
Slegs 18.6% van die respondente ontvang opleiding ten opsigte van leerders met spesiale onderwysbehoeftes.	par. 6.3.4.22
46.8% van die respondente het aangedui dat dit by hul skole verwag word dat 'n opvoeder gekwalifiseerd moet wees in 'n sport wat hy/sy afrig, terwyl 38.5% aangedui het dat dit nie die geval is nie.	par. 6.3.4.23

61.5% van die respondente sal 'n opdrag van die skoolhoof gehoorsaam en betrokke raak met 'n aktiwiteit, al is hy nie daarin gekwalifiseerd nie.	par. 6.3.4.24
Dit blyk dat die meerderheid respondente (60.9%) bewus is van die risiko om leerders met hul privaat voertuig te vervoer.	par. 6.3.4.26
33.7% van die respondente het aangedui dat die nodige noodhulptoerusting beskikbaar is tydens skoolvervoer	par. 6.3.4.27
90.3% van die respondente voldoen aan die vereistes vir die gee van instruksies deur die instruksies te verduidelik, te demonstreer en toe te pas.	par. 6.3.4.28
Die meerderheid (85.2%) van die respondente het genoegsame kennis om die beginsel van medewerkende skuld in 'n praktyksituasie toe te pas.	par. 6.3.5.2
49.7% van die respondente het 'n oordrewe beskouing van die *toesig oor leerders* as 'n moontlikheid vir regsaanspreeklikheid.	par. 6.3.5.4

Sinopsis

Die gemiddelde korrekte respons op die praktygerigtevrae was 54.7%. Gesien in die lig van die verhoogde standaard wat van 'n professionele opvoeder as kundige verwag word, kan die korrekte respons van 54.7% nie as 'n hoë sorgsame toesighoudingspraktyk-standaard beskou word nie (vgl. par. 6.3.4.29).

Gegrond op die feit dat die gemiddelde korrekte repons van die respondente op die gevallestudievrae slegs 41.7% is, kan die afleiding gemaak word dat die meerderheid respondente nie oor genoegsame onderwysregtelike kennis beskik met betrekking tot die praktyktoepassing van hul sorgsame toesighoudingspligte nie (vgl. par. 6.3.5.9).

In die lig van voorafgaande bevindinge wil dit voorkom of die meerderheid respondente se sorgsaamheidspraktyk nie voldoen aan die verhoogde standaard wat wetlik van 'n professionele opvoeder verwag word nie.

7.3.2.4 Sintese gegrond op navorsingsdoelwit 1.4.4

Navorsingsdoelwit 1.4.4 het ten doel gehad om met 'n empiriese ondersoek te bepaal in welke mate die opvoeders se sorgsame toesighoudingspraktyk voldoen aan die onderwysregtelike vereistes.

Op grond van die bevindinge blyk dit dat die meerderheid respondente in hierdie studie se sorgsame toesighoudingspraktyk nie aan die onderwysregtelike vereistes voldoen nie. Hierdie bevinding word ondersteun deur die feit dat die respondente 'n gemiddelde korrekte respons van 54.7% op die praktykgerigte vrae behaal het (vgl. par. 6.3.4.29) en slegs 41.7% 'n gemiddelde korrekte respons toon ten opsigte van vrae met betrekking tot die toepassing van onderwysregtelike kennis in praktyk (vgl. par. 6.3.5.9). Die mediaangemiddeld van 41.02% wat die respondente met laasgenoemde vrae toon, is 'n verdere aanduiding dat die meerderheid respondente se sorgsame toesighoudingspraktyk nie voldoen aan die onderwysregtelike vereistes soos wat verwag word van 'n professionele opvoeder nie.

7.3.2.5 Bevindinge gegrond op verdere statistiese ontledings

Verdere statistiese ontledings is gebruik om moontlike dieperliggende afleidings uit die data te verkry (vgl. par. 6.4). Die bevindinge hieruit verkry, word in Tabel 7.8 gegee.

Tabel 7.8 Bevindinge verkry uit verdere statistiese ontledings

BEVINDINGE	VERWYSING
CRONBACH ALPHA-KOËFFISIËNT	
Die Cronbach Alpha-koëffisiënt is 0.8, wat impliseer dat die waarde groot genoeg is om die gevallestudievrae/toets as betroubaar te bestempel.	par. 6.2.8
MEDIAANWAARDES: Gevallestudierespons	
Gegrond op die mediaanwaarde van 41.02% blyk dit dat die vlak waarop die respondente se sorgsame toesighoudingspraktyk uitgevoer word nie as voldoende gereken kan word vir 'n professionele opvoeder nie	par. 6.4.2

EFFEKGROOTTES:	
Effekgrootte van geslag van respondente	
Met die eerste oogopslag wil dit voorkom dat die manlike respondente se praktyktoepassing van hul sorgsame toesighoudingspligte op 'n effens hoër vlak (50.11%) as hul vroulike kollegas (45.09%) uitgevoer word. Die d-waarde van 0.17 is egter so 'n klein effek (0.2 word gereken as 'n klein effek) dat dit aangeneem kan word dat die geslag van die respondente geen beduidende praktiese effek op die sorgsame toesighoudingspraktyk het nie.	par. 6.4.3.1
Dit behoort as positief vir die onderwys gereken te word dat geslag nie 'n beduidende effek op die praktyktoepassing van hul sorgsame toesighoudingspligte uitoefen nie, aangesien meer as 75% van die respondente vroulik is.	
Effekgrootte van ouderdom van respondente	
Die d-waarde toon 'n waarde van 0.018 wat beteken dat die ouderdom van die respondente geen prakties beduidende effek het op die praktyktoepassing van hul sorgsame toesighoudingspligte van die respondente in hierdie studie nie.	par. 6.4.3.2
Die feit dat jonger opvoeders dieselfde mate (46.80%) van sorgsame toesighoudingspraktyk as hul ouer (ervare) kollegas (46.26%) toon, behoort as positief vir die onderwys gereken te word.	
Effekgrootte van jaar van laaste onderwyskwalifikasie	
Met betrekking tot die respondente se praktyktoepassing van hul sorgsame toesighoudingspligte toon die respondente wat ná 1996 hul laaste onderwyskwalifikasie verwerf het effens beter gemiddelde persentasies (48.52%) as die respondente wat vóór 1996 hul laaste onderwyskwalifikasie verwerf het (45.32).	par. 6.4.3.3

Die verskil is egter is so klein dat die d-waarde van 0.10 daarop dui dat die jaar waarin die respondente hul laaste onderwyskwalifikasie verwerf het geen praktiese beduidende effek op hul sorgsame toesighoudingspraktyk het nie.	
Effekgrootte van posvlak van respondente	
Die d-waarde van 0.0017 impliseer dat daar geen praktiese beduidende verskil is tussen Posvlak 1-opvoeders en die van departementshoofde se praktyktoepassing van hul sorgsame toesighoudingspligte is nie.	par. 6.4.3.4
Effekgrootte van jare ondervinding van respondente	
Die d-waarde van 0.07 dui aan dat jare ondervinding geen prakties beduidende effek op die opvoeder se praktyktoepassing van hul sorgsame toesighoudingspligte het nie.	par. 6.4.3.5
Effekgrootte van vlak van onderwyskwalifikasie	
Indien daar bloot na die gemiddeldes gekyk word, wil dit voorkom dat die respondente met nagraadse onderwyskwalifikasies effens beter vaar (47.69%) in die praktyktoepassing van hul sorgsame toesighoudingspligte as die respondente wat slegs oor 'n voorgraadse onderwyskwalifikasie (45.37%) beskik.	par. 6.4.3.6
Die d-waarde van 0.07 dui egter daarop dat die vlak van onderwyskwalifikasie geen praktiese beduidende verskil in die respondente se sorgsame toesighoudingspraktyk uitoefen nie.	
OPLEIDING IN ONDERWYSREG: **Effekgrootte van 'n module as deel van respondent se aanvanklik studie**	
Die respondente wat spesifieke onderwysregtelike opleiding as deel van hul voorgraadse studie ontvang het, toon 'n hoër mate (51.31%) in die praktyktoepassing van hul sorgsame toesighoudingspligte as die respondente wat nie onderwysregtelike opleiding voorgraads ontvang het nie (44.47%).	par. 6.4.3.7.1

Die d-waarde van 0.22 impliseer dat onderwysregtelike opleiding in voorgraadse studies wel 'n klein betekenisvolle effek op die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk uitoefen	
Effekgrootte van BEd (honneurs) in Onderwysreg	
Die respondente wat oor 'n gespesialiseerde nagraadse onderwysregtlike kwalifikasie (byvoorbeeld BEd (honneurs) in Onderwysreg) toon 'n hoër vlak (62.50%) van praktyktoepassing van hul sorgsame toesighoudingspligte as die respondente wat nie oor 'n gespesialiseerde nagraadse onderwysregtlike kwalifikasie (44.47%) beskik nie.	par. 6.4.3.7.2
Die gespesialiseerde onderwysregtelike kennis wat die respondente deur middel van 'n onderwysregtelike nagraadse kwalifikasie verwerf, blyk 'n medium praktiese beduidende effek te hê op die respondente se sorgsame toesighoudingspraktyk, soos aangedui deur die d-waarde van 0.5.	
Effekgrootte van Departementele indiensopleiding in onderwysregaspekte	
Die d-waarde van 0.01 impliseer dat Departementele indiensopleiding in aspekte van Onderwysreg geen prakties beduidende invloed op die respondente se praktyktoepassing van hul sorgsame toesighoudingspligte het nie.	par. 6.4.3.7.3
Effekgrootte van laaste jaar van onderwysregopleiding	
Indien daar bloot na die gemiddeldes gekyk word, wil dit voorkom dat die respondente wat die afgelope 10 jaar 'n vorm van opleiding in Onderwysreg ondergaan het 'n effens hoër vlak (48.68%) toon in die praktyktoepassing van hul sorgsame toesighoudingspligte as die respondente wat meer as 10 jaar gelede opleiding in Onderwysreg ontvang het (44.83%).	par. 6.4.3.8
Die d-waarde van 0.13 dui egter daarop dat die verskil in bogenoemde persentasies so klein is dat die jaar van opleiding inonderwysreg nie 'n praktiese beduidende verskil maak op die respondente se sorgsame toesighoudingspraktyk nie.	

Sinopsis

In die lig van bogenoemde blyk dit dat gespesialiseerde onderwysregtelike opleiding (met voor- en nagraadse studie) die mees betekenisvolle effek op die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk kan uitoefen.

7.3.3 Sintese van bevindinge

Op grond van die bevindinge en afleidings wat uit die literatuurstudie sowel as die empiriese ondersoek verkry is, kon daar voldoen word aan die navorsingsdoelwitte van hierdie navorsing (vgl. par.1.4).

Daar is vasgestel dat die aard van die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk asook die onderwysregtelike verpligtinge daarvan bepaal word deur statutêre en gemeenregtelike bepalings (vgl. Tabelle 7.1 – 7.4).

Die empiriese ondersoek het bepaal dat die respondente oor redelike insig, persepsie en kennis van wetlike sleutelvraagstukke met betrekking tot hul sorgsame toesighoudingspraktyk beskik (vgl. Tabel 7.6 en par. 7.3.2.2).

Daar is egter bevind dat die respondente se sorgsame toesighoudingspraktyk nie voldoen aan die onderwysregtelike vereistes nie (vgl. Tabel 7.7 en par. 7.3.2.4).

7.4 AANBEVELINGS OP GROND VAN DIE LITERATUURSTUDIE EN EMPIRIESE ONDERSOEK

Na aanleiding van insigte en afleidings wat die navorser uit hierdie studie verwerf het, word enkele aanbevelings gemaak wat, volgens die navorser, bydraend mag wees om die standaard van die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk te verhoog.

7.4.1 Aanbeveling 1: Opgradering van opvoeders se onderwysregopleiding

Die meerderheid respondente beskik nie oor voldoende onderwysregtelike kennis met betrekking tot hul sorgsame toesighoudingspraktyk nie. 'n Beduidende persentasie respondente beskik oor verouderde onderwysregtelike opleiding of het geen onderwysregtelike opleiding ondergaan nie (vgl. par. 6.3.3.1, 6.3.3.2, 6.3.3.3 en 6.3.4.16).

Skoolbestuurders sal aangemoedig moet word om die vlak van onderwysregtelike opleiding van opvoeders te bepaal en geleentheid te skep vir opvoeders (wie se

onderwysregtelike opleiding in gebreke blyk te wees) om hulself beter toe te rus deur praktykgerigte opleiding.

7.4.2 Aanbeveling 2: Departementele indiensopleiding

Slegs 'n geringe persentasie respondente het Departementele indiensopleiding in onderwysregtelike aspekte ondergaan en die aanduiding is dat hierdie opleiding geen effek het op die sorgsame toesighoudingspraktyk van die respondente nie (vgl. par. 6.3.3.1 en 6.4.3.7.3).

Die Departement van Onderwys (op nasionale sowel as provinsiale vlak) sal meer opvoeders aan onderwysregtelike indiensopleiding moet blootstel.

Die inhoudelike van hierdie indiensopleiding sal egter van so 'n aard moet wees dat dit 'n beduidende verskil in die voorbereiding van die opvoeders in praktyk te kan maak.

7.4.3 Aanbeveling 3: Opvoederkundigheid

'n Opvoeder wat 'n sport afrig waarin hy nie gekwalifiseerd is nie stel homself onnodig bloot aan moontlike anspreeklikheid as gevolg van 'n leerder wat in sy sorg 'n besering sou opdoen (vgl. par. 5.3.3.1). Byna die helfte van die respondente rig 'n sportsoort af waarin hy nie gekwalifiseerd is nie (vgl. par. 6.3.4.23).

Opvoeders moet aangemoedig word om die nodige kwalifikasies te verwerf met betrekking tot sportafrigting en ander hoë-risiko aktiwiteite waarby leerders onder hul sorg betrokke is.

7.4.4 Aanbeveling 4: Opvoederopleiding

Slegs ongeveer 'n derde van die respondente het opleiding in Onderwysreg in hul aanvanklike studie ondergaan (vgl. Tabel. 6.13).

Tersiêre instansies wat verantwoordelik is vir die opleiding van opvoeders sal moet toesien dat Onderwysreg 'n integrale deel uitmaak van die sillabus vir alle voorgraadse onderwyskwalifikasies, sodat alle afgestudeerde onderwysstudente die onderwysberoep kan betree met 'n aanvaarbare vlak van onderwysregkennis.

7.4.5 Aanbeveling 5: Toepassing van beleide in skoolbestuur

Dit wil voorkom of by skole waar wetlike onderwysbepalings en -beleide in plek is en toegepas word die respondente 'n verhoogde standaard van sorgsame

toesighoudingspraktyk openbaar as by skole waar dit nie die geval is nie (vgl. par. 6.3.4.21, 6.3.4.22, 6.3.4.23 en 6.3.4.24).

Skoolbestuurders sal moet toesien dat relevante beleide met betrekking tot die beskerming van die leerder (vgl. par. 2.5.2.2 en 2.5.3) in plek is en deur die skoolbestuurders sowel as die opvoeders nagekom word.

7.4.6 Aanbeveling 6: Noodhulpopleiding

Uit die literatuur is dit duidelik dat 'n opvoeder verantwoordelikheid aanvaar vir die veiligheid en welsyn van die leerders solank as wat hulle in die sorg van opvoeder is. Voortspruitend hieruit word dit verwag dat 'n opvoeder oor 'n redelike mate van noodhulpkennis moet beskik om 'n leerder die onmiddellike versorging te gee indien 'n leerder 'n besering sou opdoen. Dit impliseer egter nie dat dit van 'n opvoeder verwag word om oor die kennis en toediening van noodhulp te beskik soos dit van die redelike noodhulpwerker en/of mediese dokter verwag word nie (vgl. par. 2.5.2.2 (i) (ii), 5.3.3.4, 5.3.3.7, 5.3.3.8 en 6.3.4.27).

In die eerste plek word dit aanbeveel dat skoolbestuurders en opvoeders verantwoordelik vir hoë risikoterreine moet toesien dat die nodige veiligheids- en noodhulptoerusting in plek is.

Dit word verder aanbeveel dat alle opvoeders in beheer van hoë risikoterreine (wat insluit busbestuurders en sportafrigters) noodhulpopleiding ondergaan.

7.4.7 Aanbeveling 7: Vermindering van aanspreeklikheid

Uit die literatuur blyk dit dat die ondertekening van 'n vrywaringsvorm deur die ouer van 'n leerder beskou kan word as 'n aanspreeklikheiduitsluitingsgrond (vgl. par. 4.4.2). Dit word ook verwag dat opvoeders toestemming vir deelname vir 'n leerder aan 'n bepaalde aktiwiteit, wat 'n risiko van gevaar inhou, by so 'n leerder se ouers/voog moet verkry (vgl. par. 2.5.3.1 en 4.4.2.1). 'n Skool of opvoeder kan verder aanspreeklikheidsversekering uitneem met die doel om die delikpleger (opvoeder en/of skool) teen regsaanspreeklikheid te vrywaar (vgl. par. 4.4.3).

Skoolbestuurders moet aangemoedig word om 'n geskikte vrywaringsvorm beskikbaar te stel aan opvoeders en moet toesien dat die vrywaringsvorm sowel as skriftelike toestemming deur ouer/voog van 'n leerder verkry word alvorens 'n aktiwiteit onderneem word.

Dit word verder aanbeveel dat skoolbestuurders moet toesien dat aanspreeklikheidsversekering deur die skool uitgeneem word om sodoende die opvoeder te kan ondersteun met betrekking tot moontlike finansiële implikasies in geval van 'n regsgeding.

7.5 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Uit die bevindinge wat uit hierdie studie na vore gekom het, word enkele aanbevelings vir verdere navorsing gemaak wat bydraend kan wees om die sorgsame toesighoudingspraktyk van opvoeders in 'n komtemporêre Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te verbeter.

- Hierdie studie het bevind dat die meerderheid van die opvoeders nie in staat is om hul onderwysregkennis in praktyk bevredigend toe te pas nie. Navorsing om die moontlike redes hiervoor te ondersoek en om moontlike modelle te ondersoek waarmee hierdie fenomeen aangespreek kan word, blyk relevant te wees.

- Ten einde 'n nasionale verskil te kan maak in die onderwys ten opsigte van die verhoging van opvoeders se sorgsame toesighoudingspraktyk, beteken dit dat 'n gestandaardiseerde meetinstrument ontwikkel kan word waardeur die vlak van 'n opvoeder se vaardighede om sy onderwysregkennis in praktyk toe te pas te kan bepaal.

- Ten einde skoolbestuurders in staat te stel om die vereiste beleide en regulasies met betrekking tot die beskerming van die leerder in plek te hê, kan 'n doelgerigte handleiding met betrekking tot hierdie sake ontwikkel word en aan skoolbestuurders beskikbaar gestel word.

7.6 SLOT

Met inagneming van die huidige menseregtestelsel en gepaardgaande onderwyswette word dit in praktyk toenemend ondervind dat die opvoeder besorg is oor die implikasies van "regsaanspreeklikheid" in terme van sy interaksie met leerders wat in sy sorg geplaas word. In die hedendaaagse samelewing wil dit

voorkom of enige persoon, ingesluit opvoeders, aan 'n regsgeding onderwerp kan word (Zirkle, 1999:33). Volgens Botha *et al.* (1990:2) moet opvoeders, ten einde hul in staat te stel om hul pligte doeltreffender te kan verrig en hulself professioneel te handhaaf, kennis dra van die verskillende regsbeginsels wat op hul beroep van toepassing is.

Een kernaspek wat uit die literatuurstudie van relevante wetgewing, regspraak en die gemenereg telkens na vore gekom het, is die feit dat dit van die opvoeder verwag word om oor voldoende onderwysregtelike kennis te beskik ten einde soos 'n redelike deskundige op te kan tree in die volvoering van sy sorgsame toesighoudingspraktyk. Uit die empiriese studie het dit egter geblyk dat die meerderheid opvoeders nie oor die nodige onderwyregtelike kennis beskik nie, wat tot gevolg het dat hulle sorgsame toesighoudingspraktyk nie aan die verwagte standaard voldoen nie.

Uit die literatuurstudie, sowel as die empiriese ondersoek, blyk dit dat om die standaard van die sorgsame toesighoudingspraktyk van die opvoeders in die algemeen te verhoog nie net voor die deur van die individuele opvoeder geplaas kan word nie, maar dat dit 'n saak is wat op nasionale, provinsiale en skoolvlak in samewerking met die betrokke onderwysdepartemente, onderwysvakbonde en tersiêre instansies aangespreek kan word.

BRONNELYS

ANDERSON, A.M. & SPIJKER, G.H.A. 2004. The child's right to be heard as integral part of the concept of "best interest". (*In* Okpaluba, C., *red.* Law and contemporary South African society. Claremont: MSP Print. p. 111-123.)

ARY, D., JACOBS. L.C. & RAZAVIEH, A. 1990. Introduction to research in education. 4th ed. New York: Holt, Rinehart & Winston.

BECKMANN, J.L. 1989. Die sorgsaamheidsplig van die onderwyser. (*In* Bondesio, M.J., Beckmann, J.L., Oosthuizen, I.J., Prinsloo, J.G. & van Wyk, J.G. Juridiese toerusting vir die onderwysprofessie. Pretoria: Promedia-Publikasies (Edms.) Bpk. p. 51-75.)

BECKMANN, J.L., KLOPPER, J.C., MAREE, L.M., PRINSLOO, J.G. & ROOS, C.M. 1995. Skole en die Grondwet. Pretoria: Via Afrika. 75 p.

BECKMANN, J.L. & PRINSLOO, J.G. 1989. Die belang van die reg vir die onderwyser. (*In* Bondesio, M.J., Beckmann, J.L., Oosthuizen, I.J., Prinsloo, J.G. & van Wyk, J.G. Juridiese toerusting vir die onderwysprofessie. Pretoria: Promedia-Publikasies (Edms.) Bpk. p. 3-15.)

BECKMANN, J.L. & PRINSLOO, J.G. 1993. Some legal aspects of AIDS in schools and other educational institutions. *South African journal of education,* 13(2):51.

BENNETT, G. & MEREDITH, P. 2000. Case survey. *Education and law*, 12(3). http://www-sa.ebsco.com Datum van gebruik: 12 Feb. 2007.

BERMAN, L., BURKILL, S., RUSSEL, S. & RABINIWICZ, J. 2001. Education negligence. *Education and the law*, 13(1):51-67.

BORG, W.R. & GALL, M.D. 1979. Educational research: an introduction. New York: Longman. 753 p.

BOTHA, P., OOSTHUIZEN, I.J., OOSTHUIZEN, L. & PRINSLOO, J.G. 1990. Geselekteerde temas in die onderwysreg. Potchefstroom: Departement sentrale publikasies, PU vir CHO. 98 p.

BOTHA, P. & OOSTHUIZEN, I.J. 2005. The educator as a caring supervisor. (*In* Oosthuizen, I.J., ed. Aspects of educational law. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 85-102.)

BRAY, E. 1995. The South African Bill of Rights: it's impact on education. (*In* Oosthuizen, I.J., ed. International perspectives on education: Law as an instrument for order in education. Potchefstroom: Sentrale Publikasies. p. 17-18.)

BRAY, W. 2000a. Foundations of law and education law. Pretoria: Production Printers UNISA. 97 p.

BRAY, W. 2000b. Human rights in education. Pretoria: Production Printers UNISA. 92 p.

BRAY, W., VAN WYK, J.G. & OOSTHUIZEN, I.J. 1989. Case law on education. Durban: Butterworths. 122 p.

CHAMBLIN. L. *ed.* 1999. Legal aspects of laboratory safety. laboratory manager's professional references. (*In* The laboratory safety manual. New York: Rinehart and Winston. p. 99-106.)

COTTEN, D.J. 1995. Liability of educators for the negligence of others (substitutes, aides, student teachers, and new teachers.) *Physical educator*, 52(2):70-77.

DAVIES, E.H. 1999. Administration of the education system and school governance. Pretoria: Production Printers UNISA. 84 p.

DELPORT, C.S.L. 2005. Quantitative data-collection methods. (*In* de Vos, A.S., Strydom. H., Fourie. C.B. & Delport. C.S.C. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 159-191.)

DE WAAL, E. 1994. Die regte van die leerling as regsubjek. Potchefstroom: PU vir CHO. (Skripsie - M.Ed.) 150 p.

DE WAAL, E. 2000. The educator-learner relationship within the South African public school system: an educational-juridical perspective. Potchefstroom: PU vir CHO. (Thesis - DPhil) 178 p.

DE WET, A. & OOSTHUIZEN, I.J. 2001. The educator's duty to report learner abuse and neglect. *Perspectives in education.* Special issue: education law and policy in South Africa, 19(4):163-171.

DeMITCHELL, T. A. 2002. The duty to protect: Blackstone's doctrine of in Loco Parentis: a lens for viewing the sexual abuse of students. *Brigham Young University Education & Law journal*, 2002(1):36.

DE WET, C. 2003. Skoolveiligheid en misdaadbekamping: die sieninge van 'n groep Vrystaatse leerders en opvoeders. *South African journal of education*, 23(2):85-93,

ELLIS, S.M. & STEYN, H.S. 2003. Practical significance (effect sizes) versus or in combination with statistical significance (p-values). *Management Dynamics,* 12(4): 51-53.

ERASMUS, B.J. 1994. Die vraelys as instrument om opleidingsbehoeftes te bepaal. *Lyra Academia,* 9(1):49-62.

EVANS, J. 2003. Changing lifestyles: a major responsibility for physical education. *Education Links*, 66/67:50-54.

FISCHER, L., KELLY, D. & SCHIMMEL, C. 1999. Teachers and the law. 5th ed. New York: Longman.

FOUCHÉ, C.B. & DE VOS, A.S. 2005. Quantitative research designs. (*In* de Vos, A.S., Strydom. H., Fourie. C.B. & Delport. C.S.C. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 132-143.)

GAUTENG. Onderwysdepartment. 2000. Omsendskrywe 30 van 2000. Pretoria.

GAUTENG. Onderwysdepartment. 2002. Omsendskrywe 13 van 2002. Pretoria.

GODDARD, W. & MELVILLE, S. 2001. Research methodology: an introduction. Lansdowne: Juta.

GOVENDER, K. & KOLLAPEN, J. 2000. Constitutional Law Case summaries. 1st ed. SAHRC. 39 p.

GRONDWET **kyk** SUID-AFRIKA. 1996a.

HERSELMAN, L.S. 2006. 'n Onderwysregtelike perspektief op die sorgsame toesighoudingsplig van die Suid Afrikaanse opvoeder. Potchefstroom: NWU (Verhandeling – M.Ed.) 179 p.

HIEMSTRA, V.G. & GONIN, H.L. 1986. Drietalige regswoordeboek: Engels-Afrikaans, Latyn-Afrikaans-Engels, Afrikaans-Engels. Kaapstad: Juta. 502 p.

HOLLAMBY, G. 2004. The child, the law and society: The South African Law Commission's investigation into the review of the Childs Care Act (Project 110). (*In* Okpaluba, C., *red.* Law and contemporary South African society. Claremont: MSP Print. p. 79-87.)

HOSTEN, W.J., EDWARDS, A.B., NATHAN, C. & BOSMAN, F. 1995. Introduction to South African law and legal theory. Durban: Butterworth. 1427 p.

HOWE, K & EISENHART, M. 1990. Standards for qualitative (and quantitative) research: a prolegomenon. *Educational Researcher, 19(4),2-9.*

JACOBS, L. 2005. Inklusiewe onderwys: 'n Bestuursperspektief. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat. (Verhandeling – M.Ed.) 179 p.

JOUBERT, H.J. & PRINSLOO, I.J. 2001. Education law: a practical guide for educators. Pretoria: Van Schaik. 296 p.

JOUBERT, R., DE WAAL, E., & ROSSOUW, J.P. 2004. Discipline: impact on access to equal educational opportunities. *Perspectives in education*, 22(3):77-87.

KAST, C. 1998. In Loco Parentis and the "reasonable person". *International Educator,* VII(1):12.

KRUGER, D.J., DE VOS, A.S., FOUCHÉ, C.B. & VENTER, L. 2005. Quantitative data analysis and interpretation. (*In* de Vos, A.S., Strydom. H., Fourie. C.B. & Delport. C.S.C. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 217-245.)

KRUGER, N. 2003. 'n Model vir die sorgsame toesighoudingsopdrag van die skoolwerkwinkelopvoeder. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – PhD) 357 p.

LANDMAN, W.A., *red.* 1980. Inleiding tot die opvoedkundige navorsingspraktyk. Durban: Butterworth. 441 p.

LAWSON, H.A. 1999. Education for social responsibility: preconditions in retrospect and in prospect. *QUEST: American Academy of kinesiology and Physical Education,* 51:116-149.

LEEDY, P.D. & ORMROD, J.E. 2001. Practical research. planning and design. 7th ed. Upper Saddle River, New Jersey: Merril Prentice Hall. 318 p.

LOUW, D.A. 1989. Suid Afrikaanse handboek van abnormale gedrag. Johannesburg: Southern Uitgewers. 736 p.

LUGG, E.T. 2000. Anticipating legal problems when working with high school students. (*In* New directions for community colleges. Illinois: Jossey-Bass. p.83-91.)

MAILE, S. 2002. Accountability: An essential aspect of school governance. *South-African journal of education*, 22(4):326-331.

MALULEKE, E. 2004. The politics of Nevirapine and the enforcement of socio-economic rights under the South-African Constitution. (*In* Okpaluba, C., *red.* Law and contemporary South African society. Claremont: MSP Print. p. 39-64.)

MAWDSLEY, R.D. 1995. Legal problems of religious and private schools. 3rd ed. Topeca, Kansas: National organization on legal problems of education. 198 p.

McCARTHY, M.M. & CAMBRON-McCABE, N.H. 1992. Public school law: teachers' and students' rights. Boston, Massachusetts: Allyn & Bacon.

McCARTHY, M.M., CAMBRON-McCABE, N.H. & THOMAS, S.B. 1998. Public school law: teachers' and students' rights. 4th ed. Boston, Massachusetts: Allyn & Bacon.

McCARTHY, M.M. & SORENSON, G.P. 1993. School counselors and consultants: legal duties and liabilities. *Journal of Counseling & Development*, 72(2):59-167.

McKERRON, R.G. 1971. The law of delict. Cape Town: Juta. 342 p.

MGOLEGO, S. 2004. The legal implications of teachers' and education authorities' duty *in loco* parentis: safety of children at schools. *Codicillus*, XLIV(1):64-68.

MOUTON, F. & MARAIS, H.C. 1990. Basic concepts in the methodology of the social sciences. Pretoria: Human Sciences Research Council.

MOUTON, J. 1993. Positivism. (*In* Snyman, J. 1993. Conceptions of social inquiry. Pretoria: Human Sciences Research Council)

MOUTON, J. 2001. How to succeed in your master's and doctoral studies. Pretoria: Van Schaik.

MOUTON, J. 2002. Understanding social research. Pretoria: van Schaik Publishers. 272 p.

NATHAN, M. 1931. The law of damages in South Africa. Johannesburg: Central news agency limited. 268 p.

NAYLOR, N. 2002. Critical analysis of the current safeguards and policies. *Education rights projects:* Issue paper no. 4 www.erp.org.za/htm/issue4-1.htm Datum van gebruik: 11 November 2007.

NEETHLING, J., POTGIETER, J.M. & VISSER, P.J. 2006. Deliktereg. 5de uitg. Durban: Butterworths. 433 p.

NLTA (National League of Teachers' Associations). 2004. Teacher liability. *The NLTA Benefits and Economic Services Division. Infosheet no 19.* Sep. p. 10 www.nlta.nl.ca/HTML Datum van gebruik: 20 Desember 2006.

ODENDAL, F.F., *red.* 1994. HAT: verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg: Perskor. 1296 p.

OLIVIER, M.E. 2003. International human rights agreements in South African law: procedure, policy and practice (part 2). *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse reg,* 3:490-511.

OOSTHUIZEN, I.J. 1994. The management of AIDS in South African schools. *Koers*, 59(27):247-262.

OOSTHUIZEN, I.J. 2004a. Security as a *sine qua non* for education. (*In* Oosthuizen, I.J., *ed.* Introduction to education law. Pretoria: Van Schaik. p. 1-14.)

OOSTHUIZEN, I.J. 2004b. Legislation as a source of education law. (*In* Oosthuizen, I.J., *ed.* Introduction to education law. Pretoria: Van Schaik. P. 15-23.)

OOSTHUIZEN, I.J. 2005. Education as a profession. (*In* Oosthuizen, I.J., *ed.* Aspects of educational law. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 105 -129.)

OOSTHUIZEN, I.J. & ROOS, M.C. 2005. Legislation. (*In* Oosthuizen, I.J., *ed.* Aspects of educational law. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 20-48.)

OOSTHUIZEN, I.J. & ROSSO, L. 1998. The evolution of the South African – American viewpoints on the *in loco parentis* position of the teacher. *Australia & New Zealand Journal of Law & Education,* 3(1):91-101.

OOSTHUIZEN, I.J. & VAN DER WALT, J.L. 1998. A legal and philosophical perspective on the *in loco parentis* position of teachers. *Koers, 63*(1 & 2):89-99.

OOSTHUIZEN, I.J. & VAN DER WESTHUIZEN, P.C. 2005. An ontological perspective on education law. (*In* Oosthuizen, I.J., *ed.* Aspects of educational law. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 3-10.)

POTGIETER, J. 2004. Delictual negligence of educators is schools: the confusing influence of the *in loco parentis* doctrine. *Perspectives in Education,* 22(3):153-156.

PRINSLOO, W.M. 1996. Aanspreeklikheid van 'n skeidsregter vir die besering van 'n skeidsregter. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse reg,* 4:793-800.

RAMATLHODI, N. 2004. The child, the law and society. (*In* Okpaluba, C., red. Law and contemporary South-African society. Claremont: MSP Print. p. 1-11.)

READER'S DIGEST (Afrikaans-Engelse Woordeboek; English-Afrikaans Dictionary) 1994. Cape Town: The Reader's Digest association South Africa. 1344 p.

REINARDY, D.M. 2002. A legal resource manual for school counselors in Wisconsin: legal and ethical considerations. University of Wisconsin. (Verhandeling – M.Sc) 66 p.

RIMM-KAUFMAN, S.E. & SAWYER, B.E. 2004. Primary-grade teachers' self-efficacy beliefs, attitudes towards teaching, and discipline and teaching practice priorities in relation to the Responsive Classroom Approach. *The elementary school journal,* 104(4):321-341.

ROOS, R. 2003. Legal requirements for school rules and disciplinary sanctions. *Koers,* 68(4):481-498.

ROOS, M.C. & OOSTHUIZEN, I.J. 2005. Common law. (*In* Oosthuizen, I.J., *ed.* Aspects of educational law. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 49-62.)

ROSSOUW, J.P. 2004. Where education law and sport law meet: the duty of care of the educator-coach in South African schools. *SA-eDUC Journal, 1(2):46-71.*

SA **kyk** SUID-AFRIKA.

SARO **kyk** SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN OPVOEDERS.

SAS INSTITUTE. 2007. The SAS System for Windows Release 9.1 TS Level 1M3. Cary, North Caroline: SAS Institute USA.

SCHOUWSTRA, A.W. 2003. 'n Analise van die persepsie van die begrip "regsaanspreeklikheid" by opvoeders by 'n skool vir verstandelik erg gestremde leerders. Potchefstroom : PU vir CHO. (Navorsingsopdrag – Bed (hons) 30 p.

SNYMAN, C.R. 1999. Strafreg. 4de uitgawe. Durban: Butterworth Uitgewers. 632 p.

SOUTH AFRICA. Human Rights Commission. 2001. Report into initiation practices at educational institutions and a preliminary report on cultural initiations. Published by the South African Human Rights Commission. Oct. 2001. 29 p.

SOUTH AFRICA. Human Rights Commission. 2006. Report of the public hearing on the right to basic education. Published by the South African Human Rights Commission. 26 p.

SQUELCH, J. 2001. Do school governing bodies have a duty to create safe schools? An education law perspective. *Perspective in education,* 19(4)137-149.

STRYDOM, H. 2005. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (*In* de Vos, A.S., Strydom. H., Fourie. C.B. & Delport. C.S.C. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 56-70.)

SUID-AFRIKA. 1956. Wet op Verdeling van Skadevergoeding, No. 34 van 1956. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1957. Wet op Aanspreeklikheid, No. 20 van 1957. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1977. Die Strafproseswet, Wet 51 van 1977. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1983a. Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid, Wet 6 van 1983. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1983b. Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1993. Wet op Beroepsgesondheid en –Veiligheid, no. 85 van 1993. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1996a. Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, no. 108 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1996b. Nasionale Padverkeerswet, Wet 93 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1996c. Wet op Nasionale Onderwysbeleid, no. 27 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1996d. Suid-Afrikaanse Skolewet, No. 84 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1998a. Departement van Onderwys. Guidelines for the consideration of governing bodies in adopting a code of conduct for the learners. *Government Gazette*: 776 of 1998. Pretoria: Government Printer.

SUID-AFRIKA. 1998b. Wet op Indiensneming van Opvoeders, no. 76 van 1998. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1999a. Departement van Onderwys. National policy on HIV/AIDS, for learners and educators in public schools, and students and educators in further education and training institutions. (Kennisgewing, no. 1926 van 1999). *Staatskoerant*: 20372, Aug. 10.

SUID-AFRIKA. 1999b. Personnel administration measures (PAM). *Government Gazette* No. 222 of 1999. Pretoria: Government Printer.

SUID-AFRIKA. 2000. Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, Wet 31 van 2000. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 2001. Education White Paper 6. Special Needs Education. Pretoria: Government Printer.

SUID-AFRIKA. 2002. Promulgation of National policy on the management of drug abuse by learners in public and independent schools and further education and training institutions. *Goverment Gazette* No. 3427 of 2002. Pretoria: Government Printer.

SUID-AFRIKA. 2005. Wet op Kindersorg, Wet 38 van 2005. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 2006. Amendment: regulations for safety measures at public schools. *Government Gazette* No. 1128 of 2006. Pretoria: Government Printer.

SUID-AFRIKA. 2007a. Nasionale vergadering. Internal question paper No. 10-2007. 26 Maart 2007.

SUID-AFRIKA. 2007b. Onderwys Wysigingswet. Wet 7 van 2007. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKAANSE MENSEREGTEKOMISSIE **kyk** SOUTH AFRICA. South African Human Rights Commission.

SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN OPVOEDERS. 2000. SARO Gedragskode. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN OPVOEDERS. 2002. New SACE handbook (revised): a closer look at the Code of Professional Ethics. Part Three. http://www.sace.org.za/Sace/handbook/HandBook_09_1.pdf Datum van gebruik: 11 Nov. 2007.

TAYLOR, GR. 2000. Integrating quantitative and qualitative methods in research. Lanham, New York: University Press of America, Inc.

TERRE BLANCHE, M, DURRHEIM, K & PAINTER, D. 2006. Research in practice. Cape Town: University of Cape Town Press.

UN **kyk** UNITED NATIONS.

UNITED NATIONS. 1948. Universal Declaration of Human Rights, G.A. res. 217A (III), U.N. Doc A/810 at 71.

UNITED NATIONS. 1989. United Nations Convention on the Rights of the Child. Des. http://www.cirp.org/library/ethics/UN-convention/ Datum van gebruik: 18 Okt. 2007.

VACCA, R.S. *ed.* 2007. Potential issues to watch in the 2007-2008 school year. (*In* CEPI Education Law Newsletter. p 1-4.)

VAN DER WALT, J.C. 1993. "Duty of care": Tendense in die Suid Afrikaanse en Engelse regspraak. *TRHR,* 56:558-568.

VAN ZYL, F.J. & VAN DER VYVER, J.D. 1982. Inleiding tot die regswetenskap. Durban: Butterworth. 699 p.

VAN WYK, J.G. 1987. Onderwysreg vir die onderwyser. Pretoria: Academica. 127 p.

VARNHAM, S. 2001. Conduct unbecoming: the dilemma of a school's responsibility in respect of teacher misconduct towards pupils. *Education and the law*, 13(2):109-125.

VARNHAM, S. 2003. Recent development in education law in Australia: who's to blame? May a school be liable for the intentional torts of their employees? *Education and the law*, 15(2/3):184-199.

WENHAM, D. 1999. Civil liability of schools, teachers and pupils for careless behavior. http://ema.sagepub.com/cgi/content/abstract/27/4/365 Datum van gebruik: 12 Feb. 2006.

WETTE **kyk** SUID-AFRIKA.

WHITE, C.J. 2005. Research: a practical guide. Pretoria: Ithuthuko Investments Publishing. 262 p.

WISNIEWSKI, M. 1997. Quantitative methods for decision makers. 2nd ed. London: Pearson Education Limited. 563 p.

WITS (University of the Witwatersrand,) 2003. Submission to the Ministerial committee on school management and governance. Centre for applied legal studies. 30 Jun. 11 p.

ZIRKLE, C.J. 1999. A primer on teaching liability. *Tech Directions,* 59(1):32-34.

HOFVERSLAE

Applewhite v City of Baton Rouge 380 So. 2d 119 (1979)

August v. Joseph A. Craig Elementary School., 459 So. 2d 665 (La. Ct. App. 1984)

Bazley v Curry [1999] 2 SCR 534 (SCC)

Butlers v. Cape Town Municipality 1993 SA 521 (C)

Camkin v Bishop 1941 (2 A11E) 713 at 716

Close v. Minister for Education WA (1968)

Costa Da Oura Restaurant (Pty) Ltd t/a Umdloti Bush tavern v Reddy HHA 2003 SA

Dibortolo v. Metropolitan Schh. Dist. Of Washington Township, 440 N.E.2d 506 (Ind. Ct.App.1982)

Drake v. Mitchell Community Schools 1994. 628 N.E.2d 1231

Eggeling v Law Union and Rock Insurance Co 1958 (3) SA 592 (D).

G v. London Borough of Bromley [1999] ELR 356 CA

Herschel v Mruper 1954(3) SA 464 (A) at 490F

Knouwds v Administrateur, Kaap 1981 (1) SA 544 (C)

La Valley v Stanford 79 N.E. 2d 437 (1947)

Larson v. Independent Sch. Dist. No. 314,289 N.w.2d 112 (Minn. 1980)

Lawrence v. Grant Parish School Board 409 S0. 2d 1316 (La. Ct. App. 1982)

Lister v Hesley Hall 2001 2 All ER 769 (HL)

Lubbe v Jacobs 1225/2001. (High Court of South Africa: Transvaal Provincial Division)

Minister of Education and Culture (house of delegates) v Azel and another 1995 (1) SA 30 (A).

Minister of Education v Wynkwart 2004 3 SA 577 (C) (580C – D)

Morris v. Douglas County Sch. Dist.No.9, 403 P.2d 775 (1965)

Muntingh v. Gautengse Departement van Onderwys en die Hoërskool Vereeniging (Ongerapporteerde saak. 1997)

Natasha Kern v Minister van Veiligheid en Sekuriteit SA CCT52/04

New South Wales v Lepore [2003] HCA 4

Paris v. Stepney Borough Council. 1951 A.C. 367

Perry Education Association v. Perry local Education Association, 460 U.S. 37 1983.

Peter Wynkwart v Minister of Education and Another 2002. case 4168/199 (C)

Rex v Muller 1948 (4) SA 848 (O)

Rusere v The Jesuit Fathers 1970 (4) SA 537 (R).

S v Bernadus 1965 (3) SA 287 A

S v. Makwanazi 1967 2 SA 593 (N).

S v. Mokgethi 1990 1 SA 32 (A)

Smoldon v Whitworth and Nolan *[1997] PIQR*

Spears v. Jefferson Parish School Board, 646 So.2d 1104(La. Ct. App. 5th Div. 1994)

State of New South Wales v Moss (2000) 54 NSWLR 536

Tomlinson v. Board of education of Elmira 1992. 583 N.Y.S. 2d 664

Van der Westhuizen v Du Preez 1928 TPD 45 49

Wilkinson v. Hartford Accident & Indem. Co., 411 So. 2d 22 (La.1982)

X v Bedfordshire 1925 2AC 633

BYLAAG A

VRAELYS

Vraelysnommer

(Vir kantoorgebruik)

VRAELYS

Die sorgsame toesighoudingspraktyk van die opvoeder in Afrikaanse sekondêre skole in die Potchefstroom- en Klerksdorpdistrikte.

(Slegs **departementshoofde** en **Posvlak 1-opvoeders** word versoek om die vraelys te voltooi)

Geagte kollega

Hiermee word u vriendelik versoek om die onderstaande vraelys te voltooi. Dit behoort nie langer as 15 minute van u tyd in beslag te neem nie. Aangesien die inligting slegs vir navorsingsdoeleindes benodig word, word u versoek om nie u naam op die vraelys te verstrek nie. Die vraelysnommer word slegs vir kontroledoeleindes gebruik. Alle vraelyste word **uiters vertroulik** hanteer en daar sal geen melding van u skool in die navorsingsverslag gemaak word nie. Om die mees betroubare en korrekte inligting te bekom word u vriendelik versoek om die vraelys op u eie in te vul. Baie dankie dat u bereid is om tyd hiervoor af te staan en op dié wyse deel te wees van die navorsingsprojek.

Afdeling A: Biografiese gegewens

Voltooi die vrae deur slegs 'n kruisie in die toepaslike blokkie te maak.

1.	Geslag	Manlik	1
		Vroulik	2

2.	Ouderdom	20-30 jaar	1
		31-40 jaar	2
		41-50 jaar	3
		51-60 jaar	4
		65+ jaar	5

3.	Jaar waarin u eerste onderwyskwalifikasie verwerf is	Voor 1996	1
		Na 1996	2

4.	Jaar waarin u laaste onderwyskwalifikasie verwerf is	Voor 1996	1
		Na 1996	2

5.	Watter pos beklee u?	Departementshoof	1
		Posvlak 1-opvoeder	2

6.	Hoeveel jare is u al 'n praktiserende opvoeder?	0-5	jaar	1
		6-10	jaar	2
		11-15	jaar	3
		16-20	jaar	4
		20+	jaar	5

7.	Wat is u hoogste **onderwys**kwalifikasie? (Merk slegs hoogste kwalifikasie.) Vir die doeleindes van die vraelys impliseer "matriek" ook die huidige Graad 12.	
	Matrieksertifikaat	1
	Matriek plus 1 jaar verdere studie	2
	Matriek plus 2 jaar verdere studie	3
	Matriek plus 3 jaar verdere studie	4
	Onderwysdiploma (3 of 4 jaar)	5
	Onderwysdiploma plus 1 of meer VDO's of GOS-kwalifikasies	6
	Baccalareusgraad plus 'n onderwysdiploma	7
	BEd honneurs	8
	MEd	9
	DEd of Phd (onderwys)	10
	Ander:	11

Afdeling B: *Demografiese inligting van u skool.*

Maak 'n kruisie in die toepaslike blokkie soos op u (of u skool) van toepassing.

8.	Is u skool 'n:	
	Histories benadeelde skool	1
	Histories bevoordeelde skool	2

9.	Is u skool spesifiek vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes (LSOB) (LSEN)?	Ja	Nee
		1	2

10	Aantal leerders in u skool:	
	50-200 leerders	1
	201-400 leerders	2
	401-600 leerders	3
	601-800 leerders	4
	801-1200 leerders	5
	1201-1500 leerders	6
	Meer as 1500 leerders	7

11.	Welke geslag leerders is die meeste in u skool?	
	Seuns	1
	Dogters	2

12.	Hoeveel van die volgende posvlakke is in u skool?	Aantal?
12.1	Departementshoof	
12.2	Posvlak 1-opvoeder	

13.	**Stelling:** *Sekere leeromgewings word as hoë-risiko-areas beskou weens die groter moontlikheid van beserings wat leerders in hierdie areas kan opdoen.* **Vraag:** Dui aan in watter van die onderstaande hoë-risiko terreine u uit die aard van u werk met leerders betrokke is.	Ja	Nee
13.1	Tegniese werkswinkels	1	2
13.2	Kookkunsklas	1	2
13.3	Naaldwerkklas	1	2
13.4	Laboratorium	1	2
13.5	Liggaamlike opvoedingsklas	1	2
13.6	Sportvelde	1	2
13.7	Geen	1	2

Afdeling C: Opleiding in onderwysreg

Die volgende vrae het betrekking op u opleiding in onderwysreg.
Voltooi die vrae deur 'n kruisie in die toepaslike blokkie te maak.

14.	Het u enige onderwysregopleiding ontvang deur middel van?	Ja	Nee
14.1	Module(s) as deel van u aanvanklike studies	1	2
14.2	BEd met onderwysreg as module	1	2
14.3	BEd (hons) in Onderwysreg	1	2
14.4	Kortkursus in Onderwysreg	1	2
14.5	Departementele indiensopleiding met betrekking tot onderwysregaspekte	1	2
14.6	Geen	1	2
14.7	Ander: spesifiseer:		

15.	In welke jaar het u die laaste keer opleiding in onderwysregaspekte rakende u toesighoudingsplig gehad?	
	Meer as 20 jaar gelede	1
	Meer as 10 jaar gelede	2
	1997 - 2000	3
	2001 - 2003	4
	2004 - 2007	5

Vraag 16 handel oor u kennis met betrekking tot onderwyswetgewing. Merk die toepaslike ruimte met 'n kruisie soos op u van toepassing.

1. Deeglike kennis van inhoud
2. Redelike kennis van inhoud.
3. Weinig kennis van inhoud.
4. Geen kennis van inhoud.

16.	**Stelling:** *Die opvoeder se toesighoudingspraktyk word gereël deur onder andere die onderstaande wetgewing.* **Vraag:** Hoedanig het u uself al vergewis van die inhoud van die volgende wetgewing?	Deeglike kennis	Redelike kennis	Weinig kennis	Geen kennis
16.1	Handves van Menseregte soos vervat in die Grondwet van Suid-Afrika	1	2	3	4
16.2	Wet op Nasionale Onderwysbeleid	1	2	3	4
16.3	Wet op Indiensneming van Opvoeders	1	2	3	4
16.4	Suid-Afrikaanse Skolewet	1	2	3	4
16.5	Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoederswet (SARO)	1	2	3	4
16.6	Wet op Kindersorg	1	2	3	4
16.7	Strafproseswet	1	2	3	4
16.8	Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid	1	2	3	4
16.9	Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid	1	2	3	4
16.10	Nasionale Padverkeerwet	1	2	3	4

Afdeling D: Die opvoeder se toesighoudingspraktyk

Hierdie afdeling handel oor verskillende aspekte van u toesighoudingspraktyk. Lees die onderstaande aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae volgens u keuse.

Die betekenis van die onderskeie afleiers is die volgende; 1. *Ja* beteken u stem saam. 2. *Nee* beteken dat u glad nie saamstem nie. 3. *Onseker* beteken dat u nie sekerheid het nie.		Ja	Nee	Onseker
17.	'n Opvoeder behoort slegs betrokke te raak by buitemuurse aktiwiteite waarin hy amptelik gekwalifiseerd en/of voldoende ervaring het.	1	2	3
18.	Toesig oor leerders beteken dat ek as opvoeder ten alle tye ál die leerders in my sorg onder oog moet hê.	1	2	3
19.	As opvoeder kan ek slegs aanspreeklik gehou word vir nadeel wat 'n leerder ly indien die skade redelik voorsienbaar was.	1	2	3
20.	Ek kan 'n leerder se sakke deursoek indien daar 'n redelike vermoede bestaan dat die leerder 'n onwettige item in sy besit het.	1	2	3
21.	Opvoeders wat in beheer is van die "ontgroenings"-program vir nuwe Gr. 8-leerders, stel hulself bloot aan moontlike vervolging indien die regte van die leerders benadeel word.	1	2	3
22.	'n Opvoeder wat terreindiens tydens pouse verrig, kan as persoon aanspreeklik gehou word indien 'n leerder tydens pouse beseer word.	1	2	3
23.	Dit is nodig dat opvoeders oor 'n redelike algemene kennis van relevante onderwyswette en -regulasies moet beskik om hul sorgsaamheidsplig doeltreffend te kan volvoer.	1	2	3
24.	Opvoeders beskik in die algemeen oor voldoende kennis rakende die regsplig ten opsigte van **hul** sorgsaamheidsplig.	1	2	3
25.	**Ek** beskik oor voldoende kennis van relevante onderwyswette en -regulasies om my sorgsaamheidsplig doeltreffend te kan volvoer.	1	2	3
26.	Die moontlikheid van regsaanspreeklikheid het 'n remmende invloed op my spontane interaksie met die leerders in my sorg.	1	2	3
27.	**My** *wyse/mate* van betrokkenheid en interaksie met die leerders het in die afgelope tien (of minder) jaar verander as gevolg van toenemende kennis van regsaanspreeklikheid.	1	2	3

28.	**Stelling:** *U as opvoeder staan **in loco parentis** (in die plek van die ouer) teenoor die leerders in u sorg.* **Vraag:** Wanneer, volgens u, is hierdie gesagsposisie van toepassing?			
28.1.	Tydens amptelike skooltye op die skoolterrein	1	2	3
28.2.	Tydens amptelike skooltye weg die skoolterrein	1	2	3
28.3.	Tydens buitemuurse aktiwiteite (buite skoolure) op die skoolterrein	1	2	3
28.4.	Tydens buitemuurse aktiwiteite (buite skoolure) weg van die skoolterrein	1	2	3
29.	Die mate van toesig wat ek oor leerders moet uitoefen hang daarvan af of ek met Gr 8- of Gr 12-leerders te make het.	1	2	3
30.	Ek verstaan wat met die "redelike persoon-toets" bedoel word.	1	2	3
31.	Die feit dat ek 'n gekwalifiseerde opvoeder is, beteken dat die reg 'n hoër mate van sorgsaamheid teenoor leerders van my verwag.	1	2	3
32.	Indien die skoolhoof daarop aandring dat ek leerders moet vervoer, kan ek nie aanspreeklik gehou word as iets met 'n leerder gebeur nie.	1	2	3
33.	Die hoë-risiko areas (soos byvoorbeeld werkswinkels, sportvelde) waar ek by leerders betrokke is, beskik oor die nodige veiligheidstoerusting.	1	2	3
34.	My skool se veiligheids- en noodplan is aan my bekend.	1	2	3
35.	My skool het 'n MIV/vigs-beleid wat bepaal hoe 'n leerder hanteer en behandel moet word in geval van 'n besering.	1	2	3
36.	**Stelling:** *'n Leerder met spesiale onderwysbehoeftes (byvoorbeeld 'n leerder met 'n visuele hindernis) word in u klas geplaas. Die kans is groter dat so 'n leerder makliker as 'n normaalsiende leerder tydens onderrig in hoë-risiko areas (byvoorbeeld 'n werkswinkel), 'n besering kan opdoen.* **Vraag:** Het u skool 'n stelsel of beleid waarvolgens u die nodige opleiding ontvang in die wyse hoe om so 'n leerder te hanteer en 'n veilige onderrigruimte vir so 'n leerder te skep?	1	2	3
37.	Indien die ouers van 'n leerder 'n vrywaringsvorm onderteken met betrekking tot busvervoer, kan die ouers waarskynlik nie suksesvol wees in 'n skadevergoedingeis teen die opvoeder (as busbestuurder) indien die leerder in 'n busongeluk (veroorsaak deur die nalatigheid van die bestuurder) beseer sou word nie.	1	2	3

38.	**Stelling:** *Gestel u is die afrigter van die 0/16-rugbyspan wat u span vergesel na 'n wedstryd by die buurskool. Die skeidsregter (gekwalifiseerd met ruim ondervinding in die sport) is 'n opvoeder van die buurskool. Die skeidsregter verloor egter effens beheer oor die wedstryd en tydens een van die menige vuisslaan-insidente word een van u spelers ernstig beseer.* **Vraag:** Wie kan na u mening aanspreeklik gehou word vir die besering wat die leerder opgedoen het?			
38.1.	Ek as afrigter, aangesien ek die span se afrigter is.	1	2	3
38.2.	My skoolhoof, aangesien die wedstryd deel van sy skool se amptelike sportprogram is.	1	2	3
38.3.	Die skeidsregter van die buurskool.	1	2	3
39.	Ek rig enige sport af waarin ek belangstel al is ek nie gekwalifiseerd in die spesifieke sport nie.	1	2	3
40.	By my skool word dit verwag dat die opvoeder homself amptelik moet kwalifiseer in die sportsoort wat hy afrig.	1	2	3
41.	Indien die skoolhoof dit van my verlang, sal ek betrokke raak met enige tipe buitemuurse leerderaktiwiteit, ongeag of ek ondervinding in die aktiwiteit het.	1	2	3
42.	Om myself te vergewis van die redelike voorsienbare gevare van 'n aktiwiteit hou ek die impulsiewe gedrag wat leerders soms kan openbaar in gedagte.	1	2	3
43.	Indien amptelike skoolvervoer 'n probleem is, vervoer ek leerders met my persoonlike voertuig.	1	2	3
44.	Leerders by my skool word slegs vervoer indien die voertuig met die nodige noodhulptoerusting toegerus is.	1	2	3
45.	Wanneer ek 'n aktiwiteit met die leerders aanpak			
45.1.	verduidelik en gee ek die relevante inligting en instruksies aan leerders	1	2	3
45.2.	demonstreer ek die relevante inligting en instruksies aan leerders met praktiese voorbeelde waar moontlik.	1	2	3
45.3.	maak ek seker dat die leerders die relevante inligting en instruksies verstaan en toepas.	1	2	3

Afdeling E: Gevallestudie

Mnr. A (die wetenskapopvoeder) van Hoërskool Lekker, is besig met die Gr 12-leerders in die wetenskaplaboratorium. Die leerders is besig om eksperimente met chemikalieë te doen. Hierdie is nie die eerste keer dat die leerders die eksperimente doen nie en mnr. A beweeg net tussen die leerders om raad en hulp te gee waar nodig. Mnr. A voel dit is nie nodig om weer klem te lê op die veiligheidsaspekte nie, aangesien hy dit voorheen aan die klas verduidelik het en hy van mening is

dat die Gr 12-leerders weet wat van hulle verwag word. Jannie, die waaghals in die klas, besluit dit is die ideale geleentheid om 'n selfgemaakte stinkbom te probeer maak. Terwyl mnr. A besig is by 'n groepie leerders meng Jannie verskillende chemikalieë. Meteens is daar 'n geweldige ontploffing en die chemikalieë spat in Jannie se gesig en brand sy oë. Jannie se hande doen ook ernstige brandwonde op in die proses. Mnr. A kalmeer die klas en aangesien hy nie veel van noodhulp weet nie, laat roep hy me. B wat vertroud is met noodhulp. Toe me. B opdaag vra sy vir mnr. A om die laboratorium se noodhulpkissie vir haar te gaan haal sodat sy Jannie se hande kan verbind. Mnr. A gaan haal die noodhulpkissie, maar me. B kom tot die ontdekking dat niks van die inhoudelike van die noodhulpkissie geskik is vir die versorging van brandwonde nie. Mnr. A besluit dat daar nie tyd verlore kan gaan nie en dat Jannie spoedig by die dokter moet uitkom. Aangesien dit 'n lang proses is om 'n skoolvoertuig te kry, neem mnr. A vir Jannie in sy privaat voertuig na die hospitaal. Weens die feit dat Jannie se hande nie direk na die besering verbind is nie, tree daar infeksie in wat die herstelproses pynlik en uitgerek maak. 'n Paar maande later blyk dit uit 'n mediese verslag dat Jannie nie weer die volle gebruik van sy hande sal terugkry nie.

Beantwoord die vrae deur 'n kruisie te trek in die blokkie van u keuse

1. Ja
2. Nee
3. Onseker.

		Ja	Nee	Onseker
46.	Mnr. A kan aanspreeklik gehou word vir Jannie se beserings, aangesien hy nie weer die veiligheidsmaatreëls verduidelik het nie.	1	2	3
47.	Jannie se onregmatige optrede beteken dat hy medewerkende skuld in hierdie voorval het.	1	2	3
48.	Mnr. A was korrek in sy aanname dat die Gr 12-leerders behoort te weet wat die veiligheidsvereistes in die laboratorium is.	1	2	3
49.	**Stelling:** *Die noodhulpkissie was nie toegerus om Jannie se brandwonde te verbind nie.* **Vraag:** Wie kan volgens u aanspreeklik gehou word hiervoor?			
49.1.	Die skoolbeheerliggaam	1	2	3
49.2.	Die skoolhoof	1	2	3
49.3.	Mnr. A	1	2	3
50.	Mnr. A kan van nalatigheid aangekla word, aangesien hy nie al die leerders die hele tyd onder oë gehad het nie.	1	2	3
51.	Mnr. A dra geen skuld aan die besering wat Jannie in die laboratorium opgedoen het nie.	1	2	3

52.	**Stelling:** *Gestel vir 'n oomblik dat mnr. A in 'n motorongeluk betrokke is terwyl hy met Jannie na die hospitaal jaag. Jannie breek sy been in die ongeluk. Dit word bevind dat mnr. A nie die skuldige party in die ongeluk is nie.* **Vraag:** Kan mnr. A aanspreeklik gehou word vir die besering wat Jannie in die ongeluk opgedoen het, aangesien hy Jannie met sy privaat voertuig vervoer het?	1	2	3
53.	**Stelling:** *Gestel vir 'n oomblik dat mnr. A aanspreeklik gehou word vir die brandwonde wat Jannie in die klas opgedoen het.* **Vraag:** Kan Jannie (of sy ouers) suksesvol wees in 'n skadevergoedingseis teen mnr. A vir:	1	2	3
53.1.	mediese uitgawes	1	2	3
53.2.	pyn en lyding	1	2	3
53.3.	verlies aan toekomstoge inkomste	1	2	3
53.4.	misvorming	1	2	3
53.5.	verlies van lewensgenietinge	1	2	3
53.6.	verlies aan algemene gesondheid	1	2	3
53.7.	emosionele skok	1	2	3
54.	**Stelling:** *Gestel die ouers stel 'n suksesvolle skadevergoedingseis teen die onderwysdepartement in en dit slaag wel.* **Vraag:** Kan die onderwysdepartement die geld van mnr. A as persoon verhaal indien dit bewys word dat hy nalatig was?	1	2	3

55.	Enige opmerking wat u wil maak met betrekking tot u sorgsaamheidspligpraktyk?

Dankie vir u samewerking

BYLAAG B

INSTEMMING TOT DEELNAME AAN NAVORSING

INSTEMMING

Ek, die ondergetekende _____

Volle naam en Van

verstaan en verklaar dat

- ek bewus is van die aard van die navorsing,
- ek vrywillig instem om die meegaande anonieme vraelys te voltooi,
- ek geen persoonlike voordeel uit hierdie deelname sal put nie en
- ek toestemming aan die navorser verleen om die data te gebruik vir wetenskaplike doeleindes.

_____ 2 0 0 _ - _ _ - _ _

Handtekening van deelnemer

Geteken te _____

Plek (dorp/stad)

GETUIES

_____ 2 0 0 _ - _ _ - _ _

Handtekening van Getuie 1

Geteken te _____

Plek (dorp/stad)

_____ 2 0 0 _ - _ _ - _ _

Handtekening van Getuie 2

Geteken te _____

Plek (dorp/stad)

BYLAAG C

BRIEF AAN: **WAARNEMENDE UITVOERENDE STREEKSBESTUURDER**
DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
NOORDWES-PROVINSIE

Tel : 018 299 1762 (w)
Cell : 082 3777 672
Fax : 018 299 4312
E-mail: Bram.Schouwstra@nwu.ac.za

Maree Street 40
Potchefstroom
2520

17 October 2007

Dr Mvula
Acting Regional Executive Manager
Department of Education
North west Province
Private Bag x2044
Mmabatho
2735

Dear Dr Mvula

PERMISSION TO CIRCULATE A QUESTIONNAIRE

Here by I ask for permission to circulate a questionnaire to all Afrikaans Secondary schools in the Potchefstroom/Klerksdorp district. Due to the relevancy of this research for the different stakeholders in a contemporary South African Education system, I do like to complete the research as soon as possible. The questionnaire must be completed by the post level 1 educators as well as Head of Departments in a school. The questionnaire will be personally submitted to the schools and it would take no more than 20 minutes to complete. Arrangements will be made so that no teaching will be interrupted.

The aim of the questionnaire is to obtain information and to determine the educator's level of knowledge as well as the educator's practical conduct in their duty of care. The information is needed for the completion of a M.Ed. degree at the North-West University.

Your approval will be greatly appreciated.

Yours faithfully

Mr AW Schouwstra

BYLAAG D

TOESTEMMINGSBRIEF VAN: **WAARNEMENDE UITVOERENDE STREEKSBESTUURDER.**
DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
NOORDWES PROVINSIE

education
Lefapha la Thuto
Onderwys Departement
Department of Education
NORTH WEST PROVINCE

Teemane Building
8 Greyling Street
Private Bag X1256
POTCHEFSTROOM 2520
Tel.: (018) 299-8216
Fax: (018) 294-8234
Enquiries: MR H MOTARA
e-mail: hmotara@nwpg.gov.za

SOUTHERN REGION

CES: PROFESSIONAL AND EDUCATIONAL SUPPORT SERVICE
OFFICE OF THE DIRECTOR

26 October 2007

Mr B Schoonwstra
Head: Projects and Short Courses
North West University (Potchefstroom Campus)

RE: **REQUEST FOR RESEARCH**

The above matter refers.

Permission is herewith granted for you to conduct the research at schools in the Southern Region under the following provisions:

- the activities you undertake at schools should not tamper with the normal process of learning and teaching;
- you inform the principals of your identified schools of your impending visit and activity;
- you provide my office with a report in respect of your findings from the research. The copy must be donated to the Southern Region;
- you obtain prior permission from this office before availing your findings for public or media consumption;
- your acceptance of our conditions must be received in writing before you embark on your research.

Wishing you well in your endeavour.

Thanking you

DR S H MVULA
ACTING REGIONAL EXECUTIVE MANAGER
SOUTHERN REGION